1988087228 01

U.O.V.S
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
198808722801220000019

# DIE TAAK VAN DIE SKOOL EN DIE HUIS IN DIE OPVOEDING VAN DIE AFRIKANERJEUG TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID

Petrus Barend Bernard B.A., M.Ed.

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad DOKTOR EDUCATIONIS in die Fakulteit van Opvoedkunde (Departement Algemene Didaktiek) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Promotor: Prof. dr. N. T. van Loggerenberg

Oktober 1976

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

22-06-1977

KL/

No. T 370.110968 BER

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

## VOORWOORD

Al die eer, lof en dank aan die Here vir sy genade om hierdie studie te kon voltooi.

Ek ag dit 'n besondere eer om hierdie proefskrif in verband met die geestelike weerbaarmaking van die Af= rikanerjeug te kon voltooi. Die rol wat die huisge= sin en die skool in hierdie proses van weerbaarmaking speel of behoort te speel, is 'n saak wat my baie na aan die hart lê.

Graag wens ek 'n besondere en opregte dankwoord te spreek teenoor:

- My hooggeagte promotor, prof. dr. N.T. van Log= gerenberg, vir raad en leiding. U wetenskapli= ke deeglikheid was vir my deurgaans 'n inspirasie en het my altyddeur getref. U vriendelikheid en bystand te alle tye stel ek hoog op prys.
- Mnr. J.W. Fick vir die besondere wyse waarop hy die taalversorging vir my gedoen het, asook die kontroleer van tikfoute.
- Mev. C. Welgemoed wat verantwoordelik was vir die bestel van 'n groot aantal bronne op die in= terbiblioteekstelsel.
- Die personeel van die Welkomse Openbare Biblio= teek vir hulle vriendelikheid en hulpvaardigheid.
- Mnr. J. Richards wat geen moeite ontsien het met die groot taak om die werk te dupliseer nie.
- My vrou vir die besondere wyse waarop die proef= skrif getik is.

Aan my vrou, Joekie en my kinders, Alet, Arno, Jaco en Piet, my innige dank en waardering vir soveel geduld en opofferinge deur al die jare van studie, maar ver= al die afgelope vier jaar. Waar dit gaan om die weer= baarmaking van die Afrikanerjeug wil ek graag hierdie werk aan hulle opdra.

P.B. Bernard
Welkom
Oktober 1976

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK I

## PROBLEEMSTELLING EN ONTLEDING

1. PROBLEEMSTELLING 1

2. 'N BEDREIGING VAN INNERLIKE ONTBINDING MET GEESTELIKE JEUGWEERBAARHEID AS BEDERFWERENDE MIDDEL 4

2.1 Inleiding 4

2.2 'n Ontleding van begrippe 6

2.2.1 Die "Jeug" van die Republiek van Suid-Afrika 6
2.2.2 Die begrip "Weerbaarheid" 7
2.2.3 Geestelike Jeugweerbaarheid 9

2.3 Die mens raak geestelik afgestomp 10

2.4 Die huidige tydsgewrig bied 'n uitdaging 12

2.5 Die krag van die jeug lê in innerlike geeste=like weerbaarheid 16

2.6 Die innerlike drang na die eie 18

2.7 Geestelike jeugweerbaarheid het 'n noodsaaklik=heid geword 22

3. GEESTELIKE GROEI EN VOORTBESTAAN VAN DIE JEUG IS DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKANERVOLK 26

4. VANUIT DIE OPVOEDING EN ONDERWYS DEUR GEESTELIKE WEERBAARHEID TOT VOORTBESTAAN 28

4.1 Inleiding 28

4.2 Geestelike weerbaarheid, opvoeding en onderwys 'n eenheid 29

4.3 Geestelike weerbaarheid deur die kultuur in die opvoeding en onderwys 33

4.4 Opvoeding en onderwys tot innerlike krag 34

5. SAMEVATTEND 36

HOOFSTUK II

DIE BEDREIGING VAN DIE LEWENS- EN WÊRELDBE=SKOUING VAN DIE AFRIKANERJEUG EN DIE RESUL=TAAT VAN BLOOTSTELLING AAN DIE GEESTESTROMINGE VAN DIE TYD

1. INLEIDING 38

2. BLOOTSTELLING WAT LEI TOT 'N GEESTESKRISIS 39

2.1 Invloede op die lewens- en wêreldbeskouing 39

2.2 'n Geesteskrisis uit die oorgangstydperk 42

3. ENKELE STROMINGE EN IDEOLOGIEË WAT LEI TOT INNERLIKE VERROTTING VAN DIE AFRIKANERJEUG 44

3.1 Inleiding 44

3.2 Die Kommunisme - 'n militante ideologie 45

3.2.1 Die Kommunisme - oriëntering 45

3.2.2 Wesenskenmerke van die Kommunisme 47

3.2.2.1 Die Kommunisme is in sy wese 'n materialis=tiese Ateïsme 48

3.2.2.2 Die Paradysleer van die Kommunisme 49

3.2.2.3 Die Kommunisme is in sy wese revolusionêr en aggressief 50

3.2.2.4 Kommunisme 'n geloof - 'n persoonlike filo=sofie 52

3.2.2.5 Die massamens en sy aangetrokkenheid tot Kommunisme 53

3.2.2.6 Die werkprogram en organisasie van die Kommunisme 55

3.2.3 Samevatting 59

3.3 Die Liberalisme - die verabsolutering van die vryheid van die individu 60

3.3.1 'n Kort beskouing van die Liberalisme 60
3.3.2 Die kenmerke van die Liberalisme 63

3.3.2.1 Die Liberalisme streef na vryheid en ge=lykheid 63
3.3.2.2 Die Liberalisme wil geen verskille erken nie 65
3.3.2.3 Die Liberalisme se onverskilligheid teen=oor die godsdiens - Horisontalisme 66
3.3.2.4 Die Liberalisme bied geen oplossing vir politieke vraagstukke nie 69
3.3.2.5 Die Liberalisme as volksverdelende ele=ment 71
3.3.2.6 Die Liberalisme is die wegbereider van die Kommunisme 72

3.3.3 Samevatting 74

3.4 Die Neo-Marxisme - 'n Revolusie onder die jeug 76

3.4.1 Die Neo-Marxisme van naderby beskou 76
3.4.2 Strategie van verandering 78
3.4.3 Herbert Marcuse 81

3.4.3.1 Marcuse - geen Kommunis nie 82

3.4.4 Die arbeidsveld van die Neo-Marxisme 83

3.4.4.1 Die onbevoorregtes 83
3.4.4.2 Die bevoorregtes 84

3.4.5 Die huidige omstandighede in die maatskappy 86
3.4.6 Die aksie in revolusie 88

3.4.6.1 Die skyf waarteen gemik word 88
3.4.6.2 Die voorkoms van die revolusie 89
3.4.6.3 Die eenheid van 'n moreel-seksuele en po=litieke opstand 91

3.4.7 Samevatting 93

4. <u>DIE NEERSLAG VAN DIE VREEMDE STROMINGE</u> 94

4.1 Inleiding 94

4.2 Sekularisasie - verwêreldliking in sienswyse, maatstaf en doelstelling 95

4.2.1 'n Ontleding 95
4.2.2 Oorsake van sekularisasie 95

4.2.2.1 Sekularisasie ontwikkel uit die verlede 96
4.2.2.2 Tegnologiese en wetenskaplike ontwikke=ling 98

4.2.2.3 Verstedeliking, massafikasie en kapi=talisme 100

4.2.3 Gevolge van die verwêreldlikingsproses op die mens 101
4.2.4 Samevatting 103

4.3 Permissiwiteit - 'n neerslag van vermelde strominge 105

4.3.1 'n Ontleding 105
4.3.2 Die ontstaan en groei van die huidige gees van permissiwiteit 106

4.3.2.1 'n Skuldkompleks en gebrek aan gesag 106
4.3.2.2 'n Lamheid in optrede 107
4.3.2.3 Die witvlag van permissiwiteit 108
4.3.2.4 Afstomping 108
4.3.2.5 Die ondergang van 'n volk 108

4.3.3 Vryheid sonder gesag 110
4.3.4 Vrye liefde en geslagloosheid 112

4.4 'n Soeke na ontvlugting 115

4.5 Die kondisioneringsproses van musiek by die jeug 117

4.6 Tekens van volksvervreemding 121

4.7 Godsdiensverwaarlosing 123

4.8 Die verwaarlosing van die geskiedenis en moe=dertaal 126

4.8.1 Die geskiedenis 127
4.8.2 Die moedertaal 128

5. SAMEVATTEND 130

HOOFSTUK III

DIE ANKERS IN DIE PROSES VAN GEESTELIKE WEER=BAARMAKING WAT TOT INNERLIKE VERSTERKING VAN DIE AFRIKANERVOLK KAN LEI

1. INLEIDING 132

2. DIE CHRISTELIK-NASIONALE LEWENSBESKOUING AS VERTREKPUNT TEEN VREEMDE IDEOLOGIEË 135

2.1 'n Onleding van die lewensbeskouing 135

2.1.1 Inleiding 135
2.1.2 Die lewensbeskouing omvat die hele mens 137
2.1.3 Die lewensbeskouing vorm 'n kragopwekker, 'n dryfkrag 138
2.1.4 Die lewensbeskouing vorm 'n fondament 139
2.1.5 Die lewensbeskouing is allesomvattend 140
2.1.6 Die lewensbeskouing staan in die nou= ste verband met 'n gemeenskap 141
2.1.7 Die lewensbeskouing dra die stempel van tradisie 142

2.2 Die Christelike lewensbeskouing as die alles= omvattende in die proses van geestelike weer= baarmaking 143

2.2.1 Inleiding 143
2.2.2 Die Christelike lewensbeskouing - die be= langrikste geesteserfenis van die Afrika= nervolk 145
2.2.3 Die godsdiens bewaar die volk van die wê= reldse magte 146
2.2.4 Die innerlike oortuiging wortel in die godsdiens 149
2.2.5 Die Woord van God as die enigste Waarheid 150

2.3 Die nasionale as deel van die lewensbeskou= like in die proses van geestelike weerbaar= heid 153

2.3.1 Inleiding 153
2.3.2 Die nasionale as lewensbeskouing 153
2.3.3 Die nasionale wortel in die volkseie 154

2.4 Die Christelike-nasionale lewensbeskouing en opvoeding lei tot geestelike weerbaarheid 155

2.4.1 Inleiding 155
2.4.2 Lewensbeskouing, opvoeding en weerbaarheid 156
2.4.3 Eise wat aan die opvoeding gestel sal word om tot geestelike weerbaarheid te lei 158

2.4.3.1 Die Woord van God as Norm 158
2.4.3.2 Die Nasionale as Norm 159

2.5 Samevatting 160

3. GESAG EN VRYHEID - 'N KORRELAAT WAT LEI TOT DIE VOLLE WAARHEID 162

3.1 Inleiding 162

3.2 Vryheid nie sonder gesag en gesag nie sonder vryheid nie 162

3.2.1 Vryheid 162
3.2.2 Gesag 163
3.2.3 Vryheid en gesag 164

3.3 Vryheid en gesag deur die opvoeding en onder=wys 165

3.4 Vryheid tot verantwoordelikheid 167

3.5 Samevatting 168

4. NOG HOEKSTENE WAAROP WEERBAARHEID GEBOU KAN WORD 169

4.1 Inleiding 169

4.2 Die eie moedertaal - die siel van die volk 170

4.2.1 Taal is onontbeerlik 170
4.2.2 Die gebruik van die moedertaal 171
4.2.3 Die moedertaal en opvoeding 172

4.3 Die volksgeskiedenis 'n koerskompas 174

4.4 Volksmusiek as 'n weerbaarheidselement 177

5. SAMEVATTEND 179

HOOFSTUK IV

DIE OUERHUIS - DIE OORSPRONG VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID

1. INLEIDEND 181

2. DIE WEERBARE AFRIKANERHUISGESIN 182

2.1 'n Historiese terugblik 182

2.2 Die huislike gemeenskap 183

3. ENKELE INVLOEDE OP DIE HUISGESIN WAT LEI TOT AFTAKELING 186

3.1 Tegnologiese ontwikkeling 187

3.2 Die emansipasie van die vrou 188

3.3 Die verstedelikingsproses 189

4. DIE VERHOUDINGE BINNE DIE GESIN STIMULEER GEESTELIKE WEERBAARHEID 190

4.1 Onderlinge liefde en sekuriteit lei tot geestelike weerbaarheid 190

4.2 Die voorbeeld van huisgenote lei tot geestelike weerbaarheid 192

4.3 Die verhouding en invloed van huisgenote vorm geestelike weerbaarheid 193

5. DIE GESAGSTRUKTUUR BINNE DIE HUISGESIN AS WEERBAARHEIDSVORMENDE ELEMENT 197

5.1 Inleiding 197

5.2 Die gesag van die vader en moeder vorm weerbaarheid 197

5.3 Die vader as gesagsfiguur 199

5.4 Vryheid tot verantwoordelikheid in die gesin 201

6. DIE ROL VAN DIE GODSDIENS IN DIE HUIS LEI TOT GEESTELIKE WEERBAARMAKING VAN DIE KIND 202

6.1 Die plek wat die Bybel ingeneem het 202

6.2 Die godsdienstige funksie van die gesin 203

6.3 Die huisgodsdiens lei tot innerlike versterking 205

7. SAMEVATTEND 206

HOOFSTUK V

DIE OORSPRONG VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID IN DIE ONDERWYS VAN DIE AFRIKANERVOLK

1. INLEIDEND 209

2. DIE EERSTE ONDERWYS AAN DIE KAAP LÊ DIE GRONDSLAG VIR GEESTELIKE WEERBAAR=HEID 210

2.1 Die onderwys uit die moederland 210

2.2 Geestelike weerbaarheid verskuil in die sterk godsdienstige karakter van die onderwys 211

2.3 Geestelike weerbaarheid ontwikkel en vorm in die ontwakende nasionale gevoel 214

2.4 Die waarde van die moedertaal vir weerbaar=heidsvorming word besef 215

3. DE MIST DRA 'N STELSEL VAN SEKULÊRE ONDERWYS NA SUID-AFRIKA 217

3.1 Invloede van die tydsgees 217

3.2 Die sekulariseringsbeleid van De Mist word 'n bedreiging 218

3.3 Die onderwys verloor sy Christelik-godsdien=stige karakter 220

3.4 Teenstand teen die liberale en gesekulari=seerde onderwysbeleid van De Mist 222

4. 'N NUWE BEDREIGING NEEM SY PLEK LANGS DIE GEVESTIGDE LIBERALISME IN 225

4.1 Inleiding 225

4.2 Die bedreiging begin groei vanuit die Suide 226

4.3 Die Afrikanervolk bied weerstand en maak hom geestelik weerbaar teen die stroom van verengelsing 230

4.3.1 Die Afrikanervolk stig skole wat sal lei tot geestelike weerbaarheid 231

4.3.1.1 Die eerste opposisieskool 231

4.3.1.2 Teenkanting deur middel van privaat=skole 231

4.3.1.3 Die Paarlse Gimnasium - opgerig op Christelik-nasionale grondslag 233

4.3.1.4 Nog 'n Christelike skool - die "Gedenk=school der Hugenoten" 233

4.3.2 Enkele kampvegters vir die Afrikanervolk 234

4.3.2.1 Ds. S.J. du Toit 234
4.3.2.2 Ds. W.P. de Villiers 235
4.3.2.3 J.H. Hofmeyr (onze Jan) 235
4.3.2.4 Die Afrikanerbond 236

4.3.3 Reaksie deur koerante en tydskrifte 236
4.3.4 Die kerk en onderwys staan in noue verband 237

4.3.4.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 238
4.3.4.2 Die Gereformeerde Kerk 238

5. DIE GROOT TREK EN VROEË REPUBLIEKE - 'N BETREKLIK GEÏSOLEERDE TYDPERK 239

6. WEERBAARHEID IN DIE OPVOEDING EN ON=DERWYS GEDURENDE DIE REPUBLIEKE 243

6.1 Weerbaarheid in die onderwys gedurende die ou Vrystaatse Republiek 243

6.1.1 Die periode voor Republiekwording 243
6.1.2 Tekens van bedreiging na Republiekwording 244
6.1.3 Die rol van die onderwyser 246
6.1.4 Privaatskole 'n bedreiging vir die Afrika=ner 247
6.1.5 Die Boerevolk word weerbaar gevorm 248

6.2 Weerbaarheid in die onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek 249

6.2.1 Inleiding 249
6.2.2 Privaatskole wat lei tot weerbaarmaking 249
6.2.3 Staatsbeheer oor die onderwys 250
6.2.4 Die onderwys word bedreig deur 'n libe=rale element 250
6.2.5 Die begin van 'n weerbare onderwys - C.N.O.-skole 251

7. UIT DIE PUIN VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG GROEI 'N GEESTELIK WEERBARE VOLK 253

7.1 Inleiding 253

7.2 Weerbaarheid word opgebou teen die neutrale en sekulêre onderwysstelsel van Sargant 254

8. DIE EIE WORD BEWAAR DEUR C.N.O.-SKOLE EN MOEDERTAALONDERWYS 255

8.1 Inleiding 255

8.2 Die C.N.O.-skole dra die gees van weerbaar=making 256

8.3 Die stryd om die erkenning van die moeder=taal lei tot weerbaarmaking van die Afrika=ner 259

8.3.1 Inleiding 259
8.3.2 Taal- en kultuurvorming 259
8.3.3 Moedertaalonderwys as kragtige vormende element 260
8.3.4 'n Suiwer taal en kultuur maak 'n weer=bare volk 262

9. SAMEVATTEND 264

## HOOFSTUK VI

## DIE SKOOL EN GEESTELIKE WEERBAARHEID

1. INLEIDEND 267

2. DIE ONDERWYSER EN OPVOEDER AS UITDRAER VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID 269

2.1 Die weerbare onderwyser en opvoeder is God=gebonde 269

2.2 Die weerbare onderwyser en opvoeder is Volks=gebonde 273

2.3 Die weerbare onderwyser en opvoeder dra die lewensbeskouing van sy volk 275

2.4 Die weerbare onderwyser en opvoeder is die draer van gesag en ware vryheid 278

2.5 Die skoolhoof as weerbare leier 279

2.5.1 Die weerbare leier 279

2.5.2 Handleiding van die hoof as weerbare instru= ment 281

2.5.2.1 Handleiding vir die leerlinge 281
2.5.2.2 Handleiding vir die personeel 282

2.5.3 Die aandeel van saalopening tot weerbaarma= king van die kind 284

3. OPLEIDING TOT GEESTELIK WEERBARE ONDER= WYSERS 285

3.1 Inleiding 285

3.2 'n Uitbouing van die lewensbeskouing 287

3.3 'n Opleiding slegs vir onderwysers 288

4. DIE LEERSTOFINHOUD MOET GELEENTHEID BIED TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID IN ELKE KLASKAMER 290

4.1 Die inhoud en samestelling van die leerplan 290

4.2 'n Oorlaaide leerplan 291

4.3 Probleme en knelpunte in sommige leerplanne 294

4.4 Die skool mag nie sy karaktervormende in= vloed verloor nie 298

4.5 Kennis van die Woord lei tot weerbaarmaking 299

5. GEESTELIKE WEERBAARHEID EN DIE PRAKTYK 302

6. AANSLUITING TUSSEN OUERHUIS EN SKOOL TOT VERSTERKING VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID 307

7. SLOTGEDAGTES 311

BRONNELYS

1. GEPUBLISEERDE WERKE 316

2. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE - ONGEPUBLISEERD 325

3. ARTIKELS IN TYDSKRIFTE 327

4. REFERATE, LESINGS, TOESPRAKE EN DIKTATE 334

# HOOFSTUK I

## PROBLEEMSTELLING EN ONTLEDING

### 1. PROBLEEMSTELLING

In hierdie proefskrif gaan dit om 'n ondersoek na enkele verskynsels wat 'n bedreiging vorm vir die jeug van die Republiek van Suid-Afrika en daarom verskerpte geeste=like Jeugweerbaarheid noodsaak. Vir die doel van die ondersoek het ondersoeker die skool en die huis (gesin) as voorbeeld geneem waar die geestelike opbouingsproses behoort te wortel en te groei.[1] Die grondgedagte in die studie is dat geestelike weerbaarheid nie gekom het met die voorgeskrewe program wat ingestel is nie, maar dat weerbaarheid altyd daar was.

Dit gaan vir ondersoeker nie slegs om daardie geeste=like opbouingsproses of weerbaarmakingsproses wat in daardie een lesuur per week geskied en waarvoor daar op die skoolrooster voorsiening gemaak moet word nie; dit gaan om die geestelike weerbaarmaking van die jeug wat soos 'n goue draad deur die hele proses van opvoe=ding en onderwys van die kind loop. Dit gaan dus om wat daar elke lesuur van die skooldag in elke klaskamer gebeur.

---

1. Die rol van die kerk en staat word geensins minder belangrik geag nie; daar word egter deurgaans by die behandeling van die rol van die skool en huis gewys op die baie belangrike rol wat die Christe=like godsdiens speel en behoort te speel in die vaslegging van 'n geestelike weerbaarheidsgevoel.

In die eerste hoofstuk word 'n ontleding van die begrip "Geestelike Weerbaarheid" gegee. Daar word daarop ge=wys dat weerbaarheid so oud soos die mens self is.

In Hoofstuk II word daar aandag gegee aan die ideolo=gieë wat die lewens- en wêreldbeskouing van die Afri=kanerjeug bedreig. Ons lewe in 'n tydperk van geeste=like verval, 'n tydperk waarin daar 'n krisis in die geestelike waardes van die mens ontstaan het, maar nog meer, dit het 'n bedreiging geword. Daarom is dit be=langrik om die volksvreemde elemente te ondersoek en as bedreiging vir volkseie uit te wys. Daar word dan gelet op die Kommunisme, die Liberalisme en die Neo-Marxisme as ideologieë waarin 'n bedreiging lê. In dié vreemde lewens- en wêreldbeskouing lê daar 'n be=dreiging vir die Christelike lewens- en wêreldbeskou=ing. Die geestelik-sedelike waardes van die mensdom het in 'n maalstroom van materialistiese waardes be=land, waardeur 'n gemeenskaplike ontbindingsproses plaasvind.

In die derde hoofstuk word aandag aan die positiewe e=lemente gegee - die elemente waarin geestelike weer=baarheid geleë is. In antwoord op die vreemde in=vloede en ideologieë is daar die behoudende element wat in die volkslewe waarneembaar is. Ook in hier=die volkseie verskynsel moet daar reg geskied sodat dit die wapentuig teen die bose magte kan wees. Daarom moet daar gelet word op die ankers waaraan die

Afrikanerjeug veranker moet wees sodat hulle geestelik weerbaar kan wees.

Vir ondersoeker gaan dit daarom dat geestelike weerbaar=heid nie 'n verskynsel is wat saam met die huidige be=dreiginge na vore gekom het nie, maar dat dit altyd by die mens was en sal wees solank daar sonde in die wêreld is. In die proses waar daar reaksie kom, word weerbaar=making aangetref, met ander woorde, die element van be=dreiging en die proses van geestelike verset of geesteli=ke weerbaarheid as teenreaksie.

Wanneer daar aan geestelike weerbaarheid gedink word, moet dit nie net aan die skool verbind word nie. Daar=om sal daar in Hoofstuk IV aandag gegee word aan die rol wat die huis behoort te speel. Weerbaarheid begin van=dat die opvoedingsproses in die ouerhuis begin, deur die skool heen, totdat die opvoeding ophou.

In Hoofstuk V word daar gewys op die tekens van weer=baarheid soos wat dit in die onderwys voorgekom het van=af die eerste onderwys aan die Kaap. Om dan geestelike weerbaarheid verder toe te lig as 'n verskynsel wat uit die verlede saam met die mens gegroei het en hoe dit ook in die onderwys en opvoeding van die Afrikaner duidelik na vore gekom het, is dit belangrik om eers sekere faset=te van die onderwys en opvoeding van die verlede uit te lig. Hierin kan eers die bedreiging gesien word en dan die reaksie teen die bedreiging.

Die rol van die onderwyser en opvoeder as geestelik weerbare leier word in Hoofstuk VI ondersoek. Die kern van weerbaarheid lê vir ondersoeker daarin dat die onderwyser en opvoeder reeds as kind weerbaar opgevoed moet word, sodat hy in die skool en klaskamer die pro= ses slegs voortsit en uitdra aan die jeug. Die le= wens- en wêreldbeskouing van die onderwyser en opvoeder moet geanker wees in sy liefde tot God, die liefde vir sy volk, die liefde vir sy eie taal, tradisies en ge= skiedenis.

In die studie word sekere aanbevelings gemaak en deur= gaans word daar na die waarde van geestelike weerbaar= heid vir die Afrikanervolk verwys.

## 2. 'N BEDREIGING VAN INNERLIKE ONTBINDING MET GEESTELIKE JEUGWEERBAARHEID AS BEDERFWERENDE MIDDEL

### 2.1 INLEIDING

Weerbaarheid is 'n verskynsel so oud soos die mensdom self. Du Plessis noem dat jeugweerbaarheid of jeug= weerbaarmaking reeds by die eerste ouerpaar op aarde voorgekom het.[1)] Hulle moes aanvaar dat elke kind op weg na volwassewording 'n kind-in-opvoedingsnood is wat deur opvoeding geestelik weerbaar gemaak moet word.

---

1. Vgl. du Plessis, P.J.J., "Jeugweerbaarheid in 'n Tegnologiese Maatskappy", soos in Botha, J.L. et. al., Jeugweerbaarheid, p. 8-9.

Die oproep tot 'n weerbaarheidsprogram impliseer dat die jeug of minstens 'n deel van die jeug nie weerbaar is nie.[1)] Hierdie aftakeling kom van buite waar vreemde ideologieë aanslae maak op die gees van die jeug. Hier=die aanvalstegnieke is subtiel, "geestesverlamming, se=delike aftakeling, kultuurverloëning, die devaluasie van die arbeid, die verkondiging van 'n valse vryheid en die uitdoof van positiewe strydvaardigheid."[2)]

By geleentheid het dr. A.P. Treurnicht die stryd wat daar te voer is, so gestel: "Wie die waarheid en gereg=tigheid wil sien seëvier, wie sy volk en sy huis en sy haard in veiligheid wil sien gedy, is onherroeplik aan die stryd gebonde."[3)] Die huidige tydsgewrig kan ook bestempel word as die tyd van ideë-oorlog. Dit is hierdie gevaarlike ideologieë wat vyandig staan teen die eie lewensopvatting van die Afrikaner. Teen hier=die rigtings en strominge sal die jeug wakker en op=merksaam gemaak moet word. Hulle sal ook oor die no=dige kennis moet beskik om hierdie bedreigings te kan opmerk en uitken. Dit is van wesenlike belang in die proses van weerbaarmaking.

---

1. Vgl. a) Joubert, C.J., "Die Aard en Omvang van Jeug=weerbaarheid", in Botha, J.L. et. al., op. cit., p. 1.
   b) Smit, A.C.J., "Geestelike Weerbaarheid en Kultuur", in Handhaaf, Januarie 1972, p. 12.
   c) Kriel, J.D., "Die Skool se Funksie in die Geestelike Weerbaarmaking van die Skoolgaan=de Jeug", in Die Skoolblad, Oktober 1971, p. 11.
2. Viljoen, D.J., "Die Adel van die Stryd", in Handhaaf, Januarie 1971, p. 3.
3. Treurnicht, A.P., soos aangehaal deur Viljoen, D.J., op. cit., in Handhaaf, Januarie 1971, p. 3.

Hand aan hand met hierdie gevaarlike ideologieë gaan maatskaplike en sosiale wantoestande wat aanleiding gee tot die verlaging van morele standaarde.[1)]

## 2.2 'N ONTLEDING VAN BEGRIPPE

### 2.2.1 DIE "JEUG" VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

As deel van die begrip "Jeugweerbaarheid" is dit belang=rik om meer duidelikheid te gee wat met die "jeug" be=doel word.

Weerbaarheidswording dui op 'n tydperk wat moet verloop, dit wil sê vanaf geboorte tot weerbaarheidsvolwassen=heid. Hierdie tydperk impliseer dan die voorskoolse, skoolgaande en naskoolse tydperke.[2)] Dit gaan dan eint=lik om onvolwassenes wat opgevoed en onderwys moet word, 'n volwassewordende jong mens wat nog afhanklik is van die volwassene vir sy wordingshulp.[3)] Hier het ons te doen met die mens in sy immeronvoltooidheid wat besig is om sy lewens- en wêreldbeskouing te ontwerp sodat hy al=gaande standpunt kan inneem.

Vir die doel van hierdie ondersoek gaan dit nie om spe=sifiek afgebakende tydperke[4)] nie, maar dit is tog van

---

1. Vgl. Roos, S.G., "Riglyne vir 'n Wetenskaplike Funde=ring van Jeugweerbaarheid", in Botha, J.L. et. al., op. cit., p. 37.
2. Vgl. Joubert, C.J., op. cit., p. 2.
3. Vgl. Koekemoer, D.J.P., 'n Wesensanalise van Jeugweer=baarheid en die verwerking daarvan in die Opvoeding=situasie, p. 30.
4. Vgl. van Dyk, T.A., "Die Jeugdige", referaat gelewer te PU vir CHO, p. 1.

belang om min of meer 'n tydperk vas te stel waarbinne die geestelike weerbaarmaking dan sal plaasvind. Die vorming van geestelike weerbaarheid kan alreeds by die voorskoolse kind begin. Omdat daar ook besin word oor die rol van die huis, sal dit dan ook hierdie kinders insluit, maar verder sal daar ook gelet word op die skoolgaande jeug in die algemeen en die hoërskooljeug in besonder - spesifiek die Afrikanerjeug.

2.2.2 DIE BEGRIP "WEERBAARHEID"

Aan die hand van Koekemoer kan daar die volgende aflei= dings gemaak word van die begrip "weer":[1]

2.2.2.1 Uit Oud-Indies, "urnôti" wat beteken vervul of omsluit. Dit wil sê die opvoeder moet die kind omsluit met sy liefdevolle aanvaarding.

2.2.2.2 Uit die Grieks, "ernein" wat beteken behoed en beskerm. Deur die jeug te behoed en te beskerm, word hulle geestelik weerbaar gemaak.

2.2.2.3 Uit die Nederlandse "weren" wat beteken teen= staan, verdedig en verskans. Dit sal nie veel beteken as die jeug beskut is teen die aanslae van die wêreld maar nie weet hoe om homself te verdedig nie.

2.2.2.4 Uit die Grieks, "erusthai" wat beteken bewaar of red. Die jeug sal deur sy opvoedingsproses geleer moet word om te bewaar wat as rigsnoer gedien het vir die beskawing waarin hy hom be=

1. Vgl. a) Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 30-31.
b) Roos, S.G., op. cit., p. 30-32.

vind, wat eie aan hom is en vastigheid en sekerheid aan sy lewe gee.

2.2.2.5 Uit Oud-Iers, "feren" wat beteken gordel, begordel of omgord. Die jeug sal gehelp moet word om homself te omgord met die waarheid om sodoende staande te kan bly in die moderne tegnologiese samelewing.

2.2.2.6 Uit Oud-Noors, "vara" wat beteken waarneem of opmerksaamheid, met die verdere betekenis van versorging of voorsorg. Die opvoeder sal die jeug wakker of opmerksaam moet maak teen dit wat 'n bedreiging inhou en sodat hulle hierdie bedreiging betyds kan waarneem.

2.2.2.7 "Weer" as voorsetsel met die betekenis van teë of teen. Die jeug sal ook gelei moet word om standpunt in te neem teen bedreigings. Hulle moet dus nie slegs wakker wees vir die gevare nie maar ook standpunt daarteen inneem.

Weerbaarheid word verder verklaar as "bereid om te veg; strydbaar".[1)]

Jeugweerbaarheid sal dus beteken: Die jeug en spesifiek die Afrikanerjeug sal opmerksaam moet waarneem dit wat hulle bedreig, hulself omgord met die waarheid, strydbaar word, verdedig, selfs bereid wees om te veg vir die rigsnoer van die beskawing waarin hulle hulle bevind, wat

1. Schoonees, P.C. et. al., HAT - Verklarende Handwoordeboek, p. 1045.

eie aan hulle is en vastigheid en sekerheid gee.

"Ons weerbaarheid lê dus in die geopenbaarde begeerte, by kind en jeug en ouer en leier, om onsself te bly; om elke ander Afrikaner te rigsnoer en om die nie-Afrikaner ons doelgerigtheid, standvastigheid en andersheid te laat opmerk of ondervind."[1])

Joubert verklaar dat met jeugweerbaarheid bedoel word "die vermoë van elke jeugdige om sy eie gegewe weerbaar= heids moontlikhede optimaal en sinvol te verwerklik. Optimaal dui op die kwaliteit van selfverwerkliking en sinvol op die voltrekking in die lig van waardes en hul geïmplementeerde norme wat elke persoon huldig."[2]) In die proses van weerbaarmaking moet die jeugdige gesteun word om sy eie weerbaarheidsmoontlikhede te begryp; hy moet ook eie lewensopvatlike waardes en norme vir homself toe-eien en met dit wat toegeëien is, oorgaan tot self= verwerkliking. So kan die jeug dan die besondere weer= baarheidstoerusting op 'n besondere wyse aanwend.

2.2.3 GEESTELIKE JEUGWEERBAARHEID

Die program vir weerbaarheid wat vir skole[3]) opgestel is, bestaan uit vyf komponente waarvan "Geestelike Jeug=

---

1. Swart, M., "Die Rapportryers - Geestelik Weerbaar", in Handhaaf, Januarie 1972, p. 24.
2. Joubert, C.J., op. cit., p. 2. (Deur skrywer self on= derstreep)
3. Hierdie program vir skole is nie beperk tot 'n sekere provinsie nie, maar geld vir die hele Republiek van Suid-Afrika. Vgl. Omsendbrief, OVS Onderwysdeparte= ment, Jeugweerbaarheidsimplementering 07/2/3/1. Vgl. ook Die Unie, Maart 1972, p. 362.

weerbaarheid" die belangrikste is.

Die betekenis van die woord "geestelik" word aangegee as "betreffende die gees van die mens - teenoor liggaamlik, sinnelik, vleeslik, iemand geestelik bearbei; bedeel met 'n gees: ons is nie net liggaamlik nie, maar ook geestelike wesens."[1] Geestelik kan ook in 'n ander ver= band betrekking hê op kerklik of godsdienstig. In gees= telike weerbaarheid gaan dit egter om die eersgenoem= de verklaring. Die ware sin en betekenis van geestelike jeugweerbaarheid lê daarin dat dit gekenmerk moet word as Christelik.

"Geestelike jeugweerbaarheid word aanvaar as 'n doelstel= ling van die opvoeding en word gesien as die vermoë, die wil en gesindheid van die jeug om hul Christelik te ver= antwoord ten opsigte van die eise wat aan hulle gestel word in hul maatskaplike, sedelike, godsdienstige, kul= turele, opvoedkundige, ekonomiese, politieke, gesins- en volkslewe; die vermoë om op elk van hierdie en ander moontlike terreine volgens Christelike norme op te tree en die belange van hul gemeenskap in al sy vertakkinge te bevorder."[2]

## 2.3 <u>DIE MENS RAAK GEESTELIK AFGESTOMP</u>

Baie volksgenote het in hulle stryd om ontworstel te raak uit die armblankedom geestelik skade gely.Dikwels is die

1. Schoonees, P.C. et. al., op. cit., p. 191.
2. Friis, S.H., <u>Die Taak van die Sekondêre Skool met be= trekking tot die Geesteswerbaarheid van die Afrika= nerjeug</u>, p. 15.

volkselement afgesterf en selfs verfoei om ekonomies selfstandig te kon wees. So word die dinge van die gees, al die faktore wat 'n groep mense 'n volk- en kul=tuurgemeenskap maak, nie meer hooggeag nie.[1] Die mens is besig om geestelik bankrot te raak.

Faktore soos tegniek, wetenskap en bevolkingsaanwas het onder andere meegehelp om alle tradisionele lewenswyses en -gebruike omver te werp of te versteur. Onsekerheid het ontstaan oor koerante, films, tydskrifte en boeke. In haas elke samelewingsverband kom sielkundige afwy=kings in moord en doodslag, egskeidings, gesaglose eie=waan, seksuele uitspattigheid en onbeperkte skinderveld=togte voor.[2] Verder kan daar genoem word die opkoms van die nywerhede en die mynbou wat ook aanleiding gegee het tot die ontvolking van die platteland en die verste=deliking van die Blanke.

Met die verhuising van die platteland na die stad het die ouer hom skielik in omstandighede bevind waarin sy opvoedingstaak radikaal verskil het van die vorm waar=aan hyself gewoond was. In hierdie veranderde omstan=dighede het die ouer sy houvas op sy kinders begin ver=loor. Hy was egter ook onkundig omtrent die metodes wat hy moes toepas om sy kind tot volwassenheid te laat ontwikkel. Die kind is toe aan sy eie lot oorgelaat en vreemde invloede kon toe maklik wortelskiet.[3]

---

1. Vgl. Treurnicht, A.P., Onder die Soeklig, p. 101.
2. Vgl. Strydom, A.H., "Die Toepassing van Jeugweerbaar=heid in die Skole van die OVS", Deel I, in Die Skool=blad, November 1972, p. 4.
3. Vgl. Pauw, J.B., "Die Gesin: Restourasie dringend no=dig!", in Die Unie, Mei 1973, p. 458.

Die grootste oorsaak van innerlike afstomping moet egter gesoek word in die Christelike geloof wat enersyds in baie opsigte prakties versaak is terwyl andersyds die konsekwensies daarvan nie deurgaans op alle lewensterreine volvoer is nie. Om behoudend te kan wees, eis die Christelike lewensbeskouing dat voortdurend gereformeer moet word. Dit moet baie duidelik besef word dat daar hier nie met wisselende maatstawwe te doen gekry word nie en dat gereformeer moet word in die lig van onveranderlike norme. "Ook die Afrikanervolk moet in die laaste instansie nie net vra wat vir homself voordelig is nie, maar hoe hy met eie aard en al, en met beoefening van 'n gesonde selfliefde, diensbaar kan wees aan die Koninkryk van God. Immers, in dié diens is sy eiendomlike op die suiwerste gehandhaaf."[1)]

## 2.4 DIE HUIDIGE TYDSGEWRIG BIED 'N UITDAGING

Die jeug van 'n klompie dekades gelede het 'n rustiger en stabieler wêreld belewe. Die gesinslewe het aan die opgroeiende jeug 'n beskermender en liefdevoller versekering gebied. Erkende lewenswaardes wat as norm en maatstaf gedien het, was 'n kenmerk van die tyd.[2)]

Die mens, veral die jeug, belewe 'n tydperk waarin ver=

---

1. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 102.
2. Vgl. Coetzee, W.J., "Die Opvoedingstaak in 'n Veranderde en Veranderende Wêreld", in Die Skoolblad, September 1974, p. 5.

anderinge aan die orde van die dag is.[1] Dit is welis=waar so dat die mens nog altyd veranderinge beleef het, maar elke nuwe dag is 'n stap in 'n nuwe wêreld[2] wat teen 'n versnelde tempo[3] daagliks besig is om 'n groter werk=likheid te word. In hierdie tydperk van asemrowende ontwikkeling het 'n lewensbeskouing ontstaan wat oorheers word deur nuwe dinge en wat skepties staan teenoor die norme wat nog altyd geldend was.[4] Dit is juis in hier=die tempo van verandering waarin 'n bedreiging lê.[5]

Die na-oorlogse wêreld het gekom met ideologieë wat in die menslike gemoed verwarring gebring het. Lewenswaar=des het begin plekmaak vir vreemde waardes wat op sy beurt verwarring en vertwyfeling by die jeug gebring het.

Dit mag voorkom asof dit die veiligste sou wees om ge=heel en al afsydig teenoor die nuwe wêreld met die mo=derne tydsgees te staan en dit te ignoreer. Hierin lê egter geen oplossing van die probleem nie, want die mens wat by die kontemporêre situasie probeer verby leef, het geen toekoms nie. Geen volk kan hom isoleer van vreemde invloede nie, en daarom spreek dit vanself

---

1. Vgl. Pauw, J.B., op. cit., p. 458.
2. Vgl. Potgieter, P.J.J.S., Die Wêreld waarin Suid-Afrika hom bevind, p. 1.
3. Vgl. Ruperti, A., Leierskap vir die Toekoms, p. 2-3.
4. Vgl. Gous, A.G.S., Die Jeug, p. 6.
5. Vgl. a) van Loggerenberg, N.T., "Weerbaarheid en Op=voeding", in Riglyne, Junie 1973, p. 12.
   b) de Lange, J.P., "Christelik-Nasionale Onder=wys: Dringendnoodsaaklik in huidige Omstan=dighede", in Roeping, Junie 1967, p. 1.

dat die Afrikanervolk ook onderhewig is aan hierdie invloede.[1] "En die ironie van die saak is dat hy juis sy toekoms wou red deur die hede te ignoreer. Wat meer is, die halsstarrige weiering van die ouer geslag om te besef dat die huidige tydsgewrig aanpassings verg, vervreem die huidige en opkomende geslag van juis daardie dinge waarvoor die opkomende geslag op 'n taktvolle wyse voorberei moet word om as hul eie te aanvaar en dit aldus te vertroetel en te bewaar."[2]

Wanneer die Christen-opvoeder die aanslag van die hede nie kan weerstaan nie, sal die Christen-Afrikaner sy identiteit verloor. Die weg van die minste moeite sal wees om die moderne veranderinge te ignoreer en geen weerstand te bied nie.[3] As gelowiges is dit die sin en reg van ons bestaan wat bedreig word. Op sedelike gebied word baie groter eise as in die verlede aan die jeug gestel.[4] Hierdie bedreiginge is van die besbeplande en onverbiddelikste veldslae van alle tye, en is niks anders as 'n oorlog teen die gees nie wat gevoer word deur intimidasie, vrees en die mees geslepe vorme van verraad.[5]

Die jeug staan midde in die stryd en is voortdurend

---

1. Vgl. Smit, G.J.J., "Toespraak tydens Kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie," in Die Unie, Augustus 1969, p. 76.
2. Van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 12-13.
3. Vgl. Ibid., p. 8.
4. Vgl. de Lange, J.P., op. cit., p. 8.
5. Vgl. Kotzee, A.L., 'n Ideaal vir ons Jeug, p. 41.

in aanraking met idees wat die spervuur van hierdie stryd is en wanneer hierdie idees wortel skiet, sal dit dien= ooreenkomstig vrugte dra wanneer die jeug volwasse is. Die jeug moet sterk en weerbaar gemaak word, want in die stryd vorm hulle die voorste linie van die verdediging.

In die huidige tydsgewrig is die drang na eenvormigheid en gelykheid, soos dit moontlik gemaak word deur die teg= niek, 'n verdere uitdaging. Die juiste perspektief moet bewaar word, want die bedreiging kom nie altyd van buite nie maar baie keer van binne.[1)]

Die huidige tydsgewrig bied 'n uitdaging aan die onderwys en opvoeding, sodat dit nie net 'n stryd is tot die onge= letterde wat opgehef moet word nie, maar dit gaan ook om die onderwys en opvoeding tot geestelike weerbaarheid. Die samelewing, die hele volk moet weerbaar wees, en as die leiers nie deurdrenk en weerbaar gemaak is met ken= nis, kultuur en verantwoordelikheid nie, kan ontevrede intellektueles ontwikkel in die dinamiet wat samelewings uitmekaar kan blaas.[2)]

Die weerbaarheidsprogram moet dus gesien word as 'n ver= skerpte vorm van opvoeding wat voorsien in die besondere eietydse behoeftes en eise.[3)] Met positiewe vorming kan die jeug 'n kerngesonde lewensbeskouing en lewenshouding

---

1. Vgl. Goedhart, B., Suid-Afrika se Posisie in die Wêreld, p. 11.
2. Vgl. Kotzee, A.L., Die Ideaal vir ons Onderwys, p. 40.
3. Vgl. van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 13.

ontwikkel wat die uitdagings van die huidige tydsgewrig sal teenwerk[1] en kan daar weerstand gebied word.

## 2.5 DIE KRAG VAN DIE JEUG LÊ IN INNERLIKE GEESTELIKE WEERBAARHEID

Dit is uiters belangrik dat geestelike weerbaarheid sal aansluit by godsdiensonderrig, want ook hier moet die hoogste doel wees om die jeug te lei tot God en om die jeug te bring tot die aanvaarding van Sy norme.[2] Daar moet nie geskroom word om die jeug te indoktrineer[3] nie, soos wat die Kommunis ook doen, met die verskil, "ons indoktrineer vir Christus en in belang van ons eie volk en ons eie voortbestaan."[4]

Wanneer die mens sterk en weerbaar is, sal hy ook werk=lik verantwoordelik kan wees; daarom gaan dit by die jeug nie slegs om die bybring van kennis nie maar strek dit tot die innerlike. Die sterkte van karakter moet opgebou word om hulle geestelik weerbaar te maak selfs teen die mees geslepe vorme van verraad. Die morele insig, onkreukbare integriteit en 'n onwankelbare geloof

---

1. Vgl. Kriel, J.D., "Die Skool se Funksie in die Gees=telike Weerbaarmaking van die Skoolgaande Jeug", in Die Skoolblad, Oktober 1971, p. 13.
2. Vgl. Basson, A.J., Jeug en Seksualiteit, p. 223.
3. Ondersoeker verkies dit om die woord indoktrinasie te gebruik, omdat dit 'n mooi dieperliggende betekenis het. Dit dui op die somtotaal van 'n beskouing. Die jeug moet ingeskerp word met bepaalde opvattings en idees eie aan die Afrikaner. Vgl. verder a) Zeeman, M.T.S., Nuwe Hoop vir 'n Verwarde Wêreld, p. 20. b) Schoonees, P.C. et. al., HAT - Verkla=rende Handwoordeboek.
4. Kriel, J.D., op. cit., p. 14.

moet deel uitmaak van die geestelike toerusting van die jeug, want dit is hierdie wapentuig wat sterkte en rig= ting aan hulle optrede verleen.[1]

Om 'n sterk positiewe karakter te kan opbou, is dit be= langrik dat die jeug sal besef dat dit slegs kan gebeur deur inspanning en volharding, dat dit van hulle opof= fering en toewyding sal verg. Elke jongseun en jong= dogter wat liggaamlik gesond en geestelik wakker is, sal moet waak teen die narkose van die tyd waardeur daar soms weggedraai word van harde en hoë standaar= de.[2]

As gevolg van die gebrek aan morele waardes is die in= dividuele mens siek en is die wêreld ook siek. Hier= die morele onbevoegdheid van die mens is 'n probleem wat binne-in homself geleë is, en as gevolg van hierdie morele tekortkomings loop hy gevaar om vasgevang en die afgrond ingetrek te word.[3] Wanneer 'n volk van binne verrot is, loop hy gevaar om van buite verower te word en dit geld ook vir die mens. Die mens wat van binne verrot is, is die skepper van sy eie ondergang.

Die Christelike godsdiens, die Afrikaanse taal en ge= skiedenis, die ganse kultuur en al die skeppinge van die Afrikanergees vorm deel van die geestesgoedere van

---

1. Vgl. Kotzee, A.L., <u>'n Ideaal vir ons Jeug</u>, p. 4.
2. Vgl. Ibid., p. 35
3. Vgl. Ibid., p. 31.

die Afrikanerjeug. Die wortels van hulle Christelike geloof het diep in hulle wese hulle oorsprong - dit lê aan die wortel van hulle bestaan en gee koers en sin aan hulle daaglikse lewe. Die liefde vir die eie moet aan die jeug daardie skerpte van intelligensie gee, so= dat die mees geslepe vorm van verraad teen enigiets wat hulle eie is, dadelik ontdek sal word, al is dit ook verborge in die strelendste en vleiendste optrede van die vyand. Die stryd van vandag is 'n stryd van die gees. "Daarom bestyg ek die kragtige pronkperd van geestelike weerbaarheid en jaag die stryd binne waar die leuen en verraad soos orkane woed. Met die skild van die geloof sal ek die vurige pyle van die bose uit= blus en met die swaard van die gees oorwin."[1)]

## 2.6 DIE INNERLIKE DRANG NA DIE EIE

Geen volk kan 'n vormloosheid of karakterloosheid onder sy lede toelaat nie, want daarin lê die vorming van se= kere lewensnorme en 'n eie karakter. Die vorming van die eie moet 'n oorheersende rol speel, met sy wortels in die Christelike.

Dit is eintlik vanselfsprekend dat elke individu 'n voorliefde vir die eie het en nie graag uit die eie leefwyse losgeskud wil word nie. Dit hang saam met die eise vir 'n eie persoonlikheid. 'n Kultuur is in sy wese selfsoekend, middelpuntsoekend en gegee om be=

1. Potgieter, G.J., My Lewensnorme, p. 138.

houdend te wees wat sy eie aard, in onderskeiding van ander, betref.[1]

Die ware konserwatief wil die lewe sinvol behou. Ten spyte van veranderings, want veranderings is aan die orde van die dag, wil hy nie sy identiteit in die pro=ses van verandering prysgee nie. Waar, byvoorbeeld, modes soms in hulle verspottigheid en dikwels in hul=le uittarting van ware sedelikheid voorkom, sal hy hulle nie blindelings volg nie. So sal die uitvind=sel tot groter gerief van die lewe benut word sonder dat dit die agteruitgang van die geestelike lewe, sy geloof of kinderlike wandel met God beteken.

Die gevoel van 'n eie innerlike drang lê aan die wor=tel van 'n kultuurgemeenskap en vorm 'n gevoel van in=nerlike verbondenheid en 'n geloof aan sy eie uniek=heid, wat hom onderskei van alle ander kulture.

"Alle eie-aard is onderskeiding en in 'n sekere sin skeiding van die wat anders is, om nie daarin te ver=vloei nie."[2] Hieruit vloei voort dat daar 'n gevoel van uniekheid bestaan en saamhang met die waardering vir die eie geskiedenis, want dit is juis in daardie geskiedenis waar die eie wording en karakter herken word. Met hierdie eie karakter wat gevorm is, sal dan vanself aangevoel word en nie aanvaar word dit wat vreemd is en nie aansluit by die eie nie. Hier=

1. Vgl. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 21.
2. Ibid., p. 21.

die bedreiging van die eie kan fisies, fisies-geestelik en ideologies van aard wees.

Die behoud van 'n eie bewussyn vir die individu sowel as vir die gemeenskap en volk lê daarin "dat aan die wor= tel van alle eie-aard of karakter - of dit persoonlik of gemeenskaplik is - iets van die gedagte van konser= watisme",[1] verbind is. Ontbinding en verlies van eie-aard is voor-die-handliggend wanneer daar nie daardie bewussyn of blik na binne is nie.

Die oogmerk van die behoudende Afrikaner is byvoorbeeld om deur die groeiprosesse wat die Afrikanervolk in sy geskiedenis deurloop het, nie sy selfbewussyn as Afri= kaner te verloor nie, asook nie sy taal en sedelike en godsdienstige norme te verwerp nie en om homself te handhaaf as 'n onderskeibare volks- en kultuurgemeen= skap. As 'n afsonderlike kultuurgemeenskap is dit 'n eis wat uit die wese kom en nie net die eis van nasionale selfrespek nie.[2]

"Die weerbare mens het respek vir die eie kultuurbe= sit, die skoonheid van die eie wat 'n geestelike wapen word waarmee 'n beskawing gered word en behoue bly. So word die identiteit van 'n eie taal beskerm; die mooie in ander tale word gewaardeer, dog die eie word bewaar. Die weerbare mens steun die wording-van-die-eie, put

1. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 22.
2. Vgl. Ibid., p. 22.

inspirasie uit die eie en word aangespreek deur die eie: daar is 'n aanspreek-aanhoor-essensie, 'n aange= spreek-word-essensie en opgeroep-word-essensie."[1] Die weerbare mens het die hoogste agting vir die eie; dit is vir hom dierbaar en omdat hy bang is dat dit verlore mag gaan, probeer hy dit beskerm en bewaar vir die toekoms deur dit voort te leef en in te skerp by die jeug.

Die behoudende mens onderskei homself, want in nuwe om= standighede kan hy blywende norme en ontoeganklike waardes handhaaf en toepas.

Hierdie mens en dan veral ook die jeug "is 'n baanbre= ker maar nie 'n wetsverbreker nie. Hy hervorm sy lewe in ooreenstemming met Gods gebod - en daardeur word hy juis behou - maar hy verander nie die gebod om by nuwe praktyke te pas nie. Hy kan ja sê vir die vernuwing waardeur sy ware self suiwer behoue bly en diensbaar gemaak word. Hy kan en moet dus beweeg om behoue te bly, maar dan beweeg hy in die pas met die edelste van sy volk, en bo alles, in die pas met God."[2]

Die jeug moet toegerus word vir sy taak as mens om in die aanbrekende tyd die waarde en inhoud van sy gesins= gebondenheid, sy volksgebondenheid, sy nasionale gebon= denheid, sy staatsgebondenheid en godsdiensgebondenheid in te dra in die groter wêreld sonder om dit prys te

---

1. Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 39-40.
2. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 23-24.

gee. Om hierdie toerusting te verskaf, het geestelike jeugweerbaarheid onontbeerlik geword, sodat die inner=like drang na die eie nie verdof word nie.

## 2.7 GEESTELIKE JEUGWEERBAARHEID HET 'N NOODSAAKLIK=HEID GEWORD

Op alle lewensterreine is die moderne mens besig om van die vaste norme prys te gee en veral op die gebied van die waarheid geld geen besliste sekerheid meer nie. Die mens word op liberalistiese wyse losgemaak van alle bande wat hom aan sy medemens bind, sy gesin, sy eie volk, sy eie staat - 'n proses waardeur hy as enkeling lid van 'n plaaslike en internasionale amorf word.

Teen die Blankes word 'n rassestryd van gelykskakeling van alle mense aan mekaar as eensoortiges en eenderses gevoer. Vir die mens word godsdiens, kultuur en tra=disie voorgehou as verskynsels wat onder verdenking staan en waarvan so gou moontlik weggebreek moet word. Die Westerse mens is ook losgemaak van sy arbeid en van die natuur wat 'n gevolg van die groot nywerheidsontwik=keling is. Dit het meegebring dat hy op hierdie wyse in eensaamheid verval wat alleen deur die steeds ster=ker sensasieprikkels oorwin kan word. Die massamedia, naamlik die pers, die radio en beeldradio en die rol=prent bied aan die mens oppervlakkige en sensasiewek=kende inligting en daardeur word sy opvattings in voor=afbepaalde rigtings gevorm. Die Kommunisme met sy

rassestryd, in aansluiting by die liberalistiese ont= binding van alle gemeenskapsbande en die gelykstelling en gelykskakeling van alle mense aan mekaar, het 'n nuwe stryd geword.[1)]

Die gedragsprobleme van die moderne jeug in die gesin, sowel as in die samelewing, is besig om 'n totaal ander patroon aan te neem as wat vroeër die geval was. Op= voeders het magteloos gestaan teen hierdie skielike verandering wat ingetree het; hulle het agtergeraak in die begryping van die probleme daarvan. Die verskynsel doen hom verder ook voor in daardie huisgesinne waarin die pedagogiese op 'n hoë niveau staan.[2)]

Die jeug staan vandag midde in die stroom van die mas= sa, 'n massa wat nie behoefte het aan voedsel, kleding en liggaamlike behoeftes nie, want dit is in oorvloed tot hulle beskikking. Maar dikwels openbaar hierdie massa 'n geestesarmoede en 'n gebrek aan visie, terwyl hulle maklik deur die verskillende kommunikasiemedia van die dag beïnvloed word.[3)]

Die massajeugverskynsel het 'n remmende invloed op die mens as persoon aangesien die persoonlikheidsontwikke= ling benadeel word omdat die geestelike in die mens nie tot volheid kan gedy nie. Dit het verder tot gevolg

---

1. Vgl. Meyer, P.J., Die Geesteskrisisse van die Weste, p. 14-15.
2. Vgl. Nel, B.F., 'n Modern-pedagogiese benadering van Jeugprobleme, p. 11.
3. Vgl. Pauw, J.B., op. cit., p. 460.

dat die kultuur van 'n volk op 'n lae peil gehou word.[1]

Hierdie stroom loop egter al so breed dat op godsdienstige terrein die vrysinnigheid binnegehaal word en die suiwere belydenis in die gedrang kom. Dit gaan om die behoud van die Christelike karakter van die Afrikanervolk.[2] Die Christelike van elke faset van die volksbestaan sal nooit oorbeklemtoon kan word nie, want dit moet altyd die alles omsluitende wees, die grondslag en voortbestaan van die volk.

Die kind kan nie van die massa geïsoleer word nie; die aanspoeling van die massamilieu kan nie van hom af weggekeer word nie. Die jeug sal dan opgevoed moet word om hulle balans in die massa te behou; hulle sal bewus gemaak moet word van hulle verantwoordelikheid as een van die massa om dan oordeelkundig tot voordeel van die algemeen te kan optree.[3]

Elke nugtere waarnemer sal moet saamstem dat daar beweging is wat inderdaad ook nie teëgehou kan word nie. Elkeen moet duidelik besef wat die besondere funksie van die Afrikanervolk in die Godsplan is, terwyl duidelikheid oor die handhawing van sedes en tradisies, 'n eie kultuur en 'n eie aksent op die godsdienstige gebied nie mag ontbreek nie.

---

1. Vgl. Nel, B.F., op. cit., p. 19.
2. Vgl. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 99.
3. Vgl. Pauw, J.P., op. cit., p. 460.

Hoe tragies is dit nie dat daar by sekere dele van die bevolking nie meer 'n gevoel van nasionale trots voorkom nie. Grobler gee 'n tipiese blik op die huidige tyds= gewrig. In die proses van gesins-, godsdienstige en nasionale ontaarding word die jeug van sy basiese an= kers ontwortel. Sonder hierdie ankers het hulle geen sekuriteit meer nie en gaan die so noodsaaklike gebor= genheid verlore. Die industriële proses wat te midde van 'n materialistiese eeu voortdonder, het vir die jong gemoed te veel geword. Hulle kan dit nie meer verwerk of dra nie. Die gevolg is dat hulle in opstand daar= teen kom en alles wat die ouer geslag opgebou het, wil verpletter en vernietig. Mense wat die gedagtegange van Marx, Engels, Lenin, Marcuse en baie ander in die gemoed omdra en propageer, is verder besig om die jeug, met hulle ontvanklike gemoedere, verder die afgrond af te jaag. Wanneer die belange van die jeug werklik op die hart gedra word, sal daar 'n radikale tempering van die lewenstempo moet intree; daar sal meer sinvolheid in die lewensbestaan moet kom; 'n godsdienstige hervor= ming sal moet plaasvind. Die mens - en veral die jeug - sal moet leer om met hierdie tempo saam te leef, want dit gaan om die behoud van 'n volk.[1)]

Die noodsaaklikheid van geestelike weerbaarheid en vor= ming kan nie oorbeklemtoon word nie, want tussen die skool en die wêreld daarbuite lê 'n niemandsland wat oorwin moet word.

---

1. Vgl. Grobler, J.P., "Godsdiens en Verdowingsmiddels", in Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr. 1, p. 228.

Teen die agtergrond van die moeilike en gevaarlike tydsgewrig waarin die moderne samelewing verkeer, is dit duidelik dat jeugweerbaarmaking 'n dringende opvoedingstaak is.

## 3. GEESTELIKE GROEI EN VOORTBESTAAN VAN DIE JEUG IS DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKANERVOLK

"'n Volk se jeug is sy grootste besit. Dit is op 'n volk se jeug wat sy toekoms berus. In sy jeug leef 'n volk se grootste ideale - sy jeug is sy droom van die toekoms."[1] In hierdie woorde lê die toekoms van die Afrikanervolk opgesluit. As dit dan toekoms-bepalend is, moet daar sonder versuim gearbei word aan die kosbare besitting van die Afrikaner - sy jeug.

Die geestelike groei en voortbestaan van die jeug is van die grootste belang. Vir die Afrikanervolk meer as vir enige ander volk "berus ons voortbestaan op hierdie rustelose vasteland op ons jeug se getalle, hul geestelike weerbaarheid en hul liefde vir alles wat ons volkseie is."[2] Hulle is die toekoms van ons volk, ons taal, ons beskawing en ons kultuur.

'n Volk se sterkte word gemeet in die karakters van sy seuns en dogters, sy jong manne en vroue en in hulle geloof in God, hulle volk, hulleself en hulle toe=

1. Kotzee, A.L., op. cit., p. 1.
2. Ibid., p. 3.

koms.[1] Die toetse wat die jeug moet weerstaan, is besig om al feller te word en dit sal nie getalle wees wat die krag en sterkte van die Afrikanervolk gaan be=paal nie, ook nie rykdom en wapens nie, maar die karak=ter van die jeug en die gehalte van die lewes wat hulle voer.

Hierdie taak van geestelike weerbaarmaking is nie 'n eendagtaak en eenmantaak nie. Dit is 'n proses van hulpverlening aan die geestelike grootwording van die mens tot die stadium van innerlike stabiliteit en be=stendigheid. In hierdie langdurige vormingsproses moet daar ook rekening gehou word met die wette van in=wendige groei. Geen afsluiting, nog minder volmaakt=heid kan bereik word nie.[2]

Omdat die afbrekende magté in Suid-Afrika nog nie so ver as in ander Westerse lande gevorder het nie, bete=ken dit geensins dat opvoeders en onderwysers nou kan terugsit nie, of dat daar nou gesê kan word dat, omdat die jeug van vandag nog in die diepste van hulle wese behoudend is en besef dat hulle veiligheid en voortbe=staan op positiewe, konserwatisme en die handhawing en uitbouing van hulle beginsels berus, hulle aan hulle eie lot oorgelaat kan word. Hulle geestelike groei en voortbestaan moet in die huis en skool verseker word. "Ewe moontlik as wat dit is om die toekoms te verloor deur die hede te ignoreer, is dit moontlik om in 'n ver=

1. Vgl. Kotzee, A.L., op. cit., p. 3.
2. Vgl. Havenga, C.F.B., Die Sedelike Oordeel van die agt- tot twaalfjarige Kind, p. 12.

keerde poging om die hede te red die toekoms ook daardeur verloor kan word."[1])

Omdat opvoeding en onderwys so 'n prominente plek in die geestelike voortbestaan van die jeug en die volk inneem, moet daar ook gelet word op die terrein van die opvoeding en onderwys en die rol deur hulle gespeel wat lei tot geestelike weerbaarheid.

## 4. VANUIT DIE OPVOEDING EN ONDERWYS DEUR GEESTELIKE WEERBAARHEID TOT VOORTBESTAAN

### 4.1 INLEIDING

Opvoeding en onderwys is die vernaamste wyse waardeur die jeugdige weerbaar gemaak kan word. Die opvoeding bied aan die jeug die geleentheid waardeur waardes en norme verwerf kan word. Deur die opvoeding en onderwys verower die kind die kennis en tegniek van selfverwerkliking op verskeie terreine. Deur die krag van sy eie weerbaarheid moet hy die eie behou en bereid wees om selfs daarvoor te veg. "Hierdie krag word geopenbaar deur die kwaliteit van elke persoon se eie toerusting en sy bereidheid om hierdie toerusting in die stryd te werp ter wille van eie behoud en voortbestaan."[2])

1. Van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 13.
2. Joubert, C.J., op. cit., p. 3.

Dit het noodsaakliker as ooit te vore geword dat die opvoeding en onderwys die jeug tot Christelike volwas= senheid moet lei, tot 'n selfstandige keuse van die Af= rikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbe= skouing.

## 4.2 GEESTELIKE WEERBAARHEID, OPVOEDING EN ONDERWYS 'N EENHEID

In die proses van geestelike weerbaarmaking van die jeug speel die twee verskynsels, opvoeding en onder= wys,[1] 'n pertinente rol. Geestelike weerbaarheid kan nie van opvoeding en onderwys losgemaak word nie, want deur middel van hierdie verskynsels word die jeug weer= baar gemaak. Geestelike weerbaarheid is gerig op men= semateriaal en wel die karakterbou, die opvoeding en

---

1. Vir 'n ontleding van die verskynsels vergelyk:
   a) Coetzee, J. Chr., Inleiding tot die Algemene Teo= retiese Opvoedkunde, p. 77.
   b) Coetzee, J. Chr., Vraagstukke van die Opvoedkun= dige Politiek, p. 24.
   c) Fourie, J.J., Tema en Variasie in die Opvoedings= leer, p. 206.
   d) Gunter, C.F.G., Aspekte van die Teoretiese Op= voedkunde, p. 10.
   e) Gunter, C.F.G., Opvoedingsfilosofieë, p. 3.
   f) Gunter, C.F.G., "Die Onderwyser: Die Basiese Ei= se wat sy Beroepstaak aan hom stel", in Die Unie, Oktober 1971, p. 147.
   g) Keyter, J., de W., Opvoeding en Onderwys, p. 4.
   h) Ruperti, R.M., en du Plooy, J.L., Die opvoedings= taak, p. 2-3.
   i) van Loggerenberg, N.T., Eerste Stappe in die Fi= losofie van die Opvoeding, p. 18.
   j) van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., Verant= woordelike Opvoeding, p. 25-27.
   k) Veral wys ondersoeker na die ontleding van Schoe= man, P.G., Grondslae en implikasies van 'n Christe= like Opvoedingsfilosofie, p. 40-42.

onderwys van die jeug van 'n volk.

Om dan tot geestelike weerbaarheid te kom, moet invloed uitgaan na die jeug wat dan veral geskied deur die op= voeding en onderwys. Deur die opvoeding bemoei die opvoeder hom met die opvoedeling en is hy onder in= vloed van die opvoeder. So word daar deur die onder= wys kennis van geestelike weerbaarheidsverskynsels oor= gedra aan die jeug. Die jeug word geleer om dit wat hulle bedreig in hulle eie volksbestaan, te ken of be= ter te ken.

Wanneer daar dan omgang is in die gebied van die opvoe= ding, is 'n kenmerk die invloed wat uitgeoefen word. Hierdie invloed geskied gewoonlik van die volwassene op die onvolwassene. Die weerbaarmaking moet dan uitgaan van die volwassene na die onvolwassene.

Wanneer iemand invloed uitoefen op kinders, wil dit nog nie sê dat hy 'n opvoeder in die volle betekenis van die woord is nie. Tiperend van die ware opvoeder is dat sy invloed en leiding, sy beskerming sowel as selfstan= digmaking van die leerlinge, dit wil sê sy hele opvoe= ding, daarop gerig is om die kind tot volwassenheid te lei, "bekwaam te helpen maken zelfstandig zijn levens= taak te volbrengen."[1)]

---

1.a) Langeveld, M.J., Beknopte Theoretische Pedagogiek, p. 28.
b) Vgl. Strydom, A.H., Die Plek en Taak van die Skool as Samelewingsverband in die Moderne Christelike Sa= melewing, p. 73-74.

'n Opvoedingsmiddel berus op 'n handeling of situasie wat uitdruklik gestel word om 'n opvoedingsdoel te bereik. Wanneer 'n situasie geskep word om 'n kind pedagogies te beïnvloed, het die opvoeder met 'n opvoedingsmiddel te doen.[1] Daarom moet daar deur die opvoeder situasies geskep word of moet 'n handeling van hom uitgaan deur sy vak, waardeur die leerlinge bewus gemaak word van sekere weerbaarheidsaspekte wat in die opvoedingsdoel opgesluit lê.

Dit is dan ook binne hierdie verband van opvoeding en onderwys dat geestelike weerbaarheid sy plek moet inneem om 'n uiters belangrike funksie te vervul.

Onderwys en opvoeding gaan hand aan hand, want die leerling wat slegs onderwys ontvang en nie ook opgevoed word nie, is soos die mens wat die hele wêreld gewin het, maar skade ly aan sy siel.[2]

Ondersoeker vereenselwig hom met Van Loggerenberg as hy dit so stel: "Ek stel die volgende met absolute oortuiging,nl. dat daar minder skade sonder jeugweerbaarheid sal wees as saam met die opvoe=

---

1. Vgl. Langeveld, M.J., op. cit., p. 105.
2. Vgl. Kotzee, A.L., <u>Die Ideaal in ons Onderwys</u>, p. 39.

dingsprogram, maar verkeerd hanteer."[1] Jeugweer=baarheid moet so by die opvoedingsprogram ingevleg word dat die jeug byna nie eens bewus is dat dit plaasvind nie. Daar is reeds gewys op die bete=kenis van "indoktrinasie". In die algemene spreek=taal word die woord "indoktrinasie" as iets ver=skrikliks beskou wat met die jeug kan gebeur. In 'n afwykende rigting van die eie af is dit wel waar, maar wat eintlik in die opvoedingsproses moet gebeur, is dat die kind geïndoktrineer moet word met 'n Christelike lewensbeskouing. Die jeug moet geïndoktrineer word met die eie, die positiewe be=houdende element, want so sal dit opgeneem word deur die jeug en sal dit die voortbestaan van die volk verseker.

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing word by die kind deur opvoeding in die Christelike huis en skool vasgelê, en die geestelike jeugweerbaarheids=program moet daarby aansluit en bepaalde toerusting aan die jong geslag verskaf om hulle te beskerm.[2] Met ander woorde, die weerbaarheidsprogram sluit aan by die weerbaarheidsvorming wat reeds in die huis bestaan.

---

1. Van Loggerenberg, N.T., "Weerbaarheid en Opvoe=ding", in Riglyne, Junie 1973, p. 14.
2. Vgl. van Loggerenberg, N.T., "Die Weerbare On=derwyser", in Die Skoolblad, September 1974, p. 1.

## 4.3 GEESTELIKE WEERBAARHEID DEUR DIE KULTUUR IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS

"Sonder kultuur, hoe primitief ookal, is daar geen opvoeding nie, en sonder opvoeding, hoe primitief ookal, geen kultuur en gemeenskap nie."[1] Dit is duidelik dat die opvoeding van die jeug onlosmaaklik verbonde is aan die kultuur van die gemeenskap. Vanaf die vroegste tye van die onderwys in Suid-Afrika was die onderwys 'n voorwerp van besondere be= lang vir die gemeenskap as geheel. In hierdie be= moeienis het daar ook weerbaarheid gelê en waaraan in 'n afsonderlike hoofstuk aandag gegee sal word.

Baie van die menings, afkomstig uit die gemeenskap, is oningelig en kan nie so sonder meer aanvaar en ten uitvoer gebring word nie. Hierdie belangstel= ling weerspieël egter die grondmotiewe van die volk en vir diegene wat dit reg kan vertolk, is dit 'n duidelike heenwysing na die doel wat die volk vir sy opvoeding en onderwys en daardeur vir homself na= streef. Die bemoeienis en belangstelling van die volk is dan juis baie keer gerig op die behoud van die eie. Die opvoeding en onderwys mag nie ver= vreemd raak van die volkseie nie, want indien dit sou gebeur, sal die volk en sy kultuur geheel en al verander.

---

1. Ruperti, R.M., <u>Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika</u>, p. 3.

Die opvoeding moet nie net as middel vir die oordraging van die kultuur dien nie, maar ook as prikkel vir 'n nuwe interpretasie en 'n verdere uitbouing daarvan. Opvoeding is dus materieel nie net die oordraging van die kultuur nie, maar ook die oorneming en opneming en die voortbouing daarvan.[1] Weerbaarmaking beteken nie dat die kultuur nie uitgebou kan word nie. Die weerbaarmaking is juis ook daar om die kultuur te beskerm en te laat voortleef.

Die belangstelling van die volk in die opvoeding en onderwys van die jeug vorm 'n belangrike skakel in die geestelike weerbaarmakingsproses. Aansluiting tussen die huis en die skool kan so verkry word en hierdie skakeling kan slegs lei tot 'n gesuiwerde en verskerpte poging tot weerbaarheid.

## 4.4 OPVOEDING EN ONDERWYS TOT INNERLIKE KRAG

Benewens sy gewone taak van kennisoordraging het die skool vandag 'n besondere roeping en taak te vervul. Die skool het tot taakvervulling die kulturele, geestelike en algemene voorbereiding van 'n volk en 'n addisionele taak, naamlik om by die volk daardie sterkte van gees te kweek wat hom in staat sal stel om die aanslae wat teen sy geestesgoedere gemaak

1. Vgl. Coetzee, J. Chr., Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, p. 27.

word, die hoof te bied.[1]

Die innerlike krag van die jeug moet gewortel wees in 'n godsdienstige vorming om sy roeping te volbring tot eer van God en tot heil van sy medemens.

"Die beheersing van die volledige geestes- en le=wenswerklikheid deur middel van geestes-kulturele, maatskaplik-staatkundige en ekonomiese werksaamhede behels verder ook dat die jeug van die gemeenskap daartoe opgevoed en toegerus word."[2] Deur middel van die moedertaal word met hierdie opvoeding en toerusting 'n aanvang geneem. So word die kind in=gelei deur die moedertaal in die gemeenskap se kul=tuurlewe, staatsordening en bestaanslewe, as onskei=bare eenheid. Binne die eie gemeenskapsverband moet die opvoeding die kind lei, sodat die Christe=lik-Protestantse geloofshouding as grondslag van al sy geestes- en lewensuitinge aanvaar sal word.[3]

Na ankerpunte hoef daar nie gesoek te word nie, want in die Woord van God is daar genoeg.[4] Wanneer die innerlike krag van die opvoeding sy ankers geanker het in die Woord, sal die resultaat wees - 'n jeug wat geestelik weerbaar is, 'n Afrikanervolk met 'n toekoms.

---

1. Vgl. Kotzee, A.L., op. cit., p. 14.
2. Meyer, P.J., Trek Verder, p. 47
3. Vgl. Ibid., p. 47.
4. Vgl. Schutte, B.C., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van Vandag", in Educa, Maart 1970, p. 8.

## 5. SAMEVATTEND

Vanaf die sondeval in die paradys het die mens te make met die sonde wat 'n aanslag op die gees van die mens maak. Teen hierdie aanslae moet die mens hom geestelik weerbaar maak. Die mense het meer geword en volke het ontstaan en so het weerbaarheid in elke volk voortgegroei.

Indien daar egter geen vreemde en kwaadwillige vloe=de op 'n volk inwerk nie, kan daar geen sprake van weerbaarmaking teen hierdie invloede op die jeug wees nie. Eintlik is dit nie 'n geval van iets wat nou maar net aangebied moet word nie, maar dit verg van die aanbieder 'n deeglike besinning oor wat ska=delik vir die volk is en oor wat geestelike weer=baarheid in sy wese behels en impliseer. Die Chris=tenopvoeder moet vir homself 'n weg kies waarin hy sy identiteit sal behou, deur nie so by die tydsgees verby te lewe asof hy niks daarmee te doen wil hê nie en andersyds ook nie so daarby betrokke te raak dat hy daarin opgeneem word nie.

Die jeug moet sy eie taal, geskiedenis, tradisies, sy land en sy volkseie ken, respekteer en hooghou. Die simbole van die Afrikanervolk moet nie alleen gerespekteer nie, maar ook reg gebruik word. Die jeug moet kennis dra van sake wat nou skakel met weerbaarheid, want dan kan hulle konstruktief mee=doen aan die uitwissing van struikelblokke.

Die jeug moet veranker wees in wat altyd eie was aan die Afrikanervolk waartoe hy behoort, veranker in die geestelike rykdom van sy erfenis, veranker in sy ge= loof in God. "By Bloedrivier is die ou Statebybel verdedig en bewaar, onbesmet deur rewolusie en onge= loof. Bring daardie ou Bybel terug na die land van herkoms en sê: 'Daar's hy! Hy het ons gered en tot 'n volk gemaak. Neem, lees en vind die ou krag weer. Dan kan julle veg vir die waarheid, saam met ons!'"[1)]

Uit die hoofstuk het dit duidelik geword dat geeste= like weerbaarheid 'n positiewe karakter moet dra en openbaar, want indien dit negatief van aard sou wees, beteken dit dat die kind 'n verkeerde beïnvloeding kan ondergaan. Daarom moet jeugweerbaarheid altyd as 'n positiewe aangeleentheid beskou word. Dit het ver= der duidelik geword dat weerbaarheid 'n baie wye be= grip is en daarom ingestel moet word op die opvoeding van die jeug in al die moontlike fasette daarvan.

Soos gesien uit die vooraf gaande, is daar bedreiginge wat geestelike jeugweerbaarheid dringend noodsaak. Daar sal dan nou oorgegaan word om in die hoofstuk wat volg, te ondersoek wat hierdie vreemde invloede behels en die aanslag wat hulle op die jeug van Suid-Afrika maak.

---

1. Goedhart, B., Suid-Afrika se posisie in die Wêreld, p. 23.

## HOOFSTUK II

## DIE BEDREIGING VAN DIE LEWENS- EN WÊRELDBESKOU= ING VAN DIE AFRIKANERJEUG EN DIE RESULTAAT VAN BLOOTSTELLING AAN DIE GEESTESTROMINGE VAN DIE TYD

### 1. INLEIDING

Daar kan nie sonder meer gepraat word van 'n "onbesorg= de jeug" nie. Om jonk te wees, is vandag ongetwyfeld nie 'n maklike situasie om in te verkeer nie, want dit is 'n tyd met risiko's, gevare en konflikte.

Die aanslae kom van baie kante, dikwels met verwoes= tende gevolge, op ideologiese, godsdienstige en sedelike gebied. Dit gaan om die siekteverskynsel wat die jeug aantas en so verswak dat dit nie net die individu is nie, maar ook die volk wat daaronder ly,van binne verrot raak en 'n langsame maar seker dood sterf.

Dit is belangrik dat die behoeftes van die jeug bestu= deer moet word, sodat vasgestel kan word hoe om in 'n spesifieke situasie wat hom voordoen, op te tree.[1)] Wan= neer 'n volk op geestelike gebied bedreig word, word ook sy kultuur bedreig. En wanneer so 'n kultuur sou onder= gaan, beteken dit dat die mens in daardie kultuur ook tot niet sal gaan.[2)]

---

1. Vgl. Buys, R.F., A Cultural History of Western Edu= cation, p. 263.
2. Vgl.van Peursen, C.A., Cultuur en Christelijke Ge= loof, p. 5.

Die mens is nie altyd bewus van sy kultuur nie, maar hy kan veral bewus daarvan word as vreemde invloede dit be=dreig.

As die gees van verrotting van die Westerse wêreld waar=geneem word, word daar onwillekeurig na 'n antwoord ge=soek; die moderne mens het verval in 'n beskouing waar hy sonder God en sy Woord is. Dooyeweerd som dit op as hy sê dat "de moderne mens zich in 't algemeen van deze (religieuze) grondmotieven in hun ware oorsprong geen rekenskap heeft gegeven. Het is waar, dat dit ook in Christelijke kring tot nu toe veel te weinig serieus het geval is geweest. Maar het is even waar, dat juist in dit gebrek aan critische bezinning op de religieuse grondslagen onzer cultuurontwikkeling een der diepste oorzaken is gelegen van de onderlinge vervreemding der verschillende geestelijke stromingen, die elkander in deze cultuurbedding ontmoeten."[1)]

## 2. BLOOTSTELLING WAT LEI TOT 'N GEESTESKRISIS

### 2.1 INVLOEDE OP DIE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING

Die woord ideologie kan ook dieselfde betekenis hê as lewens- en wêreldbeskouing. Wanneer daar dan 'n krisis op die vlak van die ideologie ontstaan, beteken dit dus dat daar 'n lewens- en wêreldbeskouing aan die opkom is,

---

1. Dooyeweerd, H., Wat is die Mens, p. 14.

of reeds heers, wat indruis teen die bestaande lewens- en wêreldbeskouing van die volk.

"Ek sou wou begin om die bedreiging van ons wêreldbeskouing en lewensopvatting aan te knoop by ons blootstelling. Ons is nie geïsoleer nie, maar blootgestel aan die groot magte van die 20ste eeu."[1] Die wêreldkultuur, in 'n mindere of meerdere mate, is besig om sy oorheersende neigings oor te dra op die Afrikaanse lewenspatroon. Hierdie opneming van die wêreldkultuur hou 'n bedreiging in vir die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner.

"Dit is waar - die aarde word onderwerp, maar die lewe word verwoes."[2] Terwyl daar tegnologiese en industriële ontwikkeling[3] is wat die wêreld ophef, ondergrawe dit ook die mens met sy massafikasie[4] - "die mens word funksioneel, gaan op in die kollektiwiteit, raak los van die dissipline van groepsnorme en groepskontrole."[5] Die mens se lewenshouding word een van die oomblik, en word gekenmerk deur 'n verlies aan steunpunte en duidelike begrensinge.

Die sintuiglike het vir die mens die alles oorheersende geword, die lewensmotief, met die seksualisme van die twintigste eeu as die klimaks daarvan. Die moment speel

---

1. De Klerk, W.J., "I Die Bedreiging van ons Wêreldbeskouing en Lewensopvatting",in Referate van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1968, p. 114.
2. Ibid., p. 114.
3. Vgl. Kotze, J.C.G., Die Kerk op sy Soektog, p. 91.
4. Vgl. Ibid., p. 94.
5. De Klerk, W.J., op. cit., p. 114.

'n al groter rol in die hele lewe. So word die konkrete dan ook verheerlik en in plaas daarvan om die klem op die prinsipe te laat val, word dit op die empirie geplaas. Dit het tot gevolg 'n afstomping van idealisme en 'n ver= breking van tradisie. Vooruitgang het die wagwoord ge= word en die grense van menslike moontlikhede word steeds verder weggeskuif deur die hulp van die wetenskapstriomf. Deur ekonomiese vooruitgang word welvaart gedemokrati= seer. Massakommunikasiemiddele het 'n magtige media ge= word waardeur die wêreldkultuur gesaai word. Dit bring mee dat die Westerse mens al hoe meer van buite bepaal word en nie van binne gerig word nie. Vryheid word so ooreis dat dit oorgaan in 'n normloosheid en 'n ontkenning van al die bestaande. "En die internasionale liberalis= me, wat hom ontwikkel het tot 'n militante beweging, kom met 'n gelykmakingswoede wat openlik en bedek, uitnodigend en dreigend, die Westerse wêreld wil indwing in die wê= reldkultuur. Hierdie kultuur is gerig teen die geloof, waardes, tradisies en konvensies van ons nasionale erfe= nis."[1)]

In hierdie wêreldkultuur word die aanslae van die wêreld= kultuur soos 'n brandpunt gerig op die omverwerping van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, want ons "leef in hierdie wêreldtydperk, en hierdie wêreldkultuur oefen onteenseglik invloed uit op ons Afrikaanse lewens= en denkpatrone."[2)]

---

1. De Klerk, W.J., op. cit., p. 114-115.
2. Ibid., p. 115.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner het sy oorsprong en bestaan in die Calvinisties-Christelike le=wens- en wêreldbeskouing.[1] Die identiteit, die wese van die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing lê hierin opgesluit.

Die wêreldkultuur met sy eie lewensopvatting het 'n be=dreiging geword, want dit is daarop uit om die Christen=dom omver te werp waardeur daar dan 'n verwatering of verdringing van die Afrikaner se lewens- en wêreldbe=skouing sal kom. Hierdie verandering wat plaasvind, kan 'n geesteskrisis meebring.

## 2.2 'N GEESTESKRISIS UIT DIE OORGANGSTYDPERK

In hierdie tydperk van bedreiging van die Afrikaner het daar 'n krisistydperk ontstaan in die lewe van die indi=vidu sowel as by die volk. "'n Krisis in die lewe van 'n mens, van 'n volk of van 'n volkere gemeenskap soos die van die Westerse wêreld, beteken letterlik, in die oor=spronklike Grieks, 'n tydperk van skeiding, van onder=skeiding, van beoordeling, van keuse, selfs van aanklag en bestryding."[2]

In 'n krisistyd word die aanslae dus gerig op die mens=like gees, op homself en sy lewensomstandighede. Dit kan tot gevolg hê dat daar veranderinge in die lewe van die volk kom, 'n bestaande toestand kan beëindig word of

---

1. Vgl. de Klerk, W.J., op. cit., p. 115.
2. Meyer, P.J., Die Geesteskrisisse van die Weste, p. 3.

'n nuwe toestand kan ontstaan wat ook die einde kan bete=ken.[1] So 'n verandering kan dus ook wees òf ten goede òf ten kwade.

'n Werklike krisis in die lewe van 'n volk is nie net 'n situasie waar een of meer van sy verskillende lewensver=bande in gedrang kom nie, maar juis almal. Dit is 'n bedreiging vir die hele volksbestaan in al sy vertak=kinge. "So, byvoorbeeld, in die geval van 'n volk, is 'n werklike krisis nie net 'n politieke krisis nie, maar 'n krisis op alle lewensterreine. Dit kom daarop neer dat 'n werklike krisis 'n allesomvattende en allesoorheersende krisis op alle lewensterreine behels."[2] In hierdie krisis word die jeug ook betrek en word daar gepoog om hulle los te maak van hulle eie en hulle lewens- en wê=reldbeskouing.

Die mens word deur so 'n krisistydperk geraak in sy ver=houding met sy Skepper, dit wil sê sy godsdiens; sy wysgerige en wetenskaplike denke kom in gedrang; hy word getref in sy maatskaplike en politieke lewe; sy tradisies, taal en geskiedenis en veral die opvoeding van die jeug word aangetas.

Daar moet egter daarteen gewaak word om aan enige veran=dering wat mag plaasvind die woord "krisis" te koppel. Wanneer daar dan gepraat word van 'n geesteskrisis wat by die Afrikanervolk ontstaan het, word 'n breuk met die on=

1. Vgl. Meyer, P.J., op. cit., p. 3.
2. Ibid., p. 4.

middellike verlede waargeneem, wat tot 'n nuwe situasie, op verskillende terreine, lei. Hierdie bedreiging wat in die verandering lê, moet noukeurig ontleed en met groot erns en versigtigheid benader word. Jeugweer= baarmaking moet dus so geskied dat daar herstel kan wees waar daar reeds 'n siektesimptoom te bespeur is.

## 3. ENKELE STROMINGE EN IDEOLOGIEË WAT LEI TOT INNERLIKE VERROTTING VAN DIE AFRIKANERJEUG

### 3.1 INLEIDING

"Ten diepste en tot die konsekwente gereduseer, is daar net twee lewens- en wêreldbeskouinge: die Christelike wat nasionaal verankerd is, en die sekularistiese wat internasionaal georiënteerd is."[1] In laasgenoemde is opgesluit die oorlog van die geeste - van die ideë-oor= log wat teen die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanervolk gevoer word. Met hierdie oorlog= voering, sonder dat 'n skoot geskiet word, moet die Afri= kaner in sy idees, in sy oortuigings omgekrap word dat sy eie karakter en nasionale bestaan vernietig word. Die Afrikaner moet sy identiteit verloor sodat hy 'n wê= reldburger kan word.

Die Kommunisme, die Liberalisme en die Neo-Marxisme vorm die belangrikste stròminge en bedreiginge vir die voort= bestaan van die Afrikanervolk. Hulle loop eintlik hand aan hand en baie keer word hulle dan ook verwar. Vir

1. Vorster, J.D., "Kommunisme - 'n Bedreiging vir die Af= rikaner se Christelik-Nasionale Lewens- en Wêreldbe= skouing", in Handhaaf, Desember 1969, p. 15.

hulle moet die bestaande verander, 'n nuwe wêreld moet geskep word.

Daar sal dan kortliks gelet word op wat elkeen van hier= die ideologieë is en die bedreiging wat daar in elkeen van hierdie lewensopvattings skuil.

## 3.2 DIE KOMMUNISME - 'N MILITANTE IDEOLOGIE

### 3.2.1 DIE KOMMUNISME - 'N ORIËNTERING

Die begrip "Kommunis" is nie so maklik te definieer nie. Kommunisme is nie net een ding nie, "dit is verskeie an= der dinge. Selfs wanneer dit voorkom as 'n enkele ge= vaar soos in Suid-Afrika vandag, sal ons vind, as ons dit goed ondersoek, dat dit 'n kombinasie is van verskil= lende verskynsels wat werk met dieselfde doel voor oë - die ondermyning van 'n wettige gevestigde regering en sy omverwerping met onkonstitusionele middele."[1)] Dit maak die Kommunisme so moeilik onderskeibaar.

Soos wat 'n ideologie opgebou word uit verskillende ele= mente geneem uit ander ideologieë, so het die Kommunisme ook sy oorsprong uit verskillende ander ideologieë.[2)] Dit was egter Karl Marx wat die grondslag gelê het en waarop daar voortgebou is deur Lenin, Stalin en andere.[3)]

---

1. a) Benson, I., Ken jou vyand, p. 3.
   b) Vgl. Stoker, H.G., Die Stryd om die Ordes, p. 87.
2. Vgl. a) Djilas, M., The New Class, p. 167
   b) Christenson, R.M. et. al., Ideologies and Modern Politics, p. 95.
3. Vgl. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 96-105.

Omdat Kommunisme so 'n gekompliseerde verskynsel is, het al die verwarring ontstaan. Die feit dat Kommuniste as individue dikwels deur verskillende motiewe geïnspireer word; en baie mense onskuldig deur die Kommuniste as instrumente gebruik word, maak dit baie moeilik om tot die wese van die Kommunisme deur te dring.

Die polisie ken dit as "'n intensief georganiseerde, kwis= tig gefinansieerde sameswering wat deur onwettige middele 'n regering omver wil werp wat hulle nie wettig kan ver= slaan nie."[1] Hiermee kan egter nie volstaan word nie, want dit is maar slegs een front wat verdedig moet word. Dit is ook uiters belangrik dat die geestelike front on= dersoek en uitgewys word om ook geestelik weerbaar te kan word, sodat die vyand geestelik verslaan kan word.

Daar moet dus waargeneem word; die jeug moet omgord word met kennis sodat hulle teenstand kan bied, weerbaar kan wees en selfs bereid sal wees om te veg.

Kommunisme kan gesien word, soos die meeste mense in die Westerse wêreld daaraan dink, as: magsuitbuiting of im= perialisme. Dit is egter nie genoeg nie. Daar is ook Chinese Kommunisme. Rusland en China moet gesien word as lande waarin die kommunistiese tegnieke en revolusie geslaag het en nie dat hulle kommunistiese utopieë is nie. Kommunisme moet verder voorgestel word as 'n instru= ment van revolusie. "Dit is Kommunisme, die wetenskap van

1. Benson, I., op. cit., p. 5.

rewolusie, 'n soort doen-dit-self rewolusionêre mondering wat gebruik kan word teen enige regering wat nie wettig verslaan kan word nie."[1]

Kommunisme kan met reg beskou word as bedreiging nommer een as gevolg van sy aggressiewe, selfs militante lewens=beskouing wat lynreg bots met die Christelike.[2]

Wanneer toestande in Afrika waargeneem word, wek dit kom=mer. Wanneer die verbanning van alle godsdiens uit Mo=sambiek gesien word, en wanneer daar gelees word van die moord en doodslag in Angola, dan word daar deeglik besef dat die Republiek van Suid-Afrika midde in die stryd staan, 'n stryd wat teen die Kommunisme gaan.

Om dan te kan waarneem wat die Kommunisme werklik is, wil ondersoeker enkele wesenskenmerke van die Kommunisme van naderby beskou, waarna daar dan ook gelet sal word op die aangetrokkenheid van die massamens tot die Kommunisme en kortliks die werkprogram van die Kommunisme.

### 3.2.2 WESENSKENMERKE VAN DIE KOMMUNISME

Die belangrikste kenmerke van die kommunistiese leer kan in die volgende saamgevat word:

---

1. Benson, I., op. cit., p. 6.
2. Vgl. Coetzee, J.C., Die Gevare wat ons Lewensbeskou=ing bedreig, p. 3.

### 3.2.2.1 DIE KOMMUNISME IS IN SY WESE 'N MATERIALISTIESE ATEÏSME

In sy filosofie het Marx 'n radikale materialisme verkondig. Vir die Kommunis bestaan daar nie soiets soos geestelike dinge of geestelike wesens nie.[1] Die bron waaruit alles voortvloei en verklaar moet word, is die stoflike, die materiële.[2] "Communism is what happens when men in the name of mind free themselves from God."[3]

Die konkrete werklikheid van die dinge, dit wat die mens kan sien en self kan skep, is die hoofsaak vir die Kommunisme. Gedurende sy studentedae al het Marx hom volkome oorgegee aan die ateïsme. Hy het die idealisme van Hegel, die materialisme van Feuerbach en die ateïsme van Bauer tot 'n eenheid saamgeheg[4] en uitgedra sodat dit 'n wesenskenmerk van die Kommunisme geword het.

Vir die Kommunisme is die eerste en eintlike werklikheid die stoflike. Die godsdiens, die sedelikheid, die waarheid, die skoonheid, ens., bestaan vir die Kommunisme nie. Hierdie filosofie is 'n geskiedenisfilosofie wat

---

1. Vgl. Coetzee, J.C., op. cit., p. 3.
2. Vgl. a) Stoker, H.G., op. cit., p. 88.
   b) Dreyer, P.S., "Opvoeding, Norme, en Revolusie: 'n Terreinverkenning", in Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, <u>Opvoeding Norme Jeugverset</u>, p. 13.
3. Vorster, J.D., "Die Jeug: stormtroepe van die revolusie!", in <u>Roeping en Riglyne</u>, Junie 1975, p. 13.
4. Vgl. Vorster, J.D., "Kommunisme - 'n Bedreiging vir die Afrikaner se Christelik-Nasionale Lewens- en Wêreldbeskouing", in <u>Handhaaf</u>, Desember 1969, p. 15.

neerkom op 'n materialisme - 'n historiese materialisme.[1]

Die geestelike het alleen betekenis in so verre dit die stoflike dien. Die behoefte van die wêreld word voorop gestel en daarom sal die bevrediging van die liggaamlike behoeftes van groot belang wees. Die mens is nie beeld=draer van God nie en word dus gesien as 'n dierlike we=se.[2]

3.2.2.2 DIE PARADYSLEER VAN DIE KOMMUNISME

"Die Kommunisme met sy verloëning van God en Jesus Christus sien die hele geskiedenis net as 'n produk van die mens en sy dade."[3] Dit is in die hande van die mens self om vir hom hier op aarde 'n beter wêreld te skep, 'n toekomstige heilstaat.[4] In hierdie heilstaat sal alle klasseongelykheid uitgewis word en sal elkeen 'n loon ontvang wat nodig is vir sy stoflike behoeftes. Die ongelykheid tussen ryk en arm, kapitalis en arbeider moet verdwyn deur alle privaatonderneming en privaatbe=sit te vervang deur 'n stelsel van gemeenskaplike onder=neming en gemeenskaplike besit van alles deur almal.[5]

Hierdie ideaal van die opheffing van die werker en die

1. Vgl. a) Dreyer, P.S., op. cit., p. 13.
   b) Diederichs, N., Wat die Kommunisme werklik is, p. 5.
2. Vgl. Diederichs, N., op. cit., p. 5-6.
3. Coetzee, J.C., op. cit., p. 4.
4. Vgl. a) Coetzee, J.C., op. cit., p. 4.
   b) Stoker, H.G., op. cit., p. 88.
5. Vgl. a) Stoker, H.G., op. cit., p. 88.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 14.
   c) Coetzee, J.C., op. cit., p. 4.
   d) Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 106.

arme is net 'n skyn, want dit is net 'n berowing van die eiendom van almal en die berowing van die vryheid van die individu. Vir die individu word daar die diktator=skap van die proletariaat voorgehou,[1] maar wanneer die Kommunisme sy sin gekry het, word ook die proletariaat deur 'n sterk party geregeer.[2] Van die heilstaat kom daar dan niks nie.

### 3.2.2.3 DIE KOMMUNISME IS IN SY WESE REVOLUSIONÊR EN AGGRESSIEF

Die filosofie van revolusie van Marx en Engels, maar veral dié van Marx, vorm die grondslag van alle revolu=sionêre bewegings - vandag nog.[3] Verandering moet te weeg gebring word deur revolusie.

Oor die omstandighede waarin die revolusie sal plaas=vind, is Marx baie spesifiek. Vir hom sal revolusie voorkom in 'n land met die grootste teenstrydigheid van kapitaal. Terselfdertyd moet die produktiewe vermoë baie hoog ontwikkel wees, die ontbinding van die kapita=listiese klas moet ver gevorderd wees, en die onderdruk=king van die proletariaat moet hewig wees. Alhoewel die ondergang van die kapitalisme onvermydelik is, sal die klassebewuste elemente van die proletariaat die proses van ontbinding aanhelp en 'n revolusie bespoedig.[4]

---

1. Vgl. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 101-102.
2. Vgl. Ibid., p. 132-133.
3. Vgl. Dreyer, P.S., op. cit., p. 11.
4. Vgl. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 101.

Revolusie word ten alle koste beoog en dan ook voorop gestel.

Hierin lê 'n groot bedreiging van die Kommunisme, want hy sal hom deur niks van stryk laat bring nie, as 'n voor=stander van verandering ten alle koste. Hy sal nie aarsel om gebruik te maak van gewelddadige ondermyning, terrorisme en revolusie nie.[1] "In die Kommunisme het ons te doen met 'n militante, aggressiewe ideologie wat nie neerlaag aanvaar nie."[2]

Vir die Kommunisme vorm mag, gesag en invloed die basie=se karaktertrekke vir sy stelsel.[3] Die ideologiese vorming van die Kommunisme is afgehandel, maar die uit=bouing daarvan geskied in drie fases: revolusie of die toeëiening van.mag; die uitbouing van die stelsel en die stabilisering van die stelsel.[4] In die revolusie word daar gekonsentreer op mag - dit moet ten alle koste deurgevoer word en gewen word.[5] So skryf Lenin byvoor=beeld: "..... it is much better to live revolution than to write about it."[6] Alhoewel dit 'n verwysing was na die revolusie in Rusland self, het dit baie gou geblyk dat hierdie revolusie moes uitbrei na die Weste.[7]

---

1. Vgl. a) Vorster, J.D., op. cit., p. 16.
   b) Coetzee, J.C., op. cit., p. 5.
2. Vorster, J.D., "Openingsrede", in <u>Oorlog om die Volk=siel</u>, p. 10.
3. Vgl. a) Djilas, M., op. cit., p. 167.
   b) Diederichs, N., op. cit., p. 12.
4. Vgl. Djilas, M., op. cit., p. 168.
5. Vgl. Ibid., p. 169-170.
6. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 107.
7. Vgl. Ibid., p. 108-109.

U.O.V.S.—U.O.F.S. BIBLIOTEEK-LIBRARY 226601

Dit is die Kommunis wat hom altyd voordoen as die onte= vredene, die misnoegde en die gegriefde. Hierdie eien= skappe moet dan ook by die samelewing aangekweek word sodat revolusie kan plaasvind en die bestaande orde ver= nietig kan word. Nie verbetering nie, maar dit wat is, moet verbreek word. Daar word nie na verbetering of e= volusie gestreef nie, maar na revolusie.

### 3.2.2.4 KOMMUNISME 'N GELOOF - 'N PERSOONLIKE FILOSOFIE

Die Kommunisme is meer as net 'n politieke of ekonomiese leer. "Dit is 'n volledige wêreld- en lewensbeskouing."[1] Dit bied 'n oplossing vir elke probleem. Die godsdien= stige en sedelike lewe, die staat en die samelewing, die verhouding van mens tot mens en van die individu tot die geheel, en die natuur en sy wette is aspekte waaroor die Kommunisme sy eie opvattinge het.

Binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika is daar 'n meedoënlose sielkundige oorlogvoering besig om plaas te vind."Hierdie kommunistiese wapen van geloof of filosofie openbaar die kenmerk dat die opgevoede klas= se, veral in groot stede, besonder vatbaar daarvoor is. En die vatbaarste van almal is joernaliste, universi= teitsdosente, wetenskaplikes en predikante wie se gees soms weerloos staan teenoor die kommunistiese ideologie met sy aanneemlike, maklike redenering,sy imposante pro= gram van sosiale verbetering, en sy groeiende Utopie-doelwit."[2]

1. Diederichs, N., op. cit., p. 4.
2. Benson, I., op. cit., p. 7.

Die Kommunisme is 'n lewensbeskouing,[1] 'n lewensfiloso=fie,[2] wat die mens as geheel wil saamvat en vir alle sye van sy bestaan rigtinggewend wil wees.

### 3.2.2.5 DIE MASSAMENS EN SY AANGETROKKENHEID TOT KOMMUNISME

Die Kommunisme glo in 'n wêreldbroederstaat waarin almal volkome gelyk sal wees en alle verskille sal verdwyn, selfs die wat gemaak word tussen man en vrou.[3] Die waardes van die huisgesin het vir die Kommunisme geen waarde nie, want die huisgesin as eenheid is net 'n struikelblok in die weg tot groter produktiwiteit en groter stoflike welvaart.[4] Vir die Kommunisme is die huwelik geen goddelike instelling nie.[5]

So kenmerkend dan hier is die massamens en die totale opbreking van die organiese bestaan van selfs die huis=gesin.[6] Die kommunistiese jeug moet daarin opgroei sodat hulle nooit ontrou mag wees aan die staat nie. "Goed is alles wat die klassestryd bevorder, kwaad al=les wat dit strem."[7]

---

1. Vgl. de Klerk, B.J., van der Walt, S.J. en de Klerk, P.J.S., Calvinisme en Liberalisme, p. 58.
2. Vgl. du Plessis, J.A., Revolusionêre Vrede - die Oor=sprong en Betekenis van die Wêreldkommunisme, p. 14.
3. Vgl. de Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 42.
4. Vgl. Schumann, T.E.W., Vyf Rewolusies van die Twin=tigste Eeu, p. 21.
5. Vgl. Stoker, H.G., op. cit., p. 91.
6. Vgl. Kotze, J.C.G., op. cit., p. 97.
7. De Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 42.

By die jeug mag geen godsdienstige besef ontwikkel word nie; van Jesus mag hulle niks weet nie. Alle sedelike maatstawwe word deur die Kommunisme verwerp en deurdat die godsdiens verwerp word, lei dit noodwendig tot die ontkenning van vasstaande, ewig-geldende sedelike begin=sels. Wat sedelik goed of sleg is, word deur die eko=nomies-materiële bepaal.

Volksverbondenheid moet uit die weg geruim word vir wê=reldbroederskap. Vanuit 'n godsdienstige broederskap moet dan 'n maatskaplike broederskap ontwikkel.

Die Kommunisme vind veral sy inslag by die mens wat glo dat hulle in 'n toestand van armoede en slawerny verkeer en graag uit hierdie toestand verlos wil word.[1] So word dit genoem dat alle Nie-Blankes in Suid-Afrika in so 'n toestand van kolonialisme verkeer. Mense wat nie ekono=miese kompetisiestryd kan voer nie en ekonomiese sekuri=teit begeer asook diegene wat gewoond is om kommuniaal en koöperatief te leef, wat die godsdiens en die stam=verband en volks- en nasionale gevoel geringskat, voel aangetrokke tot die Kommunisme. Dan is daar ook die idealiste wat glo in 'n toestand van volkome geluksalig=heid hier op aarde en terselfdertyd 'n materialisties ge=fundeerde filosofie as middel daartoe verwelkom. Hulle glo dat die gemeenskaplikheid wat op ekonomiese gebied sal bestaan, alle armoede en onderdrukking in die wêreld sal beëindig, 'n vredevolle toestand teweeg sal bring.

1. Vgl. Marcuse, H., Soviet Marxism, p. 19-20.

Laastens is daar diegene wat by die Marxisme die indruk van wetenskaplikheid en afgerondheid vind. Vir hulle is dit 'n alles omvattende filosofie, denke en daad wat in een teorie verenig word.[1)]

3.2.2.6 DIE WERKPROGRAM EN ORGANISASIE VAN DIE KOMMUNISME

Dit kan so maklik gebeur dat as gevolg van die feit dat die Kommuniste nie gesien of gehoor word nie, dit as 'n teken beskou kan word dat hulle onaktief en skadeloos is.

Dit kan ook geïnterpreteer word dat hulle 'n groep on= skuldige misleidende mense is wat nie daartoe instaat is om druk uit te oefen op Suid-Afrika as 'n land van redelike, helderdenkende en oortuigde mense nie.[2)] Ver= al die jeug mag nie onder so 'n wanindruk gebring word nie.

Die Kommunisme het organisasie tot 'n fyn kuns ontwik= kel.[3)] Deur sielkundige beplanning en goed berekende organisasie word uitvoering aan sy oogmerke gegee. Oral gaan Kommunisme met teenstand gepaard, want nêrens in die wêreld is die Kommunisme gevestig omdat 'n volk dit begeer het nie, maar alle teenstand word met geweld onderdruk totdat die Kommunisme sy sin gekry het en ge= vestig is.[4)]

1. Vgl. Kotze, D., Soeklig op die Kommunisme, p. 22-23.
2. Vgl. SAUK-Uitgawe, Spore van Kommunisme, p. 3.
3. Vgl. Vorster, J.D., "Kommunisme - 'n Bedreiging vir die Afrikaner se Christelik-Nasionale Lewens- en Wê= reldbeskouing", in Handhaaf, Desember 1969, p. 16.
4. Vgl. Ibid., p. 15.

Dit gaan nie by die Kommunisme slegs om die opbreking van die verband tussen God en die mens nie, maar ook die eenheid van die samelewing waarin die mens staan, moet versteur word. Die verhouding mens tot God - vertikaal - asook die verhouding mens tot mens - horisontaal - word aangetas.

Die volk kan nie tot sy reg kom nie, want vir die Kommunisme bestaan daar nie volke nie, maar slegs klasse,[1] die sogenaamde besittende klas en die werkersklas. Dit is dan hierdie werkersklas waarop die Kommunisme hom toespits. Deur klassehaat en klassestryd moet die samelewing en sy eenheid vernietig word en 'n nuwe gemeenskapsvorm moet geskep word waarin die werkersklas die alleenheersers sal word.[2] Die uiteindelike ideaal van die Kommunisme is dat die arbeider oor die kapitalis sal regeer. Alle staatsmag moet uitgeskakel word en die gemeenskap sal slegs ekonomies georganiseerd wees. Daar sal geen gebrek wees nie, want die produksiekrag sal tot 'n hoë peil ontwikkel wees. Alle burgerlike instellings soos familie, sedewette, ensovoorts, sal verval en die mens sal dan kan ontwikkel tot 'n wonderlike sondelose wese. Sonde sal dus nie meer bestaan nie. "Ook sal daar in hierdie ryk geen godsdiens meer wees nie, want die magte waaraan die godsdiens sy ontstaan te danke het, sal dan uitgewis wees."[3]

1. Vgl. a) Marcuse, H., op. cit., p. 26.
   b) Diederichs, N., op. cit., p. 10.
2. Vgl. a) de Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 60.
   b) Diederichs, N., op. cit., p. 10-11.
3. De Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 62.

Die skeidslyn tussen die werkersklas en die besittende klas was besig om te verdwyn en Lenin en Stalin het be= sef dat daar afgewyk sal moet word van die leerstellinge van Marx as die Kommunisme nie in 'n doodloopstraat wil beland nie. Daar moes dus 'n klemverskuiwing plaasvind. So is daar dan begin om onluste, oorlog en verwarring in alle nie-kommunistiese lande aan te wakker, om sodoende choas te skep, om sodoende die Kommunisme ingang te laat vind. "Baie subtieler en ook baie meer doeltreffend is egter die indirekte aftakeling van die Weste se weer= baarheid."[1)]

In sy leer beweer Marx dat die besittende klas die wer= kersklas tevrede hou deur die godsdiens te gebruik as 'n verdowingsmiddel. Terwyl die besittende klas in weelde lewe, word die werkersklas getroos met die gedagte op 'n beter hiernamaals. Godsdiens moet met wortel en tak uitgeroei word, want dit is slegs 'n versinsel van die besittende klas.[2)]

So ook word alle demokratiese beginsels deur die Kommu= nisme verwerp, maar nou is dit baie opvallend dat dit juis hulle en hulle handlangers is wat hulle op die de= mokratiese reg en beginsels beroep, sodat enige land dit nodig vind om spesiale maatreëls te tref om hulle onder= mynende bedrywighede te bekamp.[3)]

---

1. Schumann, T.E.W., op. cit., p.62.
2. Vgl. Ibid., p. 21.
3. Vgl. Ibid., p. 26.

Die Kommunisme is gedurig op die uitkyk na situasies en voorwerpe wat die beste geleentheid bied om verwarring in die politieke denke te veroorsaak van almal in Suid-Afri= ka wat dit opreg en goed met die Bantoe bedoel. Baie van hierdie vraagstukke soos lone, huurgeld, instromingsbe= heer, hongersnood, ensomeer, bestaan nie altyd nie, maar word deur die Kommunisme uitgebuit vir propaganda.[1)]

Enige iets is in die revolusionêre stryd geoorloof solank dit net nie 'n bedreiging vir die stryd van die Kommunisme self inhou nie. Een van die magtigste wapens van die Kommunisme in hulle strewe na wêreldoorheersing is die manipulasie van die taal. "Vir die Kommunis is woorde gereedskap om 'n effek te verkry en nie medium van kommu= nikasie in die soektog na die waarheid nie."[2)]

In enige ideologiese stryd kan dwelmmiddels 'n belangrike rol speel, want so kan die moraal en integriteit van die jeug suksesvol ondermyn word. Op die wyse word die jeug weerloos gelaat teen die aanslae van buite.[3)] In sy op= trede en organisasie sal die Kommunisme nie twyfel om die jeug van die Westerse wêreld in sedeloosheid te laat ver= val nie en is dit dan ook opmerklik dat die verskaffing van die kwaaier afhanklikheidsvormende middels veral van

---

1. Vgl. SAUK-Uitgawe, op. cit., p. 6.
2. Ibid., p. 25.
3. Vgl. Grobler, J.A., "Omgewings- en aanverwante Faktore en die misbruik van en verslawing aan afhanklikheid= vormende Stowwe", in Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr 1, p. 177 en 233.

agter die ystergordyn af plaasvind.[1]

Die Kommunisme sal ook nie stuit om van lewensgevaarlike metodes soos geweld met die konsekwensie van moord as massalikwidasie gebruik te maak nie. Breinspoeling, wat tydelike of permanente verwoesting van wil en per= soonlikheid tot gevolg kan hê, asook die konsekwente toepassing van die beginsel, "die doel heilig die midde= le" is metodes wat die Kommunisme in sy revolusie toe= pas.[2]

Dit is dus baie duidelik dat die Kommunisme op enige wy= se sal aanval solank hulle net hulle doelwit kan bereik. Of dit deur geweld of deur geestelike-oorlogvoering is, maak geen saak nie. "Terwyl die Vrye Wêreld, deur hom= self behoorlik toe te rus, sy bes doen om 'n projektiel= oorlog af te weer, moet hy homself egter ook vir 'n ander soort oorlog, wat uiteindelik beslissend sal wees, toe= rus. Dit is die verowering van die gees."[3]

### 3.2.3 SAMEVATTING

Uit genoemde aspekte van die Kommunisme word dit baie duidelik dat daar gestreef word na die vernietiging van die hele wêreldorde. Alles moet afgebreek word tot op

---

1. Vgl. Loedolff, J.F. en Louw, D.A., Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 93.
2. Vgl. Vorster, J.D., op. cit., p. 16-17.
3. Labin, S., "Die verowering van die Gees - die Kommu= nistiese Sameswering en valse Redmiddels", in Inter= nasionale Simposium oor Kommunisme, Oorlog om die Volksiel, p. 45.

die vlak van die stoflike - die geestelike, alles wat die lewe werd maak om te lewe, moet vernietig word.

Die staat moet omskep word in die diktatuur van die pro=letariaat wat beteken dat een groep alles sal besit en dat daar geen privaatbesit sal bestaan nie.

Volke en state mag nie afsonderlik voortbestaan nie. Rasse en kulture moet ondergrawe word sodat dit plek kan maak vir 'n kleurlose internasionalisme.

Die Kommunisme sal alles in sy vermoë doen om enige ope=ning wat daar in die mondering van die Afrikanerjeug voorkom, binne te dring om sodoende sy verrottingspro=ses van binne te kan laat plaasvind. Dit is dan ook op hierdie terrein waar daar 'n teenoperasie sal moet plaas=vind - geestelike weerbaarheid.

'n Tweede bedreiging wat ondersoeker wil uitwys, is die Liberalisme.

## 3.3 DIE LIBERALISME - DIE VERABSOLUTERING VAN DIE VRYHEID VAN DIE INDIVIDU

### 3.3.1 'N KORT BESKOUING VAN DIE LIBERALISME

Om die "Liberalisme" te ontleed, is beslis nie 'n maklike taak[1] nie, "want dit is so wyd soos die Heer se genade,

---

1. Vgl. Hanekom, N.T., Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, p. x.

maar so slu en listig soos die slang in die paradys."[1]) Dit is 'n geestestroming met 'n wye vertakking.[2]) "Dit is 'n veel omvattende benaming waarin die moderne mens van die negentiende eeu sy eie selfstandigheid, selfge=noegsaamheid en soewereiniteit tot lewensbeginsel ver=klaar het."[3])

Liberalisme word ook verder omskryf as die geloofsbely=denis, die filosofie en die beweging wat aan die vryheid verbind is as 'n metode en gedragslyn in regeringsvorme, as 'n rigtinggewende beginsel in die gemeenskap en as 'n leefwyse vir die individu sowel as vir die maatskappy.[4])

In Suid-Afrika het dit vir die eerste keer onder die dekmantel van die godsdiens sterk na vore gekom.[5]) Van=dag het die Liberalisme die dekmantel geword waaronder die Kommunisme gedra en bevorder word.[6])

Die Liberalisme het homself in Suid-Afrika in twee ge=daantes voorgedoen. Eerstens, terwyl die Afrikanervolk besig was om as afsonderlike en selfstandige volk tot volwassenheid uit te groei, was die vernaamste verdelen=

---

1. Small, J., "Liberalisme", in Potgieter, G.J., My Le=wensnorme, p. 141.
2. Vgl. Hanekom, N.T., op. cit., p. 57.
3. Ibid., p. xii.
4. Vgl. Encyclopaedia Britannica, Vol. 13, p. 1017.
5. Vgl. a) Hanekom, N.T., op. cit., p. 141 e.v.
   b) van Wyk Louw, N.P., Liberale Nasionalisme, p. 107.
6. a) Vgl. Small, J., op. cit., p. 141.
   b) Hiermee word geensins bedoel dat die Liberalisme 'n deel van die Kommunisme is nie, maar lê 'n grond=slag sonder dat dit so beplan is, waarop die Kom=munisme voortbou. Na hierdie verskynsel word daar in 'n afsonderlike afdeling meer in besonderhede verwys. Vgl. p. 72 e.v. van hierdie proefskrif.

de faktor die besetting van hierdie land deur Brittanje, die Britse belange in Suid-Afrika en die politieke, kul= turele, maatskaplike en ekonomiese uitwerking daarvan in die Afrikanervolkslewe. Tweedens het die krag van hierdie verdelingsfaktor begin afneem na Republiekwording en het dit meer en meer plek begin maak vir 'n ander en baie ern= stige verdelingsmag, naamlik die Liberalisme in sy heden= daagse vorm.[1)]

Wanneer die geskiedkundige agtergrond van die Liberalisme ontleed word, word dit gekenmerk deur 'n wyd-uiteenlopende aantal bewegings.[2)] Wysgerige strominge, wetenskaplike ontwikkelinge, kulturele veranderinge, maatskaplike omwen= telinge en ook politieke verskuiwinge het 'n bydrae gele= wer. Die Liberalisme is 'n vyand van die verlede, selfs van sy eie, want hy doen homself altyd voor as die "mo= derne mens."[3)]

Die Liberalisme wil hom nie deur die gemeenskap, die o= werheid, die kerk, en uiteindelik die Woord van God laat voorskryf nie. Kenmerkend van die lewenshouding van die Liberalis is die byna militante onverdraagsaamheid teen= oor elke ander lewensbeskouing wat bots met sy eie. "Hierdie lewensbeskouing is ongetwyfeld die grootste en= kele bedreiging vir die Christelik-nasionale lewensbe= skouing."[4)]

---

1. Vgl. Meyer, P.J., "Die Liberalisme as Volksverdelende Faktor Tans", tydens Tweede Rapportberaad van die Fe= derasie van Junior Rapportryerskorpse, 25 Februarie 1967, p. 1.
2. Vgl. Hanekom, T.N., Die Liberalisme in ons Land, p. 3.
3. Vgl. Ibid., p. 3.
4. Coetzee, J.C., op. cit., p. 7.

Dit is dan ook belangrik dat daar gelet sal word op die belangrikste kenmerke van die Liberalisme, want dit is juis in die kenmerke waarin 'n bedreiging vir die Afri=kanerjeug lê.

## 3.3.2 DIE KENMERKE VAN DIE LIBERALISME

### 3.3.2.1 DIE LIBERALISME STREEF NA VRYHEID EN GELYKHEID

Vir die Liberalisme moet daar nie verskille tussen men=se en mensegemeenskappe wees nie; daarom moet alle grense tussen mensegroepe uitgewis word sodat almal ab=soluut gelyk aan mekaar kan wees.[1)]

Verskeidenheid of differensiasie was nog altyd een van die vernaamste kenmerke van die bedrywighede van die mensdom en dit is juis hierdie kenmerke wat die Libera=lisme wil uitwis, want daardeur word een van die groot=ste politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderings in die geskiedenis van die mensdom beoog.[2)]

Alle mense, alle individue het van nature gelyke regte, gelyke menslikheidswaardes en behoort gelyke selfbepa=lers en gelyke selfbeskikkers van hulle lot te wees.[3)] Die eensydige persoonlike vryheid[4)] is kenmerkend, ter=

---

1. Vgl. a) Meyer, P.J., op. cit., p. 6.
   b) Salvadori, M., European Liberalism, p. 4.
   c) van Wyk Louw, N.P., op. cit., p. 108.
2. Vgl. a) Scholtz, G.D., Die Bedreiging van die Liberalisme, p. 85.
   b) van Wyk Louw, N.P., op. cit., p. 106.
3. Vgl. Stoker, H.G., op. cit., p. 16.
4. Vgl. Salvadori, M., op. cit., p. 7.

wyl die mens in sy groepsverband heeltemal op die agter=grond geplaas word.[1)]

Alle mense, ongeag hulle bekwaamheid of hulle tekortko=mings, moet op maatskaplike gebied gelyk wees. Die Li=beralisme in Suid-Afrika verlang dat daar 'n raslose ge=meenskap[2)] tot stand moet kom.

Waar vryheid en gelykheid eers onafskeidbaar van mekaar was, is dit vandag nie met mekaar verenigbaar nie. Want wie na gelykheid streef, moet vryheid verwerp, omdat ge=lykheid slegs deur dwang verkry kan word.[3)] Die vryheid van die individu, wat die vrug van die demokrasie is, word tans versaak om gelykheid tussen individu en indi=vidu te verkry. Liberalisme is dan een van die rigtings wat hom so teen die vryheid ten gunste van gelykheid keer.

Vir die Liberalisme is dit onchristelik om anders te wees en die ideaal is dus om eenders te wees. Alle grense moet uitgewis word om so 'n eenvormige menslike samelewing op te bou, afgesien van enige onderskeid tus=sen ras en kleur of geloof.[4)]

In Suid-Afrika word dit baie duidelik waargeneem. Die aanhangers van die Liberalisme probeer op alle moontlike

---

1. Vgl. Hanekom, T.N., op. cit., p. 4.
2. Vgl. a) Scholtz, G.D., op. cit., p. 87.
   b) Robertson, J., Liberalism in South Africa - 1948-1963, p. 82 en 112.
3. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 88.
4. Vgl. Hanekom, T.N., op. cit., p. 20.

maniere om 'n raslose gemeenskap tot stand te bring. Gelykheid het die slagspreuk geword, maar begin hom ook in ander vorme openbaar soos byvoorbeeld menswaardigheid, wat niks anders in die eindstaat is as gelykheid tussen individu en individu nie. Die argument word gevoer dat alle volke in Suid-Afrika op gelyke vlak moet saamleef. Hierdie gelykheid moet geld op politieke, maatskaplike, godsdienstige en sportgebied.

### 3.3.2.2 DIE LIBERALISME WIL GEEN VERSKILLE ERKEN NIE

God het die hele Skepping gevorm as 'n eenheid, maar binne hierdie eenheid word 'n ryke verskeidenheid aangetref. Hoe klein en nietig die aarde in die hele Skepping ook mag blyk,vind 'n mens hier in die natuur 'n groot verskeidenheid wat haas onbeskryflik kan word in die grootheid van die Skepping.

Die mens vorm ook 'n deel van hierdie verskeidenheid. Die mensdom word nie net in verskillende rasse verdeel, wat op hulle beurt groot verskille openbaar nie, maar daar is ook 'n menigte kulture en beskawings wat elkeen in 'n eie koers opgaan. Verder is daar binne hierdie eenheid 'n groot aantal godsdienste wat mekaar geheel uitsluit. Daar bestaan ook 'n groot aantal volke wat elkeen sy eie kenmerk openbaar. Dan is daar ook die huisgesin met sy besondere kenmerke. Laastens is daar die mens as individu met sy besondere karakter,talente en bekwaamhede.[1)]

1. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 79-80.

Die Liberalisme wil hierdie verskille nie erken nie.[1] Die Liberalisme wil die mens en mensegemeenskappe los=maak van hulle tradisies, taal, kultuur en godsdiens om 'n volkome "liberale" wêreld tot stand te bring.[2] Die Liberalisme wil in die reël niks weet van rasseverskille en van nasionale verskille nie. Die Liberalisme sien hierdie verskeidenheid van die mensdom nie as iets na=tuurliks nie.[3]

Die jare na die Tweede Wêreldoorlog word veral gekenmerk deur 'n proses van gelykmaking wat die grense op alle le=wensterreine wil uitwis. Hierdie gees van internasiona=lisme[4] het waarskynlik sy grootste verteenwoordiging in die Liberalisme. Sy ideaal om alle skeiding tussen men=se uit die weg te ruim, hou 'n groot bedreiging vir die Afrikaner in, maar soveel te meer nog vir die Afrikaner=jeug!

Dit maak die gevaar van die Liberalisme des te duideli=ker hier in die Republiek van Suid=Afrika, want dit sal beteken dat wanneer hierdie verskeidenheid wat bestaan, uitgewis sou word, die Blanke ras en sy beskawing sou verdwyn.

### 3.3.2.3 DIE LIBERALISME SE ONVERSKILLIGHEID TEENOOR DIE GODSDIENS - HORISONTALISME

Horisontalisering beteken ten diepste dat hierdie wêreld

1. Vgl. Treurnicht, A.P., Onder die Soeklig, p. 68.
2. Vgl. Meyer, P.J., op. cit., p. 6.
3. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 80.
4. Vgl. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 68.

waarin die mens hom bevind, uit homself verklaar moet word. Daar is nie 'n wêreld agter of dieper as hierdie een nie. Alles word sonder God aangepak.

Die Calvinis, die gelowige, glo uit die Woord van God dat hy 'n sondige wese is. Die Liberalisme neem reg daar=teenoor stelling in, want hulle glo dat die mens goed is. Die aanhangers van die moderne Liberalisme staan heeltemal onverskillig teenoor die godsdiens.[1] Dit veroorsaak dat hulle die kerk nie as 'n goddelike instel=ling sien nie.

As gevolg van die verwerping van die gesag van God het die mens hom vry geag. In hierdie vryheid is opgesluit die vrye keuse van die middele om sy eie begeertes te bevredig.[2]

Waar die Liberalisme veld wen teen die Christendom, is een van die vernaamste oorsake die verslapping op sede=like gebied. In dié land waar die Liberalisme hom laat geld, kan daar 'n afname in die geestelike beginsels be=speur word.[3]

Die mens het te gevorderd geraak en sien nie meer kans om te teer op beskouinge en opvattinge uit die verlede nie. Ook in sy godsdiens wil hy nou wetenskaplik wees en wil hy hom laat lei deur die rede.[4] Die Liberalis=

---

1. Vgl. Hanekom, N.T., op. cit., p. 6.
2. Vgl. "Terug na Geweld", in Woord en Daad, Calvinis=tiese Maandblad, Oktober 1973, p. 10. (Skrywer onver=meld).
3. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 77.
4. Vgl. de Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 25.

me glo dat die menslike rede sonder die hulp van geopen=baarde Skrifwaarhede, of van geloof of die krag van ge=woontes en gebruike die wêreld kan verstaan en die pro=bleme van die mens kan oplos.[1] "As ons veranderinge konsekwent wil deurvoer, soos die Liberalisme dit wil, kan dit ook tot 'n skromelike miskenning van die leiding van God in die geskiedenis lei.. Dit kan 'n verloëning van Gods geopenbaarde waarheid beteken."[2]

Die Liberalisme wil skeiding hê tussen kerk en staat, want godsdiens het niks met politiek te doen nie. Die gesag van God word nie erken nie, want die mens is sy eie gesag.[3] Hierin lê die horisontalisme wat beteken "'n lewensbeskouing en lewenswyse waarin al minder en minder met God en Sy wil rekening gehou word. Dis die houding van die sg. 'mondige mens' wat homself oortuig het dat hy self, sonder God, goed kan regkom."[4]

Die vertikale lyn wat die mens met God verbind, bestaan nie vir die Liberalisme nie; hulle wil vry wees en so het die gruwelike kreet in die liberale teologie ont=staan: "God is dood". Die mens is nou sy eie god en al wat van belang is, is die horisontale lyn[5] waarin die liefde wat vloei van God tot mens en medemens ont=breek.

"Die wesenstrek van die Liberalisme is dat dit die gesag

1. Vgl. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 67.
2. Ibid., p. 67.
3. Vgl. de Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 52.
4. Coetzee, J.C., op. cit., p. 8.
5. Vgl. Ibid., p. 8.

van God verwerp en vryheid in en deur die verstand en wil van die mens soek. Dis die lewensfilosofie van die ongelowige wat openlik en vermom die revolusiekreet aan= hef: Geen God en geen meester nie."[1])

"Vir 'n liberalistiese lewensbeskouing maak dit nie saak aan watter kerk 'n landsburger behoort nie. Alle indivi= due behoort op grond van persoonlike waarde ewe aanneem= lik vir almal te wees."[2]) Vir die Calvinis, die gelowi= ge, is dit nie aanvaarbaar nie, want hy wil die Calvi= nisme in sy lewens- en wêreldbeskouing, sy geloof, denke en opvattinge sien seëvier. Die georganiseerde Chris= tendom het vir miljoene mense vandag nie meer 'n persoon= like boodskap nie.[3]) "En wanneer die godsdiens hoof= saaklik 'n brood-en-bottergodsdiens is, 'n propagandamid= del vir stemreg, besitreg, lone en menslike gelykheid, het hy nie alleen die godsdiens verskraal tot mensdiens nie, maar ook die pad wyd oopgemaak vir die konsekwente sekularisme - die ateïstiese Kommunisme!"[4])

3.3.2.4 <u>DIE LIBERALISME BIED GEEN OPLOSSING VIR POLITIEKE VRAAGSTUKKE NIE</u>

'n Kenmerk van die geskiedenis die afgelope aantal deka= des is dat Nie-Blanke volkere wat voorheen onder die

---

1. Vorster, J.D., "Openingsrede", in Internasionale Sim= posium oor Kommunisme, September 1966, <u>Oorlog om die Volksiel</u>, p. 15.
2. Treurnicht, A.P., "Die Toekoms van die Blanke in Suid-Afrika: Kerklik-Godsdienstig", in <u>Triomf - Die Toekoms van die Blanke in Suid-Afrika</u>, p. 48.
3. Vgl. Benson, I., op. cit., p. 36.
4. Treurnicht, A.P., "Liberalisme en Kommunisme", in <u>Oorlog om die Volksiel</u>, p. 138.

heerskappy van die een of ander Blanke volk gestaan het, vryheid, onafhanklikheid, verkry het. Verder word daar in die geskiedenis in 'n aansienlike mate 'n relaas van die wisselwerking tussen die Russiese en Amerikaanse prosesse van gelykmaking gevind. 'n Gees van kapitula= sie het by die Wes-Europese volke wat oor Nie-Blanke volke gesag gevoer het, ontstaan. Dit was dan veral as gevolg van die ontwaakte gevoel van nasionalisme on= der die volke van Asië en Afrika en die Liberalisme wat onder hulle sedert die Tweede Wêreldoorlog so vaardig geword het. Die aanhangers van die Liberalisme het hierdie vrywordingsgebeurtenisse juigend aanvaar, want dit is immers in ooreenstemming met sy strewe na gelyk= heid.[1]

Wanneer Liberalisme hoogty vier, word 'n eertydse volk verplig om tot verbastering oor te gaan, en hier word verwys na die Britte,[2] onder die kreet dat daar geen verskil tussen mens en mens getref mag word nie.

Die Republiek is nie uitgesluit nie, want ook hier wil die Liberalisme sien dat die Afrikanervolk moet verbas= ter soos gestel in die woorde van Laurence Gandar, re= dakteur van die "Rand Daily Mail", tydens 'n Nusas-kon= gres: ".... the problems of race are sociological rather than biological and are susceptible to sociological methods of treatment. Reduce these differences of edu= cation, living standards and cultural attainment and so on and you reduce by that much the race problems so-

1. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 93.
2. Vgl. Ibid., p. 96-97.

called. Eliminate these differences alltogether and you have virtually eliminated these race problems as such, for all that then remains of it are differences of skin colour and some differences of temperament. These are no more important than differences of hair or eye colour or more unmanageable than differences of temperament be= tween, say the English, Scots, Irish and Welsh."[1]

Indien dit sou gebeur dat daar in Suid-Afrika so 'n ver= bastering sou plaasvind, kan dit daarop uitloop dat die beskaafde volk afgetrek word tot die peil van die onbe= skaafde volk. Die onbeskaafde volk kan tot 'n hoër peil van ontwikkeling opgehef word, maar dan moet die skeids= lyn tussen die twee volke geëerbiedig word, anders on= derteken die beskaafde volk sy eie doodvonnis.[2]

Die Liberalisme kan geen oplossing bied vir rasseverhou= dinge nie, behalwe dat die Blanke geheel en al moet ka= pituleer.[3] Van die Westerse kulture sal daar op die lange duur niks oorbly nie en die uiteindelike gevolg sal wees dat die hele struktuur inmekaar sal stort.

### 3.3.2.5 DIE LIBERALISME AS VOLKSVERDELENDE ELEMENT

Die proses van die Liberalisme lei gerieflikheidshalwe daartoe dat daar vergeet word dat die norme, die bin= dinge en die eise ten opsigte van die lewe van die indi=

---

1. "Editor urges Nusas to Carry on", in Rand Daily Mail, Tuesday, July 6, 1965, p. 11.
2. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 98.
3. Vgl. Ibid., p. 100.

vidu van die volk in al sy doen en late deurslaggewend moet wees.[1] Hierdie norme, eise en voorskrifte is deur God in sy Woord aan die mens gegee.

Die Liberalisme is daarop uit om die mens los te maak aan sy gesin, sy familie, sy volk en sy staat om sodoen=de die toenemende integrasie van die groot wêreldgemeen=skap te bevorder.[2] Gesonde nasietrots en nasieliefde mag nie bestaan nie,[3] want dit is behoudende elemente in die voortbestaan en weerbaarheidsmondering van 'n volk.

So moet die Afrikanervolk losgemaak word van sy norme, los van sy gesin, volk en land, los van sy taal, kultuur, tradisies en godsdiens, los van sy arbeid en van die na=tuur.[4] Daar moet nie meer stryd in die Afrikaner oor wees nie, want die Liberalisme wil hê dat die mens nie meer aan stryd moet glo nie sodat alles met toegewings verkry kan word. "Vir die Liberalis het nasionale soe=wereiniteit eintlik 'n uitgediende begrip geword. Enige vorm van skeiding, grensbepaling, afsondering is taboe. Daarom is daar al groter klem op wêreldsamewerking, die gedagte van 'n wêreldregering of wêreldparlement."[5]

3.3.2.6 <u>DIE LIBERALISME IS DIE WEGBEREIDER VAN DIE KOMMUNISME</u>

Deurdat beide die Liberalisme en die Kommunisme na ge=

---

1. Vgl. Meyer, P.J., op. cit., p. 7.
2. Vgl. Ibid., p. 6.
3. Vgl. Coetzee, J.C., op. cit., p. 9.
4. Vgl. Meyer, P.J., op. cit., p. 7.
5. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 136.

lykheid of gelykstelling streef, is daar 'n band tussen die twee gesmee. Dit word nie net in oorseese lande ge=vind nie, maar ook in Suid-Afrika het dit tydens hofsake aan die lig gekom dat sekere mense wat hulle politieke loopbane as ondersteuners van die Liberalisme begin het, na 'n aantal jare ondersteuners van die Kommunisme geword het.[1)]

Dit is dus duidelik dat Liberalisme nie Kommunisme is of 'n onderdeel daarvan vorm nie. Die Liberalisme breek die mens af en dan neem die Kommunisme oor. Liberaliste doen die voorarbeid vir die Kommuniste, maar is nie self Kom=muniste nie.[2)]

Nadat die Liberalisme met sy aftakelingsproses klaar is, is die vroeër Christelike Westerse volke sonder alle mo=tivering en dryfkrag; hulle is weerloos voor die aan=slag van die Kommunisme.[3)] "Omdat die Liberalisme in wese nihilisties negatief en afbrekend is en niks kan opbou nie, omdat hulle krities net die bestaande probeer aftakel, doen hulle die stootskraapwerk wat die Kommu=nisme moes doen."[4)]

Die Liberalisme is gedurig daarop uit om verandering te bewerkstellig, al is daar ook geen rede vir verandering nie. Die goeie tradisies, opregte geloof en die eie ka=raktertrekke van die volk moet vernietig word. Niemand

1. Vgl. Scholtz, G.D., op. cit., p. 101-102.
2. Vgl. Vorster, J.D., op. cit., p. 15.
3. Vgl. Coetzee, J.C., op. cit., p. 10.
4. Vorster, J.D., op. cit., p. 15.

kan dit ontken nie, "dat dit hierdie ontbindende rol van die Liberalisme is wat mense se ankers teen die revolu= siegety van die Kommunisme verwyder."[1]

In die aftakelingsproses van die gemeenskap tot indivi= dualisme verkry die Liberalisme die situasie waarin die gemeenskap ontaard in 'n massa, want dit besit geen eie aard en eie krag meer nie. Die mens is eenvoudig nie meer bereid om te offer of te verdedig nie. So word die bestaande orde afgetakel en afgebreek en niks word in die plek daarvan geplaas nie.[2] So lê die pad vir die Kommunisme oop.

Die Liberalisme soek nie sy vyande aan sy linkerkant nie maar aan sy regterkant. Dit is dus baie duidelik dat hulle so die wegbereider van die Kommunisme word, so nie die ondergrawer van die regse weerstand teen die Kommu= nisme. "Die Liberalisme het die Weste gehelp bou; die Liberalisme is egter ook besig om die Weste onherroeplik te ondergrawe."[3]

### 3.3.3 SAMEVATTING

Die Liberalisme glo in die inherente goedheid van die mens, wil die natuurlike orde van die verskeidenheid en verskille nie aanvaar nie en strewe na gelykheid tussen mense en moet die vryheid daardeur onderdruk. Dit maak

---

1. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 133.
2. Vgl. van der Walt, T., "Die Liberalisme en die Nuwe Weste ", in 'n Simposium, Magte en Ideologieë van ons Tyd. p. 37-38.
3. Ibid., p. 38.

die Liberalisme niks anders as naïef nie. Die mens wat wil glo dat, indien die mens slegs opgevoed moet word en hy dan geen kwaad sal doen nie, is blind. Deur gelyk=heid tussen mens en mens te bewerkstellig, word die grootste onreg gepleeg.

Dit sal dus beteken dat die Afrikaner tot niet sal gaan as die Liberalisme seëvierend toegelaat sal word om voort te gaan. Die Liberalisme bied 'n groot en oop pad waarlangs Afrikaners maklik van hulle volk met sy eie tradisies en werksaamhede kan afdwaal. Die Liberalisme het die ernstigste verdelingsfaktor in die Afrikaanse volkslewe geword. Dit is 'n groot bedreiging van die Afrikanervolkseenheid, baie dieper en baie omvattender as die Britse imperialisme van weleer.

Die hele bedreiging van die Liberalisme kan in die vol=gende woorde saamgevat word: "dat dit 'n geloof, 'n per=soonlike filosofie, 'n plaasvervanger vir die ware gods=diens is en dat die Liberalisme oorlog verklaar het teen die openbaringsaspek van die Godsdiens, die hemelse en die hiernamaals. Christus word as God verloën, maar die Christelike beginsels word propagandamiddels vir mense=regte met verswyging van mensepligte. Hulle pleit vir akademiese vryheid wat die rede sal bevorder, vir vry=heid van die pers en spraak en bevorder so die kommunis=tiese idees met vreugde en geduld. Hulle staan vrye liefde voor. Hulle verafsku patriotisme en is heftige kampvegters vir anti-diskriminasie, anti-tradisie, anti-gewoonte, anti-voorbeeld (behalwe vir hul eie), anti-

anti-kommunisme, maar kies altyd die kant van die lin=kerflank teen die regterflank en pleit vir wêreldburger=skap. Hy skryf misdaad, drankmisbruik, onsedelike en afwykende gedrag nie aan sonde toe nie, maar aan onkun=de, armoede en siekte en glo in demokrasie met een man een stem sonder om oor die gevolge daarvan te dink..."[1]

Die weg van die Liberalisme wat reeds by die Westerse beskawing so hoogty vier, is besig om vinnig en reguit na die afgrond van die bodemlose put van anargisme en verwoesting te lei.[2] So sal daar dan aangetoon kan word: "hoe die Liberalisme die wese van die Christendom ondergrawe, omdat hy die nie-rasionele kenwyses, die bo-redelike en die Godsopenbaring verwerp; hoe sy gelyk=heidsleer 'n afkoeling van patriotisme meebring; hoe sy beweerde verdraagsaamheid teenoor alle menings verloop in die grootste onverdraagsaamheid teenoor sommige me=nings, hoe sy voorliefde vir nuwigheid meebring dat sy skerpste aanvalle teenoor behoudende mense gerig is; en hoe hy die mens wesenlik weerloos laat, nie net teen die kommunistiese leer en oorrompeling nie, maar ook teen die twyfel en ongeloof van die mensehart."[3]

## 3.4 DIE NEO-MARXISME - 'N REVOLUSIE ONDER DIE JEUG

### 3.4.1 DIE NEO-MARXISME VAN NADERBY BESKOU

Die hedendaagse sekularisme en kultuurafval moet nie

1. Small, J., op. cit., p. 141.
2. De Klerk, B.J. et. al., op. cit., p. 43.
3. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 67-68.

sonder meer net voor die deur van die Kommunisme gelê word nie, maar dat dit eerder 'n nuanse van die Kommunisme is wat in 'n sekere sin van die tradisionele Marxisme verskil.[1] Maar nou is dit egter so dat "geen enkele geestestroming staan los van beïnvloeding van elders nie."[2] So kom daar filosowe na vore wat die gedagtes van ander ideologieë oorgeneem het, en verkondig nou 'n nuwe gedagtegang. In die vyftigerjare kom skrywers na vore met die sogenaamde "decline of ideology."[3]

Nuwe denkers het na vore gekom,Marxiste met 'n nuwe stempel.[4] Hulle was die Neo-Marxiste wat die grondgedagtes van Karl Marx verder uitgebou het in ooreenstemming met bepaalde behoeftes van die tyd.[5] Hulle het voor oë gehou 'n konsekwente vernuwing van die ou Marxisme, "dat volgens hem veel te dogmatisch, theoretish en materialistisch was geworden, te weinig oog had voor de 'bovenbouw', voor cultuur, wetenschap en religie."[6]

Die Neo-Marxisme het na vore gekom as 'n nuwe humanisme[7] wat in opstand kom teen die ortodokse Marxisme. Onomwonde word daar 'n diepe geloof in die mens gestel. Die mens mag hom nie deur God laat verneder nie, want die mens is immers tog self in sy wese God.[8] Vir die Neo-

1. Vgl. Friis, S.H., op. cit., p. 61.
2. Heyns, J.A., Teologie van die Revolusie, p. 17.
3. Vgl. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 287.
4. Vgl. van Dijk, M.P., De Uitdaging van het Neo-Marxisme, p. 17.
5. Vgl. Heyns, J.A., op. cit., p. 91.
6. Van Dijk, M.P., op. cit., p. 17.
7. Vgl. Ibid., p. 20.
8. Vgl. Ibid., p. 18.

Marxisme mag daar dus geen klasseverskille bestaan nie.

Dit moet baie deeglik besef word dat dit 'n politieke be= weging is wat nie slegs daarop uit is om die kapitalis= tiese stelsel te kritiseer nie, maar die omverwerping van die bestaande orde deur 'n sosialistiese revolusie.[1)]

Binne 'n enkele dekade het daar aanhangers van hierdie nuwe geestestroming uit die bevolkings van lande soos die VSA, Frankryk en Wes-Duitsland na vore gekom. Die mense wat hierdie nuwe gedagterigting opgeneem het, was niemand minder as studente en skoliere nie.[2)] Dit was die begin van die Neo-Marxisme.

3.4.2 STRATEGIE VAN VERANDERING

Hierdie nuwe rigting wat ook bekend staan as die "New Left", het met die gedagterigting na vore gekom dat die hele maatskappy of samelewing (Establishment) in plaas van om vooruit te gaan, besig is om dieper in verrotting weg te sink. Die aanhangers van hierdie rigting het weinig kennis van die ideologieë van die verlede, maar hulle grootste veragting was teen die sogenaamde knoei= ers in die Establishment.[3)]

Daar het by hierdie mense 'n gees van verandering ont= staan. Die bestaande orde moes verander word. Die

---

1. Vgl. Coetzee, W.J., "Gesag en Dissipline", in Die Skoolblad, September 1975, p. 10.
2. Vgl. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 287.
3. Vgl. Ibid., p. 288.

Establishment wat mense onderdruk en verslaaf, moes ver=nietig word.[1]

Die hele kapitalistiese stelsel is bevraagteken.[2] Die vraag wat ontstaan het, was: waarom moes daar meer mate=riële sukses wees; waarom moes die mens hom vermoei met harde werk? Hierdie arbeid het net daartoe gelei dat die mens nie kon geniet nie, dat hy nie vry was nie; hy kon nie waarlik mens wees nie. "As for nature, not only did man fail to enjoy it, he was actively involved in its destruction."[3]

Vir die Neo-Marxisme mag daar geen klasseverskille be=staan nie, en daarom moet alle verskille uit die weg ge=ruim word. So sal alles dan nuut word, en sal 'n para=dys hier op aarde verkry word.[4] "The New Left thus longed for the true community of men, jointed together in peace and fraternity and dedicated to giving themsel=ves to one another; yet it also gave the highest regard to individualism, whose decline as a creative force was deeply lamented."[5]

Die hoop van die toekoms lê vir hulle daarin dat die Establishment verander moet word.[6] Dit was dan ook op heel ongeorganiseerde basis dat studente byeengekom het en gesê het wat hulle lus was om te sê sonder enige in=

---

1. Vgl. Coetzee, W.J., op. cit., p. 11.
2. Vgl. Robinson, P.A., <u>The Sexual Radicals</u>, p. 173-174.
3. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 288.
4. Vgl. van Dijk, M.P., op. cit., p. 19.
5. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 288.
6. Vgl. a) Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 289.
   b) Coetzee, W.J., op. cit., p. 11.

menging van 'n vergadering. 'n Kenmerk was die gees van absolute losbandigheid wat daar geheers het. Die sta= tus quo mag nie gehandhaaf word nie. "Omdat dit wat is vir die kritiese teorie nie waar is nie, maar dit wat behoort te wees, kan die status quo nie normaties wees nie. Slegs faktisiteit moet utopies posibiliteit word. Om dit te bewerk, eis konfrontasie met die gegewe stand van sake."[1])

Fundamenteel is dan die veranderingstrategie wat beplan word. Die bestaande sosiaal-maatskaplike verhoudinge word onder die soeklig geplaas, sodat alles wat die mens= like geluk, vryheid en redelikheid in die weg staan, ver= werp word in die lig van beter moontlikhede wat die ge= skiedenis bied.[2])

Uit die gees van die Neo-Marxisme straal daar 'n behoefte na verwêreldliking. "Het behoeft geen betoog dat tegen= woordig een tendenz zichtbaar is en meer en meer zicht= baar wordt die in de richting stuurt van alles te her= leiden tot het puur horizontale, dat is dat zich binnen de horizont van het menselijke en het wereldlijke leven bevindt."[3])

Die kerk moet geen afsonderlike geboue meer besit nie, maar gebruik maak van die skouburg, bioskoopsaal of dans= saal. Afsonderlike dae soos Sondag moet geen betekenis

---

1. Van Wyk, J.H., <u>Die Opvoedingsleer van die "New Left"</u>, p. 4.
2. Vgl. Ibid., p. 2.
3. Van Dijk, M.P., op. cit., p. 69.

meer hê nie. Sondag moet gebruik word vir ontspanning en sport.[1)]

Omdat Herbert Marcuse so 'n geweldige invloed in hierdie nuwe denkrigting het, is dit belangrik om sy aksieveld en gedagtes van naderby te beskou, veral omdat dit so sterk aansluiting by die jeug - studente en skoliere - gevind het.

### 3.4.3 HERBERT MARCUSE

Uit die Neo-Marxistiese rigtings loop die Frankfurter Schule wat as die belangrikste beskou word. Die stigter van die skool was Max Horkheimer. Uit hierdie skool kom manne soos Theodor Adorno, Jurgens Habermas en Herbert Marcuse.[2)]

Een van die invloedrykste denkers[3)] van die huidige tyd is die Neo-Marxis, Herbert Marcuse. Herbert Marcuse moet dan ook beskou word as die filosoof wat die studen=teopstande en -revolusie inspireer. "Maar als we naar de eigenlijke diepe achtergrond vragen van veel verzet en naar de inspiratiebron, dan blijkt dat we uitkomen bij deze denker."[4)]

---

1. Vgl. van Dijk, M.P., op. cit., p. 69-71.
2. Vgl. a) Dreyer, P.S., op. cit., p. 21.
   b) Coetzee, W.J., op. cit., p. 10.
   c) van Wyk, J.H., Maatskappykritiek - Kritiese Teorie en Kritiese Rasionalisme, p. 1.
3. "Op die vraag of Marcuse 'n helder en duidelike denker is, loop die antwoorde uiteen. Sommige verklaar open=lik dat hy verward is en dat sy idees verwarrend werk. Ander weer wys op die feit dat hy net moeilik te ver=staan is - almal is dit egter eens dát sy idees, of wat dan daarvan verstaan word, die verbeelding van baie aangryp en die bron van revolusionêre handeling geword het."Vgl. verder Heyns, J.A., op. cit., p. 20.
4. Van Dijk, M.P., op. cit., p. 22.

3.4.3.1 MARCUSE - GEEN KOMMUNIS NIE

Marcuse moet nie as 'n Kommunis gesien word nie.[1] Teen die Kommunisme het hy net soveel besware as wat hy teen die sogenaamde kapitalistiese maatskappy van die Weste het.[2] Vir hom kom beide stelsels neer op 'n onderdrukking van die mens in sy verlange na vryheid. Die mens word in al die fasette van sy bestaan - arbeid, ontspanning, seksuele lewe, kuns, ens. - verslaaf om die mens dan geheel en al diensbaar te maak, want so kan die ekonomiese tempo volgehou word, wat weer op sy beurt noodsaaklik is vir die instandhouding van die staatkundige opset. Volgens Marcuse werk die mens vir 'n apparaat wat nie deur die mens self beheer word nie; sy werktyd is 'n tydperk van vreemde arbeid en van moeisame inspanning en selfs sy vrye tyd is niks anders as 'n proses van opbouing van energie ten behoewe van die arbeid nie.[3]

So voel Marcuse dat selfs Marx te veel gebind was aan die idee van 'n kontinuüm in vooruitgang, dat selfs sy idees van sosialisme nie meer kan voortbestaan nie en dieselfde geld vir die kapitalisme.[4]

In hierdie aksie teen die Establishment en sy arbeid gebeur dit nou egter dat hulle nolens volens die wegbereider vir die Kommunisme word.[5]

1. Vgl. a) Dreyer, P.S., op. cit., p. 22.
   b) van Dijk, M.P., op. cit., p. 22.
   c) Coetzee, W.J., op. cit., p. 11.
2. Vgl. Zuidema, S.U., De Revolutionaire Maatschappijkritiek van Herbert Marcuse, p. 26.
3. Vgl. a) Zuidema, S.U., op. cit., p. 21.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 22.
   c) van Dijk, M.P., op. cit., p. 22.
4. Vgl. Marcuse, H., Psychoanalysis, Politics, and Utopia, p. 62.
5. Vgl. Coetzee, W.J., op. cit., p. 11.

### 3.4.4 DIE ARBEIDSVELD VAN DIE NEO-MARXISME

Dit moet baie duidelik gestel word dat dit in die aksie=veld van die "New Left" nie uitsluitlik die student is wat betrek moet word nie.[1] Marcuse neem sy arbeids=veld vir 'n revolusie uit twee uiteenlopende pole, naam=lik die onbevoorregtes en die bevoorregtes.

#### 3.4.4.1 DIE ONBEVOORREGTES

Die onbevoorregtes word hoofsaaklik saamgevoeg in beson=der as gevolg van nasionale en rasse-onmondigheid en is dan ook gewoonlik hoofsaaklik polities ongeorganiseerd en dikwels ook antagonisties onder mekaar. Hulle neem nie 'n beslissende plek in die produksieproses in nie en kan daarom nie às 'n potensiële revolusionêre mag, gesien vanuit 'n Marxistiese oogpunt, beskou word nie.[2]

Dit is egter die onbevoorregtes wat in die groot raam=werk van die hele sisteem die volle gewig van die groot massa moet dra in die nasionale bevrydingstryd teen neo-kolonialisme in die Derde Wêreld en teen kolonialisme in die VSA. Volgens Marcuse kan hierdie massas miskien as die nuwe proletariaat gesien word en as sulks kan hulle as 'n groot gevaar beskou word vir die wêreldstelsel van kapitalisme.[3]

1. Vgl. van Wyk, J.H., Die Opvoedingsleer van die "New Left", p. 7.
2. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 85.
3. Vgl. a) Marcuse, H., op. cit., p. 85.
   b) Zuidema, S.U., op. cit., p. 156-157.
   c) Heyns, J.A., op. cit., p. 24.

Die klem tot bewussynsverandering lê vir Marcuse in die bevoorregtes.

### 3.4.4.2 DIE BEVOORREGTES

Hier maak Marcuse 'n verdere indeling. Die eerste groep is wat hy noem die "New working class".[1] Hierdie groep bestaan uit mense soos tegnici, ingenieurs, wetenskaplikes, filosowe, sosioloë en andere, wat betrek is in die produksieproses, alhoewel in 'n besondere situasie.[2] "You have here an opposition that obviously has nothing to do with the 'classical' revolutionary forces: a nightmare, but one that corresponds to reality."[3]

As gevolg van die sleutelposisie wat hierdie groep beklee, vorm hulle die kern van die revolusionêre krag, maar terselfdertyd is hulle 'n belangrike deel van die bestaande stelsel.[4] Die selfbewuswordingstaak rus op hulle skouers.[5]

Stap vir stap sal die nuwe maatskappy gerealiseer word. Die mens is immers vir Marcuse 'n wese wat deur genot - alle vorme van genot - veral erotiese genot,[6] beheers moet word. Die mens mag slegs dit doen waarin hy sin het. Die mens is vry om sy eie genot, sy eie geluk te

1. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 85.
2. Vgl. a) Marcuse, H., op. cit., p. 84.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 23.
   c) Heyns, J.A., op. cit., p. 24.
3. Marcuse, H., op. cit., p. 84.
4. Vgl. Ibid., p. 85.
5. Vgl. Heyns, J.A., op. cit., p. 24.
6. Vgl. a) Zuidema, S.U., op. cit., p. 27.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 22.

kies. Die sin van die mens se lewe bestaan in genot.

Daar mag geen beperking op enige vorm van genot wees nie. Dit is juis wette en norme wat die mens verslaaf en dit mag nie gebeur nie.[1)]

Volgens Marcuse beskik die mens vandag oor die vermoë om die wêreld in 'n hel te verander, en dat die mens vinnig op pad is om dit wel te doen. Maar aan die anderkant is die mens ook bekwaam genoeg om die wêreld in die teen=oorgestelde van die hel te verander.[2)] Dit beteken die einde van utopie, die weerlegging van daardie idees en teorieë wat die begrip utopie gebruik om sekere sosio-historiese moontlikhede aan te kondig. Volgens hom moet dit ook gesien word as die einde van geskiedenis,[3)] want die nuwe moontlikhede vir die menslike samelewing en sy omgewing kan nie langer gesien word as 'n voortsetting van die oue nie, nog minder kan dit voortbestaan in die=selfde historiese kontinuüm.

Die tweede groep bevoorregtes bestaan uit die studente, maar Marcuse sluit ook hierby in die hippies, die kun=stenaars, die misdadigers of soos dit ook saamgevat word in die een woord, die sogenaamde "dropouts".[4)] By hulle moet die selfbewuswordingstaak 'n aanvang neem. Hier=die nog-nie-gevestigde intelligentsia moet by uitstek

1. Vgl. a) van Dijk, M.P., op. cit., p. 24.
        b) Zuidema, S.U., op. cit., p. 79.
2. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 62.
3. Vgl. Ibid., p. 62.
4. Vgl. a) Marcuse, H., op. cit., p. 86.
        b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 24.
        c) Heyns, J.A., op. cit., p. 24.

die revolusionêre klas vorm. So gebeur dit dat wanneer die studente aktief betrokke raak in die revolusie, hulle nie meer voortgaan met hulle studies nie. Hulle word dan uitgesonder om 'n wêreldrevolusie te veroorsaak.[1)]

3.4.5 <u>DIE HUIDIGE OMSTANDIGHEDE IN DIE MAATSKAPPY</u>

Die arbeiders voel hulle vandag uitbundig gelukkig met die status quo.[2)] Hierdie toestand maak die Establishment vir die Neo-Marxisme onuithoudbaar.

Vir Marcuse het die toestand, in die Ooste sowel as in die Weste, nou ontstaan dat die arbeiderklasse, die proletariaat, tevrede is met die gang van sake. Hulle het gekondisioneerd geraak. Hulle is nie meer bewus van hulle verslawing nie.[3)]

Dit is hierdie toestand van selftevredenheid wat verander moet word. Die kwaad sit nie meer in die mens nie, maar in die samelewing, die Establishment. Die mens is goed. Weg met alle taboes. Geen onderdrukkende reëls, geen frustrerende moraal nie. So word die taboes en gesag beskuldig dat hulle die mens onderdruk en van sy vryheid beroof. "Stenen werpen naar de traditie, naar het gezag. En hoera bij de revolutie!"[4)]

---

1. Vgl. a) Zuidema, S.U., op. cit., p. 155.
   b) Duvenage, S.C.W., "Humanisme", in <u>Handhaaf</u>, Augustus 1969, p. 12.
2. Vgl. Zuidema, S.U., op. cit., p. 154.
3. Vgl. a) Zuidema, S.U., op. cit., p. 21 en 154.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 22.
   c) van Dijk, M.P., op. cit., p. 23.
4. Van Dijk, M.P., op. cit., p. 59.

Volgens Marcuse het die toestand ontstaan waarin die moderne tegniese maatskappy omskrywe kan word as 'n eendimensionele maatskappy. Dit beteken dus dat almal wat daarby betrokke is, dit as finaal en permanent aanvaar het. Die mens het so gekondisioneerd geraak om tevrede te wees met die wêreld waarin hy leef dat hy nie die innerlike dimensie van die behoeftes van die gees agterkom nie. Alle organisasies in die samelewing is net 'n proses van breinspoeling en so word die mens tot arbeid verplig.[1)]

Die demokrasie van die Weste het 'n soort ekonomiese diktatuur, slawerny en uitbuiting geword. Dit is daar om die Establishment in stand te hou. Om die mens uit sy slawerny te verlos, sal daar nie net een faset van die Establishment vèrander moet word nie,maar die hele Establishment sal omver gegooi en verander moet word. Deur revolusie en wel 'n kulturele revolusie moet die verandering bewerkstellig word. Vir hom moet hierdie revolusie by die studente begin, die intelligentsia, want dit mag nie weer verstar nie.[2)] Wanneer daar verstarring kom,is die mens sy vryheid weer kwyt.

In hierdie heilstaat wat deur die studente opgebou is, mag die mens nie weer opgesweep word tot hoër produksie nie, maar moet volstaan word met die bevrediging van sy eenvoudige behoeftes van leef en veral spel.[3)]

---

1. Vgl. Heyns, J.A., op. cit., p. 21-22.
2. Vgl. Zuidema, S.U., op. cit., p. 154-155.
3. Vgl. a) van Dijk, M.P., op. cit., p. 23.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 23.
   c) Heyns, J.A., op. cit., p. 22.

### 3.4.6 DIE AKSIE IN REVOLUSIE

Revolusie kan kortliks so saamgevat word: "verset teen en verwerping van die bestaande, van norme en reëls, van wette en strukture van instellinge en institute. Die bestaande moet opgebreek word sodat die moontlike alter=natiewe duidelik sigbaar word en die individuele mens tot selfbeslissing bevry word."[1)]

In die lig van genoemde word daar dan kortliks gelet op die revolusie wat Marcuse onder die studente bepleit. Hier onderskei Marcuse drie kategorieë:

#### 3.4.6.1 DIE SKYF WAARTEEN GEMIK WORD

Vir Marcuse is dit 'n aksie wat gemik word teen die Esta=blishment wat effektief funksioneer en wat onder normale omstandighede voortbestaan sonder geweld. Hierdie doel=wit vorm die meerderheid van die bevolking, wat ook die werkersklas insluit. Dit is 'n revolusie teen 'n stelsel van alomteenwoordige druk wat deur middel van onderdruk=kende en afbrekende produktiwiteit alles verlaag. Dit is 'n aksie teen 'n stelsel met huigelagtige sedelikheid en waardes en teen die skrikbeeld wat aangewend word na buite.[2)]

Dit het egter baie gou duidelik geword dat daar uit so 'n ongeorganiseerde massa nooit 'n revolusie gebore sal kan

---

1. Heyns, J.A., op. cit., p. 23.
2. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 86.

word nie. Hulle moet georganiseer word en daarvoor het hulle leiers nodig. Dit waarteen in opstand gekom word, het 'n behoefte geword - gesag.[1] Daar het 'n soeke[2] ontstaan na mense wat kan help om die revolusie te be= vorder. Dit is hier waar Marcuse telkens daarop wys dat die arbeidersklasse nie betrek moet word nie, "the 'tra= ditional' Marxist proletarian - had been bought off by the system."[3] Die Westerse maatskappy het 'n eendimen= sionele mens laat ontstaan, wat slegs gerig is op die materiële en glad nie in revolusie en verandering belang= stel nie.

In hierdie strewe na revolusie vind daar egter 'n klem= verskuiwing plaas. Dit gaan nou nie meer om die massa wat gewen moet word nie, maar eerder om die massa wat beheer moet word. Die meerderheid het veragtelik geword, en omdat die meerderheid nie besef wat die beste vir hulle is nie, moet daar nou iemand wees wat namens hulle kan optree. "While the majority opposes its own libe= ration, the minority acts 'on behalf of' the majority."[4] Die revolusionêre minderheid sal moet optree en al is dit slegs deur 'n vonk die meerderheid laat vlamvat.[5]

### 3.4.6.2 DIE VOORKOMS VAN DIE REVOLUSIE

Die revolusie self vorm die grondslag. Revolusie moet die allesoorheersende wees. Die revolusie moet ontstaan

1. Vgl. Christenson, R.M. et. al., op. cit., p. 292.
2. Vgl. Ibid., p. 292-293.
3. Ibid., p. 293.
4. Ibid., p. 294.
5. Vgl. Heyns, J.A., op. cit., p. 24.

deur vir eers die mens bewus te maak van sy verslawing, sodat hy dan kan besef daar is ander moontlikhede en kan hunker na die vryheid.[1]

Die mens moet vry wees en los van die arbeid staan,[2] want die arbeid is 'n euwel en die mens is nie gebore om te arbei nie. Om dan die maksimum vryheid te kan ver= kry, sal daar dan so min moontlik arbeid deur die mens aanvaar kan word.[3] In die toekomstige heilstaat sal daar egter 'n minimum arbeid moet wees, wat dan ook tot die hel[4] sal behoort. "De hemel is dat de mens speelt. Hij is homo ludens. Hij is geboren om te musiceren en te dansen. Om deze hemel te kunnen realiseren zal een stukje hel noodzakelijk blijven, maar dat stukje hel zal dan tot het uiterste minimum beperkt moeten worden."[5]

Dit is nie die idee van die studenterevolusie om die u= niversiteit 'n staatkundige karakter te gee nie, want die het hy reeds, maar dit gaan om die kurrikulum, "so that critical thought and knowledge are fully brought to bear on intellectual discussion - and not as agitation and propaganda."[6]

'n Verdere gedaante waarin die studente-opposisie hom voordoen, is die beroemde "teach-ins, sit-ins, be-ins, and love-ins".[7] Dit bring 'n spanning mee wat uitdruk=

---

1. Vgl. a) van Dijk, M.P., op. cit., p. 24.
   b) Dreyer, P.S., op. cit., p. 23.
2. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 65.
3. Vgl. Ibid., p. 62-63.
4. Vgl. Zuidema, S.U., op. cit., p. 69.
5. Van Dijk, M.P., op. cit., p. 24.
6. Marcuse, H., op. cit., p. 88.
7. Ibid., p. 88.

king gee aan die samesmelting van politieke opstand en seksueel-morele opstand,wat 'n baie belangrike faktor is. Dit vind sy kenmerkendste uiting in betogings. Hierdie betogings word georganiseer en is wettig. Hierdie beto=gings is nie konfrontasie nie,solank hulle net binne die raamwerk van wettigheid bly. Wanneer dit gebeur, beteken dit dat hulle hulle onderwerp aan die ingestelde geweld=pleging wat vanself die raamwerk van wettigheid kan be=paal en dit tot 'n verstikkende minimum kan beperk,[1)] soos byvoorbeeld deur wette wat oortreding op privaat- en staatseiendom verbied. Wat vir die huidige wettig was, kan binne enkele minute onwettig word deur 'n vreed=same betoging wat die vrede versteur of vrywillig of on=vrywillig oortree op privaateiendom. In hierdie situ=asie is konfrontasie met die staatsmag, wat ingestel is op geweld, onvermydelik.

### 3.4.6.3 DIE EENHEID VAN 'N MOREEL-SEKSUELE EN POLITIEKE OPSTAND

Marcuse noem dit 'n nuwe dimensie van protes wat bestaan in die eenheid van moreel-seksuele en politieke op=stand.[2)]

Ter illustrasie noem hy die volgende voorbeeld. 'n Groep studente betoog,maar word deur die polisie belet om by 'n sekere punt verby te beweeg. In hulle opmars stuit hul=le teen die polisie,maar in plaas van handgemeen te raak met die polisie en tot geweld oor te gaan, gaan sit hul=

1. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 89.
2. Vgl. Ibid., p. 92.

le almal in die straat, bring kitare te voorskyn, begin mekaar omhels en liefkoos. Op die wyse word die betoog dan beëindig.[1)]

Moontlik het Marcuse bedenkinge teen sy eie propaganda, want hy verklaar: "And even if we see no transformation, we must fight on. We must resist if we still want to live as human beings, to work and be happy. In alliance with the system we can no longer do so."[2)]

Genoemde voorbeeld het in die VSA voorgekom, maar dit neem egter nie altyd hierdie tendens aan nie. In Eu= ropa neem dit meestal die vorm van geweld aan.[3)] Die Republiek van Suid-Afrika is egter glad nie uitgesluit nie, want ook hier word studente-opstande en betogings al baie duidelik waargeneem.[4)]

Marcuse het die element van geweld nie uitgesluit nie.[5)] Volgens hom laat die bestaande orde die mens in 'n situa= sie beland waar ongeluk en onvryheid heers en om uit hierdie toestand te kom, is selfs geweld geregverdig.[6)] Volgens Marcuse sal die minderheid desnoods met geweld die mag moet oorneem, want die minderheid mag reg wees, terwyl die meerderheid verkeerd is.[7)]

---

1. Vgl. Marcuse, H., op. cit., p. 92-93.
2. Ibid., p. 94.
3. Vgl. van Dijk, M.P., op. cit., p. 22.
4. Vgl. van Wyk De Vries-Kommissie, in <u>Roeping en Rigly= ne</u>, Desember 1974, p. 1 en 6-7.
5. Vgl. a) Heyns, J.A., op. cit., p. 23.
   b) Zuidema, S.U., op. cit., p. 74-75.
6. Vgl. Potgieter, P.J.J.S., <u>Die Wêreld waarin Suid-Af= rika hom bevind</u>, p. 14.
7. Vgl. a) van Dijk, M.P., op. cit., p. 82.
   b) Zuidema, S.U., op. cit., p. 155.

### 3.4.7 SAMEVATTING

Die tekens van die Neo-Marxisme is ook onmiskenbaar in die Republiek van Suid-Afrika waarneembaar. Hier is 'n geestestroming wat direk die jeug betrek. "Feit is dat daar 'n jeugrewolusie aan die opbou is dwarsdeur die Wes= terse wêreld en dat hierdie rewolusie met kulture te maak het....'n poging om alle sedelike norme, lewenswaardes, kultuur, godsdiens en die leefwyse van 'n volk af te ta= kel."[1])

Die gevaar van die Neo-Marxisme lê daarin dat dit spesi= fiek gemik is teen die jeug. Die jeug moet betrek word, sodat hulle self meewerk in die proses van revolusie. Die feit dat dit ook reeds in Suid-Afrika onder die jeug voorkom, maak die saak soveel ernstiger.

As in aanmerking geneem word dat dit 'n nuwe en jong ideologie is, word daar opnuut besef dat die Afrikaner= jeug nie afgesluit is van die vreemde strominge wat bui= te die landsgrense hulle oorsprong het nie. Die jeug word baie gou daardeur betrek; daarom maak dit dit so= veel ernstiger dat die jeug opmerksaam gemaak moet word. Hulle moet elke bedreiging, hoe nuut of oud ookal, kan uitken en die nodige weerstand kan bied. Dan is die Afrikanerjeug geestelik weerbaar.

Daar sal voorts gelet word op die inwerking van hierdie

---

1. Friis, S.H., op. cit., p. 66, soos aangehaal uit Kotzee, A.L., "Vooruitgang: Dit moet 'n rigting hê", in <u>Hoofstad</u>, Saterdag 25 Maart 1972, p. 4.

vreemde ideologieë op die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanerjeug.

## 4. DIE NEERSLAG VAN DIE VREEMDE STROMINGE

### 4.1 INLEIDING

Die drie ideologiese bedreigings, die Kommunisme, die Li= beralisme en die Neo-Marxisme, met hulle reste van seku= larisasie, permissiwiteit, verwerping van gesag, ontvlug= ting, kondisionering, ensovoorts, vorm 'n aantreklike lok= aas vir die Afrikanerjeug. Hierdie strominge is nie slegs dooie ideologieë nie, maar dit is 'n ideë-oorlog[1] wat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner bedreig.

Op talle vlakke van die volksbestaan word daar voortdu= rend verwoestende aanvalle geloods deur die Kommunisme, die Liberalisme en die Neo-Marxisme wat daarop uit is om die Christelike beskawing lam te lê en op sy knieë te dwing. Om die situasie waarin die Afrikanerjeug hulle bevind duidelik te kan sien, sal dit dus noodsaaklik wees om die gevare wat 'n bedreiging vorm, na te gaan.

Saam met hierdie situasie is daar sekere trekke wat in die stryd baie prominent na vore kom. Dit bring mee dat daar deur die ouer geslag soms vingerwysend na die jeug

1. Vgl. p. 44 van hierdie proefskrif.

gewys word. Die jeug mag nie bloot veroordeel word nie, maar daar mag ook nie by die duistere moontlikhede en gevare verby gekyk word nie.

## 4.2 SEKULARISASIE - VERWÊRELDLIKING IN SIENSWYSE, MAATSTAF EN DOELSTELLING

### 4.2.1 'N ONTLEDING

Sekularisasie kan ongetwyfeld beskou word as die kenmer= kendste eienskap van die huidige tydsgewrig. Dit vorm ook die somtotaal van die ideë-oorlog wat teen die Christelike lewens- en wêreldbeskouing gemik is.[1)]

Onder sekularisasie word verstaan "die ontheiliging van die menslike bestaan, die losmaking van sy goddelike be= trokkenheid, die miskenning van die religieuse en die oordrywing van die aardse."[2)] Langsamerhand het die mens sy godsdienssin binne sy kultuur verloor. Sekula= risme gaan uit van die standpunt dat die era van die Christelike etiek met sy vaste norme en beginsels uitge= dien is.[3)]

### 4.2.2 OORSAKE VAN SEKULARISASIE

Wanneer daar tot die oorsake van sekularisasie of verwê=

1. Vgl. p. 44 van hierdie proefskrif.
2. Friis, S.H., op. cit., p. 71.
3. Vgl. Duvenage, S.C.W., "'n Ontleding van die feitelike Jeugsituasie", in SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Opvoeding Norme Jeugverset, p. 68.

reldliking van die mens gekom moet word, kan dit tot 'n hele aantal uiteenlopende gedagterigtings lei. So kan dit uit allerlei sosiologiese agtergronde, die verskil= lende ideologiese strominge, die ontwikkeling van die moderne wetenskap, tegnologiese en industriële ontwikke= ling, verstedeliking en die massafikasie van die mens, ensovoorts, verklaar word.

4.2.2.1 SEKULARISASIE ONTWIKKEL UIT DIE VERLEDE

Verskillende oorgangstydperke kan in die geskiedenis van die Weste aangetoon word. So was daar die vanaf die An= tieke na die Middeleeue, die vanaf die Middeleeue na die moderne tyd en uit die moderne tyd ontwikkel die aanbre= kende wêreldtydperk.[1)]

Hierdie gees wat die wêreld begin omgeef het, het dan verskillende ontwikkelingsfases deurloop, "wortel in die Griekse en Romeinse kulture, is verdiep deur die ge= loofsinhoude van die Christendom, het ontplooi in die breedheid van die Humanisme, is na die hoogte opgevoer deur die Hervorming, het selfvertroue uit die natuurwe= tenskappe geput, het verseild geraak in die spiraalvlug= te van die rede om homself eventueel meer en meer te verwêreldlik."[2)]

Die Renaissance het begin om die mens los te maak van die religieuse en sosiale bande van die Middeleeue sodat die

1. Vgl. Meyer, P.J., Die Geesteskrisis van die Weste, p. 12.
2. Meyer, P.J., Trek Verder, p. 1.

mens al meer bewus geword het van homself as individu, "als iets aparts dus van andere 'ikken'".[1] Die mens het homself as individu ontdek. Soos die proses van seku= larisasie ontwikkel het, het die mens homself losgemaak uit sy groepsverband en al meer begin om 'n selfstandige persoonlikheid op te bou met 'n eie wil en eie denke, op grond waarvan hy homself in toenemende mate begin verset het teen die gevestigde kultuurpatrone.

Dit is dus nie net die ek-besef wat ontwikkel het nie, maar 'n weerstand teen alle bestaande norme en instel= lings van die gemeenskap en die volk. Die mens het al meer begin om nie ag te gee op die gesag van andere in sy beslissing oor wat waar en onwaar is nie.[2]

Uit sy wysgerige denke ontwikkel die mens ook nou 'n stroming wat bekend staan as die eksistensialisme, wat gekenmerk word as 'n geestesworsteling met homself. Die mens keer tot sy eie leegheid as mens terug en kom voor die afgrond van die niks te staan. "Hierdie wysbegeerte van die Westerse mens wat tussen die sterre en afgronde geen vaste woonplek meer het nie; van die Westerse mens wat sonder God in 'n leegheid van pyn en dieptes sy be= staan soek; van die mens wat in die oog van die ander niks geword het;van die mens wat tevergeefs uit 'n bodem= lose ewigheid vir homself geestesrykdom probeer skep."[3]

---

1. Couwenberg, S.W., De Vereenzaming van de Moderne Mens, p. 24.
2. Vgl. Ibid., p. 26.
3. Meyer, P.J., Die Geesteskrisisse van die Weste, p. 13.

Hierdie geestelike ontwikkelingsproses het tot gevolg dat die mens van 'n hele reeks waarhede bewus geword het, en in die lig waarvan hy nou dink en handel. So het die mens bewus geword daarvan dat die wêreld en God nie die=selfde is nie. Die Goddelikheid van God en die wêreld=likheid van die wêreld het vir die mens gestalte aange=neem met die gevolg dat die mens bewus geword het van die orde van die wêreld, dat die wêreld sy eie struktuur en wetmatighede het en dat dit vir die mens toeganklik is. Die kerk en die godsdiens verbied hom nie om in die orde van hierdie wêreld in te dring nie, want hy beskik ook oor die krag van sy analiserende denke en die skep=pende vermoë.[1)]

Uit hierdie ontwikkelingsproses, waarin die mens sy afhanklikheid van God verloor en hom meer tot die wêreld gekeer het, het die sekularisasie ontwikkel en gegroei.

4.2.2.2 TEGNOLOGIESE EN WETENSKAPLIKE ONTWIKKELING

Wanneer daar van tegnologiese ontwikkeling en industria=lisasie gepraat word, word daar altyd algemeen aanvaar dat dit slegs by Europa of die VSA behoort. Dit is as=of Suid-Afrika nie by soiets ingeskakel kan word nie, want dit is mos nie so 'n groot land met sulke ontwikke=ling nie.

1. Vgl. Coetzee, J. Chris, "Die Plek van die Lewensop=vatting in ons Onderwysbeleid", in Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, p. 20.

Ook Suid-Afrika met sy jeug staan egter midde in hierdie ontwikkeling. Hierdie tegnologiese ontwikkeling en in= dustrialisasie het tot gevolg gehad dat 'n groot deel van die massa geoutomatiseer geraak het. Dit was nie slegs 'n geval van dat die masjien die werk van die arbeider vereenvoudig het nie, maar dat hy die baas van die mens geword het.[1] Die mens kon nie meer sy inisiatief open= baar nie; sy vernuf en persoonlike verantwoordelikheid het nie verder ontwikkel nie. Die vryheid van die ar= beider het al minder geword deur die ontwikkeling van wetenskaplike beheer oor hom.

Die ontwikkeling het ook verder meegebring dat daar op elke terrein gespesialiseer moes word. Hierdie spesia= lisasie in die arbeid het gelei tot selfisolasie by die mens en daardeur is die mens losgemaak van die sin van sy arbeid.[2] "Werkskofte en die eentonigheid van arbeid werk mee tot 'n dodelike verveeldheid wat iets in die mens laat sterf. Sy lewe word al meer ingestel op die tydelike en verganklike, terwyl die geestelike en ewige waarde van dinge van minder belang geword het. Hy werk met artikels, maar het self ook 'n artikel geword, 'n ding wat beoordeel word na die waarde wat dit vir die materi= ële bestaan het."[3]

As gevolg van prestasies op die gebied van die wetenskap

---

1. Vgl. a) Basson, A.J., <u>Jeug en Seksualiteit</u>, p. 145.
   b) Brillenburg Wurth, G. en Wiersinga, W.A., <u>Het Evangelie in een Ontkerstende Wereld</u>, p. 115.
2. Vgl. Basson, A.J., op. cit., p. 145-146.
3. Ibid., p. 146.

en tegniek het die mens die wetenskap en tegniek begin aanbid en 'n gevoel van onafhanklikheid van God het ontstaan. Werk en genot, voedsel en ontspanning, tegniek en sport het belangriker geword en die plek begin inneem van wat God vroeër in die lewe van die mens ingeneem het.

Die jeug betree hierdie wêreld wat in die teken van sekularisasie staan waarin godsdiens en godsgeloof nie meer bestaansreg het nie, maar die tegniek, die wetenskap en die industrie die oorheersende geword het.

Die proses van sekularisasie word versterk deur die geweldige ontwikkeling van die nywerhede sodat die mens gewoond raak aan nuwe vorme van werk, woon en leef.[1)]

Nou aansluitend by hierdie tegnologiese ontwikkeling en proses van industrialisasie is die verstedeliking en massafikasie van die mens.

4.2.2.3 VERSTEDELIKING, MASSAFIKASIE EN KAPITALISME

'n Verdere dryfkrag tot sekularisasie is die verstedelikingsproses, want in die stad word die ou tradisionele lewensgewoontes verbreek. "Hier leeft men niet meer uit het verleden met zijn zeden en gebruiken,maar oriënteert zich geheel aan de toekomst."[2)] Hierdie verstedelikingsproses vloei voort uit die tegnologiese en industriële

---

1. Vgl. Couwenberg, S.W., op. cit., p. 27.
2. Ibid., p. 28.

ontwikkeling wat plaasgevind het.[1] Hiermee saam gaan ook die massaverskynsel by die mens.

ŉ Kenmerk is die verval van die persoonlikheid van die mens en die opkoms van die massamens. Dit word toege=skryf aan die toenemende heerskappy van die tegnologie en die toenemende organisasie van die moderne samele=wing.[2] Die persoonlike karakter speel nie meer ŉ rol by die massamens nie, met die gevolg dat die moderne sa=melewing geen plek vir die menslike persoonlikheid het nie.

Die gees van kapitalisme en materialisme met die motief van geldbejag het die inisiatief en verantwoordelikheid van die individu nog meer na vore gebring. Die dinge van die wêreld het die gees van die mens oorweldig.

Die massafikasieverskynsel met sy innerlike leegheid van die mens as verskynsel word ook verder aangehelp deur die moderne kommunikasiemiddele, die radio, beeldradio en die pers.

### 4.2.3 GEVOLGE VAN DIE VERWÊRELDLIKINGSPROSES OP DIE MENS

Die mens wat vasgevang is in die proses van sekularisa=sie is besig om ankerloos te raak en verloor alle ware belangstelling in die godsdiens. Hy het nie meer die

1. Vgl. Coetzee, J.C., op. cit., p. 113.
2. Vgl. Dooyeweerd, H., Wat is die Mens?, p. 6.

geloof nie. So 'n mens het al sy vertroue verloor; hy het homself verloor en bevind homself in 'n wêreld wat betekenloos is, 'n wêreld wat geen hoop op 'n beter toe=koms bied nie.[1] So word gevind dat die geestelike dinge vir die Kommunisme geen betekenis het nie. Slegs die konkrete is vir die Kommunis van belang.[2]

Die mens wat deur die proses van sekularisasie opgeneem is, is 'n mens wat na alle kante losgemaak is. Dit is nie net 'n vertikale vervreemding, 'n vervreemding tot God nie, maar ook 'n horisontale[3] vervreemdingsproses,'n ver=vreemding van die mens.[4] Die samehoping van mense be=werkstellig nie gemeenskap nie, maar juis afstomping van gemeenskap met vereensaming tot gevolg.

Die ontmoeting van mense beteken nie noodwendig daardie innerlike ontmoeting nie, want "die mens in die massa ontmoet wel baie mense, maar kom selde tot werklike ont=moeting van mens tot mens. Hy voel hom derhalwe nie verantwoordelik vir die medemens nie, daar 'n verantwoor=delikheidsbesef teenoor die medemens eers kan bestaan wanneer 'n werklike ontmoeting plaasgevind het."[5] Ten=spyte van die veelheid van mense waarin die mens hom daagliks bevind, bly die mens 'n eensame wese. Dit is in hierdie atmosfeer van verwêreldliking dat die Kommunisme en Neo-Marxisme glo die jeug moet opgroei.[6]

---

1. Vgl. Dooyeweerd, H., <u>In the Twilight of Western Thought</u>, p. 175.
2. Vgl. p. 48 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. p. 66 en 67 van hierdie proefskrif.
4. Vgl. a) Basson, A.J., op. cit., p. 150.
   b) Heyns, J.A., <u>Sterwende Christendom?</u>, p. 134.
5. Basson, A.J., op. cit., p. 150-151.
6. Vgl. p. 53 en 80 van hierdie proefskrif.

Dié mens het 'n slagoffer van 'n toestand van geestelike niksheid geword; hy het sy belangstelling in die gods=diens verloor.[1] Dié mens het vervreemd geraak van God en die medemens en dit bring "ontkerkliking mee, met ont=kerstening as die uiterste resultaat."[2] Wanneer hier=die anker van die menslike lewe losgeraak het, word die lewensee so ontstuimig dat die mens nie lank die aanslae van die branding van geloof en sonde kan trotseer nie. Die godsdiens vorm die basis waarop die mens sy hele le=we, elke aspek daarvan, moet bou.

Die gekompliseerdheid van die samelewing het vir dié mens te veel geword en dit plaas die mens onder span=ning. Hy het versteurd geraak in al sy verhoudings waarin hy as beeld van God staan. Hy het sy geloof ver=loor en soek bevrediging van sinlike luste en begeertes. "'n Besondere kenmerk van die moderne samelewing is dat seks reg verstaan kan word teen die agtergrond van die proses van sekularisasie."[3]

### 4.2.4 <u>SAMEVATTING</u>

Ook in die lewe van die Afrikaner is sekularisasie besig om verskillende terreine te betree. Norme is besig om gaandeweg te verander soos wat dit aanvanklik uit die Bybel verleen is. Egskeidings word goedgepraat, skemer=kelkpartytjies word aanvaar, in dans word geen kwaad meer

1. Vgl. Dooyeweerd, H., <u>Wat is die Mens?</u>, p. 151.
2. Basson, A.J., op. cit., p. 151.
3. Ibid., p. 152.

gesien nie, Sondag word nie meer as 'n dag van verootmoe= diging beskou nie. Die mens het bang geword om as preuts bestempel te word.[1] Die jeug word groot in hierdie at= mosfeer wat deur die ouer geslag geskep word, 'n atmos= feer waarin geen ankers vir die jeug te vinde is nie.

Die skrif is onteenseglik aan die muur dat die Afrikaner één geword het met 'n wêreld voor die afgrond van Niks. 'n Gees van sekularisme wat meester geword het van die wêreld is ook besig om die gees van die Afrikaner aan te tas. Dit wil voorkom of die Afrikaner ook op godsdienstige gebied sy ankers begin verloor, hierdie an= kers wat juis die Afrikanervolk karaktervol en sedelik hoogstaande maak.

"Wanneer egter die Bybelse voorskrifte en gedagtewêreld in die gemoed van die Afrikaner, wat intussen met die sekularisme van die moderne wêreld ter dege in aanraking gekom het, slegs 'n herinnering en vorm word, is die Afrikaner in groot gevaar om, sonder anker, sedelik en nasionaal skipbreuk te ly. En dit lyk ook ongelukkig of hy vinnig begin los raak van sy godsdienstige, Bybel= se en kerklike tradisies. Die nuwe wêreld lyk vir baie Afrikaners, wat deur die moderne toestande, vinnig ge= sekulariseer word, so anders as die Bybelse wêreld, ge= sien uit 'n oor-konserwatiewe oogpunt."[2]

---

1. Vgl. Pieterse, J.E., Wat is verkeerd in die Tipiese Afrikaanse Huisgesin?, p. 14.
2. Nepgen, C.C., Die Sosiale Gewete van die Afrikaans= sprekendes, p. 152.

Die bedreiging op godsdienstige en nasionale vlak vorm 'n gevaar vir die lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner. Die gevaar lê dus by die wortel van die bestaan van die Afrikanervolk.

## 4.3 PERMISSIWITEIT - 'N NEERSLAG VAN VERMELDE STROMINGE

### 4.3.1 'N ONTLEDING

Die gees en die woord "permissiwiteit" behoort by uitstek aan hierdie tydsgewrig.[1] Dit is egter 'n lewensbeskouing wat al meer as 'n eeu oud is, bekend as die gees van "laissez faire". Dis in sy wese niks nuuts nie, maar daar het veral gedurende die sewentigerjare van hierdie eeu opnuut 'n geroep om die vryheid van die mens opgeklink, 'n vryheid waarin die verantwoordelikheid en gebondenheid verswyg word.[2] 'n Gees waarin vryheid en differensiasie nie mag bestaan nie, word veral deur die Liberalisme voorgeskryf.[3]

"In die algemeen wil permissiwiteit sê die oordrewe erkenning van of aanvaarding van of toepassing van die anders ontoelaatbare of ongeoorloofde."[4]

Hierdie permissiewe gees is wesenlik 'n uitvloeisel van

1. "Permissiwiteit", in Woord en Daad, Augustus 1971, p. 3 (skrywer onvermeld).
2. Vgl. p. 90 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. p. 62-65 van hierdie proefskrif.
4. Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 67.

die Liberalisme as lewensbeskouing: "as elke mens se eie waardigheid en sy absolute vryheid ten alle koste gehand= haaf moet word, dan het elke mens mos ook die reg op sy opinie: as hý verslons wil rondloop, of vuil op straat lê, kaal loop, homoseksualistiese begeertes het - wie is ek om in te meng, wie is ek om my norme, my opinies op hom af te dwing? Dis mos nie my saak nie. Dis sý saak - hy kan doen wat hy wil."[1])

### 4.3.2 DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE HUIDIGE GEES VAN PERMISSIWITEIT

Coetzee[2]) gee 'n vyftal fases aan waarvolgens die per= missiewe lewenshouding inslag by die volk vind.

#### 4.3.2.1 'N SKULDKOMPLEKS EN GEBREK AAN GESAG

Veral na die laaste wêreldoorlog het daar 'n skuldkom= pleks by die volwasse geslag ontstaan. Die jeug wat in die oorlog grootgeword het, was koersloos en verward, sonder ankers en dit is juis hierdie toestand wat die skuldkompleks by die volwasse geslag ontwikkel het. In plaas van die jeug stewig by die hand te neem en weer op koers te bring, is die jeug gelaat om voort te gaan om= dat die volwassenes skuldig gevoel het oor hierdie toe= stand waarin die jeug verkeer het.

Hierdie skuldmentaliteit begin ook in Suid-Afrika reeds

1. Coetzee, J.C., Die Gevare wat ons Lewensbeskouing be= dreig, p. 11.
2. Vgl. Ibid., p. 12-15.

sy vrugte dra.[1] "En ons hier aan die Suidpunt van Afrika moet helaas erken dat die kuste van die karakter van ons Suid-Afrikaanse jeug reeds tekens toon van besoedeling met die olie van die tenkskepe van permissiwiteit wat hulle tot binne die gebiedswaters van ons geestelike en kultuurbesit in toenemende mate waag."[2]

Maar veral ook in die volkereverhouding in Suid-Afrika is daar hierdie skuldkompleks. As gevolg van 'n gebrek aan kennis word daar, veral by die jonger geslag, nie altyd besef wat werklik al gedoen is aan die ander bevolkingsgroepe nie. Die gewaande onreg van ons vadere moet nou vergoed word deur 'n uitdelery van geskenke.[3]

### 4.3.2.2 'N LAMHEID IN OPTREDE

Wanneer daar reeds tekens van permissiwiteit te bespeur is, word 'n tweede fase deur Coetzee aangetoon, naamlik die Protestantse verstomming.[4] As deel van die Afrikaner se Calvinisties-christelike lewensbeskouing is dit sy plig "om in die naam van Christus en in gehoorsaamheid aan God protes aan te teken teen elke gedagte, elke woord, elke daad van sy naaste, die gemeenskap, die owerheid wat in stryd is met God se Woord."[5]

Dit is 'n dure plig wat rus op die skouers van elke gees=

1. Vgl. Coetzee, J.C., op. cit., p. 12.
2. Van Loggerenberg, N.T., "Permissiewe Opvoeders, die Wortel van Permissiwiteit", in Die Skoolblad, Junie 1971, p. 1.
3. Vgl. Coetzee, J.C., op. cit., p. 12.
4. Vgl. Ibid., p. 12.
5. Ibid., p. 13.

telike weerbare Afrikaner om op te tree teen 'n gees van sedeloosheid want "Protestante wat ophou om te protesteer, is besig om hulle eie siel te verkoop."[1]

4.3.2.3 DIE WITVLAG VAN PERMISSIWITEIT

Die derde fase wat waargeneem kan word, is dié van pessimisme.[2] In hierdie fase dink elkeen net by homself, maar niks word gedoen nie. Elkeen is te bang om te praat en te staan vir dit wat hy glo. Alles word stilswygend waargeneem, terwyl daar diep binne die besef is dat dit wat besig is om plaas te vind, verkeerd is.

4.3.2.4 AFSTOMPING

Die mens raak só gewoond aan die eerste skokkende gebeure wat om hom plaasgevind het dat dit nie eens meer saak maak en nie meer raakgesien word nie. Op die onbeskaamde uitstalling van perverse seksinstrumente soos naakte foto's word nie meer ag geslaan nie.[3] Die mens het gekondisioneerd geraak.

4.3.2.5 DIE ONDERGANG VAN 'N VOLK

Die laaste fase is die van sedeloosheid: "ons het 'volwasse' geword. Daarom wil ons 'volwasse' boeke; 'vol=

1. Coetzee, J.C., op. cit., p. 13.
2. Vgl. Ibid., p. 13.
3. Vgl. Ibid., p. 14.

wasse' films; 'volwasse' toneelopvoerings hê. En ons moet leer om 'volwasse' te dink oor seks. Dis blote ou= tyds, preutsheid om voorhuwelikse en buitehuwelikse ge= meenskap te bevraagteken."[1)]

Ook hierdie tekens word in die lewe van die Afrikaner= volk waargeneem. Dit is die vloedgolf van die Libera= lisme.[2)] Dit is die tekens van 'n volk wat besig is om die prooi te word van 'n insypelende Kommunisme.[3)]

"Oortreders teen die gemeenskap word dadelik as martela= re voorgestel en soms selfs as helde vereer. Die anker= toue met die verlede word so vinnig vernietig dat selfs die mees ingeligte waarnemers nie kan voorspel wat die volgende verwarrende nuwigheid kan wees nie. Daarom moet ons nou reeds die vraag stel of die uiterlike kon= sekwensies van hierdie aftakelingsproses die mens tot besinning sal roep wanneer daar niks meer oorgebly het om ontbloot te word nie."[4)]

Vryheid sonder gesag en vrye liefde is dan ook tekens wat voorkom wanneer sedeloosheid aangebreek het in die gees van permissiwiteit.

---

1. Coetzee, J.C., op. cit., p. 14.
2. Vgl. p. 67 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. a) Coetzee, J.C., op. cit., p. 15.
   b) p. 53 en 54 van hierdie proefskrif.
4. Krige, H.L., "Sielkundige aspekte van Verslawingstoe= stande", in Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr 1, p. 83.

### 4.3.3 VRYHEID SONDER GESAG

Ook die slagspreuk na vryheid is niks nuuts nie. So wil almal vandag vry wees.[1] Maar nou is dit ook so dat baie min van die wat vry wil wees en na vryheid streef, werklik weet wat met vryheid bedoel word, wat vryheid in sy diepste wese beteken. Dit is 'n slagspreuk wat blinde=lings gevolg word sonder om te besef wat die konsekwen=sies daarvan gaan wees.[2]

In die gees van permissiwiteit het vryheid 'n totale los=bandigheid geword. Die mens het homself losgemaak van God[3] en sy vryheid misbruik.[4] In hierdie proses het hy in die grootste ellende verval. "Die mens het sy godsdienstige weerbaarheid verloor",[5] en daardeur alle geestelike weerbaarheid wat hom staande kan hou teen die verskillende aanslae.

Die mens kan sonder die Woord van God die woord "vryheid" nie begryp nie; dan "is dit nie die vryheid tot die le=we nie, maar tot die dood."[6] Die mens is besig om hom oor te gee aan 'n ongebonde vryheid wat geen teenstand duld nie,[7] en alles wil oorgee aan 'n wetteloosheid en wanorde.

---

1. Vgl. p. 63-65 en p. 90 van hierdie proefskrif.
2. Vgl. Gous, A.G.S., Die Jeug, p. 18.
3. Vgl. p. 49 van hierdie proefskrif.
4. Vgl. p. 66-70 van hierdie proefskrif.
5. Friis, S.H., op. cit., p. 50.
6. Van Loggerenberg, N.T., "Ankers wat los raak", in Die Skoolblad, Junie 1972, p. 2.
7. Vgl. p. 51, 54 en 92 van hierdie proefskrif.

'n Bandelose vryheid het ontstaan; die klem val nie meer op die vryheidsgedagte van die Skrif nie, maar op die vryheid self. Die vryheid het dus 'n doel op sigself geword en laat dit nie deur 'n reël, 'n wet of vorm aan bande lê nie.

Vryheid en gesag kan nie los van mekaar staan nie; vry= heid bring onverbiddelike verantwoordelikheid mee. Deur die wêreld word vryheid verheerlik, maar gesag word nie as deel daarvan opgeneem nie. So ontstaan daar by die jeug 'n wanbegrip oor wat vryheid werklik inhou, want die mens is eers werklik vry wanneer hy verantwoordelikheid kan dra.[1)] Die jeug soek in sy wese na sekuriteit.[2)]

Die jeug moet deur die volwassene gehelp word om sy vry= heid te bekom in die komplekse moderne samelewing. Hier= die plek kan hy eers werklik vind wanneer hy sy plek voor God gevind het.[3)] "Die vrees leef in ons harte dat 'n permissiewe wêreld, wat geen bo-individuele morele orde meer wil ken nie, wat vryheid aanbid sonder orde, norm of gesag, vinnig op weg is na die punt waar die pendule gaan terugswaai en die reaksionêre situasie gaan skep waarin die bandelose vryheid vervang sal word deur onbe= perkte onvryheid."[4)]

---

1. Vgl. Friis, S.H., op. cit., p. 82.
2. Vgl. Krige, H.L., op. cit., p. 84.
3. Vgl. Grobler, J.A., "Omgewings- en aanverwante Fakto= re en die Misbruik van en Verslawing aan afhanklik= heidsvormende Stowwe", in Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr 1, p. 185.
4. "1970-1971: Van Vryheid na Onvryheid", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Februarie 1971, p. 13, (Skrywer onvermeld).

## 4.3.4 VRYE LIEFDE EN GESLAGLOOSHEID

'n Verdere kenmerk van die losbandige jeug is die benadering ten opsigte van seksuele vryheid. Dit wat die skoonste en mooiste van die menslike emosie verteenwoordig, het verval in 'n seksuele lus en onsedelikheid.[1]

Agter die propaganda vir seksuele vryheid sit die Kommunisme, want deur seksuele vryheid kan die volk fisies en geestelik afgetakel word.[2] Op die wyse kan die regering van die volk baie maklik oorgeneem en aan die Kommunisme onderwerp word. Nou is dit baie kenmerkend dat sodra dit gebeur het, hulle begin om die seksuele verwildering te bekamp,[3] deur streng wette en bepalings in te stel.

Seks het vandag 'n algemene onderwerp onder die skoolgaande jeug geword, waar dit bespreek en nie gesien word as 'n gawe van God nie, maar dit word in die vleeslike sin verlaag waar die drif en drang botoon voer. Dit het die hooftema in gesprek, grap, reklame, literatuur, kleding, teater, ensovoorts, geword.[4]

Die Afrikaner het die huisgesin en die huwelik nog altyd as 'n krag in die volkslewe gehad. Vir die Kommunisme

---

1. Vgl. Stoker, H.G., Die Grond van die Sedelike, p. 27.
2. Vgl. p. 56 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. de Bruin, P.J., "Seksuele verwildering - die aandeel van die Kommunisme", in Woord en Daad, Februarie 1971, p. 4.
4. Vgl. Koekemoer, D.J.P., 'n Wesensanalise van Jeugweerbaarheid en die Verwerkliking daarvan in die Opvoedingsituasie, p. 233.

is die huisgesin en die huwelik geen goddelike instel= ling nie.[1]

Wanneer seksuele kennis nie deur godsdienstige en sede= like wette en norme in die regte bane gelei word nie, het dit die sterk neiging om die geestelike en liggaamlike krag van die volk te verwoes. Hiervan is die Kommunis= te deeglik bewus, en word daar dan deur die radio, tele= visie, die pers, foto's en persone seksuele verwildering by die jeug aangemoedig.[2]

Die mate waarin 'n volk reeds ondergraaf is deur vreemde invloede, kan baie duidelik gemeet word aan die reaksie van die gemeenskap ten opdigte van onsedelikheid. "De hoogte waarop een volk staat, de mate van zijn bescha= ving, het volkskarakter, kan men niet beter te weten ko= men dan door te vragen hoe of het gesteld is met de ge= slachtelijke reinheid of de kuisheid van dat volk. Als men het in dit opzicht nauw aanneemt en niet gemaklik misgrepen op dat gebied door de vingeren ziet, dan heb= ben wij er 'n voldoend bewijs voor dat het een volk is met een edel inborst en met gezond karakter."[3]

Die slagspreuk, "Make love, not war", het ook in Suid-Afrika 'n slagspreuk geword. Met hierdie liefde word bedoel die seksuele liefde tot die uiterste konsekwen=

---

1. Vgl. p. 53 van hierdie proefskrif.
2. Vgl. de Bruin, P.J., op. cit., p. 4.
3. Nepgen, C.C., op. cit., p. 183, soos aangehaal uit Brummer, "De Afrikaner en de Onzedelikheid", p. 5.

sie.[1] Die liefde tussen die jong seun en dogter is nie altyd meer 'n outydse handjievashou-speletjie nie. Dit het 'n growwe avontuur geword.[2] Hiermee word daar geen= sins geïmpliseer dat die jeug van 'n paar dekades gelede sonder foute was nie, maar wat toe as ongeoorloof beskou is, word vandag algemeen aanvaar. "Wat vroeër in die verborge gebeur het en deur geheimsinnigheid omhul is, kom vandag openlik voor in alle lae van die Westerse sa= melewing. Wat in die verlede as norm gegeld het, is en word oorboord gegooi."[3]

Die mens wil nie meer aan 'n bepaalde volksgroep verbind wees nie,[4] want daardeur word daar verantwoordelikheid op hom geplaas.[5] Die mens wil vry wees, sonder iden= titeit. Hierdie strewe van identiteitloosheid lei ver= der daartoe dat die verhouding tussen die twee geslagte uitloop op geslagloosheid. "Uiterlik word daar deur die jongman en -meisie gepoog om nader aan mekaar te beweeg en deur 'eenderse' voorkoms en kleredrag byvoorbeeld die illusie te skep dat uiterlike geslagsverskille nie be= staan nie. Die volgende stap is die strewe om eenders te doen met die gevolg dat dit wat eie aan die jongman en -meisie is, oorboord gegooi word."[6]

Wanneer ondersoeker dan wys op hierdie verval, word dit

1. Vgl. Malan, J.H., "Die Jeug en Seksvoorligting", in Riglyne, Oktober 1973, p. 11.
2. Vgl. de Klerk, W.J., Tussen twee Pole, p. 50.
3. Basson, A.J., op. cit., p. 128.
4. Vgl. p. 54, 56 en 66 van hierdie proefskrif.
5. Vgl. van Loggerenberg, N.T., "Twee gevaarlike Beskou= inge", in Die Skoolblad, Oktober 1972, p. 2.
6. Ibid., p. 2.

baie duidelik watter geweldige taak en verantwoordelik= heid daar rus op die huis en ook op die kerk en dan in besonder op die skool in die proses van geestelike weer= baarheid. Hierdie lewensbeskouing wat deur vreemde mag= te uitgestrooi word vir die jeug van Suid-Afrika, bring mee dat daar nie toeskouers kan wees nie, maar vreeslose weerbare vegters. "Tereg kan gesê word dat die wortel van permissiwiteit, permissiewe opvoeders is wat in die opvoeding 'n toegeeflikheid en toeskietlikheid ten opsig= te van lewensbeginsels op die verskillende lewensterrei= ne uitbou."[1)]

## 4.4 'N SOEKE NA ONTVLUGTING

'n Nuwe bedreiging wat ook veral gedurende die sewenti= gerjare sy verskyning in Suid-Afrika gemaak het, is dwelmverslawing. Dwelmmiddels vorm 'n belangrike wapen in 'n ideologiese stryd.[2)] En nou is dit so dat die Afri= kaanse volk die hardste geslaan word daar waar hy dit die minste kan bekostig - sy jeug.

Ondersoeker wil hier kortliks aantoon hoe maklik die ge= bruik van verdowingsmiddels kan plaasvind. "Verdo= wingsmiddels verskil in die opsig van geneesmiddels dat laasgenoemde gebruik word om siekte mee te dokter ter= wyl verdowingsmiddels gebruik word om ongerief mee te

1. Van Loggerenberg, N.T., "Permissiewe Opvoeders, die Wortel van Permissiwiteit", in Die Skoolblad, Junie 1971, p. 3.
2. Vgl. p. 58 en 59 van hierdie proefskrif.

'dokter'".[1)] Die klem val dus hier op die woord "dokter". In hierdie gedagte lê dan ook die neiging om verdowings=middels te misbruik. So word die kind van kleins af vir enige pyn of ongerief behandel. Die ongerief word net so veel "gedokter" as die siekte self. Van Hoepen gee die voorbeeld van die doring wat in die voet van die kind steek en nadat die doring verwyder is, word daar ook iets vir die pyn en ongerief gegee. So is die mens ook meer bekommerd oor die pyn tydens tandpyn as oor die verrotting self. "Daar kan gevolglik met reg gesê word dat die mens baie meer daarin belangstel om gerieflik te wees en goed te voel as om gesond te wees."[2)]

Met al die middels tot sy beskikking begin die mens hom=self dokter en wag nie dat die geneesheer iets moet voor=skryf nie. Vir enige ongerief is die mens nou instaat om homself te behandel. Wanneer frustrasie, teleurstel=ling, ensomeer, hulle voordoen by die mens, moet daarvoor nou ook verligting kom.[3)]

Waar die jeug in die rusteloosheid van hierdie tydperk staan, is hulle gedurig blootgestel daaraan om hulle toe=vlug tot slopende genotmiddels te neem om sodoende vir hulle rustelose gemoed kalmte te vind. Dit is 'n verskyn=sel wat hom in toenemende mate in al die groter dorpe en stede van Suid-Afrika begin voordoen.[4)] Selfs die plat=teland is nie meer so ongeskonde nie.

---

1. Van Hoepen, H.E., "Psigiatriese Oorsake vir die Af=hanklikheid van Verdowingsmiddels", in Grobler, J.A., <u>Dwelmmiddels Vyand Nr 1</u>, p. 73.
2. Ibid., p. 74.
3. Vgl. Ibid., p. 74.
4. Vgl. Ibid., p. 71.

Waar seksuele vryheid voorkom, word dit algemeen aange= tref dat gewoontevormende stimulante gebruik word in die hoop dat dit die opwinding sal verhoog, totdat die ganse kaartehuis in duie stort en 'n gefrustreerde, wanaange= paste mens agtergelaat word.

Die dwelmmiddelgevaar in Suid-Afrika moet gesien word as in sy wordingstadium, maar "dat ons ons betyds sal verge= wis van waaroor dit presies gaan, wat die rede is wat daartoe aanleiding gee - in soverre dit vasgestel kan word - en wat die oplossing van die probleem is - in so= verre dit bedink kan word."[1)]

## 4.5 DIE KONDISIONERINGSPROSES VAN MUSIEK BY DIE JEUG

Ook op die terrein van die musiek is die jeug vandag blootgestel aan aftakeling.[2)] "Een van die doeltref= fendste maniere waardeur die gedagte van die sinloosheid van die lewe, deur toeval beheers, op subtiele wyse ge= propageer word, is deur die moderne musiek."[3)]

Dit gaan hier om die sogenaamde "pop"-musiek, "Rock-" en "Underground"-musiek. Daar word ook gepraat van psige= deliese musiek, geesvernietigend,[4)] waaroor daar duide= likheid behoort te heers in elke huis, sodat die jeug

1. Jordaan, G.J., "Die Rol van die Onderwys en Opvoeding in verband met die Bestryding van Dwelmmiddels", in Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr 1, p. 202.
2. Vgl. p. 74 van hierdie proefskrif.
3. Zeeman, M.T.S., Nuwe Hoop vir 'n verwarde Wêreld, p. 27.
4. Vgl. Ibid., p. 29.

ook daarmee vertroud gemaak kan word, om te besef wat verkeerd en wat reg is. Ook in hierdie verband sal die skool, deur sy weerbaarheidsprogram, 'n bydrae moet lewer om die jeug op te voed in die musiek. Die siel van die jeug moet teen hierdie skadelike elemente bewaar word. Sy gees moet nie beskadig word deur dit wat eintlik van waarde moet wees nie.

In hierdie musiek speel kondisionering 'n groot rol. Onder "kondisionering" word verstaan dit wat verkry wil word deur middel van 'n geleidelike leerproses.[1)] Die jeug moet dus deur middel van die musiek in 'n sekere ongewenste geestestoestand gebring en daar gehou word sodat hulle 'n geestesverandering kan ondergaan. Die jeug word geestelik afgetakel om geen sin in die behoudende te hê nie.

Daar is veral twee maniere waarop daar deur middel van die musiek 'n aftakelingsproses by die jeug gevoer word - die slag en ritme, en die woorde van die liedjies.

Dit is 'n algemeen erkende feit dat goeie musiek die mens verhef en bevry. Netso kan dan aanvaar word dat die banale lawaaimusiek en die oorverdowende geluide van 'n deel van vandag se rumoerige popmusiek waaraan die jeug blootgestel word, die teenoorgestelde uitwerking sal hê.[2)]

---

1. Vgl. Lamprecht, D., "Kondisionering, die Jeug en Musiek", in <u>Roeping en Riglyne</u>, Desember 1974, p. 4.
2. Vgl. a) Kok, B., "Die Invloed van Musiek in die Lewe van die Mens", in <u>Handhaaf</u>, Augustus 1972, p. 20.
   b) Rudolph, C., "Die Afrikaner se Plek en Taak in die beoefening van ligte Musiek", in <u>Handhaaf</u>, Augustus 1972, p. 29.

Nou is dit so dat hierdie ritme van die musiek ingestel is op die ritme van die menslike liggaam - die polsslag. "Die 'pop'-musiek spreek veral die tiener aan vanweë die konsentrasie van die musiek en teks op die liggaam= like en die opwek van erotiese gevoelens. Hierin asook in die herhaling van enkelvoudige idees en die stygende intensiteitsvlak lê die skadelikheid van die meerderheid 'pop'-musiek. Dit kweek 'n eenrigtingdenke wat geen teë= spraak duld nie, maar slegs die eie denke luider en in= tenser herhaal."[1)]

Dit is bekend watter gevaarlike hipnotiese bedwelming die musiek op die jeug het. "Hierdie hekseketel van woeste en wanluidende klanke het 'n bedwelmende, sinnelike uit= werking op die jongmens wat net deur die dodelike ritme daarvan vasgevang word. In hierdie opgehitste toestand is hulle besonder ontvanklik vir die sinistere, bose sug= gestie van die liedjies wat dikwels deurspek is met die bendewoorde vir dwelmmiddels, geslagtelike verkeer, en= sovoorts."[2)]

Die tweede gevaar van die liedjies lê in die oorwegende twyfelagtige strekking van die woorde.[3)] Dit is ook baie

---

1. Lamprecht, D., op. cit., p. 5.
2. a) Kok, B., op. cit., p. 20.
   b) Vgl. Zeeman, M.T.S., op. cit., p. 29.
3. In die woorde van die volgende liedjie word die ge= bruik van dwelmmiddels gepropageer:
   "One pill makes you larger, and one pill makes you smaller.
   And the one that mother gives you don't do anything at all.
   Go ask Olive when she's ten feet tall,
   And if you go chasing rabbits, and you know you're going to fall,
   Tell'em a hooka-smoking caterpillar has given you the call.....
   Feed your head, feed your head."

opmerklik dat die woorde gewoonlik oordonder word deur die musiek, sodat die woorde met die eerste hoorslag nie duidelik onderskei kan word nie. Ook dit is doelbewus so saamgestel sodat die jeug eers gekondisioneerd moet raak aan die musiek en wanneer die werklike betekenis van die woorde tot hulle deurdring, dit reeds in die on=derbewussyn vasgelê is en die betekenis dan geen saak meer maak nie. Behalwe reeds genoemde afwykings wat in die liedjies gepropageer word, word opstand en revolu=sie[1] ook aangemoedig soos in die volgende woorde van een van die liedjies: "It is time for fighting in the streets, boys; it is time for vi-o-lent re-vo-lu-tion!"[2] "Pablo Casals het na hierdie skommel-stommel-musiek ver=wys as 'gif wat verklank is'."[3]

Behalwe die ongesonde uitwerking wat die liedjies het, is feitlik almal in Engels geskryf. Dit bring mee dat wanneer die jeug spontaan begin sing, dit alles in En=gels gedoen word.[4]

Baie insiggewend is die feit dat Rusland 'n verbod op die

---

1. In die volgende woorde word revolusie aangeblaas:
"Sting-up every aristocrat,
Jail all the priests and let them live on their fit
Down with the ruling class,
Throw all the generals out on their a....
Why do they have the power?
We want our rights and we don't care how;
We want our revolution now".
2. a) Kok, B., op. cit., p. 20.
b) Vgl. Lamprecht, D., op. cit., p. 8.
c) Vgl. Zeeman, M.T.S., op. cit., p. 28-29.
3. Kok, B., op. cit., p. 20.
4. Vgl. Cillie, G.G., "Waarheen met die Afrikaanse Volkslied?", in Handhaaf, Januarie 1972, p. 8.

musiek geplaas het. Dit spreek vanself as verder bekend word dat jeugmisdaad met een derde in Rusland afgeneem het nadat die verbod op die musiek geplaas is.[1] Wat nie goed genoeg vir die kommunistiese jeug was nie, word nou gebruik om ook die jeug van Suid-Afrika af te takel.

Saam met die popmusiek word daar ook die popfeeste aan=gebied waar jongmense doelloos rondlê. Hierdie jong=mense se kleredrag is vuil en slordig; hulle aanbid pop=helde met lang, vuil, smerige hare. Op die maat van psigedeliese musiek word die jeug opgesweep tot 'n histe=riese, dierlike ekstase. Die gevaar van blywende beska=diging van die gehoororgane, die senustelsel en bloeds=omloop is nie uitgeskakel nie.

Deur hierdie musiek vind subtiele indoktrinasie plaas en word die skanse van weerbaarheid afgebreek. Die Gods=lasterlikheid[2] van die musiek spreek duidelik uit die popopera, "Jesus Christ Superstar".

## 4.6 <u>TEKENS VAN VOLKSVERVREEMDING</u>

Onmiskenbaar word die tekens van denasionalisasie by die jeug waargeneem. Die jeug is besig om hulle los te maak van hulle volk,[3] gee volksideale prys, om kleurloos en beginselloos te word en daardeur ten prooi te val van

1. Vgl. a) Lamprecht, D., op. cit., p. 8.
   b) Zeeman, M.T.S., op. cit., p. 29.
2. Vgl. Zeeman, M.T.S., op. cit., p. 29.
3. Vgl. p. 55 en 56 van hierdie proefskrif.

vreemde en goddelose ideologieë, waarvan die Kommunisme, die Liberalisme en die Neo-Marxisme die grootste bedreiging vorm.

Gedurende die negentiende eeu was dit juis die Liberalisme wat die nasionale ontwaking van volke gestimuleer het en 'n belangrike rol in vryheidsoorloë gespeel het, wat nou gedurende die twintigste eeu 'n wesenlike faktor in die denasionaliseringsproses by volke geword het.[1)]

Die denasionaliseringsproses word ook gekenmerk deur 'n rustelose atmosfeer wat daar heers onder andere op die gebied van volksverhoudings. Baie mense word vasgevang in die gees van een groot mensgemeenskap, "wat nie net in die godsdienstige geloof 'n wêreldwye broederskap vorm nie, maar ook in die maatskaplike verkeer, politieke organisasie, die huwelik, kultuur en nasionaliteitsgevoel die tydperk van afsonderlike nasionale bestaan sou ontgroei het of behoort te ontgroei."[2)]

Op alle terreine word daar vandag 'n proses van eendersvormigheid aangetref. Die nasionale is besig om sy uniekheid te verloor. So is daar eintlik nie meer 'n wesentlike verskil tussen die platteland en die stad nie. "Die eie word soos die ander, en daarmee die liefde vir die eie soos die liefde vir die ander, of selfs sonder

---

1. Vgl. a) van der Walt, T., "Die Liberalisme en die Nuwe Weste", in <u>Magte en Ideologieë van ons Tyd</u>, p. 29.
   b) Vgl. p. 71 en 72 van hierdie proefskrif.
2. Treurnicht, A.P., <u>Onder die Soeklig</u>, p. 26.

liefde."[1]

Die slaafse navolging van die volksvreemde bring in die gees van die jeug verwarring.[2]

Die huidige tydsgewrig leer die mens ook om onbegrens te dink wat die individu, die huis, die gemeenskap en die staat betref. So word daar byvoorbeeld nie net meer van die mense van Suid-Afrika gepraat nie, maar van Suider-Afrika, van Afrika of selfs ook van die Weste. "So word geleidelik die nasionale vir die internasionale verruil en leer die mens om onbegrens te dink. Hierdie interna=sionale verander spoedig in 'n supra-nasionale. En as mens eers daar is, tree die ontankering spoedig in."[3]

Die toestand van ontankering van die jeug is die situasie waarna die Kommunisme op die uitkyk is, want dan het daar niks meer oorgebly van die volk nie.[4] Die eie waardes het plek gemaak vir die waardes van die burgers van die wêreld. Vreemde tendense wat by die jeug waargeneem word, die belangeloosheid in volksfeeste is tekens van de-nasionalisasie wat die klem op jeugweerbaarheid plaas.

## 4.7 GODSDIENSVERWAARLOSING

Na die laaste wêreldoorlog het die proses van ekonomiese

1. Schutte, B.C., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van vandag", in Volkskongres vir Opvoeding en Onder=wys, p. 173.
2. Vgl. Pieterse, J.E., Wat is verkeerd met die tipiese Afrikaanse Huisgesin?, p. 12.
3. Schutte, B.C., op. cit., p. 173.
4. Vgl. p. 54 van hierdie proefskrif.

herwinning so vinnig versnel dat die begeerte en nood=saaklikheid vir godsdienstige herlewing begin verdof het.[1)]

Die godsdienstige lewe is vervlak as gevolg van die on=heilsame uitwerking van finansiële en ekonomiese voor=spoed. Hierin lê ook 'n groot gevaar vir die Afrikaner=volk, want dit gaan goed in die Republiek van Suid-Afri=ka. Let maar op die behuising, motors en nog ander weel=deartikels. Die mens is so ingestel op ekonomiese voor=spoed dat die Bybel sy plek in die huis begin verloor, want tyd het te min geword. Die huis, waar ook die gods=dienstige grondslag gelê moet word, bied dit nie meer vir die kind nie. Die wêreld waarin hy gebore word, bied hom nie meer daardie anker waaraan sy hele lewe en voortbestaan gekoppel moet wees nie.

'n Geweldige taak rus op die skouers van die skool, want dit bly 'n belangrike taak van die skool om hierdie be=proefde rigsnoere neer te lê. Die huis waarin hierdie beskouing geminag word, stuur 'n kind met 'n groeiende gees uit wat dikwels die godsdiensles as 'n las beskou.[2)]

Dit is nie net 'n geval van godsdiensloosheid wat ont=staan het nie, maar daar vind ook 'n sogenaamde vernuwing in die godsdiens plaas. So word gevind dat "van 'n dis=koteek vol gelukkige gesigte met 'geestelike' popmusiek en hippiedrag"[3)] gepraat word.

---

1. Vgl. van Huyssteen, J.J., "Godsdiens", in Die Unie, Mei 1970, p. 492.
2. Vgl. Ibid., p. 495.
3. Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 237.

Iets wat ook algemeen voorkom, is dat die orrel plek moes maak vir die kitaar. Deur vernuwing in uiterlike simbo= le van kleredrag en preekstoel word die plek om God met eerbied en respek te dien, 'n wêreldsimbool.[1]

Die vernuwing neig verder na een groot wêreldkerk wat 'n gevaarlike betowering van die nuwe inhou. By die nuwe gaan dit om die oorwinning oor die uiterlike en innerli= ke onenigheid. Die eenheid wat 'n obsessie geword het, stuur nie af op 'n eenheid van die waarheid nie. "Die beoogde vernuwing deur die oorwinning oor die sonde van onenigheid bly vassteek in die tragedie van 'n sondige eenheid sonder waarheid."[2]

Die na-oorlogse jongmense het in 'n tyd van rasionalisa= sie, sekularisàsie, meganisasie en te midde van alle weelde en welvaart en met al die wetenskap, kuns en teg= niek geestelik dakloos geword - 'n verlatenheid van gees het ingetree by die mens wat beweer: "God is dead; man is God's widower!"[3] Wanneer hierdie toestand van ver= latenheid by die mens intree, is die godsdiens nie meer 'n aangrypende en meevoerende ervaring vir die mens nie. "As die suiwer godsdienskultus hom nie verhef bo die sleur en roetine van die lewe nie, vind hy maklik 'n nuwe kultus - dié van die liggaam en die gevolglike behept= heid met seks."[4] Wanneer die anker van die geloof,

1. Vgl. Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 237.
2. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 26.
3. Ibid., p. 10.
4. Ibid., p. 10.

die vertroue in God ontbreek,[1] soek die mens na 'n ander uitingsbron wat deur die wêreld en sy magte gebied word.

Die besef van die gebondenheid van die gesin, aan die familiekring, aan 'n gemeenskap en 'n volk met sy eie kul= tuurverband word opsy geskuif en die massamens tree na vore. So vlug die mens weg van die gemeenskap en sy be= lange om op die langeduur in die massa te beland en deur vreemde strominge opgeskep en losgeruk te word uit sy volksverband.

Suid-Afrika beleef nog nie die ontkerstende toestande wat Europa ondervind nie. Dat daar wel 'n graad van ver= wildering bereik is, moet aanvaar word. So word beweer dat daar in die groter massas reeds ontkerstende mense voorkom.[2]

Wanneer die jongseun en jongdogter 'n suiwer pad wil ken en loop as verantwoordelike wesens voor God en medemens, is die lig van die Skrif onontbeerlik.

## 4.8 DIE VERWAARLOSING VAN DIE GESKIEDENIS EN MOEDERTAAL

Die vreemde strominge wat daarop uit is om die volkseie af te breek om sodoende die volk 'n deel van die wêreld= massa te maak, rig hom ook tot die geskiedenis en die taal.

1. Vgl. p. 54 van hierdie proefskrif.
2. Vgl. Kotze, J.C.G., Die Kerk op sy Soektog, p. 132-133.

## 4.8.1 DIE GESKIEDENIS

"Die 'geskiedenis' herhaal hom nog steeds met dié verskil egter dat nuwe faktore hulle verskyning gemaak het wat by die vorige geleentheid nie 'n rol gespeel het nie."[1] So word die geskiedenis tot sondaar verklaar, die geskiedenis wat nasionale verskille beklemtoon en tot stryd en oorloë aanleiding gee. Die Kommunisme maak egter gebruik van 'n atmosfeer van passifisme wat geskep is om sy ideaal van 'n staatslose samelewing te bevorder. Om dit te verwesenlik moet daar 'n proses van gelykmaking gepropageer word.[2]

Die geskiedenis vorm egter een van die belangrikste getuienisse om die verskille wat tussen volke en gemeenskappe bestaan, uit te wys. Dit spreek dus vanself waarom die geskiedenis subtiel ondermyn en van al sy invloede ontneem moet word. Wanneer die mens sy geskiedenis verloor en verag, word hy maklik die prooi van vreemde invloede.[3] Die Afrikanerjeug staan nie los van hierdie gevaar nie, want sy vyande besef dat wanneer hierdie vesting aangetas is, daar ver gevorder is op die pad van gelykskakeling.

Die Vaderlandse geskiedenis wat 'n saambindende faktor van die volk is, moet steeds by die jeug hoog gestel word.

---

1. Pelzer, A.N., "En bou daarop die Toekoms", in <u>Handhaaf</u>, Januarie 1971, p. 9.
2. <u>Vgl.</u> p. 49 en 63-65 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. a) Pelzer, A.N., op. cit., p. 9.
   b) p. 71 en 72 van hierdie proefskrif.

Die proses van sekularisasie is nie net besig om die mens na bo los te maak nie, maar ook na voor en na ag=ter.[1] Die mens word losgemaak van sy geskiedenis en het dus weinig binding aan die verlede. Die verlede het vir hom geen betekenis nie.

## 4.8.2 DIE MOEDERTAAL

Taalstryd is vir die Afrikaner en veral vir die Afrika=nerjeug iets van die verlede. In so 'n passiewe houding lê 'n groot gevaar, want dit lei tot verwaarlosing van die taal.

Breedt vind, volgens gegewens in sy proefskrif, die sorg=wekkende verskynsel dat slegs 49,2% van die jeug wat on=dervra is, dus minder as die helfte, eendag moedertaal=onderwys vir hulle eie kinders sou verkies. Meer as die helfte van die jeugdiges spreek die begeerte uit dat hulle kinders deur middel van dubbelmediumonderwys on=derrig moet ontvang.[2]

Die reaksie kan van twee gesigspunte gesien word. Aan die eenkant kan dit 'n geval wees dat die jeug onkundig staan teenoor die implikasies van moedertaal- en dubbel=mediumonderwys. Aan die anderkant kan dit ook wees dat die jeug so deurtrek is van die tydsgees waarin hulle

---

1. Vgl. p. 102 van hierdie proefskrif.
2. Vgl. Breedt, A., Die Kulturele Lewe van die Blanke Jeugdiges in Suid-Afrika, met besondere Aandag aan Aspekte van hulle Lewens- en Wêreldbeskouing, p. 110.

leef, dat hulle nie meer sin het aan dit wat hulle eie is nie, maar dat daar eerder gestreef word na 'n gelyk=makende, identiteitlose konformiteit waarin die taal op die agtergrond geskuif word.

Die gevaar lê egter veel dieper as wat algemeen besef word - dit raak die gees van die volk. Die Afrikaner=jeug moet opnuut besiel word met 'n ideaal.

Die Afrikaanse taal is ryk aan uitdrukkings en ook uit=drukkingsvermoë. Die verstedeliking en tegniese ont=wikkeling het ook sy invloed op die gebied van die taal laat geld. Daar het nou 'n revolusie ontstaan, want die jeug ken nie meer die uitdrukkings van die plaas nie, en lewe in 'n eeu van meganisasie. Die Engelse landgenote het alreeds geleer om by hierdie nuwe omstandighede aan te pas, ook wat sy taal betref. Die Afrikaner kom egter nou daarmee in aanraking en beskik nie altyd oor die woord om homself in hierdie nuwe situasie uit te druk nie. Die maklikste weg wat nou gevolg word, is om die bestaande Engelse woord oor te neem. Die Afrikaanse taal moet in hierdie nuwe omstandighede aangepas word, en daarom moet daar meer en meer as ooit tevore gewaak word oor die taal wat gepraat word.[1)]

Slordige taalgebruik kan onmiddellik gekoppel word aan afvalligheid aan die volkseie. In die moedertaal word die siel van die volk geopenbaar.

---

1. Vgl. Fensham, F.C., "Voorbrand op die Taalakker", in Handhaaf, Januarie 1971, p. 6-7.

## 5. SAMEVATTEND

Dit spreek vanself dat indien daar nie sonde was nie, daar ook geen nodigheid vir geestelike weerbaarheid sou wees nie. In hierdie hoofstuk het dit dan ook duidelik na vore gekom dat daar op verskillende terreine 'n bedrei=ging vir die Afrikanerjeug lê, dat daar op enige moont=lik denkbare wyse pogings aangewend word om hulle los te maak van hulle ankers aan God en aan hulle volk.

Die moderne mens is besig om deur die revolusionêre gees van die tyd vasgevang te word. Revolusie het 'n mode=woord, 'n slagkreet, geword wat met 'n versnelde tempo die gees van die moderne mens beetpak. Baie duidelik moet dit besef word dat dit letterlik op alles gemik is.

In die drie belangrikste ideologiese bedreigings, die Kommunisme, die Liberalisme en die Neo-Marxisme, word die ondertoon van permissiwiteit baie duidelik as 'n lok=aas vir die jeug uitgehang. So word die jeug getrek om aangetrokke te voel tot 'n lewensopvatting wat bots met sy eie, maar waarin die vreemde aantrekkingskrag lê, maar ook die dood skuil.

In die strominge en afvalligheid is die verbreking van die vertikale sowel as die horisontale verhoudinge baie duidelik waar te neem. In die eerste plek ontbreek die liefde tot God en tweedens die liefde tot die naaste. Die mens word dus 'n eensame wese te midde van die massa om hom.

Die jeug staan nie los van hierdie bedreigings nie, maar word elke dag daarmee gekonfronteer. Dit is nie alleen die tegnologie wat die Afrikanervolk verbyster laat staan nie maar ook die vreemde en valse ideologieë wat hom wil vernietig.

Andersyds kan die jeug ook nie geïsoleer word van hier= die onheilspellende kragte wat aktief besig is om die volbrenging van die Afrikaner se Godgegewe bestemming teen te werk nie. Geen Afrikaner wat geestelik weerbaar is en wil bly, kan neutraal staan teenoor hierdie be= dreiginge nie. Vir die Kommunis en Liberalis is dit 'n stryd tot die einde toe. Die Afrikaner sal dus, indien nog nie, tot die aanval moet oorgaan.

Nadat ondersoeker nou die bedreigings tot innerlike ver= rotting van die Afrikanerjeug probeer ontleed het, sal daar in die volgende hoofstuk gelet word op die ankers wat toegepas kan word om die Afrikanerjeug geestelik weerbaar te maak.

# HOOFSTUK III

## DIE ANKERS IN DIE PROSES VAN GEESTELIKE WEERBAAR=MAKING WAT TOT INNERLIKE VERSTERKING VAN DIE AFRI=KANERVOLK KAN LEI

### 1. INLEIDING

'n Feit wat tot elke Afrikaner, elke seun en elke dogter moet deurdring, is die toestand van oorlogvoering waarin elkeen verkeer, ook as volk in geheel. Ondersoeker ver=wys nie hier na konkrete, fisiese gevare nie, maar na geestelike ondermyning en geestelike verval van die le=wensbeskouing van die Afrikaner. "'n Lewensbeskouing, allermins die Christelike lewensbeskouing, word nie ver=nietig met swaard of geweer nie, nie deur onderwerping of onderdrukking nie - daarvan is die eeue van christen=vervolging die bewys."[1]

Selde of nooit was dit vir die Afrikaner so nodig om hom radikaal te heroriënteer oor waarheen hy moet en waarheen hy wil en om terug te keer tot die bronne van sy bestaan en van daaruit die pad vorentoe te stap. Daar mag nie meer geswyg word nie. "Sy stilte kan wel=haas die stilte van sy graf word as hy sy apatie, of sy beskeidenheid, of sy indifferentisme of sy belangeloos=heid of wat ookal nie kan afskud nie."[2]

---

1. Coetzee, J.C., Die Gevare wat ons Lewensbeskouing be=dreig, p. 1.
2. Van der Walt, T., "Die Liberalisme en die Nuwe Weste", in 'n Simposium, Magte en Ideologieë van ons Tyd, p. 38.

Die mens het sekere waardes waarvolgens sy lewe gerig word, altyd gemeet aan die Woord van God. Hierdie le=wenswaardes word nie net deur 'n sekere geslag opgebou nie, maar deur die eeue heen het dit later tradisie ge=word en word dan ook min of meer altyd deur die jeug, sodra hulle die volwasse stadium bereik het, aanvaar. Dit kan egter ook gebeur dat hierdie tradisies aangepas word by die behoeftes van die tyd waarin die mens leef, maar dit wil nie sê dat daar noodwendig verandering moet wees net ter wille van verandering nie.

Die geskiedenis het geleer dat daar soms tye voorkom waarin daar revolusionêre verandering of slefs verontag=saming van hierdie waardes, tradisies en kultuurinhoude plaasvind. Die huidige tydsgewrig doen hom voor as 'n verandering. Die jeug staan midde in hierdie gees van revolusie wat hulle probleme bemoeilik en simpatie van die ouergeslag verg. Nou is dit egter ook so dat baie volwassenes juis die voorbeeld stel vir afwykings van aanvaarde en gevestigde norme in die gesins- en gemeen=skapsverhoudings wat in die verlede reg, goed, mooi en voordelig was.[1)]

In die weerbaarheidsprogram van elke onderwyser sal die aanvaarding van bestaande tradisies 'n belangrike plek moet inneem. Die gees van verandering - revolusie[2)] - sal op 'n baie diplomatiese wyse teengewerk moet word,

1. Vgl. Grobler, J.A., "Omgewings- en aanverwante Fakto=re en die Misbruik van en Verslawing aan afhanklik=heidsvormende Stowwe", in Grobler, J.A., op. cit., p. 176.
2. Vgl. Hoofstuk II van hierdie proefskrif.

wanneer daar besef word dat dit gaan om die behoud van die eie, dit wat aan die Afrikanervolk behoort, maar om die volk self ook.

Wanneer die volksverdelende en vervreemdingselemente van die ideologieë, in die vorige hoofstuk behandel, in ge= dagte gehou word, kan daar dus begryp word watter ver= warring en twyfel dit kan bring in die volkseiendomlike. Dit is dan wanneer die nasionale gevoel en vaderlands= liefde as iets uit die bose beskou word.

Die uitlatings wat gemaak word dat daar geen verskille tussen mense bestaan nie; dat wet en orde ondergrawe moet word; dat daar meer vryheid moet wees; dat die we= tenskap die tradisionele godsdiens moet vervang, het al= gemeen bekend geword.[1] As dit slegs uitlatings sou bly, dan was daar geensins sprake van gevaar nie, maar dit word in ideologieë opgeneem en hulle is bewus van die afhanklikheid van die jeug.

Dit is dus van die uiterste belang dat elke geestelik weerbare onderwyser en ouer, en elke onderwyser en ouer behoort weerbaar te wees, oor die nodige kennis sal be= skik, sodat dit nie ook van die Afrikanervolk gesê kan word nie: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan ken= nis."[2]

Die Afrikanerjeug moet daarvan bewus wees waarvoor om te

1. Vgl. Grobler, J.A., op. cit., p. 177.
2. Hoséa 4:6.

offer en te veg, maar hulle moet ook bewus wees waarteen om te veg.

In die proses van die geestelike weerbaarmaking van die jeug is daar verskeie ankers waaraan die jeug geanker moet wees. "Die belangrikste van hierdie ankers is seker lewensbeskouing."[1] In hierdie soeke na kennis moet elke seun en dogter deeglik bewus wees van die lewens- en wêreldbeskouing waarin hulle as Afrikaners wortel. Dit moet nie slegs in teorie wees nie, maar dit moet in die praktyk uitgevoer word. Dan sal die Afrikanerjeug werklik weerbaar wees teen vreemde ideologieë en ander bedreigings.

## 2. DIE CHRISTELIK-NASIONALE LEWENSBESKOUING AS VERTREKPUNT TEEN VREEMDE IDEOLOGIEË

### 2.1 'N ONTLEDING VAN DIE LEWENSBESKOUING

#### 2.2.1 INLEIDING

Dit gaan vir ondersoeker nie hier om 'n ontleding van 'n lewensbeskouing as sulks nie, maar eerder om 'n lewensbeskouing as dryfkrag wat lei tot geestelike weerbaarheid, die grondslag van alles wat die mens doen, die diepste beweegredes van die mens se doen en late. Die lewensbeskouing wat mense oortuig oor grondliggende dinge.[2]

---

1. Jooste, A.J.C., "Die Onderwys as Roepingsbewuste Gemeenskaps- en Volksdiens", in Die Skoolblad, September 1971, p. 9.
2. Vgl. de Klerk, W.J., Tussen twee Pole, p. 47.

"Elke mens, elke volk, elke tydvak in die geskiedenis is gebind aan 'n lewensbeskouing. Die krag agter oorloë, beleidsrigtings, standpunte en gedragspatrone is 'n le= wensbeskouing. Die uitgangspunt vanwaar jy in jou op= trede vertrek; die agtergrond van jou lewenswyse; die kragopwekker van jou doen en late - dit is lewensbeskou= ing: die diep oortuigings wat gehuldig word oor God, geloof, sedelikheid, kuns, politiek, volk, kerk, ont= spanning, en sommer al die kerndinge van die lewe."[1]) Hierin lê 'n samevatting van die lewensbeskouing van die mens. Dit is die allesomvattende wat die mens rig en lei deur sy hele lewe en veral dan ook in die opvoe= ding.[2])

Die mens van die twintigste eeu is geneig om homself te onderwerp aan alles wat na vooruitgang en ontwikkeling lyk. Dit is asof die mens deur die stroom gevang is en meegesleur word. Die reaksie wat nou waargeneem kan word, kan een van twee dinge wees. Òf dit kan wees om eenvoudig mee te doen, òf om wal te gooi en in verset te kom.[3]) Die jeug moet weerbaar gemaak word om in verset te kom, om wal te gooi en nie deur die stroom meegesleur te word nie.

In die lig van bogenoemde is dit dan baie duidelik dat

---

1. De Klerk, W.J., op. cit., p. 47-48.
2. Vgl. Strydom, A.H., Die Taak van die Skool as Samele= wingsverband met betrekking tot die Voorbereiding en Toerusting van die jeugdige Leier vir sy Taak in 'n gedifferensieerde Samelewing, p. 29.
3. Vgl. Alberts, L., "II Wêreldbeskouing en Lewensopvat= ting", in Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jaarvergadering, Junie 1968, p. 47.

elke seun en dogter, elke jong man en jong meisie, ja, elke Afrikaner rekenskap sal gee van sy of haar lewens= beskouing, soveel te meer nog gesien teen die lig van die vreemde lewensbeskouinge of ideologieë wat hoogty vier in Suid-Afrika. As daar nie gewaak word nie, kan alles wat in die drie eeue opgebou is, binne enkele jare tot niet wees. "Die Kommunisme is 'n lewensbeskouing wat ons beloer. Die Liberalisme is 'n lewensbeskouing wat besig is om ons te verskeur."[1)]

2.1.2 DIE LEWENSBESKOUING OMVAT DIE HELE MENS

'n Lewensbeskouing is innig en innerlik verbind met die diepste roersele van die menslike sielelewe, met die diepste van sy bestaan, sy hart, met sy hele persoon= wees.[2)] "Die menslike 'hart' is die middelpunt, die kern van sy hele lewe."[3)] 'n Lewens- en wêreldbeskouing kan volgens die twee basiese rigtings van die hart gerig wees op God of gerig wees op 'n afgod.[4)]

Die lewensbeskouing wat die oortuiging van die hart is, kan nie van die oortuiging en lewenskoers van die mens geskei word nie. Die hele mens is betrokke by menslike

---

1. De Klerk, W.J., op. cit., p. 48.
2. Vgl. Bernard, P.B., 'n Ondersoek na die Implementering van die Nasionale Beginsel in die Onderwysbeleid en -praktyk van die Vrystaat vanaf Republiekwording 1854 tot en met Uniewording 1910, p. 10.
3. Van Wyk, J.H., Ons Christelike Lewensbeskouing, p. 1.
4. Vgl. a) Strauss, H.J., Christelike Lewens- en Wêreld= beskouing, p. 7.
   b) Vgl. Botha, M.E., "Die Student se Lewens- en Wêreldbeskouing", in Riglyne, Oktober 1973, p. 14.

aktiwiteite en hierdie aktiwiteite word bepaal deur die hartegerigtheid. Wanneer die bron van lewensuitinge reg is, sal die mens ook weerbaar wees en sorg vir 'n weerbare volk.

### 2.1.3 DIE LEWENSBESKOUING VORM 'N KRAGOPWEKKER, 'N DRYFKRAG

"Die lewensbeskouing van die mens is sy kragsentrale. Dit dryf die mens voort tot handeling, aktiwiteit."[1] Ook in hierdie aktiverende krag van die lewensbeskouing lê die krag van weerbaarheid opgesluit. Die draer daar= van word begeester tot aksie; dit spoor hom aan om teen= stand te bied, om te veg vir die eie.

Elke menslike daad word geïnspireer deur sy lewensmo= tief. Die lewensbeskouing vorm die kern van die lewens= motief van die mens. Alle standpunte, beleide, ideale en norme van die mens word hieruit gebore.[2] Die dryf= krag agter die hele lewe van die mens lê hierin opge= sluit.

Sonder hierdie kragopwekker sal daar in die weerbaar= heidsmondering geen dryfkrag wees nie. Die lewensbe= skouing vorm die stuurapparaat van die lewe van die mens.

1. Van Wyk, J.H., op. cit., p. 1.
2. Vgl. Ibid., p. 1.

## 2.1.4 DIE LEWENSBESKOUING VORM 'N FONDAMENT

Die lewensbeskouing is fundamenteel van aard, omdat dit bestaan uit antwoorde wat die mens gee op fundamentele vrae aangaande God, mens en wêreld in hulle onderlinge verhoudings.[1] Alle vraagstukke word benader vanuit die lewensbeskouing van die mens.

In die lewensbeskouing lê die fundamentele oortuigings aangaande die mens, die medemens, die menslike natuur, God en die sin van die menslike lewe in hierdie wêreld. Die religieuse geregtigheid van die menslike hart deter=mineer en kleur die lewensoortuiginge.[2]

Daar is verskillende vrae aangaande God, Sy Woord, gods=diens, die oorsprong van die mens, die sin en doel van sy bestaan, aangaande wat goed en kwaad, reg en verkeerd is, aangaande beginsels, norme, waardes en motiewe waar=op die mens fundamentele antwoorde moet vind. Al hier=die diepste lewensvrae wat by die mens opkom, vind sy fundamentele antwoorde in die lewensbeskouing van die mens.[3] In hierdie fundamentele waarhede ontdek die mens ook sy totale verbondenheid en afhanklikheid van God.[4]

Die mens wat nie skroom om Christus te bely in die diep=ste sin van die woord nie, hy is werklik geanker, 'n

1. Vgl. Stoker, H.G., op. cit., p. 14-15.
2. Vgl. Botha, M.E., op. cit., p. 14.
3. Vgl. van Wyk, J.H., op. cit., p. 1-2.
4. Vgl. Alberts, L., op. cit., p. 47.

weerbare mens. Hy is geanker aan die Rots en geen winde van verandering sal hom losruk nie en hy sal kan leef in die ware vryheid.

'n Lewensbeskouing kan nie die vrug van eie denke, wil of begeerte wees nie, want dit het sy oorsprong in die Woord van God, die Bybel. Die lewensbeskouing word vanaf die eerste lewensoomblikke, in sy ouerhuis, in die siel van die mens ingedra. Hy groei daarin op en so word dit sy eie.[1)] Die mens kan nie neutraal staan nie, want die lewensgebou verrys op die lewensbeskouing as fondament.

So moet geestelike weerbaarheid reeds vroeg in die lewe van die jeug gekweek word. In die ouerhuis en skool moet dit saam met die kind groei en ontwikkel op 'n fon= dament waarop dit nie sal wankel nie maar vasgeanker sal staan.

### 2.1.5 DIE LEWENSBESKOUING IS ALLESOMVATTEND

'n Lewensbeskouing is omvattend in die sin dat elke mens een het.[2)] "Dit is my oortuiging dat elke mens, bewus of onbewus, 'n lewensbeskouing het wat sy lewensrigting - of rigtingloosheid - bepaal en wat inhoud - of inhoud= loosheid - aan sy lewe gee."[3)]

---

1. Vgl. a) Raath, R.J., "My Nasionale en Christelike Le= wensbeginsels", in Potgieter, G.J., My Lewens= norme, p. 44.
   b) Strydom, A.H., op. cit., p. 30-31.
2. Vgl. a) van Wyk, J.H., op. cit., p. 2.
   b) Strauss, H.J., Christelike Lewens- en Wêreld= beskouing, p. 8.
3. Raath, R.G., op. cit., p. 44.

'n Lewensbeskouing is ook omvattend, "omdat dit bepalend is vir die siening van die mens met betrekking tot die oorsprong, wese, doel en bestemming van die totale le=wenswerklikheid - of dit politiek, godsdiens, opvoeding, onderwys, kuns, ontspanning of wetenskap is. Geen en=kele terrein is van die lewensbeskouing te isoleer of daarvan uitgesluit nie."[1] Hierdie allesomvattendheid sluit ook die proses van weerbaarheid in.

### 2.1.6 DIE LEWENSBESKOUING STAAN IN DIE NOUSTE VER=BAND MET 'N GEMEENSKAP

Die lewensbeskouing is nie slegs 'n basiese deel van die lewe van die individu nie, maar staan ook altyd in die nouste verband met die gemeenskap waarin die mens hom as lid bevind. Dit is die gemeenskap wat die lewensbeskou=ing vorm en dra.[2]

Volgens die Woord van God word die mens geroep om binne sy verband sy deel te doen.[3] Eendersdenkendes sal me=kaar dan ook opsoek en na isolement en solidariteit soek. Hulle moet egter nie so afgesluit wees as 'n een=heid nie maar hulle moet ook die metodes en bedreiging van anderdenkendes om hulle kan waarneem en weerstaan. In hulle weerbaarmaking moet die jeugdiges so opgevoed

---

1. Van Wyk, J.H., op. cit., p. 2.
2. Vgl. a) Meyer, P.J., "Die Nasionale Grondbeginsels van die Opvoeding en Onderwys in Suid-Afri=ka, meer bepaald ten opsigte van die Afrika=nerjeug", in _'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys_, p. 90.
   b) van Wyk, J.H., op. cit., p. 2.
3. Vgl. Raath, R.J., op. cit., p. 44.

word dat hulle hulleself nie sal isoleer nie, maar ten spyte van die vreemde hulle eie lewensbeskouing ook nie sal verwerp nie.

## 2.1.7 DIE LEWENSBESKOUING DRA DIE STEMPEL VAN TRADISIE

"'n Bepaalde lewensbeskouing kom uit 'n bepaalde tradisie na vore."[1] Dit wil geensins impliseer dat die lewens= beskouing nie met die tyd kan tred hou nie. Die geson= de lewensbeskouing behou die goeie uit die verlede, maar neem ook die goeie en skone uit die hede aan en bou die toekoms daarop.

Sonder om konservatisties en progressivisties te wees, kan 'n gesonde lewensbeskouing egter konserwatief en pro= gressief wees. Beginsels moet die enigste maatstaf wees waaraan 'n lewensbeskouing gemeet moet word en beslis nie tradisie of progressie nie. So sal 'n Christelike le= wensbeskouing uit die goeie van die tradisie put, gemeet aan die hand van Skrifnorme. Dit sal hom egter ook ver= gewis van die eise van die hede en toekoms en organies daaruit groei, maar dit bly steeds Skrifgebonde.[2]

In hulle weerbaarmaking moet die jeug gelei word om die verlede met sy tradisies nie te verwerp nie, maar die kosbare daaruit te neem en saam met die skone en mooie

1. Van Wyk, J.H., op. cit., p. 44.
2. Vgl. a) Strauss, H.J., op. cit., p. 8-9.
   b) van Wyk, J.H., op. cit., p. 3.

van die hede te voeg, om 'n kragtige lewensbeskouing te bou. So 'n lewensbeskouing waarborg beginselbehoud, maar bied ook 'n voortdurende vernuwing en verandering volgens die eise wat die tyd stel, maar steeds in die lig van die beginsel. Ewewigtige oordeel en suiwere onderskei=dinge word gewaarborg. Verder gee dit aan die lewens=beskouing sy roepingsdimensie, sy strydvaardigheid, sy nugterheid, sy perspektief op verlede, hede en toekoms en sy ingrypende konsekwentheid en belydende denke, wat die duisternis bestry en die ryk van die lig in alles begrens.[1)]

In die besinning oor die lewensbeskouing het dit ook duidelik geword dat die Christelike lewensbeskouing moet groei uit die Christelike wysbegeerte, uit die Bybel, die Woord van God. Die Christelike lewensbeskouing is die enigste norm waarvolgens die jeug weerbaar opgevoed kan word.

## 2.2 <u>DIE CHRISTELIKE LEWENSBESKOUING AS DIE ALLES=OMVATTENDE IN DIE PROSES VAN GEESTELIKE WEER=BAARMAKING</u>

### 2.2.1 <u>INLEIDING</u>

Nadat daar 'n ontleding gemaak is van die lewensbeskou=ing, is dit verder van belang om die Christelike lewens=

---

1. Vgl. de Klerk, W.J., "I Die Bedreiging van ons Wêreld=beskouing en Lewensopvatting", in <u>Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns</u>, Jaarvergadering, Junie 1968, p. 117-118.

beskouing te ondersoek. Die Afrikaner glo dat indivi=due en volke deur God geskape is en dat die mens 'n ewige bestemming het. Die Bybel is die openbaring van God aan die mens.

Die Godsidee of Godsbegrip is die deurslaggewende faktor in die lewensbeskouing van die mens wat die Christelike belydenis aangaande God erken. Hierin lê ook die krag van weerbaarheid. Maar wanneer die mens God nie erken as die enigste God van hemel en aarde nie, kom daar be=wustelik of onbewustelik 'n soeke, kragtens die religieu=se aard van die mens, na 'n (af-) god of idiool as plaas=vervanger.[1]

Omdat die lewensbeskouing van die Afrikaner Christelik is, moet die wyse waarop elkeen as individu en as volk lewe, 'n voorbeeld wees van die mooiste wat uit die Chris=telike leer vloei. Dit is in die Christelike geloof dat die mens tot sy diepste self kom, sy kindskap met God, sy ewigheidsbestemming.[2] In die Christelike geloof word die diepste verwantskap van die mens met sy mede=mens geopenbaar en uit hierdie objektiewe verwantskap vloei daar deur die Christelike liefde die diepste sub=jektiewe verbondenheid van mens tot mens voort.

Die hart en die hoof moet 'n eenheid vorm. "En niet al=leen herstelt de Christelijke wereldbeschouwing objec=tief de harmonie tusschen natuurlijke en zedelijke orde,

1. Vgl. Botha, M.E., op. cit., p. 15.
2. Vgl. Couwenberg, S.W., <u>De Vereenzaming van die Moder=ne Mens</u>, p. 96.

maar daardoor brengt zij ook subjectief tusschen ons denke en ons doen, tusschen ons hoofd en ons hart eene heerlijke eenheid tot stand."[1] Die geloof uit die hart moet die hele mens omsluit. So moet die geloof ook die weerbaarmaking van die jeug rig en lei.

Die tyd het aangebreek dat die jeug, dat elke mens die oë van die siel moet draai na die lig. "Dan sal ons deur ons denke, ons redenering, ons waarneming, ja, deur elke moontlike manier waarop ons tot kennis kan kom, on= ontkombaar gevoer word tot die ontsaglike waarheid dat elke goeie daad, alle ware kennis, ja, die ganse skep= ping rus op die ewige berge van hoë, onberispelike sede= likheid en moraliteit."[2]

### 2.2.2 DIE CHRISTELIKE LEWENSBESKOUING - DIE BELANG= RIKSTE GEESTESERFENIS VAN DIE AFRIKANERVOLK

'n Groot deel van die Afrikanervolk spruit voort uit men= se wat bereid was om alles prys te gee solank hulle hul= le diepgewortelde godsdienstige oortuiging kon behou.[3] Die Christelike geloof van waaruit en waarin al sy gees= tesinhoude, lewensnorme en ervarings voortkom, is die wesenlikste en belangrikste geesteserfenis wat die Afri= kaner ontvang het. Die Christelike geloof behels die koninkryk van Christus wat nie van hierdie wêreld is

---

1. Bavinck, H., Christelijke Wereldbeschouwing, p. 85.
2. Kotzee, A.L., 'n Ideaal vir ons Jeug, p. 25.
3. Vgl. Roux, A.J., "II Die Afrikaner se Erfenis", in Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jaarvergadering, Junie 1968, p. 104.

nie. Dit behels verder die kindskap van God, wat bete= ken dat daar beslag gelê word op die hele mens, want dan alleen kan jy werklik kind van God wees. Die geloof neem ook die afstand tussen mens en God weg, maar kan dit nie ophef nie. Die mens wat in sonde verval, maar in Chris= tus opgerig, herskape en medewerker van God is, die kerk as gemeenskap van gelowiges en die verkondiging van die Evangelie en die bediening van die sakramente tot eer van God, vorm deel van die Christelike geloof.[1]

As jong volk het die Afrikaner 'n volkskarakter wat vanaf sy ontstaan gegroei het uit 'n Christelik-Protestantse geloofsoortuiging in sy Calvinistiese vorm.[2] Die tot= standkoming van die Afrikanervolk, hier aan die suidpunt van Afrika, is sekerlik geen toevalligheid nie. Die Afrikaner glo dàt God dit so in Sy raadsplan beskik het dat die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika ge= plaas en gevestig is met 'n doel. Die erfenis van die Afrikaner lê in die vervulling van hierdie roeping.[3]

### 2.2.3 <u>DIE GODSDIENS BEWAAR DIE VOLK VAN DIE WÊ= RELDSE MAGTE</u>

Die invloed van die godsdiens mag nooit onderskat word nie. So word dit toegeskryf aan die godsdiens, wat die Afrikaner saam met hom die binneland ingedra het, dat hy

---

1. Vgl. a) Kock, P. de B., <u>Christelike Wysbegeerte</u>, p.15.
   b) Meyer, P.J., <u>Trek Verder</u>, p. 3.
2. Vgl. a) Meyer, P.J., <u>op. cit.</u>, p. 54.
   b) van Wyk , J.H., op. cit., p. 3.
3. Vgl. Roux, A.J., op. cit., p. 104.

nie verwilderd geraak of in verbastering oorgegaan het nie. Die Afrikaner was afgesonder van die Europese be= skawing, omring deur barbare, maar tenspyte van hierdie isolasie waarin hulle verkeer het, het hulle ontwikkel tot 'n unieke volk, maar in hierdie proses het hulle al= tyddeur hulle godsdiens behou. Dit was die fondament wat hulle karakter en lewensuitsig gekenmerk het.[1] Hieruit het hulle lewensbeskouing gegroei.

Vandag is die Afrikaner nie in isolasie nie, maar is om= ring deur vreemde magte en ideologieë wat die Afrikaner wil losmaak van sy volkseie - wat hom wil verbaster. Hierdie magte kom oor land, oor die water en deur die lug. In die huidige tydsgewrig sal dit ook die gods= diens van die Afrikaner wees - sy Christelike geloof en Christelike lewensbeskouing - wat hom weerbaar sal maak teen hierdie bedreiginge. Die Afrikanerjeug sal inge= skerp moet word, sodat hulle hele doen en late godsdien= stig georiënteerd moet wees; dat die godsdiens hulle uitsig op die lewe moet beheers; die godsdiens moet as een van hulle uitstaande trekke beskou word.

Die jongmens het 'n behoefte aan godsdiens. Deur sy godsdiens word 'n skuldbesef by die jongmens gewek en hy soek vergifnis by God.[2] In hierdie tydperk kom daar ook vertwyfeling en onsekerheid en kan dit baie maklik gebeur dat die jongmens in hierdie geestestoestand mak=

1. Vgl. Nepgen, C.C., Die Sosiale Gewete van die Afri= kaanssprekende, p. 58.
2. Vgl. van Wyk, A.W., 'n Krities-Sosiologiese Studie van Afrikaanse Jeugorganisasies, p. 267.

lik vatbaar vir vreemde invloede is. Daarom is dit baie belangrik vir die jongmens om gedurende hierdie periode suiwer en sober godsdienstige leiding te ontvang om hom oor hierdie tydperk van twyfel en soeke heen te help.

In hierdie geestesvorming lê die vorming van die Afrikaanse persoonlikheid met kenmerkende lewenstyl, en elke individuele Afrikaner gee 'n ryke verskeidenheid daaraan. Hierdie lewenstyl is in die Afrikaanse persoonlikheid verkonkretiseer en dit is 'n uitdaging van die Afrikaanse geloofshouding en geestesbesit. Dit is 'n lewenstyl wat getuig: "As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Anders gestel, as God vir ons is, maak dit nie saak watter wêreldse magte teen ons is nie."[1)]

Die Christenmens op aarde is geroepe om God te verheerlik in al sy handelinge. Geen enkele daad of handeling van die mens staan neutraal teenoor God nie. Dit beteken dus ook dat dit verkeerd is om te veronderstel dat die mens alleen geroepene is om God slegs te verheerlik in Kerk en godsdiens. Elke aspek van menswees, 'n Christelike huwelikslewe en gesinslewe, politieke en staatslewe, ensovoorts, ja, ook Christelike akademiese lewe vereis die beoefening van die Christelike wetenskap.[2)]

1. Meyer, P.J., op. cit., p. 71.
2. Vgl. Strydom, A.H., Die Program van Jeugweerbaarheid as Opvoedkundige (Didaktiese) Probleem, p. 13.

Die moderne leefwêreld stel 'n uitdaging aan die Christen-Afrikaner om sy Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing uit te leef. Hy sal ook moet besef en breek met die tradisionele oorbeklemtoning van die kerk as die enigste terrein waar die mens sy godsdiens kan beoefen. "Elke lewensterrein, instansie en samelewingsverband bied geleentheid vir 'n lewe van volkome Gode-gehoorsaamheid."[1)]

## 2.2.4 DIE INNERLIKE OORTUIGING WORTEL IN DIE GODSDIENS

Wie die godsdiens uit sy hart en lewe ban, verarm sy siel. Daar is geen mag wat soos die godsdiens die dieptes van die gemoed roer en die teerste aandoenings kan opwek nie. "Het menschelijk hart blijkt juist in den godsdienst daarvoor vatbaar te zijn en daaraan behoefte te hebben."[2)]

Wanneer die godsdiens uit jou lewe gehaal word, word die bron van die innerlike en innigste lewe van die siel afgesny. Wanneer die godsdiens geen plek in die mens oor het nie, kom daar in die mens vyandskap. Hierdie mense bly in die gemeenskap en vorm 'n hindernis vir alle vormende invloede.[3)]

Die wat dan die godsdiens bestry, verarm nie net sy eie

1. Van Loggerenberg, N.T., "Die Uitdaging van die Moderne Tydsgees", in Die Skoolblad, Februarie 1973, p. 3.
2. Bavinck, H., De Opvoeding der Rijpere Jeugd, p. 147.
3. Vgl. Ibid., p. 147.

lewe nie, maar tas ook die grondslae aan waarop die hele menslike samelewing berus.

Die godsdiens vorm die hegte band tussen mens en Skep=per, Hy wat lewe is en lewe gee. Maar die godsdiens bied ook verbintenis met die Herskepper, Jesus Christus. Hierdie innerlike oortuiging wat die godsdiens bied, laat die mens besef wat sy doel hier op aarde is.[1] "In short, I believe that life is religion and that the true norm for religion is God's World. And I also believe that the future of the Christian faith in Western civi=lization stands or falls with the rediscovery of this inherently biblical confession."[2]

In 'n wêreld van steeds oplaaiende vyandigheid tussen in=dividue en volkere sal ons Christelike godsdiens in die proses van geestelike weerbaarmaking ons moet vervul "met daardie liefde, lydsaamheid, nederigheid, vertroue, vergewingsgesindheid, waarheid en kennis waarmee ons die reguit pad van ons geloof sal bewandel. Op hierdie pad is daar sekerheid, koersvastheid, vertroue, geluk en vrede."[3]

2.2.5 DIE WOORD VAN GOD AS DIE ENIGSTE WAARHEID

Die onfeilbare Woord van God dra die gesag op alle le=

1. Vgl. Heyns, L., "My Godsdiens", in Potgieter, G.J., My Lewensnorme, p. 37.
2. Hart, H., "The Christian Teacher and the secular Uni=versity", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Maart 1971, p. 13.
3. Kotzee, A.L., op. cit., p. 6.

wensterreine. 'n Karaktertrek van die Afrikaner was nog altyd dat die riglyne van sy handeling nie bloot uit sy praktiese ervaring geput is nie, maar volgens die voor=skrifte uit die Woord van God. Met hierdie voorskrifte as norm moet die ervaringswerklikheid hervorm en veran=der word, sodat dit inpas en aansluit en sal lei tot die verwesenliking van die Godgestelde roeping en taak van die mens.[1]

Op watter lewensterrein die mens ookal mag beweeg, moet hy diep verankerd wees in die godsdiens, "ook hij kent dit streven naar een zône die boven het menselijke uit=gaat en ook hij zoekt daar iets van levenbevrediging."[2]

Die Gereformeerde belydenis, soos in die belydenisskrif=te van die Afrikaanse kerke vervat, berus op die grond=slag dat die Bybel die Woord van God is en daarom gesag=draend. Die lewensbeskouing van die Afrikaner wat in hierdie belydenis gewortel is, put dus sy krag vir die handhawing van sy beginsels op alle terreine van die le=we uit die Woord van God. Die beginsel vir die onder=wys lê ook in die lewens- en wêreldbeskouing veranker en daarom moet die Afrikaner ook die beginsel daarvoor uit die Bybel neem.[3]

Die jeug moet gewapen wees met die Christelike lewensbe=skouing en -geloof, met sy stellings van weerbaarheid.

---

1. Vgl. Meyer, P.J., op. cit., p. 54.
2. Van Peursen, C.A., Cultuur en Christelijke Geloof, p. 80.
3. Vgl. van der Schijf, W.G., Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal tot 1936, p. 4.

Die Bybel is die Woord van God wat die waarheid van die hele menslike bestaan is, en daarom moet dit op alle vlakke van die lewe geëerbiedig word. Die mens kry die versekering dat die Here God, Skepper, Verlosser en Ver= sorger van die heelal is. Alles is goed gemaak, want God self het gesien dat dit goed is.[1] Vir alles is daar 'n wet, 'n plan en 'n orde. Sodra daar nie meer orde is nie, ontstaan chaos.[2] Deur die hele lewe heen is daar 'n voortdurende stryd tussen die lig en die duister= nis en moet daar grense getrek word. Om mens te wees, is om geroepene te wees en daarom is geen mens onthef van die roeping om diens te lewer nie. Hierdie diens= lewering moet geskied in die behoud en uitbouing van die beginsels van die Woord.[3] Wanneer dit die wapentuig van die Afrikaner is, sal hy weerbaar tot die oorlog van idees kan toetree.

God is die Alleenskepper van die heelal en daarom ook van die mens.[4] Daarom moet alle ander magte onderge= skik daaraan wees.

Die lewensbeskouing van die Afrikaner het ook 'n tweede komponent, die nasionale, wat aandag moet geniet.

---

1. Vgl. Genesis Hoofstuk I.
2. Vgl. Schoeman, P.G., Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie, p. 49.
3. Vgl. de Klerk, W.J., Tussen Twee Pole, p. 58-59.
4. Vgl. van Peursen, C.A., op. cit., p. 81.

## 2.3 DIE NASIONALE AS DEEL VAN DIE LEWENSBESKOULIKE IN DIE PROSES VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID

### 2.3.1 INLEIDING

Die nasionale as lewensbeskouing is as sodanig suiwer antroposentries of skeïnties. Dit is dus mensgerig en nie Godgerig nie. Die nasionale, as deel van die lewensbeskouing van die Afrikaner, is egter ondergeskik aan die Christelike. As 'n eenheid kom beide uit die hart en daarom het die nasionale ook die hart as uitgangspunt van die gehele lewe wat onder andere ook uiting vind in die volksgevoel, volksdenke en volkstaal.[1)]

### 2.3.2 DIE NASIONALE AS LEWENSBESKOUING

Wanneer die nasionale lewensbeskouing as 'n afsonderlike eenheid geneem word, word die volk bo-op die waardeskaal geplaas as die hoogswaardevolle. Alle ander waardes word dan ondergeskik daaraan.[2)]

Die nasionale wek by die mens die drang en strewe om die eie volk instand te hou op grond van die oortuiging dat die volk 'n sekere waarde verteenwoordig, maar ook 'n bepaalde taak te vervul het.[3)]

---

1. Vgl. a) Strauss, H.J., Christelik-nasionale en C.N.O., p. 6-8.
   b) Schoeman, P.G., op. cit., p. 67.
2. Vgl. Cilliers, J.L., "Christelik-nasionale Opvoeding", in Handhaaf, Augustus 1968, p. 13.
3. Vgl. a) Vermaak, D., Die Agtergrond en Implikasies van enkele Beginsels in verband met 'n Nasionale Onderwysbeleid vir die Republiek van SA, p. 69.
   b) Treurnicht, A.P., Onder die Soeklig, p. 64.

Deur die nasionale wil die volk hom op elke terrein van die lewe laat geld. Op maatskaplike, ekonomiese, op=voedkundige, kulturele en politieke gebied wil die Afri=kaner sy rol speel en volwaardig volk wees.

Die nasionale as deel van die lewensbeskouing mag egter nooit alleen staan nie. Die nasionale lewensbeskouing moet egter in die geloofsbeskouing van die betrokke ge=meenskap wortel. Die Christendom werk suiwerend en heiligend daarop in. Die Christenmens, as die draer daarvan, is immers tog geen liggaamlose, kultuurlose, of volklose siel nie. Hy lewe binne kultuur en nasionale verband.[1)] Wanneer die nasionale deur 'n Christelike gees beheers word, spruit 'n Christelike nasionalisme daaruit. In hierdie sin vorm die nasionale 'n belangri=ke deel van die lewensbeskouing van die Afrikaner.

### 2.3.3 DIE NASIONALE WORTEL IN DIE VOLKSEIE

In die nasionale word daar altyd die soeke en die behoud van die eie baie duidelik waargeneem. Daar is ook al=tyd die afkeer in die vreemde.[2)]

Hierdie strewe om die behoud van die eie lê baie diep gewortel in die Afrikanervolk. Uit die geskiedenis van die Afrikanervolk kan dit gehaal word, die stryd wat ge=voer is om die behoud van die volk teen barbaar en wil=

---

1. Vgl. Treurnicht, A.P., op. cit., p. 65.
2. Vgl. van Rensburg, J.P., Nasionalisme en die Onder=wys, p. 6.

dernis, en nog later teen die Engelse oorheersing. Niks anders as 'n weerbaarheidstryd nie, "om 'n eie siel te be= waar. Om 'n eie volksaard te red."[1]

Daarom wortel die nasionale lewensbeskouing diep in die volkseie. Dit kom tot uiting in die handhawing van die volkseie, sy taal, sy kultuur en alles wat eie aan die Afrikaner is.[2] Hierin lê die weerbaarheid van die jeug, "deur een te wees met jou volk help jou volk jou om koers te hou. Die pad van Suid-Afrika is ons pad en ons volk en ons eie mense is vir ons die beste. As jy jou volk sterk maak, sal jou volk jou ook sterk maak."[3]

## 2.4 DIE CHRISTELIK-NASIONALE LEWENSBESKOUING EN OP= VOEDING LEI TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID

### 2.4.1 INLEIDING

Die Christelik-nasionale lewensbeskouing vorm 'n eenheid. Die opvoeding en onderwys vorm nie 'n onderdeel van die gemeenskap se kultuur nie, maar dit vorm die draer en onderhouer daarvan.

Die Christelik-nasionale onderwys en opvoeding het as deel van sy taakvervulling die uitbouing van die eie volkskarakter, sodat dit in wisselende omstandighede die

1. Malherbe, F.E.J., Lewensvorme, p. 28.
2. Vgl. Vermaak, D., op. cit., p. 70-71.
3. Kotzee, A.L., op. cit., p. 6.

uitdaginge kan dra[1] en waar dit nodig is ook kan weer= staan. Daarom is dit so noodsaaklik dat die Christelik-nasionale lewensbeskouing van die volk vasgelê word in sy nasionale onderwys, om die uitdagings van vreemde in= vloede te kan weerstaan, om dit te beveg en om dan gees= telike weerbaarheid op te bou wat kragdadig in die hele volksiel kan werk.

2.4.2 LEWENSBESKOUING, OPVOEDING EN WEERBAARHEID

In die siel van die volk word die lewensbeskouing vasge= lê en oorgedra deur die opvoeding en onderwys om dan die volk uiteindelik weerbaar voort te laat leef.

Elke onderwyser en opvoeder kan deur die Christelik-na= sionale onderwys en opvoeding die kind inlei in die eie beginsels van die Afrikanervolk, of dan anders gestel, elke opvoeder en onderwyser kan deur die Christelik-na= sionale onderwys en opvoeding die kind weerbaar maak teen dit wat die Afrikanervolk bedreig, maar ook die kind voorberei vir sy eindbestemming.

'n Trots vir hulle volk moet by die jeug ingeskerp word. So sal 'n magtige middel aangewend word om die jeug teen ontaarding weerbaar te maak.[2] Wanneer daarin geslaag kan word om die kind op te voed tot 'n volwassene met 'n

---

1. Vgl. Meyer, P.J., "Die Nasionale Grondbeginsels van die Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika, meer bepaald ten opsigte van die Afrikanerjeug", in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, p. 90.
2. Vgl. Pieterse, J.E., Wat is verkeerd in die tipiese Afrikaanse Huisgesin?, p. 12.

persoonlike siening van sake en 'n positief-Christelike benadering van die werklikheid, sal daar 'n volk opgevoed word wat inderdaad weerbaar sal wees teen al die nega=tiewe invloede.[1]

Deur die opvoeding met jeugweerbaarheid as integrale deel, moet elke individu so opgevoed word dat elkeen kan dink en oordeel in terme van die onveranderlike waardes van godsdiens, dissipline, kultuur en diens.[2]

Die Christen-Afrikaner moet altyd jaloers bly op sy Christelike en nasionale erfenis. Dit is van wesenlike belang vir die Afrikaner, want dit is en bly sy laaste vesting. Indien hierdie vesting sou val, is die stryd verlore - is dit ikabot met die Christen-Afrikaner.[3]

Lewensbeskouing, opvoeding en weerbaarheid vorm 'n een=heid wat saamwerk tot dieselfde doel - gelowige, volks=eie burgers. Die jeug moet opgevoed word, en geesteli=ke weerbaarheid bied die ideale geleentheid, sodat hulle die sin van praktiese godsdiens sal begryp.[4] Hy moet besef dat hy in die eerste plek aan God verantwoordelik is en wanneer hy hierdie verantwoordelikheid nagekom het, sal hy ook 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor sy volk ontwikkel het.

---

1. Vgl. Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 87.
2. Vgl. Ibid., p. 87.
3. Vgl. Schoeman, P.G., op. cit., p. 69.
4. Vgl. Basson, A.J., Jeug en Seksualiteit, p. 223.

## 2.4.3 EISE WAT AAN DIE OPVOEDING GESTEL SAL WORD OM TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID TE LEI

Om geestelike weerbaarheid deur die opvoeding en onder= wys tot sy reg te laat kom, sal daar sekere eise gestel moet word.

### 2.4.3.1 DIE WOORD VAN GOD AS NORM

Die opvoeding en onderwys sal diep gewortel en veranker moet wees en bly in die Christelike norme. Hierdie nor= me sal die alles omvattende moet wees, sodat die jeug sal opgroei in hierdie geloofsoortuiging om uiteindelik geestelik weerbaar te kan wees. Dan alleen sal hulle gered kan word uit die stroom wat die draak[1] uitgegooi het. Die eerste en hoogste eis wat gestel word vir die opvoeding en onderwys is dat dit gefundeer sal moet wees in die Woord van God, die Bybel.

Die jeug sal dan geestelik weerbaar wees en nie in die stroom, die duisternis, vasgevang word nie, maar die lig ontvang van die blink Môrester[2]: "Ek sal my wette aan

1. Vgl. Openbaring 12:15 En die slang het uit sy bek wa= ter soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. 16 En die aar= de het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. 17 En die draak was ver= toornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.
2. Vgl. II Petrus 1:19 En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aan= breek en die môrester opgaan in julle harte. Open= baring 2:28 En Ek sal hom die môrester gee. Openba= ring 22:16 Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe: en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."[1] So sal die hele persoonlikheid (hart) opgebou word en weerbaar wees.

2.4.3.2 DIE NASIONALE AS NORM

Die opvoeding moet deur die nasionale in die kultuur wortel.[2] Die nasionale as norm moet betrekking hê op die eiesoortige, die eiendomlike van 'n bepaalde groep of samelewing van mense uit 'n gemeenskaplike kultuur-histo= riese milieu.[3]

Die opvoeding moet in ooreenstemming met die geloofsui= tings en opvoedingsleer van die volk wees. Dit moet deur die moedertaal geskied en die vaderlandse geskiede= nis mag nie uitgesluit wees nie.[4] Die kind moet gevorm word in die liefde en verantwoordelikheid van die eie en weerbaarheid moet opgebou word teen die volksvreemde.[5]

Die nasionale as norm moet die jeug opvoed "tot die be= sef van lotsgebondenheid as landgenoot, taalgenoot, ras= genoot, kleurgenoot, kultuur- en volksgenoot."[6]

1. Hebreërs 8:10.
2. Vgl. Ruperti, R.M., Die Opvoedingstaak, p. 49.
3. Vgl. Potgieter, F.J. en Swanepoel, C.B., Temas uit die Historiese Pedagogiek, p. 118.
4. Vgl. a) Ruperti, R.M., op. cit., p. 49.
   b) p. 170 van hierdie proefskrif.
5. Vgl. a) Potgieter, F.J. et. al., op. cit., p. 118.
   b) Ruperti, R.M., op. cit., p. 49.
6. Potgieter, F.J. et. al., op. cit., p. 119.

## 2.5 SAMEVATTING

Dit het baie duidelik na vore gekom watter belangrike plek die lewensbeskouing speel in die lewe van 'n volk. Die Christelik-nasionale lewensbeskouing vorm die grond=slag waaruit die jeug weerbaar gemaak moet word teen an=der vreemde lewensbeskouinge.

Dit sal dus beteken dat elke Afrikaner 'n grondige kennis moet hê en 'n konkreet daadwerklike belewing van die Christelik-nasionale lewensbeskouing. Die vyand sal aangedurf word met 'n ware Christen-nasieliefde en 'n ge=loofsgehoorsaamheid.

Die jeug moet deur die opvoeding en onderwys gelei word om op alle terreine van die lewe 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing te openbaar. Dit beteken die jeug moet altyd Christelik dink en Christelik optree. Die hele skool, elke klaskamer moet staan in 'n Christelike atmos=feer en elke opvoeder en onderwyser moet daarop ingestel wees om die jeug vir Christus te indoktrineer.[1] "We want to build into the life of the child that which will hold together coherently the process by which he becomes a mature person in Christ."[2]

Soos in die verlede staan die Afrikanerjeug ook vandag midde in die stryd. Dit is 'n stryd wat meer as ooit te

---

1. Vgl. van Loggerenberg, N.T., "Indoktrinasie tot Chris=telike Denke en Doen", in Die Skoolblad, Julie 1972, p. 3.
2. Jaarsma, C., Fundamentals in Christian Education - Theory and Practice, p. 317.

vore aandag verg. Dit is dan ook veral die lewensbeskouing wat bedreig word en waar die grootste gevaar lê. Daarom is dit so uiters noodsaaklik dat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanervolk nie net in die teorie sal bestaan nie. Daaroor moet nie net geskryf en gepraat word nie, maar dit moet 'n praktiese werklikheid word. Dit is die fondament, die hoeksteen, die eerste en belangrikste anker wat lei tot die weerbaarmaking van die jeug.

Hierin lê vir ondersoeker die kern van die geestelike weerbaarmaking van die Afrikanerjeug. Elke ouer, elke opvoeder en elke onderwyser moet besiel wees met 'n diep gewortelde Christelike lewensbeskouing wat op alle terreine van die lewe prakties uitgevoer moet word. Geestelike weerbaarheidsvorming moet aan die kind 'n Christelike lewensbeskouing gee, sodat hy baie duidelik besef hy is vertikaal gerig tot God en dat hy nie horisontaal gerig moet wees nie, want dan word daar gesoek na 'n idool.

Elke opvoeder sal met hierdie oortuiging as gelowige in sy hart sy taak en roeping moet volbring. Dan sal 'n geestelik weerbare Christen-Afrikanerjeug opgroei van wie gesê sal word: "Sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis."[1)]

---

1. Psalm 114:12.

# 3. GESAG EN VRYHEID - 'N KORRELAAT WAT LEI TOT DIE VOLLE WAARHEID

## 3.1 INLEIDING

Vryheid en die omverwerping van gesag het twee begrippe geword wat nie meer losgemaak kan word van die gees van die twintigste eeu nie.[1] Daarom is dit ook belangrik om die begrippe in die regte perspektief te plaas tot weerbaarmaking van die jeug.

Gesag en vryheid sluit nou saam en kan nie teenoor me=kaar gestel word nie. "Ons het hier met 'n polêre span=ning te doen wat slegs saam die volle waarheid gee."[2]

## 3.2 VRYHEID NIE SONDER GESAG EN GESAG NIE SONDER VRYHEID NIE

### 3.2.1 VRYHEID

Vryheid in die algemeen is 'n baie moeilike begrip om te verklaar, want dit kan baie omvattend wees. In hierdie ondersoek gaan dit meer om die vryheid waaroor die mens beskik in die samelewingsverband. "Het is de vrijheids=ruimte, waarover de mens beschikt om een eigen verant=woordelijkheid in de samenleving te dragen."[3]

Vryheid is daardie ruimte wat deur God aan die mens ge=

---

1. Vgl. Botha, M.E., Gesag en Vryheid, p. 1.
2. Van Wyk, J.H., Ons Christelike Lewensbeskouing, p. 8.
3. Van Riessen, H., De Maatschappij de Toekomst, p. 82.

bied word om te kan antwoord. So het Adam die vryheid gehad om die goeie te kies en nie ruimte vir ongehoor=saamheid nie. "Vryheid kan positief dus slegs beteken ruimte om te doen, ruimte om gesag te dra, ruimte om verantwoordelikheid ten uitvoer te bring."[1]

Deur die vrywillige, liefdevolle, entoesiastiese onder=werping aan die Goddelike wette en reëls wat daarmee in=ooreenstemming is, maar ook die nakoming en uitlewing daarvan met liefde en vreugde, bied vir die mens die Christelike vryheid.[2]

Die mens is werklik vry wanneer hy hom aan God beskik=baar gestel het.[3] Die mens wat God en sy naaste lief=het en die natuur bewerk en beheers, is waarlik vry.[4]

Ware vryheid word nie ondervind deur die afwerping van die bande wat die mens bind nie. Dit bied vir die mens geen vryheid nie. Die Christen ondervind ware vryheid wanneer hy dit verwerf op grond van die genadewerk van Christus.[5] Deur Christus kom die mens tot die ware vryheid.

### 3.2.2 GESAG

In sy wese het gesag te doen met die seggenskap van een

1. Hart, H., "Vryheid, Verantwoordelikheid en Gesag", in Woord en Daad, Junie 1974, p. 4.
2. Vgl. van Wyk, J.H., op. cit., p. 8.
3. Vgl. Botha, M.E., op. cit., p. 2.
4. Vgl. van Wyk, J.H., op. cit., p. 9.
5. Vgl. Botha, M.E., op. cit., p. 3.

mens oor 'n ander.[1] Die hele struktuur en orde van die samelewing berus op die gesagsbeginsel. Gesag en amp sluit nou aan, byvoorbeeld, ouer-kind, onderwyser-leer=ling, opvoeder-opvoedeling, God-mens, ensovoorts. Hier=die situasie wat ontstaan, kan ook gesien word in die sin dat die een mens oor seggenskap oor 'n ander beskik. Dit is duidelik dat die fundamenteelste faset van gesag juis hierdie ampsgedagte is.[2]

Maar ook die gesag staan nie los van God nie. In al die groot verskeidenheid situasies skenk God gesag aan die mens. "Geen gezag is veilig dan bij de erkenning dat het geworteld is in en beperkt is door de souvereiniteit van Christus. Geen vrijheid kan opbloeien en bewaard blijven dan op het fundament van het verlossingswerk van Christus."[3]

### 3.2.3 <u>VRYHEID EN GESAG</u>

Wanneer gesag nie rekening hou met vryheid nie, ontaard dit baie gou. So moet die jeug ook die geleentheid ge=gun word om vryheid van beweging en beslissing op sekere terreine self te kan gee. Indien dit nie erken word nie, kan gesag die mag van 'n blinde dwang word. Hier=die vryheid mag egter ook nie sonder gesag wees nie, want dan ontaard dit in losbandigheid, onverantwoorde=likheid en 'n doen-wat-ek-wil-deurmekaarspul. "Elke ge=sag moet respek hê vir vryheid en alle vryheid moet al=

---

1. Vgl. van Wyk, J.H., op. cit., p. 8.
2. Vgl. Botha, M.E., op. cit., p. 6.
3. Van Riessen, H., op. cit., p. 107.

tyd sy grense ken en gesag eerbiedig. Eers dan het ons suiwere gesag en ware vryheid."[1])

Vryheid en gesag staan altyd in 'n verhouding tot mekaar. Die proses waarin die mens gedissiplineerd raak, is ook die proses waarin die uiterlike of dwanggesag oorgaan in innerlike gesag en waarin hy sy innerlike vryheid ver=werf. "Die ware vryheid is dus geleë in 'n lewe van ge=hoorsaamheid, verantwoordelikheid en diens."[2])

So is daar die lewensbeskouinge wat losbandigheid voor=hou as vryheid, maar dit maak die mens juis 'n slaaf - 'n slaaf van die duiwel. Vir die Christen "impliseer gesag vryheid en vryheid gesag."[3]) In beginsel is daar geen botsing tussen vryheid en gesag nie, omdat beide uit God in Christus deel van die Christen is.[4])

## 3.3 <u>VRYHEID EN GESAG DEUR DIE OPVOEDING EN ONDER=WYS</u>

Die opvoeder moet deur sy steun aan die kind vryheid waarborg om die besondere mens te kan wees wat hy is, maar hierdie vryheid kan alleen deur die uitoefening van gesag verseker word.[5])

Die opvoeder moet aan die kind die leiding gee asook die

---

1. De Klerk, W.J., <u>Tussen Twee Pole</u>, p. 8.
2. Van Loggerenberg, N.T., "Vryheid in die Gemeenskap", in <u>Die Skoolblad</u>, Mei 1972, p. 2.
3. a) Van Wyk, J.H., op. cit., p. 10.
   b) Vgl. Potgieter, F.J.M., "I Die Afrikaner se Erfe=nis, in <u>Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns</u>, Jaarvergadering, Junie 1968, p. 103.
4. Vgl. Strauss, H.J., <u>Christelike Lewens- en Wêreldbe=skouing</u>, p. 34.
5. Vgl. Strydom, A.H., <u>Die Taak van die Skool as Samele=wingsverband met betrekking tot die Voorbereiding en Toerusting van die jeugdige Leier vir sy Taak in 'n gedifferensieerde Samelewing</u>, p. 141.

beskerming bied, want die kind kan nie sy vryheid self beskerm nie, want as gevolg van sy wispelturigheid is daar trouens magte in hom wat sy vryheid bedreig. Die opvoeder moet aan die kind die bakens stel, waarbinne hy sy keuse kan doen, maar binne hierdie grense moet die kind vry wees om sy keuse te kan doen.[1)]

Gesag is egter die enigste wyse waarop hierdie vrye ruimte beskerm kan word. In hierdie lig gesien, kan vryheid nooit doel op homself wees nie, maar bied dit ruimte of moontlikheid vir vrywillige binding aan 'n waarde wat binne die vryheid gekies is. Hiervoor moet verantwoordelikheid aanvaar word. Vryheid en bandeloos= heid verskil hemelsbreed van mekaar, want in vryheid is daar vrywillige gebondenheid. Ware vryheid kan dus al= leen bestaan wanneer dit vryheid onder die wet is.[2)] So vorm vryheid en gesag dan ook nie 'n teenstelling nie, maar is aanvullend.

Die Christelike opvoeding bied aan die kind die besker= ming teen die bedreiging van uiterlike vryheid. Hier= die vryheid is geen bandeloosheid nie, maar dit is be= perkte vryheid wat verwerf moet word onder simpatieke gesagsleiding. Wanneer die mens sy verpligtinge as mens vrywillig aanvaar en gehoorsaam is aan die Hoogste Gesag wat hom aanspreek, beleef hy die hoogste vorm van

1. Vgl. du Plessis, P.J.J., Sosiopedagogiek - Opvoedings= werklikheid en Maatskaplike Werklikheid, p. 24.
2. Vgl. a) Strauss, H.J., op. cit., p. 33.
   b) Schoeman, P.G., op. cit., p. 48.

vryheid.[1)]

Die gesagsmiddele help die opvoedeling in sy stryd teen sy sondige natuur en wanneer hy werklik vry is, het hy die sondige neiginge oorwin. Die vryheid moet deur ge= sag getemper word, so nie kan dit lei tot die gevaar van uitspattinge. Die jong kind moet so gelei word dat die werk met verloop van tyd aangeneem word; die vryheids= element moet deur die gesagselement vervang word. So leer die kind dat as sy plig dit eis, hy ook onaangename en oninteressante take moet verrig.[2)]

## 3.4 VRYHEID TOT VERANTWOORDELIKHEID

Deur die opvoeding moet daar geleentheid gegee word vir die oefening van vrye handeling.[3)] Pedagogiese bemoei= ing deur die opvoeder is egter noodsaaklik om die opvoe= deling te lei tot vryheidsverowering. Gaandeweg word die kind gelei om 'n vryheid tot verantwoordelikheid te verwerf en dat hy nie sal verval in 'n losbandigheid wat vry van alle verantwoordelikheid is nie.[4)]

Vryheid in die ware sin van die woord kan nooit verant= woordelikheid uitsluit nie, want egte vryheid kan nooit

---

1. Vgl. van Zyl, P., "Grondslae van 'n Christelike Opvoe= ding en Onderwys II", in 'n Volk besin oor sy Opvoe= ding en Onderwys, p. 78.
2. Vgl. du Toit, J.J., Vryheid en Gesag in die Opvoeding, p. 310-311.
3. Vgl. a) Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 46.
   b) Buys, J.J., "Die Begrip 'Vryheid en Kultuur' in die Pedagogiese en Andragogiese Prosesse as 'n bydrae tot Weerbaarheid van die Indivi= du", in Die Skoolblad, Februarie 1975, p. 17.
4. Vgl. du Plessis, P.J.J., op. cit., p. 33.

bestaan sonder verantwoordelikheid nie. Verantwoordelikheid beteken gebondenheid aan iets of iemand, wat verder beteken dat die mens aangespreek word deur byvoorbeeld die lewe, die medemens, die samelewing of volk waarvan hy lid is, maar ook deur God. Op hierdie spreke moet hy in vryheid antwoord. In die huidige tydsgewrig met sy wetteloosheid en normloosheid is dit van die grootste belang dat daar op positiewe wyse gebou sal word aan 'n Christelike vryheidsbesef.[1]

Ware vryheid is gebondenheid. Die mens word nie met hierdie vryheid gebore nie, maar moet dit deur inspanning en stryd verkry.[2] Dit is 'n geleidelike proses wat verkry word onder die verantwoordelike gesag van die ouer in die huis en die opvoeder in die skool.

Die gesagsdraer beskik soms oor voortreflike leierseienskappe. So moet hy ook as weerbare gesagsdraer bewus wees van sy verantwoordelikheid. Op hierdie weg van weerbaarmaking en groei tot volwassenheid moet verantwoordelikheid aanvaar word. Die jeugdige moet gevorm word. Die jeugdige moet gevorm word en dit is 'n langdurige proses wat lei tot verantwoordelikheid.

## 3.5 SAMEVATTING

In die lig van bogenoemde kan daar dus gesê word dat

1. Vgl. Schoeman, P.G., op. cit., p. 48.
2. Vgl. Coetzee, W.J., "Gesag en Dissipline", in Die Skoolblad, September 1975, p. 14.

weerbaarmaking van die jeug in 'n op die oog af mondige wêreld, te midde van al die kennis en kundigheid wat die eeu hulle bied, nie by die allerbelangrikste wetenskap sal verby leef nie - Sy Wet en Sy Woord. Die waarheid hierin is dat God die eerste en finale Gesaghebber oor al die fasette van die menslike lewe is en dat ware vry=heid op elke lewensterrein slegs kan bestaan in die vol=le gehoorsaamheid aan God.[1)]

So, byvoorbeeld, is dit baie duidelik wat die Kommunisme met seksuele vryheid wil verkry.[2)] Dat seksuele verwil=dering nie net godsdienstige, maatskaplike en sielkundi=ge oorsake het nie, maar ook 'n politieke oorsaak het, behoort elke weerbare opvoeder tot die besef te bring dat hier ook 'n terrein is wat optrede dringend verg.[3)] "In hul onderlinge sosiale verkeer moet ons seuns en dogters in die volste sin van die woord kinders wees en niks anders nie."[4)]

## 4. NOG HOEKSTENE WAAROP WEERBAARHEID GEBOU KAN WORD

### 4.1 INLEIDING

Daar is reeds besin oor die lewensbeskouing as fundamen=tele dryfkrag in die weerbaarmakingsproses van die jeug. Verder is daar gelet op die verhouding tussen gesag en

1. Vgl. Botha, M.E., op. cit., p. 13.
2. Vgl. p. 112-113 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. de Bruyn, P.J., "Seksuele Verwildering - die Aan=deel van die Kommunisme", in Woord en Daad, Februarie 1971, p. 4.
4. Venter, E.A., Die Gelowige in die Samelewing, p. 53.

vryheid wat, wanneer dit reg ontplooi, uitloop op verantwoordelikheid. So kan die jeug dan geestelik weerbaar opgevoed word.

Daar moet egter ook verder gelet word op ander middele waarmee die jeug omgord kan word in die stryd om geestelik weerbaar te kan wees en behoue kan bly.

## 4.2 DIE EIE MOEDERTAAL - DIE SIEL VAN DIE VOLK

### 4.2.1 TAAL IS ONONTBEERLIK

Jou moedertaal is 'n erfstuk, 'n kosbare erfstuk wat jy as mens nie uitgekies het nie, maar by geboorte ontvang het. Hierdie taal van jou is vir jou onontbeerlik, want "mens sonder taal is ondenkbaar."[1)] Die mens is altyd in een of ander verhouding, mens tot God, mens tot mens, mens tot dinge, en in hierdie verhouding is dialoog onmoontlik sonder taal.[2)]

Die noodsaaklikheid van taal word besef wanneer 'n mens in aanmerking neem dat taal draer van alle kultuur is, dat die denke in die bedding van die taal stroom, dat daar sonder taal geen verstandelike ontwikkeling moontlik is nie, dat kennis nie verwerf kan word sonder taal nie en dat opvoeding nie in 'n taallose wêreld kan be=

1. Potgieter, F.J. en Swanepoel, C.B., op. cit., p. 98.
2. Vgl. a) Strauss, D.F.M., Wysgerige Grondprobleme in die Taalwetenskap, p. 34.
   b) Lourens, D., "My Taalgebruik", in Potgieter, G.J., My Lewensnorme, p. 65.

staan nie. Taal is dus nie slegs uiters noodsaaklik nie, maar is onontbeerlik en vorm een van die magtigste middele vir ware vorming en menswording.[1] Wanneer dan die uiters belangrike rol van die taal waargeneem word, is dit duidelik dat in die proses van weerbaarmaking die taal 'n onontbeerlike plek moet inneem.

### 4.2.2 DIE GEBRUIK VAN DIE MOEDERTAAL

Die Afrikaner het ook wat sy taal betref 'n groot verant=woordelikheid, want elkeen sal sy taalgebruik 'n saak van erns moet maak, "of ons sal binne afsienbare tyd moet kies tussen wegvlug of verswelging deur Liberalisme en bandeloosheid."[2]

Die moedertaal is 'n erfskat wat as gawe van God die grootste eerbied moet ontvang. Dit word egter so mak=lik aanvaar en as vanselfsprekend aangeneem dat wanneer daar 'n gevaar in die pad van die taal verskyn, dit nie eens altyd waargeneem word nie. In die geestelike weer=baarmaking mag taalgebruik nooit verwaarloos word nie. Die moedertaal het 'n eie inhoud wat uit die siel van die volk spreek, "en wie buite voeling daarmee is, praat nie meer sy moedertaal nie, al praat hy ook Afrikaans."[3]

Die taal vorm ook 'n mate van grens tussen verskillende volke. Nie alleen verstaan hulle mekaar nie, maar ver=

1. Vgl. Potgieter, F.J. en Swanepoel, C.B., op. cit., p. 98.
2. Lourens, D., op. cit., p. 65.
3. Potgieter, F.J.M., op. cit., p. 103.

hoed intieme sosiale verkeer en ondertrouery in 'n sekere mate. So moet die mens dan ook weerbaar opgevoed word dat by die aanleer van 'n ander taal dit nie bo sy moe= dertaal gestel mag word nie. Die moedertaal mag nie so verlaag word dat daar deur die vreemde taal ook botsende taalinhoude en vreemde elemente ingevoer word, wat die eie verdring nie.[1)]

4.2.3 DIE MOEDERTAAL EN OPVOEDING

Die hoogste en diepste vorm van nasionale gemeenskaplik= heid kom tot uitdrukking in en deur die eie moedertaal. Vir alle nasionale opvoeding en onderwys is moedertaal= opvoeding en -onderwys 'n basiese vereiste. Dit wil nie sê dat moedertaalopvoeding en -onderwys nou beteken op= voeding en onderwys bloot deur medium van die moedertaal nie, maar opvoeding deur eie taalbeheersing, wat beteken dat die eie op alle lewensterreine deur die eie taal verwerf word.[2)]

Vir weerbare opleiding van die jeug is dit baie belang= rik dat die stelsel van aparte mediaskole, Afrikaans en Engels, sal voortbestaan. Elkeen het sy eie karakter. In die Afrikaansmediumskool is alles Afrikaans van bo tot onder, en dieselfde geld vir die Engelsmediumskool. "Letterlik alles wat deur die taal gedra word: die le=

1. Vgl. Meyer, P.J., Trek Verder, p. 29.
2. Vgl. Meyer, P.J., "Die Nasionale Grondbeginsels van die Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika, meer bepaald ten opsigte van die Afrikanerjeug", in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, p. 89.

wens- en wêreldbeskouing, die rigting, kultuur, tradisie, selfs die klein gewoontetjies soos die groet van onder=wyser en leerling, die aanspreekvorm (selfs die stemnu=ansering hierin), die onderlinge verhoudinge, die beklem=toning op 'n horde vlakke in die skool - ja, alles kom in die skool tot openbaring en verklaar sy karakter in teë=stelling met die van 'n andertaalskool."[1)]

'n Volksbewuste individu sal uit 'n suiwer opvoedkundige oogpunt die moedertaalskool sien as die beste soort skool vir die opvoeding van die kind. Navorsers het gevind dat opvoeding deur 'n ander taal as die moedertaal nade=lige gevolge het op die geestesvorming van die kind en gevolglik ook vir sy nasionale vorming.[2)]

So sal die Afrikaanse skool daarop ingestel wees, en kan dit ook nie anders nie, om die Afrikaanse lewens- en wê=reldbeskouing te dra en oor te dra op die Afrikanerjeug, terwyl die Engelse skool die Engelse beskouing dra. In hierdie skool word die natuurlike instelling gevind waar=in elke volksgroep se eie lewens- en wêreldbeskouing tot sy reg kan kom. Hier moet dit tot sy reg kom, want dit is onlosmaaklik daaraan verbind.[3)] In hierdie skool kan die jeug werklik geestelik weerbaar gemaak word, want die gees van die skool praat tot elke leerling. Die kind staan midde in die gees van die eie wat deur die

---

1. Bingle, H.J.J., "Ons Lewens- en Wêreldbeskouing en Wet 39 van 1967", in <u>'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys</u>, p. 25.
2. Vgl. Nel, B.F. en Botes, E., <u>Waarom die Moedertaal=skool (Enkelmedium) verkies word</u>, p. 1.
3. Vgl. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 25.

moedertaal, tradisie, ensovoorts, daargestel word. Om=dat die moedertaal en kultuur van die volk die middele is wat daartoe lei dat die karakter van die jeug en van die volk gevorm word, sal dit alleen verwesenlik kan word in die skool en in die omgewing waar die taal en die kultuur van die volk in sy suiwerste oorgedra word. Al=leen in die enkelmediumskool kan dit wel gebeur.[1)]

Elke Afrikaner sal moet onthou: "taal is die siel van die volk; 'n volk wat sy taal verloor, verloor sy hele karakter."[2)] Die moedertaal, die spreke uit die siel van die volk, vorm 'n uiters belangrike hoeksteen in die gebou van geestelike weerbaarheid.

Die taal is die draer van die kultuur in die algemeen en die moedertaal die van die nasionale kultuur, en deur die taal te bewaar, behou jy die geskiedenis, kultuur en tradisie van die volk.[3)]

## 4.3 DIE VOLKSGESKIEDENIS 'N KOERSKOMPAS

President Paul Kruger se laaste boodskap aan sy volk was: "Wie vir hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. Daarom: Soek in die verlede al die goeie en die skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en probeer om daardie ideaal vir die

1. Vgl. Nel, B.F., Die Stryd om Enkel- en Parallelme=diumskole, p. 46.
2. Nel, B.F. en Botes, E., op. cit., p. 3.
3. Vgl. Ibid., p. 7.

toekoms te verwesenlik."[1]

President C.R. Swart stel die geskiedenis baie hoog as hy sê: "Waar sou ons as Afrikanervolk en as Suid-Afrikaanse nasie vandag gestaan het as ons nie die kennis van ons geskiedenis gehad het nie en die besieling en dryfkrag wat daaruit gestraal het, ondervind het nie."[2]

Die Afrikanervolk is erfgename van geestelike besittinge wat eeue gelede deur die pioniers van die Wes-Europese beskawing geskep is. Baie van hierdie goedere is deur die Afrikanervolk oorgeneem en ten spyte van tyd het baie onveranderd gebly en die grondslag van die Afrikaner se optrede gebly.[3]

Toe Calvinisme sy grootste seëpraal beleef het, is Suid-Afrika gestig en is dit dan ook deur daardie stigters hier ingedra. So het Blanke Suid-Afrika vanaf die vroegste tye die Calvinistiese stempel afgedruk gekry in sy godsdiens.[4] Wat 'n kosbare erfenis, 'n erfenis wat die Afrikaner nooit mag prysgee nie - die grondslag van sy voortbestaan.

Die Afrikaner het deur die geskiedenis Afrikaner geword, wat dan ook sal beteken dat in die toekoms die Afrikaner

1. Viljoen, D.J., "Koerskompas", in Handhaaf, Junie 1969, p. 3.
2. Ibid., p. 3.
3. Vgl. a) Thom, H.B., "Ons Historiese Vorming", in Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jaarvergadering, Junie 1968, p. 22.
   b) Meyer, P.J., op. cit., p. 99.
4. Vgl. Thom, H.B., op. cit., p. 27.

en die Engelssprekende langs mekaar sal voortbestaan, "saamgebind deur 'n gemeenskaplike liefde vir een lojaliteit aan dieselfde vaderland, deur 'n gesonde, wederkerige respek vir mekaar se taal, verlede en tradisies, en deur 'n duidelike besef van blywende gemeenskaplike belange, veral ten aansien van die buiteland."[1)]

Die jeug kry deur die geskiedenis insig in hedendaagse vraagstukke soos hulle uit die verlede ontstaan het. Wanneer daar 'n liefde vir die vaderland gekweek is, sal die jeug ook getrou wees aan hulle geskiedenis en sal daar 'n liefde ontstaan vir die eie en 'n waardering vir die vreemde.[2)] Veral die Calvinis sien in die beslissinge van die geskiedenis die verordeninge van God, want dit is nie maar toeval dat die Afrikaner geword het wat hy is nie.[3)]

Die jeug moet geleer word om terug te kyk, om daarin die breë riglyne van die toekoms uitgestippel te sien, maar ook die sleutel te vind vir die oplossing van baie van die probleme van die dag. "Omdat ons ons land liefhet, het ons ons geskiedenis lief, vereer ons ons helde en is ons trou aan ons verlede",[4)] en so kan ons dan weerbare volksgenote bou.

"Die mens besef sy verlede-verbondenheid, sy hede-verant=

---

1. Thom, H.B., op. cit., p. 37.
2. Vgl. Kotzee, A.L., Die Ideaal in ons Onderwys, p. 51-52.
3. Vgl. Thom, H.B., op. cit., p. 37.
4. Kotzee, A.L., 'n Ideaal vir ons Jeug, p. 40.

woordelikheid en sy toekomsverwagtinge."[1] Uit sy his=toriese verband vloei voort die tradisie waarbinne hy gebore is. In 'n bepaalde volksverband is daar 'n oor=sprong in die verlede en 'n bestaan in die hede. Die voortbestaan van die mens kan nie losgemaak word van die eenheid wat die verlede, die hede en die toekoms vorm nie. "Weerbaarheid bestendig die syn, die voortbestaan, die voortbestaan-in-historisiteit en daarom is dit his=torisiteits-bewussyn."[2]

## 4.4 VOLKSMUSIEK IS 'N WEERBAARHEIDSELEMENT

Die waarde en die rol wat musiek in die lewe van 'n volk speel, kan en mag nie onderskat word nie. So kan musiek 'n kalmerende invloed hê - dink maar aan Saul en Dawid - en kan ewewigtigheid in die hand werk.

Vir elke volk het sy volksmusiek waarde, want dit is mu=siek wat eie is aan die volk. Dit is musiek wat deur al die volkslae gewaardeer kan word en wat die volk as geheel kan saamsnoer. Dit kan by die jeug patriotisme en demokratiese waarde opwek, want deur hierdie musiek vereenselwig hulle hulle met die volk.[3]

In die volksmusiek kry jy dus iets van die kultuur van daardie volk; dit vorm die stelsels tot die verstaan van die leefwyse van die volk. Die volksmusiek van die Af=

---

1. Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 63.
2. Ibid., p. 64.
3. Vgl. Ruperti, R.M., Die Opvoedingstaak, p. 148.

rikaner moet bewaar word, want dit weerspieël dieptes van die Afrikanergees.[1)]

Die jeug moet bewus gemaak word van hulle eie musiek. Dit is egter, as deel van die geestelike weerbaarmakings=proses, nie 'n geringe taak nie. Die jeug is alte geneig om die vreemde musiek wat van een of ander popgroep die land ingewaai kom, aan te neem. Die kind moet reeds van kleinsaf kennis maak met volksmusiek. Tuis kan die ou=ers 'n bydrae lewer deur die geleentheid te skep vir die kind om volksmusiek te bedryf. Ook die skool het 'n be=langrike rol om hier te vervul. Die kinders moet aan=gemoedig word om naas die vreemde liedjies ook die eie volksliedjies te sing, al sou hulle die musiek 'n moderne kleur gee en selfs "moderne"[2)] woorde.

Die modieuse populêre musiek van die afgelope tien jaar is die musiek waarin die jeug vandag opgroei. Dit kan egter nie geïgnoreer word nie, maar die enigste oplos=sing is om die jeug te leer om binne hierdie klankwêreld te onderskei. Hulle sal intelligent en aktief moet luis=ter en hulle smaakvol vorm. Die jeug sal ingeskerp en bewus gemaak moet word van die ankertoue wat hulle aan die eie gesin, volk en kultuur bind. Dit wat van verby=gaande waarde is, moet opsy gestoot word en die liefde vir die eiendomlike moet aangewakker word.[3)]

---

1. Vgl. Cillié, G.G., "Waarheen met die Afrikaanse Volks=lied?", in Handhaaf, Januarie 1972, p. 6.
2. Vgl. Ibid., p. 8.
3. Vgl. Hartman, A., "Sang en Musiek in die Afrikaanse Volkslewe", in Handhaaf, Augustus 1972, p. 15.

Kennis, insig en onderskeidingsvermoë moet by die jeug gekweek word met betrekking tot die karakter van die mu= siek, maar ook die strekking van die woorde.[1)]

## 5. SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is daar gewys op die middele wat kan dien as die krag teen die aanvalle op die Afrikanerjeug.

In die Christelik-nasionale lewensbeskouing lê die al= lesomvattende, 'n stel fundamentele oortuigings ten op= sigte van die hele werklikheid. Wanneer die jeug omgord is met 'n Christelike lewensbeskouing, sal hulle die aan= slae van die vreemde ideologieë of lewensbeskouinge kan afweer. Dit bied ook 'n fondament waarop die jeug kan bou en vasgevang word in die liefde vir die eie.

Die godsdiens van die Afrikaner, wat gewortel is in die Woord van God, bied die anker waarvan die Afrikanerjeug nooit losgemaak kan word nie. Wanneer hulle nie meer oor hierdie anker beskik nie, het hulle die stryd verloor en sal deur die proses van sekularisasie oorweldig word.

In sy Woord leer God vir die mens die ware betekenis van gesag en openbaar Hy ook die ware vryheid. Wanneer die mens dit aangeneem het, sal hy ook gesag kan voer en waarlik vry kan wees en vryheid tot verantwoordelikheid kan smaak.

---

1. Vgl. Lamprecht, D., op. cit., p. 8.

Die jeug moet weerbaar gelei word om hulle taal en ge= skiedenis nooit te verwaarloos en te vergeet nie. Hul= le mag nie afwyk van hulle gevestigde tradisies nie. Die eie van hulle volk, hulle volksmusiek moet vir hulle skoon en mooi bly - dit moet hulle siel verryk en nie afbreek vir die vyand wat lê en loer om dit te kan ver= ower nie.

Nadat daar besin is oor wat geestelike weerbaarheid is; waarteen die mens weerbaar gemaak moet word en waarin sy weerbaarheid gesetel is, wil ondersoeker voorts let op die rol van die huisgesin. Die huisgesin behoort dié funksie in die proses van weerbaarmaking van die kind te vervul.

# HOOFSTUK IV

## DIE OUERHUIS - DIE OORSPRONG VAN GEESTELIKE WEER= BAARHEID

### 1. INLEIDEND

Reeds in die ontleding van die begrip "Geestelike Weer= baarheid" het dit duidelik na vore gekom dat weerbaar= heid so oud soos die mens self is.[1] Met die sondeval van die eerste mens in die Paradys het weerbaarheid sy beslag gekry. Die mens se aandag moes op die sonde ge= vestig word en hierdie gedurige waarskuwings aan die op= groeiende geslag het weerbaarheid saam met die mens, deur die eeue heen, laat ontwikkel.

Omdat die ouerhuis en die gesin die eerste samelewings= verband is waarbinne die mens sy eerste opvoeding ont= vang, is dit noodsaaklik dat daar kortliks besin sal word oor die plek en verantwoordelikheid wat die ouer= huis teenoor geestelike weerbaarheid moet inneem. Dik= wels word sy plek as opvoedingsinstelling hom ontsê.[2] Dit is dan ook noodwendig so dat die kind wat in die huis waar daar 'n gees van weerbaarmaking heers, 'n fonda= ment sal hê waarop daar vrugbaar in die skool voortgebou sal kan word. Die gesin is en moet die belangrikste en onvervangbare eerste loopgraaf bly vir die weerbaarma=

---

1. Vgl. Koekemoer, D.J.P., op. cit., p. 8.
2. Vgl. van Loggerenberg, N.T., "Verantwoordelike Ouer= skap", in Die Skoolblad, Januarie 1973, p. 1.

king van die jeug.[1]

In die gesin waar die man en vrou by hulle gesin staan en altyd lojaal teenoor hom is, is so 'n gesin baie weer= baarder as die gesin waarin die lede gesin-los is.[2] Daar waar die gesinsbande sterk is en vasgeanker is in 'n Christelike lewensbeskouing en volkseie, sal 'n weerbare jeug opgroei.

Die gesinslewe vorm die fondament waarop die volk rus. Sodra daar verval in die gesinslewe intree, werk dit deur na die volk en word die volk ook bedreig met onder= gang.[3]

## 2. DIE WEERBARE AFRIKANERHUISGESIN

### 2.1 'N HISTORIESE TERUGBLIK

Die huisgesin van die Afrikaner het in sy vroegste ge= skiedenis reeds die kenmerk vertoon dat dit 'n hegte ge= slote eenheid vorm. Dit het 'n fondamentsteen vir sy hele voortbestaan gevorm. Binne die huislike kring het die opvoeding van die jeug geskied.[4] Die uitgangspunt en die toetssteen was die Heilige Skrif. Binne 'n sterk godsdienstige atmosfeer is die bande van die gesin saam=

---

1. Vgl. Strydom, A.H., "Die Toepassing van Jeugweerbaar= heid in die Skole van die O.V.S.", in Die Skoolblad, Januarie 1973, p. 19.
2. Vgl. Kotzee, A.L., 'n Ideaal vir ons Jeug, p. 42.
3. Vgl. Strydom, A.H., Die Program van Jeugweerbaarheid as Opvoedkundige (Didaktiese) Probleem, p. 34.
4. Vgl. Coetzee, J. Chr., Onderwys in Transvaal 1838-1937, p. 12.

geheg.

Hierdie bande het egter ook vanuit die huisgesin gestrek, sodat familiebelangstelling en familieliefde kenmerkende eienskappe van die Afrikaner se voorgeslagte geword het. "Ons dink maar daaraan hoe dat in dae van swaar kry, insonderheid gedurende die Groot Trek, families hulle in groepe saamgevoeg en mekaar bygestaan het."[1)]

Die huisgesin het dus nie net 'n hegte eenheid gevorm nie, maar ook die opvoeding en weerbaarmaking van die jeug opgeneem. Die grondslag waarop hierdie staling van die jeug gerus het, was die Bybel. Hulle godsdiens was die anker waaraan hulle hele lewe geheg was.

## 2.2 DIE HUISLIKE GEMEENSKAP

Wanneer daar gelet word op die gesin, moet daar egter onderskei word tussen huwelik en gesin, hoewel hulle tog ten nouste met mekaar verbonde is. "Die twee-eenheid van man en vrou in die huwelik het die doel om uit te groei tot die drie-eenheid van vader, moeder en kind in die gesin."[2)]

Die huwelik gee die waarborg en bestendigheid van die voortbestaan van die mens op aarde. Die primêre doel van die huwelik is die gewaarborgde en standhoudende

---

1. Thom, H.B., "Ons Historiese Vorming", in Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jaarvergadering, Junie 1968, p. 35.
2. Brillenburg, Wurth G., Christelike Sedeleer, p. 87.

voorsiening van die eerste intieme lewensmilieu. Hier kan die afhanklike mensekind sy liggaamlike, geestes- en sosiale, sy dieper geestelike ontwikkeling belewe.[1)]

Die gesin kan dus gesien word as die gemeenskap van man, vrou en kind of kinders. Wanneer daar geen kinders is nie, kan daar geen huislike gemeenskap wees nie. Die gesin kan dus na sy wese in twee dele verdeel word, die ouerpaar wat die volwasse deel vorm, en die onvolwasse deel, die kind of kinders.[2)] Die gesin kan gesien word as "een constante individuele liefdesgemeenschap op de grondslag van de natuurlijke bloedbanden tussen ouders en kinderen."[3)]

Vanaf die vroegste tye het die huisgesin 'n belangrike plek in die menslike samelewing ingeneem. Uit die gesin kom ook allerlei ander samelewingsverbande voort.[4)] In die samelewing neem die huisgesin immers 'n besondere plek in. Die huisgesin vorm die fondament waaruit die samelewing op aarde sy oorsprong het. So word ook die omvattender samelewingsverbande hoofsaaklik uit hierdie fundamentele verband opgebou of so nie ten minste op al=lerlei wyse daarmee vervleg. Daar is 'n voortdurende skakeling tussen die ander samelewingsverbande en die huis=

---

1. Vgl. a) Keyter, J.deW., <u>Opvoeding en Onderwys</u>, p. 38.
   b) van Loggerenberg, N.T., "Verantwoordelike Ou=erskap", in <u>Die Skoolblad</u>, Januarie 1973, p. 1.
2. Vgl. a) Coetzee, J. Chr., <u>Vraagstukke van die Opvoed=kundige Politiek</u>, p. 37.
   b) Strauss, H.J., <u>Instellings en Organisasies tot eer van God</u>, p. 9-10.
3. Spier, J.M., <u>Inleiding in de Wijsbegeerte der Wets=idee</u>, p. 187.
4. Vgl. Brillenburg, Wurth G., op. cit., p. 87.

gesin.[1] Die huisgesin moet dus gesien word as die voe= dingsbron, die kweekplek, die vormingskool, die groei= kern van die hele volle menselewe.

Alhoewel die gesin kultuurgebonde is, is hy nogtans aan sy veranderinge onderhewig, maar word daar sekere basie= se kenmerke, wat eie aan hierdie besondere vorm van menslike saamleef is, aangetref. Die gesin kan gesien word as die natuurlikste en dus primêre situasie waarin mense saamleef.[2]

Die gesin is basies verantwoordelik vir die kinders se opvoeding en onderling is die lede van die gesin verant= woordelik vir die beskerming van mekaar se lewe en die uitbouing van mekaar se lewensmoontlikhede. In al sy verskillende aspekte word die kind binne die huisgesin opgevoed.[3]

Die huis bly die intiemste instelling met 'n wedersydse afhanklikheid en liefde tussen vader, moeder en kin= ders.[4]

Die ingewikkelde moderne samelewing het egter nuwe eise aan die gesin begin stel. Die gesin is nie meer altyd by magte om sy pligte ten uitvoer te bring nie. Om eg= ter hierin te kan voorsien, is die hulp van die skool

---

1. Vgl. Duvenage, S.C.W., "Christelike Lewenstyl in ons kulturele Lewe met besondere verwysing na die Huisge= sin", in <u>Handhaaf</u>, Januarie 1971, p. 13.
2. Vgl. Ruperti, R.M. en du Plooy, J.L., <u>Die Opvoedings= taak</u>, p. 73.
3. Vgl. Ibid., p. 42.
4. Vgl. Strydom, A.H., op. cit., p. 37.

ingeroep.[1])

Die ouers mag egter nie nou agteroor gaan sit en alle verantwoordelikheid aan die skool oordra nie. As ouers is dit nog hulle plig om by die huis verantwoordelik op te tree en die regte voorbeeld te stel - as weerbaar ge= vormde ouers. Verder moet die opvoeding in die skool uitgaan in dieselfde gees as dié van die huis; dieselfde lewensfilosofie as dié van die ouerhuis moet gehuldig word. Maar daarvoor is dit belangrik dat die ouerhuis nie sy plig sal versaak nie. Die ouers kan nie verwag dat 'n Christelike lewensbeskouing in die skool voorop gestel moet word, maar by die huis self word dit nie ten uitvoer gebring nie.

## 3. ENKELE INVLOEDE OP DIE HUISGESIN WAT LEI TOT AFTAKELING

Ondersoeker wil hier slegs wys op enkele faktore wat in die huidige tydsgewrig die huisgesin in so 'n mate ont= wrig het dat dit afwyk van die tradisionele Afrikaanse huisgesin. Dit op sy beurt oefen invloed uit op die jeug, in so 'n mate dat die huis nie meer sy volle funk= sie van weerbaarmaking kan uitoefen nie. Die kind word in hierdie omstandighede so ontwrig dat hy ook in die samelewingsverbande buite die huisgesin hom dan ook nie kan aanpas nie.

1. Vgl. Ruperti, R.M., op. cit., p. 42-43.

## 3.1 TEGNOLOGIESE ONTWIKKELING

Die hele Westerse wêreld het 'n fenomenale ontwikkeling op tegnologiese gebied ondergaan. Suid-Afrika is nog steeds besig om dit te beleef. Hierdie ontwikkeling raak die gesinslewe tot in die diepste van sy bestaan.[1)]

Die plek van die vrou in die gesin het 'n gedaanteverwis= seling ondergaan. Arbeidspligte wat vroeër uitsluitlik die plig van die man was, is as gevolg van tegnologiese ontwikkeling so vergemaklik en so vereenvoudig dat dit nie meer hoë fisiese eise aan die mens stel nie. Dit het tot gevolg dat die vrou nou hierdie arbeidsveld kan betree en daardeur is poorte van die arbeidsmark vir die vrou oopgegooi.[2)]

Dit is dus nie meer vir die vrou moontlik om haar plig as moeder van die huis na behore na te kom nie. Die baba word aan die sorg van ander oorgedra en daardie be= langrike vormingswerk wat deur die moeder gedoen moet word, gaan verlore. Die eerste stap tot weerbaarmaking van die kind ly skade en dit maak die taak van die skool soveel moeiliker en verantwoordeliker. Die kind uit 'n ontwrigte huis sal dit baie moeilik vind om teenstand te kan bied en sal deur die onderwyser gelei moet word.

---

1. Vgl. Basson, A.J., Jeug en Seksualiteit, p. 129.
2. Vgl. Ibid., p. 129.

## 3.2 DIE EMANSIPASIE VAN DIE VROU

Ontwrigting en onsekerheid het in die moderne huwelik sy verskyning gemaak. Die emansipasie van die vrou het meegebring dat daar 'n nuwe aanpassing en plekbepaling binne die gesin moet plaasvind. Indien daar 'n verande= ring in die status van die vrou plaasvind, bring dit ook mee dat die tradisionele status van die man geraak word. "Indien die tradisionele verhouding tussen man en vrou in die huwelik aangetas word, moet die gesin in sy ge= heel hierdie versteuring voel."[1)]

Die vader as hoof van die gesin neem nie meer altyd hierdie plek in nie en as gevolg van die versteuring wat binne die gesin plaasvind, word al die verhoudinge binne die gesin daardeur geraak. Die moderne industrieë het meegebring dat daar 'n verandering in die posisie van die gesin plaasgevind het. Dit het die emansipasie van die vrou in die hand gewerk, wat meegebring het dat manne= kragtekort doeltreffend deur die vrou aangevul is. Dit is 'n verskynsel wat deeglik in aanmerking geneem moet word, want dit was nie slegs die gesin wat 'n transforma= sieproses as gevolg van die proses van verandering on= dergaan het nie, maar die skool het dit parallel met die gesin meegemaak.[2)]

---

1. Basson, A.J., op. cit., p. 132.
2. Vgl. Buys, J.J., "Die Emansipasie van die Vrou, 'n Per= spektief vir die Onderwys en Opvoeding", in <u>Die Skool= blad</u>, Julie 1973, p. 7.

## 3.3 DIE VERSTEDELIKINGSPROSES

As gevolg van tegnologiese en industriële ontwikkeling het daar ook verstedeliking plaasgevind. Die verstede= likingsproses het ook sy invloed op die huwelik en gesin gehad.[1)]

In die stad word arbeid en huis van mekaar geskei en die arbeidsproduksie uit die gesin en familiekring gehaal. Arbeid en huis was op die platteland 'n eenheid.[2)] Hier= die verandering het 'n hele omwenteling in die huisgesin tot gevolg gehad. Vader, moeder en kinders, elkeen het elke dag sy eie rigting om te gaan. Om as gesin saam te kan verkeer, is so beperk dat die geleentheid waardeur die ouer die kind weerbaar kan beïnvloed, gering is. Elke ouerpaar sal dus moet besef dat elke moontlike ge= leentheid wat hom voordoen, positief gebruik moet word om die jeug geestelik weerbaar te vorm, veral in die ou= erhuis. "As die ouers nie hul tyd en energie met oor= leg benut nie, loop hul gevaar om dalk die samelewing te verower, maar hul kinders te verloor."[3)]

Ouers het vandag te bedrywig en te onverskillig geword om rigting en koers, inhoud en karakter aan die lewe van hulle kinders te gee. Ouers sal moet besef dat hulle eenmaal alle aardse skatte en kosbaarhede sal moet ag=

---

1. Vgl. Combrink, J.H., "Die Gesin en die Kind", in Die Skoolblad, April 1971, p. 4.
2. Vgl. Basson, A.J., op. cit., p. 133.
3. Van Loggerenberg, N.T., "Ten koste van die Kind", in Die Skoolblad, Oktober 1973, p. 2.

terlaat, maar slegs hulle kinders gaan saam met hulle die Ewigheid in.[1)]

Die kind leef nie in 'n geïsoleerde wêreld nie, maar is gedurig onder invloed van geoorloofde en ongeoorloofde kontakte wat invloed op die kind uitoefen. Van die ge=oorloofde kontakte, soos die verskillende vermaaklikheid=vorme, het ook 'n nadelige invloed op die kind.[2)] Te al=le tye sal die ouer moet waak en waaksaam bly om die kind die regte leiding te gee. Die ouers sal moet be=sef dat hulle 'n groot aandeel het in die weerbaarmaking van die jeug.

## 4. DIE VERHOUDINGE BINNE DIE GESIN STIMULEER GEES=TELIKE WEERBAARHEID

### 4.1 ONDERLINGE LIEFDE EN SEKURITEIT LEI TOT GEES=TELIKE WEERBAARHEID

Die vormende invloed wat deur die opvoeding en onderwys binne die huisgesin uitgeoefen word, is bepaald die be=langrikste vormende invloed in die lewe van die jeug. In die gesonde huisgesin kry die kind die liefde en se=kuriteit wat hy nodig het in sy vormingsjare. Maar die teenoorgestelde is ook waar. In die gebroke huisgesin is die invloed ten kwade en versteur dit die hele ont=wikkeling van die kind.

---

1. Vgl. Vorster, J.D., "Die Jeug: Stormtroepe van die Revolusie", in Roeping en Riglyne, Junie 1975, p. 13.
2. Vgl. Nel, B.F., 'n Modern-pedagogiese Benadering van Jeugprobleme, p. 73.

Gedurende die eerste ses tot sewe jaar is dit veral die invloed van die liefdevolle vader en moeder wat 'n beslissende rol in die lewe van die kind speel. Die kind moet dan gedurende hierdie jare die liefde en sekuriteit binne die huisgesin ontvang,[1)] wat die basis sal vorm waarop voortgebou sal word. Van die intiemste menseverhoudings word in die gesin ondervind.[2)]

As maatstaf gee Jesus sy liefde wat Hy vir die mens het, dit is die ware en egte liefde. Die onderlinge liefde van die gesinslede vir mekaar word by die Christen verruim en verdiep deur die liefde vir Christus. In die onderlinge liefde van ouer en kind vind die kind sy wesenlike tipering. Die gesin word deur die natuurlike bande van bloed tussen ouers en kinders saamgebind. Wanneer dit ontsluit en verdiep word deur die onderlinge liefdesgesindheid van gesinslede teenoor mekaar, kry dit eers sy waarlike sin en betekenis.[3)]

Op die gesin rus daar 'n groot verantwoordelikheid, want deur die liefdevolle wedersydse sorg binne die gesin reg te behartig, "bly die gesin 'n laer waarheen gevlug kan word in hierdie tyd waarin die lewe deur innerlike ont=

---

1. Vgl. Jordaan, G.I., "Die Rol van die Onderwys en Opvoeding in verband met die Bestryding van Dwelmmiddels", in Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr 1, p. 206.
2. Vgl. Grobler, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr 1, p. 178.
3. Vgl. a) Strydom, A.H., op. cit., p. 35.
   b) Mulder, J.J., "Die Verhouding Gesin, Staat en Skool in die Opvoeding en Onderwys met verwysing na die Rol wat elkeen in die Volksopvoeding vervul en die Noodsaaklikheid van koördinasie van hierdie Samelewingsverbande in die Opvoeding- en Onderwyspraktyk", in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, p. 109.

binding bedreig word."[1]

Die belangrikheid van die huisgesin word hierdeur baie duidelik na vore gebring en daarom kan die Afrikaner nie bekostig dat die huisgesin verbrokkel nie. Wanneer die huis die liefde en sekuriteit vir die kind kan bied, sal daar 'n sterk en kragtige jeug opgroei om 'n geestelik pa=rate volk te vorm.

## 4.2 DIE VOORBEELD VAN HUISGENOTE LEI TOT GEESTE=LIKE WEERBAARHEID

Die gesin is die eerste gemeenskap waarmee die kind ken=nis maak en binne hierdie gemeenskap moet hy dan leer om te gee en te ontvang in samewerking met sy huisgenote. So word hy geskool om nie net aan sy egoïstiese self te dink nie, maar ook sy medemens en die groter gemeenskap daarbuite in aanmerking te neem.[2]

Die aanleer van hierdie sosiale deugde kan nie op die kind afgedwing word of deur boekekennis aan hom oorgedra word nie, maar dit is, nommer een, die voorbeeld wat die ouer aan hom stel. Dit word egter ook deur die ouere kinders van die gesin aan die jongeres oorgedra. Daar=om word daar in 'n groot gesin oor die algemeen nie pro=bleme aangetref nie. Die hele gesin werk mee in die opvoedingsproses. Uit hierdie voorbeeld wat die ouers stel, leer die kind daagliks sy lewenslesse en word dit

1. Brillenburg, Wurth G., op. cit., p. 87.
2. Vgl. Grobler, J.A., op. cit., p. 178.

in sy gedragspatroon ingeweef, sodat dit met verloop van tyd deel van sy persoonlikheid word. Op elke terrein van die lewe moet die voorbeeld van die ouer geld. So sal die ouer ook die voorbeeld moet stel in die gebeds=lewe, want as die ouer nooit bid nie, sal die kind dit later beswaarlik beoefen. Die kind sal geen agting en respek vir die ander huisgenote aankweek indien die ou=ers nie die voorbeeld stel nie. As die ouers nie ver=antwoordelik optree nie, maar selfsugtig en niks oor het vir hulle medemens en vir hulle onmiddellike omgewing, hulle kerk, die gemeenskap as geheel en vir die staat met al sy veelvuldige verpligtinge en verantwoordelikhe=de nie, sal daar ook nie by die kind 'n verantwoordelik=heidsgevoel aangekweek word nie.1)

Die gesin vorm die gemeenskap waarbinne die kind moet leer om te gee en te neem. Deur die leiding van die ouers word die kind verantwoordelikheid geleer.

Binne die gesin moet die kind dus die liefde en voorbeeld van die ouers ontvang. "Die sosialiseringsproses in die gesin dra dus substantief by tot die voortplanting van kennis, kultuur, gewoontes, tradisies en sosiale deugde van 'n volk."2)

## 4.3 DIE VERHOUDING EN INVLOED VAN HUISGENOTE VORM GEESTELIKE WEERBAARHEID

Binne die gesinskring is die kind gedurig onder die in=

1. Vgl. Grobler, J.A., op. cit., p. 178-179.
2. Ibid., p. 179.

vloed van die gesinsgenote en staan hulle in 'n sekere verhouding tot mekaar. Hier leer die kind om homself met 'n groepie maats te vereenselwig, sonder om sy eie oordeelsvermoë te laat vaar. So leer die kind ook om lojaal te wees teenoor die groep waaraan hy behoort. Die kind moet lojaal wees teenoor sy gesin en teenoor sy speelmaats, want sy lojaliteit wat hy later teenoor sy volk sal moet betoon, word hierop gegrond.[1] Ook hier kan die fondament wat deur die huis gelê word baie dui= delik waargeneem word. Op sy beurt vorm dit die grond= slag waarop daar in die skool voortgebou moet word aan die weerbaarheidsproses.

Die gesin vorm 'n kern en onderdeel van die volk en staan in diens van die volksgemeenskap as geheel ooreenkomstig die nasionale aspirasies en ideale. By die mens is daar die ingebore drang om aan 'n groep of volk te behoort. Die mens is egter ook vatbaar vir die vreemde en veral die jongmens laat hom maklik wegvoer deur nuwighede. Die nuwerwetse gryp maklik die verbeelding aan. "Hier= die is miskien die uiterlike tekens, maar geleidelik laat dit ook sy merk op die innerlike en uiteindelik is die gees van die jeugdige so verstrik en verward dat hy ook nie meer weet waar hy tuis hoort nie."[2] Hier het die huisgesin 'n groot taak te vervul. Die kind moet so beïnvloed word en die volkseie moet so ingeskerp word dat die vreemde geen bekoring kan inhou nie.

---

1. Vgl. Ruperti, R.M., op. cit., p. 77.
2. Pieterse, J.E., <u>Wat is verkeerd in die tipiese Afri= kaanse Huisgesin?</u>, p. 11.

In die huis moet hy vir die eerste keer van die groot volkshelde hoor; die liefde en eerbied vir sy vaderland en sy taal moet hier tuisgebring word.[1] Die hele gees van die huis moet omstraal wees met 'n weerbaarheidsat=mosfeer. Maar binne die huisgesin leer die kind ook om eerbied en waardering vir die taal en lewenswyse van an=der volke te betoon, "om die menslikheid in alle mense te eerbiedig, ongeag hulle ras of kleur of geloof of so=siale posisie en om beleefd teenoor almal te wees."[2]

Die regte verhouding tussen broers en susters kan in baie opsigte 'n hulp en steun wees. Binne die huisgesin kry die kind die eerste keer te doen met mense van ver=skillende leeftye en albei geslagte wat vir hom 'n voor=smaak gee van die heterogene gemeenskap waarin hy as volwassene sal moet staan. Die gesin kan dus as 'n oe=fenskool vir die lewe gesien word. In die gesin en huis vind die kind die geestelike en fisiese ruimte waarin die menslike persoonlikheid ontwikkel. Reeds binne die gesin word die kind geskuur en geskaaf en word 'n lewen=styl ontwikkel wat kenmerkend is vir die latere lewe.[3]

Die gesin is egter 'n geslote kring waarbinne die kind dan ontwikkel, maar deur uit te beweeg in 'n wyer kring van speelmaats en ander gesinne, kry die kind die ge=leentheid tot verdere sosiale ontwikkeling. Op sy beurt

1. Vgl. Vorster, J.D., op. cit., p. 13.
2. Ruperti, R.M., op. cit., p. 77.
3. Vgl. a) Brillenburg, Wurth G., op. cit., p. 87.
   b) Ruperti, R.M., op. cit., p. 78.
   c) Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 15.

bied die skoolgemeenskap weer 'n oorgang van die eie ge=sinskring tot die groot gemeenskap.[1)]

Besef ouers altyd die geweldige verantwoordelikheid wat hulle teenoor hulle kinders het? Waar die gesin die beginpunt, die fondament, van soveel fasette in die lewe van die kind is, is dit ook nog die beginpunt van die vorming en vaslegging van geestelike weerbaarheid van die jeug.

Tuis moet die kind omring word deur 'n estetiese smaakvol=le omgewing; die radio- en televisieprogramme, die rol=prente, konserte, toneelopvoerings en leesstof is onder andere aspekte waaraan daar gedurig aandag gegee moet word. Ook hier moet die ouers die leiding gee en die voorbeeld stel. Die volkskulturele bedrywighede en die kleredrag van die ouers sal dien as 'n aanbeveling by die kind. "Die huisgesin is die plek waar die appél teen die gees van die eeu moet begin. As die ouers in 'n eg=te Christelike atmosfeer teenoor mekaar en die kinders in die spontaneïteit van die gesagsverhouding die regte gesindheid gekweek het, dan is een van die hoekstene ge=lê vir 'n positiewe en behoudende lewenstyl."[2)]

Dit is dus baie belangrik dat so 'n positiewe en behou=dende lewenstyl van die begin af by die kind ontwikkel en vasgelê sal word, want hieruit sal voortvloei 'n gees=telike weerbare jeug en volk.

1. Vgl. Ruperti, R.M., op. cit., p. 78.
2. Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 16.

# 5. DIE GESAGSTRUKTUUR BINNE DIE HUISGESIN AS WEERBAARHEIDVORMENDE ELEMENT

## 5.1 INLEIDING

Daar is reeds gewys op die liefde en sekuriteit wat binne die huisgesin moet bestaan, sodat die kind weerbaar kan opgroei in hierdie atmosfeer wat die huis hom bied.

Die klem moet egter ook val op die gesag saam met die liefde en sekuriteit binne die huisgesin. Net soos wat daar binne elke samelewingsverband 'n gesagstruktuur aangetref word, word daar ook in die gesinsverband gesag aangetref. Alle verbande kan nie hulle taak en roeping in verantwoordelikheid volvoer sonder gesag nie; daarom ook is gesag in die gesinstruktuur onontbeerlik.[1)]

## 5.2 DIE GESAG VAN DIE VADER EN MOEDER VORM WEERBAARHEID

In die gesinsverband is daar 'n vaste gesagstruktuur. Die ouer en kind is verbind onder leiding van spesifieke gesinsliefde. Die ouer moet die kind gebied en opvoed, terwyl die kind gehoor gee en meewerk. Die ouer mag die kind nie laat struikel nie, maar aan die anderkant moet die kind ook die ouer eer en respekteer. Indien die gesagstruktuur in die gesin verbreek word, lei dit tot wanorde.[2)]

---

1. Vgl. Mulder, J.J., op. cit., p. 109.
2. Vgl. Strydom, A.H., op. cit., p. 35.

Dit is van die grootste belang dat die vader en moeder sal saamwerk. Indien hulle van mekaar sou verskil en die kinders kom dit agter of te hore, sal dit die gesag ondermyn.[1)]

Dit is dus so dat daar binne die gesin twee gesagsdraers is, die vader en die moeder, wat saam en met eensgesind= heid hulle kinders moet rig en lei met die gesag wat aan hulle as ouers toegesê is. Die ouers wat die gesags= faktor in hulle opvoedingstaak tot sy reg laat kom en met liefde die leiding aan hulle kinders gee en self in ooreenstemming met daardie liefde leef, bied aan hulle kinders die geleentheid om ten volle weerbaar op te groei en sterk en edel karakters te ontwikkel.[2)] Op 'n intie= me wyse wys die ouers die kind tereg, wys hy die kind op wat reg en wat verkeerd is, goed en kwaad is en wat se= delik en onsedelik is.[3)]

Wanneer die ouers binne die gesin hulle gesag verloor het, word daar al hoe hoër eise aan die kind gestel, maar stel die kind nou ook hoër eise aan die ouers. Hierdie ouers is dan ook geneig om al meer toe te gee aan die eise van die kind. Die kind ken geen en wil geen "nee" aanvaar nie en wil dan op skool en in die sa= melewing geen gesag aanvaar nie. Ongelukkig is dit dan so dat die skuld voor die deur van die ouers gelê word,

---

1. Vgl. Jordaan, G.J., op. cit., p. 207.
2. Vgl. a) Spier, J.M., <u>Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte</u>, p. 89.
   b) Jordaan, G.J., op. cit., p. 209.
3. Vgl. Nel, B.F., <u>'n Modern-pedagogiese Benadering van Jeugprobleme</u>, p. 70.

want vanaf sy jeug is daar iets van die kind weerhou waarsonder hy nie weerbaar sy plek kan vol staan nie. Uit die gesin moet die kind opgevoed word om binne alle ander verbande gehoorsaam te kan optree.[1)]

Die jeug soek na gesag, ouers wat beslissend kan optree. "Waar slapheid en 'n onbesliste houding aan die kant van gesagsdraers die verwoester van 'n gelukkige jonkheid is, is die sterkste versekering vir die volle genieting van die jonkheid, ouers en onderwysers wat aan die onrype en ontvanklike jonglui eenvoudige en duidelike beginsel=standpunte gee: hiérdie is die pad van eer en dáárdie is die pad van oneer - ons het dit nog nooit gedoen nie en ons gaan nie daarmee begin nie."[2)]

## 5.3 DIE VADER AS GESAGSFIGUUR

In die verlede was dit die posisie dat die vader die pa=triarg van die gesin was. Hy was die leidende figuur in die gesin wat oor die gesag beskik het. Hierdie toe=stand het egter met verloop van tyd 'n verandering begin ondergaan en die gesinstruktuur het meer die vorm van kameraadskaplike verhoudings begin aanneem.[3)]

Dit is egter van die grootste belang dat die vader as

1. Vgl. a) Spier, J.M., op. cit., p. 89-91.
   b) Basson, A.J., op. cit., p. 139.
   c) Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 208.
2. Van Loggerenberg, N.T., "'n Tydvak van Beslissing", in Die Skoolblad, Junie 1974, p. 2.
3. Vgl. Nel, B.F., op. cit., p. 36.

gesags- en identifikasiefiguur bekend moet wees en bly.[1] Elke kind het die behoefte aan gesag en dus ook die be= hoefte aan 'n identifikasiefiguur. Ten spyte van die vroeëre konfliksituasie in verband met die vaderfiguur - of, sal ons sê, juis as 'n gevolg daarvan - het die kind tog en veral lewensekerheid besit in die huis, sowel as in die samelewing."[2]

Met die geleidelike verval van die identifikasiefiguur tree die moeder nou sterk op die voorgrond as die een wat die gesag uitoefen. Die behoefte aan die vaderfi= guur bly egter voortbestaan, maar die vader word gesien as 'n niksbeduidende figuur. In die verlede was die klag oor te veel gesag, maar vandag kla die jeug openlik oor te min gesag en leiding.[3]

Inherent is daar dus by die jeug 'n soeke na gesag, al wil dit dan ook soms voorkom asof hulle in opstand teen die gesag wil kom. Die rol van die vader in die huis mag nie verwaarloos word nie. Hy hoef geen heerser oor die huisgenote te wees nie, maar van hom af moet daar die besliste en verantwoordelike leiding kom waarna die gesinsgenote opsien.

Die vader en moeder moet die kinders in verantwoordelik= heid opvoed tot Sy eer en tot volwassenheid. So is die vader met die priesteramp en die moeder met tere liefde

---

1. Vgl. a) Jordaan, G.J., op. cit., p. 207.
   b) Nel, B.F., op. cit., p. 36.
2. Nel, B.F., op. cit., p. 36.
3. Vgl. Ibid., p. 36.

begenadig om hulle roeping hier op aarde te vervul.[1]

Die huidige tydsgewrig vra ouers wat nie willoos sal toegee aan die begeertes van die kind nie, maar met 'n besliste "nee" die kind sal regeer wanneer dit nodig is. "Dit is 'n gelukkige volk as hy oor huisgesinne beskik waar die gees van die ouer en die gees van die kind goe= dig en liefdevol, maar nietemin vonkelend teen mekaar geslyp word, want aldus word die fondament gelê vir die jong geslag wat vryheid in verantwoordelikheid kan beoe= fen en wat oor 'n verantwoordelike kritiese sin beskik sonder om ooit te verval tot irriterende kritiekerigheid en ongegronde foutvinderigheid."[2]

## 5.4 VRYHEID TOT VERANTWOORDELIKHEID IN DIE GESIN

Daar is reeds daarop gewys dat die verhouding binne die gesin 'n gesagsverhouding moet wees, 'n verhouding waar= binne gesag en liefde mekaar nie uitsluit nie. Hierdie gesag moet dus die ruimte laat vir die vryheid en gedra word deur wedersydse liefde.[3]

Die verantwoordelike ouer sal die kind so opvoed dat hy sy vryheid verower deur verantwoordelikheidsaanvaarding. Binne die gesin word die kind gedurig voor keuses gestel en word daar aan hom take opgedra waardeur hy tot ver=

---

1. Vgl. Strauss, H.J., Instellings en Organisasies ter eer van God, p. 10.
2. Van Loggerenberg, N.T., "Verantwoordelike Ouerskap", in Die Skoolblad, Januarie 1973, p. 3.
3. Vgl. Brillenburg, Wurth G., op. cit., p. 87.

antwoordelikheid gelei word. "Vir vryheid wat neerkom op 'n miskenning van gesag en verantwoordelikheid is daar in die gesinsituasie geen ruimte nie."[1)]

## 6. DIE ROL VAN DIE GODSDIENS IN DIE HUIS LEI TOT GEESTELIKE WEERBAARMAKING VAN DIE KIND

### 6.1 DIE PLEK WAT DIE BYBEL INGENEEM HET

Wanneer daar gelet word op die wordingsperiode van die Afrikanervolk en die gevaarlike afgesonderdheid wat hy moes deurmaak, dan is dit veral die gebruik wat die Af= rikaner van die Bybel gemaak het wat opgemerk word. Dit was soos sout, die bederfwerende invloed wat hom bewaar het van die bederf van verwildering en verbystering. Die Bybel het 'n besondere plek in die lewe van die Afri= kaner ingeneem. Geen kerklike voorligting het so 'n groot rol gespeel as die lees van die Bybel nie. Gedu= rende sy wordingstydperk het dit gedien as bron van lig; dit het aan hom sy rigting aangewys en aan sy dinkwêreld inhoud en kleur gegee.[2)] Die Afrikaner het homself daarmee omgord en sodoende weerbaar gebly.

Dit was dan ook veral in die huisgesin dat die Bybel 'n pertinente plek ingeneem het en invloed uitgeoefen het. Toe kerk en skool in 'n sekere sin van die woord ontbreek het, was dit die huisgesin wat 'n belangrike plek inge= neem het, met die Bybel as inherente deel daarvan. Deur

1. Gresse, D.A., Sosio-pedagogiese Verkenning, p. 33.
2. Vgl. Nepgen, C.C., Die sosiale Gewete van die Afri= kaanssprekende, p. 61.

die huisgodsdiens is die Bybel onlosmaaklik aan die Afrikaner gekoppel. Die Bybel het vir elke egte Afrikanerhuisgesin die maatstaf vir die etiese lewe verskaf. Dit het ook die gesinslede met vrugbare denkbeelde en verhewe ideale voorsien. Elke Afrikanerhuisgesin was ook 'n skool waarin die Bybel die middelpunt was en wat tot die kultuurontwikkeling en beskawing gelei het.[1)]

## 6.2 DIE GODSDIENSTIGE FUNKSIE VAN DIE GESIN

Bowenal is die mens 'n godsdienstige wese met 'n ewigheidsbestemming. Die godsdienstige funksie binne die gesin word nie meer na behore vervul nie, en hier lê seker die belangrikste probleme waarmee die gesin te doen kry, "want alle ander probleme kan in die werklikheid teruggevoer word na ons verhouding tot God wat êrens verkeerd geloop het."[2)]

Die ouerhuis is geen losieshuis nie; dit is selfs meer as 'n kweekplek vir 'n volk. Op pad na die Ewigheid vorm dit die halfwegstasie. Daarom is die taak van die ouerhuis veel meer as net huisgodsdiens; dit is ook die plek waar die kind 'n ernstige Christelike opvoeding en skoling moet ontvang.[3)]

Die gesin speel 'n baie belangrike rol op die terrein van die godsdienstig-sedelike. Die skool het ook hier 'n

---

1. Vgl. Gresse, D.A., op. cit., p. 62.
2. Pieterse, J.E., op. cit., p. 14.
3. Vgl. Vorster, J.D., op. cit., p. 13.

taak te vervul, net soos die gesin ook 'n aandeel het in die verstandelike vorming van die kind. Daar kan gesê word dat die skool meer inleidend tot die wette of norme is, terwyl die gesin meer die godsdienstig-sedelike grondslag lê waarop die kind sy volgende lewensfase bou. Daarom is dit 'n groot voorreg om in 'n gesin groot te word waar die vrese van die Here voorop gestel word. "Zulke gezinnen maken de kern en de kracht der bevolking uit, en trekken rondom de kinderen een sterken muur ter bescherming op."[1)]

Dit moet nie 'n afgewaterde, weke, sentimentele, spierlo= se godsdiens van liefde sonder gesag wees nie. Die godsdiens moet 'n krag wees. Dit moet nie alleen staal in die bloed sit nie, maar ook 'n lewensbeskouing aan die kind gee waarmee hy al die ideologieë waarmee hy te doen kry, sal kan verslaan.[2)]

In die oorlog in Viëtnam is dit oor en oor bewys dat die ware Christen wat geestelik sterk is, die soldaat met 'n sterk godsdienssin is, wat nie alleen die beste vegter is nie, maar ook die breinspoeling van die vyand die beste kan weerstaan.[3)] Hy is die soldaat met 'n inner= like krag, wat weerbaar is en altyd bereid sal wees om te veg, om te verdedig wat sy eie is.

Die huisgesin wat omring is deur 'n diep godsdienstige

---

1. Bavinck, H., De Opvoeding der rijpere Jeugd, p. 113.
2. Vgl. Vorster, J.D., op. cit., p. 13.
3. Vgl. Kotzee, A.L., 'n Ideaal vir ons Jeug, p. 41.

atmosfeer, sal kragtig wees en weerstand kan bied teen die bedreiginge van vreemde godsdienste. "Het is zoo, wie kan gezond blijven als hij ademt in een onrein damp=kring? Maar het is even zeker waar, dat van een Chris=telijk levensmilieu een machtige paedagogische invloed ten goede uitgaat, en dat de gezegende werking daarvan tot in de nageslachten zal blijken."[1)]

## 6.3 DIE HUISGODSDIENS LEI TOT INNERLIKE VERSTERKING

Die huisgodsdiens bied 'n ideale geleentheid waardeur die kind tot geestelike weerbaarheid gelei kan word. Die grondslag van sy Christelike lewensbeskouing vind sy ontslag hier. So kry elke lid van die gesin 'n heenwyse na sy kindskap van die Almagtige en leer dat die gods=diens die diepste grondslag van die lewe is. Die Bybel vorm die grondslag van die lewe en lewensbeskouing. In die huisgesin kan die volk weer geleer word om Christe=lik te dink en te lewe, oral en altyd.[2)]

In 'n ondersoek is gevind dat huisgodsdiens geleidelik in onbruik raak. Huisgodsdiens word egter nog meer by die landelike as stedelike gesinne aangetref.[3)] Dit is 'n verontrustende verskynsel dat daar 'n afname besig is om plaas te vind. Die waarde van die huisgodsdiens kan nooit hoog genoeg geskat word nie. Hier is die ideale

---

1. Kuyper, A., "De Opvoeding in het Huisgezin", in Anema, A. et. al., <u>Christendom en Opvoeding</u>, p. 57.
2. Vgl. Venter, E.A., <u>Die Gelowige in die Samelewing</u>, p. 83 en 85.
3. Vgl. van der Merwe, C.F., <u>Die Afrikaanse landelike en stedelike Gesin: 'n Vergelykende Ondersoek</u>, p. 26.

geleentheid waar die hele gesin saam kan verkeer en die vader as gesagsfiguur die geleentheid het om die gods= diensoefening waar te neem. Hier bid die gesin saam om leiding en beskerming en sing hulle saam tot lof van God.

Die godsdiens in die huisgesin kan so treffend opgesom word: "Christus moet onvoorwaardelik die Hoof van elke gesin wees. Dit moet nie slegs 'n opskrif oor ons ge= sinslewe wees nie, nie slegs 'n muurteks, êrens wegge= steek of selfs opsigtelik vertoon, in ons huis wees nie, maar die atmosfeer, die uitgangspunte en doelstellinge, die lewens- en wêreldbeskouing en die sedelike norme in ons hele gesinslewe bepaal. Christus moet nie slegs 'n geleentheidsgas in ons sit- en eetkamer wees nie, nie slegs 'n loseerder wat, as sy teenwoordigheid ongerief en verleentheid veroorsaak, kennis gegee kan word nie, maar Hy moet die Hoof met onbelemmerde en onvoorwaardelike gesag van elke gesin wees."[1)]

## 7. SAMEVATTEND

Op die skouers van die huisgesin rus daar vandag 'n groot verantwoordelikheid, want die huis het ook 'n belangrike taak om te vervul in die weerbaarmaking van die jeug. Die taak van die huis mag nie op die skool afgeskuif word nie. Dit sal beteken dat elke ouer opnuut sy plig sal moet besef en daadwerklik sal moet begin arbei. Daar moet tyd, baie tyd afgestaan word om die kind geestelik

---

1. Beukes, D.P.M., "Godsdiens in die Huisgesin", in Handhaaf, September 1971, p. 19.

weerbaar te maak.

Wanneer elke Afrikaner die huisgesin die oorsprong van geestelike weerbaarheid maak, sal die skool sy taak kan voortsit om 'n geestelik weerbare jeug op te voed. Dan sal die Afrikanerjeug die aanslae op hom kan afweer en 'n kragtige volk sal hier aan die Suidpunt van Afrika voort leef.

"Was dit nie vir daardie vader en moeder nie, dan het ek nie eens bestaan nie. En sonder hulle liefde en onself=sugtigheid, hulle opvoeding en vormende invloede sou my lewe oneindig arm gewees het. Ek dra 'n naam wat hulle aan my gegee het. Ek praat 'n taal wat hulle my geleer het. Ek handhaaf beginsels wat hulle my geleer het. Ek behoort aan die kerk van Jesus Christus waarin hulle my grootgemaak het."[1] Wanneer dit van elke Afrikaner=huisgesin in Suid-Afrika gesê kan word, sal 'n jeug op=groei wat teenstand kan bied, wat hulle self sal verde=dig, wat hulle eie sal bewaar, wat hulle self sal omgord met die waarheid; hulle sal die bedreiginge kan waar=neem en opmerksaam wees; hulle sal selfs bereid wees om te veg, ja, hulle sal geestelik weerbaar wees.

Nadat daar nou besin is oor die rol van die huis in die geestelike weerbaarmaking van die jeug, het dit ook dui=delik geblyk dat weerbaarheid in die vroegste Afrikaner=huisgesinne voorgekom het. Die huisgesin het 'n belang=

---

1. Raubenheimer, O., "My Huisgesin", in Potgieter, G.J., My Lewensnorme, p. 50.

rike plek in die hele proses van weerbaarmaking ingeneem. Die huis sal saam met die skool hierdie rol moet bly vervul.

Waar daar nou gelet sal word op die rol van die skool in die weerbaarmakingsproses, wil ondersoeker eers aantoon dat geestelike weerbaarheid nooit uitgesluit was in die onderwys van die Afrikanervolk nie.

Soos wat weerbaarheid saam met die mens gegroei en ont= wikkel het, het dit ook met die onderwys saam beweeg. So sal daar dan in die volgende hoofstuk gelet word op tekens van geestelike weerbaarheid in die eerste onder= wys van Suid-Afrika.

# HOOFSTUK V

## DIE OORSPRONG VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID IN DIE ONDERWYS VAN DIE AFRIKANERVOLK

### 1. INLEIDEND

In hierdie hoofstuk sal daar dan gesoek word na die ge= vaartekens van bedreigings teen die volk in die eerste onderwys in Suid-Afrika en in watter mate weerstand ge= bied is, hoe daar toe alreeds weerbaarheid in die onder= wys toegepas is.

Daar sal ook gelet word op die resultaat wat die weer= baarmaking op die Afrikanervolk gehad het, dat dit juis deur die proses van weerbaarmaking is dat die Afrikaner= volk nie ondergegaan het nie, maar as 'n selfstandige volk met sy eie taal en identiteit voortbestaan het.

Dit is nie die gedagte om die verloop van die geskiede= nis van die onderwys hier weer te gee nie, maar om slegs grepe uit die geskiedenis te neem om te sien in watter mate verkeerde invloede invloed uitgeoefen het op die onderwys van Suid-Afrika, en die reaksie dan daarteen.

Onder hierdie invloede wat 'n bedreiging gevorm het, was daar veral die Liberalisme wat vandag nog 'n bedreiging vir die Afrikanervolk is. Die verengelsingsbeleid moes ook afgeweer word. Dit was dan veral hierdie bedreiginge wat gelei het tot weerbaarmaking.

## 2. DIE EERSTE ONDERWYS AAN DIE KAAP LÊ DIE GRONDSLAG VIR GEESTELIKE WEERBAARHEID

### 2.1 DIE ONDERWYS UIT DIE MOEDERLAND

Dit is belangrik dat daar net kortliks gelet sal word op die onderwys wat die fondament of grondslag gevorm het van die onderwysgebou van Suid-Afrika en dan verder te let hoe invloede van buite daarop ingewerk het.

Kenmerkend dan van die eerste onderwys in Suid-Afrika is dat dit feitlik net so oorgeneem is uit die moederland, Nederland.[1] In Nederland het daar gedurende die se= wentiende eeu die nouste samewerking tussen die kerk en die skool bestaan. Die owerheid is beskou as hoogste gesag, maar in die praktyk was dit die kerk wat gesorg het dat goeie Christelike (staat-) skole tot stand gekom het.[2] Daar is ook gesorg vir die onderhoud en aanbe= veling van toesig oor die onderwys.

Die hoofdoel van die onderwys was dan die Christelike en sedelike vorming van die kind. Leerstellige godsdiens= onderrig het die hoofinhoud van die leergang gevorm en daar kan gesê word dat die skoolinrigting 'n Calvinis= ties-godsdienstige gees geopenbaar het.[3]

---

1. Vgl. Hanekom, T.N., Die Liberale Rigting in Suid-Af= rika, p. 194.
2. Vgl. Cilliers, D.H., Die Stryd van die Afrikaansspre= kende in Kaapland om sy eie Skool (1652 - 1939), p. 12.
3. Vgl. Ibid., p. 12.

Dit was dan in hoofsaak die gees van die onderwys in die moederland, 'n onderwys met 'n sterk Christelike karakter.

## 2.2 GEESTELIKE WEERBAARHEID VERSKUIL IN DIE STERK GODSDIENSTIGE KARAKTER VAN DIE ONDERWYS

Die eerste skool onder die Oos-Indiese Kompanjie was 'n Gereformeerde Staatskool.[1] Die belange van die Gereformeerde Kerk is in die skool erken deur die owerheid.[2] Die Kerk het die reg gehad om ondersoek in te stel na die bekwaamheid en regsinnigheid van die onderwysers en het veral die reg gehad om voor te skryf wat op die gebied van die godsdiens op skole onderrig sou word.

Die Ordonnansie van De Chavonnes (1714) was die eerste stap om werklike vorm aan die onderwys hier aan die Kaap te verleen. By nadere vergelyking kan dan ook duidelik gesien word dat reglemente en gebruike in die moederland die rigting aangegee het vir sy reëlings van die onderwyssake hier aan die Kaap.[3]

So word daar gevind dat tot die jaar 1795 die vernaamste kenmerk van die onderwys aan die Kaap 'n sterk godsdienstige opleiding openbaar volgens die dogma van die kerk

1. Vgl. Kotzee, A.L., Die Ideaal in ons Onderwys, p. 3.
2. Vgl. Vermaak, D., "Die Inplanting van die Christelike, die Nasionale, die Moedertaal-, en die Ouermedeseggenskap-beginsel in die Suid-Afrikaanse Onderwys", in Die Skoolblad, Januarie 1971, p. 3-4.
3. Vgl. du Toit, P.S., Onderwys in Kaapland - 'n Historiese Oorsig (1652-1969), p. 10.

van die moederland. Die sewentiende-eeuse Nederlandse samelewing het dus 'n sterk godsdienstige inslag gehad en kan gesien word as 'n baie belangrike deel van die geestelike erfenis van die onderwys aan die Kaap. Teen die jaar 1795 het dit reeds 'n onmiskenbare deel van die Afrikanervolk se kultuur uitgemaak. "Die vernaamste deel van die begrip 'Christelik-nasionaal' in verband met ons onderwys is reeds in hierdie tydvak van ons volksbestaan duidelik op te merk."[1)] Die godsdiens, die Christelike, het die grondslag gevorm en was dus die sterk behoudende element wat besig was om saam met die volk te ontwikkel.

Die eerste Hollanders aan die Kaap het 'n baie sterk gevoel vir die moederland gehad, maar het langsamerhand vergroeid geraak met die nuwe aarde waarin hulle geplaas is. 'n Nuwe volk is gebore en die Hollandse taal het gaandeweg 'n ander vorm begin aanneem - 'n nuwe taal was besig om uit die siel van die nuwe volk te ontstaan. Baie kenmerkend en onafskeidelik verbonde aan hierdie jong volk was hulle geloofsywer en daadkrag.[2)] Onmiskenbaar was dit die eerste tekens van 'n volk wat besig was om te ontwikkel in 'n gees van weerbaarheid.

Die kerk het 'n belangrike plek in die onderwys ingeneem. Die onderwyser was in die eerste plek 'n persoon wat 'n kerklike amp beklee het en daarnaas onderwyser. Die kerklike en skoolamp is dan op 'n besondere wyse aan me=

---

1. a) Van der Schijf, W.G., <u>Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal tot 1963</u>, p. 52.
   b) Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 20.
2. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 58.

mekaar verbind.

In die binneland het die skool dan ook op die voetspore van die kerk gevolg.[1] Alhoewel onderwysers skaars en sommige van die skoolmeesters nie altyd bekwaam was nie, moes hulle hulle nie skuldig gemaak het aan skadelike leringe nie. Die ouers het soiets beskou as 'n bedrei= ging waarteen opgetree moes word. So is daar in 1743 in Waveren 'n skoolmeester, Louis van Dyk, aangestel, maar as gevolg van skadelike leringe wat hy verkondig het, weer gou ontslaan.[2]

So was daar ook die geval van 'n sekere onderwyser, ene N.N. de Beer, in die distrik Stellenbosch wat weens on= suiwerheid in sy leringe in verband met die godsdiens ontslaan is. Die ouers kon nie duld dat daar iets met die godsdiens verkeerd moes loop nie, want die klag teen hom was dat hy "seer schadelijke gevoelens in 't stuk van den godsdienst voedende, waardoor de goddelijkheijd der H.S. wierd ondermijnd."[3]

Hierdie optrede van die ouers was duidelike tekens van verset teen die dwaalleringe wat vir hulle kinders ge= vaar kon inhou. Hierdie afwykings in die godsdiens was nie maar net geïsoleerde gevalle van dwalinge nie, maar dit was 'n openbaring van die gees van "verligting"[4] wat ook in die onderwys sy tekens begin wys het, veral in

1. Vgl. du Toit, P.S., op. cit., p. 19.
2. Vgl. Ibid., p. 19.
3. Hanekom, T.N., op. cit., p. 98, soos aangehaal uit No= tule Kerkraad van Stellenbosch, 6 Augustus 1769.
4. Vgl. Ibid., p. 99.

die skoolorder van De Mist.

## 2.3 GEESTELIKE WEERBAARHEID ONTWIKKEL EN VORM IN DIE ONTWAKENDE NASIONALE GEVOEL

Die nasionale gevoel was ook besig om te ontwaak. Met die koms van die Franse is 'n eie atmosfeer in Suid-Afri=ka geskep. Die gesamentlike liefde vir die eie bodem het ontstaan en dit was nou die belange van 'n volk wat saamgesnoer moes word. So het daar onbewustelik 'n eie Afrikaanse volkskarakter ontstaan.[1)] Hierdie volkska=rakter het in die sewentiende en agtiende eeue steeds verder ontplooi en die skepping van eie waardes het daar=mee gepaard gegaan. Die besef van die eie Afrikaanse nasieskap het saamgeval met die ontwaking en die besef van die kulturele waardes van Afrikaans as taal.[2)]

Volgens die Gereformeerde beginsel is dit die reg en plig van die ouer om ook in die skool die gees en rig=ting te bepaal. Waar dit in die tydperk van die Kompan=jie nie vir die ouer nodig was om aan te dring op Chris=telike onderwys nie, word egter gevind dat die ouer soms genoodsaak was om te veg vir nasionale onderwys.[3)]

---

1. Vgl. Vermaak, D., Die Agtergrond en Implikasies van enkele Beginsels in verband met 'n Nasionale Onderwys=beleid vir die Republiek van Suid-Afrika: 'n Histo=ries-Prinsipiële Studie, p. 69.
2. Vgl. a) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 58.
   b) Cilliers, D.H., op. cit., p. 12.
3. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 59.

## 2.4 DIE WAARDE VAN DIE MOEDERTAAL VIR WEERBAAR=HEIDSVORMING WORD BESEF

Die Hollandssprekende deel van die bevolking het die waarde van moedertaalonderwys terdeë besef, want daar word by die owerheid aangedring om onderwysers te kry wat hulle kinders kan onderrig in die moedertaal. Die Hollandse bevolking het egter nie soveel probleme gehad nie, want dit was die beleid van die owerheid om die Hollandse taal te versprei en die Franse taal te laat uitsterf. Dit was egter meer 'n geval van om seker te maak dat nasionale onderwys vir hulle kinders daardeur verseker sou word.[1)]

Die noodsaaklikheid van moedertaalonderwys in 'n nasiona=le gees kom baie duidelik na vore in die volgende geval. Ene Pieter Davenraad het omstreeks 1707 'n privaatskool=tjie in Kaapstad gehad. Die waarnemende goewerneur, Johan Cornelis d'Ableing, het sy kinders na hierdie skool gestuur waar hulle onderrig ontvang het in lees, skrywe, Rekenkunde, Godsdiens en Latyn. Davenraad was 'n goeie onderwyser en het derhalwe 'n groot toeloop gehad wat tot gevolg sou hê dat die kinders van die goewerneur afge=skeep sou word in hulle onderrig. Die goewerneur ver=bied hom toe om die leerlinge enige verdere onderrig in Nederlands te gee. Die ouers van die ander leerlinge het hulle kinders onmiddellik uit die skool geneem, om=dat hulle nie meer onderrig in Nederlands ontvang het

1. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 59.

nie. Skoolonderwys sonder moedertaalonderwys was vir die ouers eenvoudig nie aanvaarbaar nie, en daar is planne gemaak vir ander onderwys van hulle kinders.[1)] In hierdie voorbeeld is die optrede van die ouers 'n baie duidelike voorbeeld van weerbaarmaking. Skade van die moedertaal was skade in die lewe van hulle kinders.

Kenmerkend van al die skole wat gedurende hierdie tydperk gestig is, is dat die onderrig in die moedertaal geskied het. Die skoolarge het deur middel van hulle gemagtigde in die moederland gesoek na geskikte leerkragte vir 'n skool waarin die kinders Christelike en nasionale onderwys kon ontvang.[2)]

In die optrede van die ouers word die gees van weerbaarheid weerspieël. Die ouers was selfs bereid om onderwysers te huur om onderwys aan hulle kinders te verskaf in die rigting en gees wat in die ouerhuis geheers het. Dit was vir hulle van belang dat die onderwys van hulle kinders so na as moontlik aan die eie moes bly. In die vreemde was daar vir hulle 'n bedreiging van die eie wat hulle identiteit kon vernietig het.

Daar kan dus gesê word dat die eerste onderwys aan die Kaap reeds invloede beleef het wat veral van die kant van die ouers geestelike weerbaarheid noodsaaklik gemaak het.

---

1. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 59-60.
2. Vgl. a) du Toit, P.S., op. cit., p. 40.
   b) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 60.

# 3. DE MIST DRA 'N STELSEL VAN SEKULÊRE ONDERWYS NA SUID-AFRIKA

## 3.1 INVLOEDE VAN DIE TYDSGEES

Intellektuele strominge teen die einde van die agtiende eeu, en veral die Franse Revolusie en Rousseau se natu=ralisme, het toestande in Europa verander en ook in Ne=derland 'n omwenteling gebring. 'n Gevolg was die ver=breking van die eertydse band tussen kerk en staat. Ook die onderwys het in die slag gebly, want die onderwys het 'n proses van verwêreldliking ondergaan en die skool sou voortaan opleiding bied tot goeie burgerskap.[1)]

As kind van sy tyd het De Mist sterk onder die invloed van die Franse tydsgees gestaan. Voor die Franse Revo=lusie het die onderwys en opvoeding sterk onder die in=vloed van die godsdienstige vorming gestaan, maar daarna moes die godsdiens begin plek maak vir die vorming van 'n nasionale kultuur. Die invloed van die kerk op onder=wysgebied is uitgeskakel en geestelikes is verbied om langer onderwys te gee.[2)]

Gevul met hierdie verligte beskouings kom De Mist na die Kaap en dit vind uiting in sy kerk- en onderwysverorde=ninge. Hierdie denkbeelde was in stryd met die tradi=

---

1. Vgl. a) Cilliers, D.H., op. cit., p. 21.
   b) Venter, E.L.J., <u>Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika</u>, p. 16.
2. Vgl. a) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 63.
   b) Vermaak, D., op. cit., p. 115-116.

sies van die Afrikaner; tog wou hy dit op die Kaapse bevolking kom afdwing het.

## 3.2 <u>DIE SEKULARISERINGSBELEID VAN DE MIST WORD 'N BEDREIGING</u>

Die skoolorder van De Mist was ongetwyfeld 'n mylpaal in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika, maar was beslis ook 'n belangrike hoogtepunt in sy liberale bewind.[1] Dit is baie duidelik dat De Mist die skool gesien het as die plek waar die jeug opgelei moes word as goeie burgers van die staat[2] en dat die skool dan geen verband met enige kerkgenootskap moet hê nie. Hierdie opvatting moes selfs in private onderwys ten uitvoer gebring word. Die liberale opvattings moes dus op al die verskillende onderwysterreine indring om die volk in die gees van die tyd te bring. Die skool moes neutraal teenoor die ver=skillende lewensbeskouinge staan.[3]

Die verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van die kind is op die staat geplaas. In die agtiende artikel van die "Kerken-Orde" word alle vorige regte aan die kerk verleen op onderwysgebied hom ontneem en die skool is aan die staat diensbaar gemaak.[4]

---

1. Vgl. du Toit, P.S., <u>Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806</u>, p. 39.
2. Vgl. a) Venter, E.L.J., op. cit., p. 16.
   b) du Toit, P.S., op. cit., p. 44.
3. Vgl. Vermaak, D., op. cit., p. 116.
4. Vgl. a) Cilliers, D.H., op. cit., p. 21.
   b) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 66.

Vir die eerste keer word die skool nou 'n gemengde in=stelling met 'n godsdiensonderwys bo geloofsverdeeldheid. Die onderwysbeheer is opgedra aan 'n kommissie van sewe waarvan die Goewerneur self die voorsitter was. Die kerk het verteenwoordiging gehad, maar De Mist wou ook later hierdie invloed uitskakel, want dit het stremmend ingewerk op die liberale sienswyses wat hy wou invoer.[1)]

Dit is nie net die liberale strominge wat gedurende die Bataafse Tydperk sterk ontwikkel het nie, maar ook die nasionale. Die skool moes losgemaak word van die kerk en in die plek van die kerk kom die staat. Die nasio=nale is wel beklemtoon, maar die Christelike element het verdwyn.[2)]

Die Calvinistiese onderwysstelsel van die sewentiende eeu moes plek maak vir 'n nasionale en gesentraliseerde sekulêre stelsel van godsdienstig-kleurlose, staatsbe=heerde skole, waarin alle regstreekse gesag van die kerk as sodanig uitgeskakel is, die Bybel 'n ondergeskikte plek ingeneem het en die godsdiens nie meer die rigting=gewende faktor was nie.[3)]

De Mist wou orde in sake bring om ook sodoende sy ideaal te verwesenlik, want so was die insluiting van predikan=te in die Raad van Skoolarge maar slegs 'n toegewing van

---

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 21.
2. Vgl. Vermaak, D., "Die Inplanting van die Christeli=ke, die Nasionale, die Moedertaal-, en die Ouermede=seggenskap-beginsel in die Suid-Afrikaanse Onderwys", in Die Skoolblad, Januarie 1971, p. 3-4.
3. Vgl. a) Cilliers, D.H., op. cit., p. 24.
   b) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 66-67.

die praktyk. Met sy vertrek uit die Kolonie lê hy klem op die noodsaaklikheid van goeie skole en bevestig sy siening deur te verklaar dat daar "moeten kundige mannen zijn, en wijnige of geene geestelijken - deeze laatste smooren alle liberale denkbeelden, kunnen mischien Chris= tenen vormen, maar veel al ellendige leeden voor eene Maatschappij, die veel activiteit behoeft."[1)]

Sy verblyf was kort van duur, maar tog was sy verorde= ninge so dat dit geheel nuwe beginsels daar gestel en 'n nuwe tydperk in die onderwys ingelei het. Hierdie seku= lariseringsbeleid van De Mist word nog duideliker en verstaanbaarder as dit in aanmerking geneem word dat hy 'n Vrymesselaar was, want die beweging het 'n groot bydrae gelewer tot die verwêreldliking van die onderwys.[2)]

## 3.3 DIE ONDERWYS VERLOOR SY CHRISTELIK-GODSDIENSTI= GE KARAKTER

Vir De Mist was dit duidelik dat die godsdiens 'n baie belangrike plek in die lewe van die volk moet inneem.[3)] Hy was dus nie 'n teenstander van die kerk of van die godsdiens nie, maar hy het die kerk en die godsdiens be= vorder in belang van die staat.[4)] Daarom het hy ook die skool losgemaak van die kerk en dit in die diens van die staat geplaas.

---

1. Hanekom, T.N., op. cit., p. 197, soos aangehaal uit "Verhandeling omtrend het geene gedaan behoort te worden......" As. Raad 21, Bylage N.109, Ryks. Arch.
2. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 26.
3. Vgl. du Toit, P.S., op. cit., p. 2.
4. Vgl. Venter, E.L.J., op. cit., p. 13.

Vir hom is die werk van die predikant goed, maar hy sien in bekwame onderwysers 'n groter moontlikheid om die beginsels van die beskawing voort te dra. Sedekundige handleiding, stigtelike liedere moes kosteloos aan die onderwysers beskikbaar gestel word en onder die leerlinge versprei word, asook onder die gesinne.[1] Die onderwyser was hoofsaak en al die ander slegs bykomstig, want in die onderwyser het De Mist die moontlikheid gesien om die volk te bereik.

'n Opvallende verskil word gevind in die aansoeke van onderwysers in die tydperk van die H.O.I.K. om gewone openbare laerskole te open, in vergelyking met die aansoeke in die De Mist-tydperk. 'n Interessante feit is dat die onderwysers in die vroeër tydperk godsdiensonderrig noem as een van die belangrikste vakke, maar die onderwysers in die latere tydperk dit nie eens as vak noem nie.[2]

Dit was die liberalistiese tendens wat die band tussen Christendom en opvoeding verbreek het en sodoende het die onderwys onafhanklik van die Christelike godsdiens geword. Dit was egter nie die einde van die rol van die Liberalisme nie, maar slegs die begin, want in 1839 word alle leerstellige onderwys uit die skool verban en in 1856 het ook die Bybel nie meer plek in die skoolprogram nie.[3]

---

1. Vgl. du Toit, P.S., op. cit., p. 3.
2. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 72-73.
3. Vgl. Hanekom, T.N., op. cit., p. 6.

## 3.4 TEENSTAND TEEN DIE LIBERALE EN GESEKULARISEERDE ONDERWYSBELEID VAN DE MIST

Dit is baie duidelik dat De Mist nie genoeg rekening gehou het met die plaaslike omstandighede en gebruike nie. Verset het dan ook gekom en daar is hewig beswaar gemaak teen sy skeiding van skool en kerk en sy stelsel van sekulêre onderwys. Die standpunt is ingeneem dat wanneer iets nie sy ontstaan deur die kerk gehad het nie, dit as uit die bose beskou moet word.[1)]

De Mist se veranderinge het so ver gegaan dat die gereformeerde godsdiens en die onderwys geskei is en daarmee is die opvoeding gesekulariseer. Maar dan kom die optrede van die Hollandse bevolking: "Better no education at all from books than instruction not based on religion was the cry of the farmers from one end of the country to the other."[2)] Dit was nie individue nie, maar die hele volk het baie sterk oor die saak gevoel. Dit het vir hulle gegaan om die sterk maak, die beskerming van hulle kinders teen 'n bedreiging - die jeug moes in die skole weerbaar opgevoed word. Indien dit nie kon plaasvind nie was hulle nie bereid om hulle kinders in die skole te hou nie.

In 'n poging om hulle kinders weerbaar op te voed, het die ouers gebruik gemaak van die Boereskoolmeesters en

1. Vgl. du Toit, P.S., op. cit., p. 54.
2. Theal, G.M., History of South Africa from 1795 to 1872, Vol. I, p. 173.

huisonderwysers.[1]

'n Godsdienstige stemming het in al hierdie huise geheers en die Bybel was die daaglikse bron van lig en krag. Huisgodsdiens het nog 'n belangrike plek in die lewe van hierdie mense ingeneem. Dit is dus vanselfsprekend dat die ouers ook gesorg het dat die onderwys wat hulle kin=ders van hierdie onderwysers ontvang het, in dieselfde Christelike gees plaasgevind het. "Hierdie skooltjies was Christelik in die Calvinistiese sin van die woord en dis hulle wat dié gees in die latere Republieke ten noor=de van die Oranjerivier ingedra het."[2]

Die ouers het nie beswaar gehad teen die nasionale strek=king van die opvoeding en onderwys nie, maar in opstand teen De Mist se gematigde, moderne beginsels gekom. Die nasionale het te veel plek gekry; dit het die oorheer=sende in die onderwys geword. De Mist het die twee be=grippe "Christelik" en "nasionaal" van mekaar geskei en die nasionale beklemtoon ten koste van die Christelike. Dit is hierteen wat die gereformeerde ouer in opstand gekom het, want vir hulle was dit twee begrippe wat nie los te maak van mekaar is nie.[3]

Verset en afkeur teen hierdie nuwe idees is ook baie duidelik waarneembaar in die ontvangs wat die "Maatskap=py Tot Nut van't Algemeen", wat hierdie nuwe beweging

1. Vgl. du Toit, P.S., <u>Onderwys in Kaapland - 'n Histo=riese Oorsig (1652-1969)</u>, p. 118.
2. Van der Schijf, W.G., op. cit., p. 75.
3. Vgl. a) Cilliers, D.H., op. cit., p. 24.
   b) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 76.

ondersteun het, te beurt geval het.[1]

Uit die Hollandse volksgroep het daar baie kritiek voor=gekom op die onderwys aan die Kaap en dit is moeilik ge=vind om belangstelling vir die onderwys op te wek. Hierdie belangeloosheid in die opvoeding moet nie gesoek word in 'n gebrek aan waardering vir die opvoeding nie, maar veel eerder in die gebrek aan vertroue in die seku=lêre onderwys wat gerus het op die beginsels van De Mist.[2]

Die idees van De Mist is deur die burgers op die veraf=geleë distrikte geïgnoreer. Hulle eie beskouings is deur huisonderwys op hulle kinders oorgedra. Die plat=teland was dus nie net die oorsprong van die Afrikaner se eiesoortige lewensbeskoulike denke nie, maar hier is die Afrikaner ook teen vreemde ideologieë van buite be=skerm.[3]

Voordat daar egter deeglike teenkanting van die Afrika=nervolk, wat in 1795 as 'n aparte nasionaliteit[4] geskep is, kon kom, het daar 'n nuwe bedreiging op die horison verskyn in die Engelse oorname van die Kaap.

---

1. Vgl. du Toit, P.S., Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, p. 55.
2. Vgl. Hanekom, T.N., op. cit., p. 99.
3. Vgl. Vermaak, D., Die Agtergrond en Implikasies van enkele Beginsels in verband met 'n Nasionale Onderwys=beleid vir die Republiek van Suid-Afrika, p. 126.
4. Vgl. Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika 1652-1795, Deel I, p. 258.

# 4. 'N NUWE BEDREIGING NEEM SY PLEK LANGS DIE GE= VESTIGDE LIBERALISME IN

## 4.1 INLEIDING

Die verengelsingsbeleid was nie nou alleen 'n nuwe gevaar waarmee die Afrikanervolk te doen gekry het nie, maar dit was 'n nuwe bedreiging[1] wat langs die bestaande se= kulariseringsbeleid en liberalistiese rigting sy plek ingeneem het. Die bedreiging was dus nou soveel groter en feller en die volk kon alleen voortbestaan en sy i= dentiteit behou as hy weerbaar gemaak kon word en die aanslae teen hom kon weerstaan, homself verdedig en ver= skans teen die gevare, ja, selfs bereid wees om te veg vir die eie.

Die invloed van die Engelse skoolwese en die hele ver= engelsingsbeleid op die onderwys en opvoeding in Suid-Afrika kan in twee fases verdeel word. Die eerste fase het in 1806 begin met die oorname van die Kaap deur En= geland. Sonder geweld moes die verligte De Mist-regime plek maak vir 'n nuwe Britse bewind aan die Kaap.[2] Na die val van Napoleon was dit duidelik dat die nuwe En= gelse regering hom ten doel gestel het om die Kaap 'n En= gelse Kolonie te maak.[3]

Die tweede fase het sy beslag gehad met die Anglo-Boere=

---

1. Vgl. Vermaak, D., op. cit., p. 127.
2. Vgl. du Toit, P.S., Onderwys in Kaapland 1652-1969, p. 42.
3. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 30.

oorlog. Dit was in teenstelling met die eerste, want hier het die verengelsingsbeleid gepaard gegaan met ge= weld.

## 4.2 DIE BEDREIGING BEGIN GROEI VANUIT DIE SUIDE

Die Engelse goewerneurs aan die Kaap het onmiddellik be= gin met die bevordering van Engels en die inkrimping van die Hollandse taalregte. Luitenant-kolonel Richard Col= lins het in 'n lywige rapport van 6 Augustus 1809 aan goewerneur Caledon aan die hand gedoen dat daar jaarliks onderwysers uit Engeland ingevoer moet word met die doel dat hulle oor die land versprei kan word. Die opkomen= de geslag sal dan Engelssprekendes wees.[1)] Daar is dus nie gewag om die Afrikaner los te maak van sy eie volk nie.

Lord Charles Somerset was nog meer daarop ingestel om op drastiese wyse met geweld die verengelsingspolitiek toe te pas. Die gevolg was dat daar nie net Engelse onder= wysers was nie, maar dat daar 'n nuwe onderwysstelsel van krag geword het, wat volkome aangepas het by dié in En= geland.[2)]

Somerset het vir hom 'n ideaal gestel, naamlik om in elke skool 'n Engelse onderwyser te plaas. In Junie 1822 is ses onderwysers in verskillende Afrikanerdorpe uitge=

---

1. Vgl. van Wyk, A.H. du P., <u>Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese 1806-1915</u>, p. 2.
2. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 33.

plaas.[1] Engels was die erkende taal in die Kolonie en selfs godsdiensonderwys, elke Saterdag, sou deur medium van Engels geskied. Die Bybel- en skoolkommissies is by die aanstelling van die onderwysers glad nie geraad=pleeg nie.

Hierdie skole is deur Blank sowel as Gekleurd bygewoon, wat die liberalistiese neiging van die tyd weerspieël.[2] Hierdie owerheidsbeleid, dat Swart en Wit saam moes skoolgaan, het aanleiding gegee dat treurige toestande op onderwysgebied geheers het.[3] Die Afrikaner was daarvoor nie te vinde nie.

In sommige skole is daar wel Hollands onderrig. Nou is dit baie opvallend dat hierdie skole die meeste sukses gehad het en dit was dan juis vir hierdie toegewing wat gemaak is, dat die Engelse skole nie gouer op mislukking uitgeloop het nie.[4]

By beide die kosterskole van Cradock as by die Somerset=skole is daar wat oprigting, instandhouding en beheer betref, nie volgens die gereformeerde beginsels, wat eie was by die Afrikanervolk, gehandel nie. Die oprigting van die skole het slegs van die kant van die staat uit=gegaan, en daar was dus geen sprake van samewerking tus=sen ouers en staat nie. Ook in die beleid het daar 'n ver=

---

1. Vgl. a) du Toit, P.S., op. cit., p. 49.
   b) Cilliers, D.H., op. cit., p. 34.
2. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 35.
3. Vgl. a) Kotzee, A.L., _'n Ideaal vir ons Jeug_, p. 37.
   b) Vermaak, D., op. cit., p. 135.
4. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 36.

andering plaasgevind, want van 'n kerklike dominasie het dit oorgegaan tot 'n politieke despotisme.[1)]

Die Afrikaner se Calvinistiese lewensbeskouing bring mee dat die kerk en die onderwys in 'n noue verband met mekaar gebring is. Die kerk het onmiddellik standpunt ingeneem teen die verengelsingsbeleid en Somerset het besef dat ook die invloed van die kerk gebreek sal moet word.

Nadat die Britse regering die skoolwese en die staatsdiens verengels het, het hy ook in die Afrikanervolk se hartaar, sy kerk en sy godsdiens, ingegryp en deur politieke en ekonomiese druk die hele kerklik-godsdienstige lewe van die Boerevolk in 'n suiwer Engelse rigting probeer stuur. Hiermee saam het dan ook die skoolstelsel gegaan.

Somerset het die belange van Engels in die onderwys baie hoog gestel, in so 'n mate dat ds. J.C. Berrange wat uit Holland, sy moederland, met verlof teruggekeer het, nie in die Latynse skool aangestel is nie, want die rektor van die skool moes die Engelse taal volkome magtig gewees het.[2)]

Nadat die owerheid besef het dat die verengelsingsbeleid nie in die skole gaan slaag nie, is die Herschel-skole gestig om in 'n beperkte mate voorsiening te maak vir die

---

1. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 83-84.
2. Vgl. du Toit, P.S., op. cit., p. 47.

onderwys van Hollands, met die doel om 'n bietjie te gee maar baie te neem.[1] Daar is verder deur die owerheid besluit om staatsondersteuning aan die plaasskole te gee op die voorwaarde dat Engels 'n verpligte vak moet wees en dat dit so spoedig moontlik die voertaal van die skool sou word. Tussen 1843 en 1865 het hierdie skole dan ook 'n groot toename in getal getoon. Die kanse dat die platteland nou ook sou verengels, het toegeneem en dit het dan ook geblyk dat Hollands stelselmatig verwaarloos is.[2]

Die liberalistiese gedagtes van gelykheid, dat daar geen verskille tussen mense mag bestaan nie, kom baie duide= lik na vore uit Herschel se aanbevelings op Bell se me= morandum.[3] Volgens hom moet enigiets wat enigsins godsdienstige en burgerlike verskille in die samelewing kan bestendig, of kan lei tot die oorheersing van een groep oor 'n ander, vermy word. In die jare 1839 tot 1865 kry die onderwys 'n liberalistiese beeld, wat ten doel het die geleidelike uitwissing van die biologiese en kulturele grense en gestadigde assimilasie met totale verdwyning van die Afrikanervolk met sy eie taal, gods= diens, tradisies en aard.[4]

Die onderwyswet van 1865 was vir die Afrikaner 'n gewel= dige slag.[5] Hierdeur is die hoekstene, sy godsdiens en taal, finaal uit die skool verban. Dit wou voorkom

1. Vgl. van Wyk, A.H. du P., op. cit., p. 90.
2. Vgl. Ibid., p. 90.
3. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 51.
4. Vgl. Ibid., p. 52.
5. Vgl. Ibid., p. 85.

of die Afrikaner besig was om as afsonderlike volk te verdwyn.

Die bedreiginge van dié tyd kan opgesom word in die woorde van ds. W. Postma: "In die dae......was Engels die model van beskawing. Engels praat, Engels groet, Engels lag, Engels kleed, Engels lewe. En om dit goed te kan doen, moes die seuns na 'College' en die nooiens naar 'Seminary' of 'Girls High School' om 'manners' te leer, om dan terug te kom en hulle ouers te minag, hulle sedes en gewoontes te bespot, hulle ou vriende die rug toe te keer en hulle godsdiens vaarwel te sê..........."[1)]

## 4.3 <u>DIE AFRIKANERVOLK BIED WEERSTAND EN MAAK HOM GEESTELIK WEERBAAR TEEN DIE STROOM VAN VERENGELSING</u>

Op verskillende terreine het die Afrikanervolk nou begin weerstand bied teen hierdie bedreigings. Die volk het besef dat hulle hulleself weerbaar sal moet maak, so nie sal die eie verlore gaan en die Afrikanervolk sal sy identiteit verloor en sterf.

Dit was 'n stroom wat op die oog af aantreklik gelyk het en vir baie Afrikaners dan ook te aanloklik was. Dan was daar diegene wat reeds 'n gevoel van weerbaarheid gehad het en van wie daar dan 'n krag van weerbaarmaking uitgegaan het.

---

1. Cilliers, D.H., op. cit., p. 65, soos aangehaal uit <u>De Zuid-Afrikaan</u>, 6 November 1886.

## 4.3.1 DIE AFRIKANERVOLK STIG SKOLE WAT SAL LEI TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID

### 4.3.1.1 DIE EERSTE OPPOSISIESKOOL

Omdat die Latynse skool in Kaapstad 'n suiwer Engelse skool moes word, is hy in 1821 verander in 'n private En= gelse skool, die "Grammar School" onder Rev. George Hough.[1] Hierdie skool het dus 'n opleiding in 'n suiwer Engelse gees aangebied.

Manne soos di. Berrangé en Faure was hiermee nie gediend nie en stig in 1822 'n opposisieskool - Riebeeks Insti= tuut.[2] Hierdie skool moes dus dien as teenvoeter teen die Grammar School.

### 4.3.1.2 TEENKANTING DEUR MIDDEL VAN PRIVAATSKOLE

Die Hollandse koloniste was aanvanklik ten gunste van die aanleer van Engels en het sodoende dan ook die En= gelse skole ondersteun. Dit was egter net totdat hulle besef het dat hierdie skole die Hollandse taal, wat ook hulle godsdienstaal was, wil onderdruk. Die gevolg was dat die Angliseringsbeleid op 'n dooiepunt uitgeloop het, want die ouers het hulle kinders begin onttrek van hier= die skole.

Nadat die ouers die gevaar besef het, het daar 'n groei

---

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 33.
2. Vgl. Ibid., p. 33.

plaasgevind in die getal privaatskole. Daar is nou meer gebruik gemaak van die privaatskole, sodat hulle vermeer= der het van 39 in 1830 tot 94 in 1839.[1)]

Die ouers was nie teen Engels as vak nie, maar hulle eie moedertaal is verwaarloos en op die agtergrond gestoot. Hierin het daar vir hulle 'n bedreiging gelê en hulle het instinkmatig besef dat die algehele verdringing van hul= le eie taal die ondergang van hulle volksbestaan sal be= teken. Die privaatskole was dan die reaksie teen die bedreiging. In hulle eie skole kon hulle kinders weer= baar opgevoed word in hulle eie taal, godsdiens, tradi= sies en lewensbeskouing.

Die ondersteunde skole het ook 'n groei in getalle getoon. Hierdie skole is egter ondersteun solank daar reg ge= skied het aan die eise wat die ouers gestel het. Indien dit nie gebeur het nie, het hierdie skole ook leeg ge= loop en is hulle plek ingeneem deur privaatskole.[2)]

Nog 'n beswaar wat die Boere-ouers teen die Herschel-sko= le en staatsondersteunde skole gemaak het, was dat hier= die skole hulle ten doel gestel het die onderrig van die Boerekinders naas die kinders van hulle bediendes. Teen hierdie liberale neiging het die Boerevolk in opstand gekom, want dit was nie net vreemd nie maar ook nie eie aan hulle nie. Dit was vir hulle beter om hulle eie skole te stig.

1. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 99-100.
2. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 62-63.

### 4.3.1.3 DIE PAARLSE GIMNASIUM - OPGERIG OP CHRISTELIK-NASIONALE GRONDSLAG

Die eerste kampvegter teen die Engelse onderwysbeleid was ds. G.W.A. van der Lingen. Sy grootste beswaar was teen die taal- en godsdiensbepalings, want in sy skool, die Gimnasium in die Paarl, is vrye Christelike onderwys verskaf. Bybelgeskiedenis en leerstellige godsdienson=derwys het 'n belangrike plek in hierdie skool ingeneem.[1] Baie pertinent was hierdie skool 'n teenvoeter vir die liberale neigings[2] en verengelsingsbeleid van die rege=ring. "Die Paarlse Gimnasium was in sy tyd enig in sy soort as 'n aparte Hollandsmediumskool, 'n kragtige steun=punt vir die behoud van die Afrikaner se lewensbeskouing, taal en kultuur in 'n tyd toe alles moes swig voor die oorheersing van Engels op alle terreine."[3]

### 4.3.1.4 NOG 'N CHRISTELIKE SKOOL - DIE "GEDENKSCHOOL DER HUGENOTEN"

Die rol van die skool in die behoud en weerbaarmaking van 'n volk is baie duidelik besef, want die Gedenkskool der Hugenoten is in die lewe geroep - 'n skool wat die begin=sels van die Afrikanervolk sou oordra.[4] Dit was 'n skool wat die Christelike deugde voorop gestel het, 'n skool waarin die Boerekinders 'n deeglike burgerlike op=voeding kon ontvang.

---

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 86.
2. Vgl. Meyer, P.J., Trek verder, p. 20.
3. Cilliers, D.H., op. cit., p. 87.
4. Vgl. Ibid., p. 92.

Die weerbaarheidsvormende krag van die skool kom baie sterk na vore in die woorde waarin ds. S.J. du Toit die suiwerheid en belangrikheid van die skool weergee: "...'n Skool na die behoefte van ons land en volk en kerk. Dit moet dan wees 'n regte Nasionale Skool, waarin eer= bied ver ons Voorgeslag, liefde ver ons Volk, kennis met ons Geskiedenis, en ware Nasionaliteitsgevoel aangekweek word."[1)] Die behoudende element word verder versterk met beskrywende woorde van die skool: 'n regte Afrikaan= se skool, 'n regte Hugenote skool, 'n regte Christelike skool en 'n regte Gereformeerde skool.[2)]

### 4.3.2 ENKELE KAMPVEGTERS VIR DIE AFRIKANERVOLK

Dit was nie net 'n geval van stemme wat in die duister opgeklink het nie, maar manne wat nie geskroom het om na vore te kom en te veg vir die behoud van die Afrikaner= volk nie.

#### 4.3.2.1 DS. S.J. DU TOIT

Uit die Paarlse Gimnasium, met sy koersvaste beleid, kom 'n nuwe kampvegter vir die Afrikanervolk na vore - ds. S.J. du Toit. Sonder om 'n ompad te loop, waarsku hy die Afrikaner teen die gevaar van "John Bull".[3)] Vir hom het taal, godsdiens en nasionalisme 'n onafskeidelike een= heid gevorm.

---

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 92, soos aangehaal uit Die Patriot, 24 Desember 1880.
2. Vgl. Ibid., p. 92.
3. Vgl. Ibid., p. 87.

Onder sy leiding neem die C.N.O.-beweging dan ook 'n aan= vang. In artikels, geskrifte en boeke waarsku hy onop= houdelik die volk om Afrikanervolk te bly, hulle taal, godsdiens en nasionaliteit onder geen omstandighede prys te gee nie.[1)]

4.3.2.2 DS. W.P. DE VILLIERS

Op Beaufort-Wes en Carnarvon stig hy vrye Christelike skole wat onder beheer van die plaaslike kerkraad gestaan het. Op versoek stel hy hom verkiesbaar vir die Parle= ment met die uitsluitlike doel om te veg vir die staats= ondersteuning aan vry skole.[2)]

Nadat hy bedank het uit die Parlement, het hy 'n vurige kampvegter vir die Vrywillige Beginsel op skool gebly.

4.3.2.3 J.H. HOFMEYR (ONZE JAN)

As lid van die Parlement het hy ds. De Villiers ywerig ondersteun. Maar dit was veral op nasionaal-kulturele terrein dat hy 'n groot kampvegter vir die onderwys was.[3)] Die taal en die volksgeskiedenis het 'n belangrike plek by hom ingeneem en hy het dit ook gedurig onder die volk se aandag probeer bring, want so pleit hy vir die aan= kweek van "'een ware koloniale geest' op skool in plaas van een wat 'over het water' kom."[4)]

1. Vgl. a) Cilliers, D.H., op. cit., p. 89.
   b) van Wyk, A.H., op. cit., p. 112-113.
2. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 93.
3. Vgl. van Wyk, A.H. du P., op. cit., p. 120-121.
4. Cilliers, D.H., op. cit., p. 94.

#### 4.3.2.4 DIE AFRIKANERBOND

Ook hier was dit ds. S.J. du Toit wat na vore gekom het met die gedagte van 'n Afrikanerorganisasie wat op poli= tieke gebied ook sy bydrae kon lewer in die weerbaarma= king van die volk.

In die Afrikanerbond,[1] wat ook sy bydrae tot die voort= bestaan van die Afrikaner gelewer het, word die belang= rikheid van die skool bekelmtoon in 'n oproep aan al die takke van die Bond in Kaapland: "Mannen Broeders! ..... Gij ...... weten hoe ...... dat men ons opkomende ge= slacht tracht te verengelsen, om langs dien weg onze na= tionaliteit uit te roeijen ......... Hier ligt eigenlijk het zwaartepunt van al ons streven ....... Neem dus acht op de scholen in uwe buurt, onderzoek WAT uwe kinderen leeren; en zorg dat de Moedertaal de eerste plaats in= neemt, niet als een bijzaakje (goedgunstig) gedoogd, maar als de hoofzaak behandeld wordt......."[2]

### 4.3.3 REAKSIE DEUR KOERANTE EN TYDSKRIFTE

Hollandse tydskrifte en koerante[3] het hulle verskyning gemaak en van die eerste manne wat die pogings van die stroom van verengelsing teengestaan het, was dr. A. Faure, dr. A.N.E. Changuion, J. Suasso de Lima en C.E. Boni= face.

1. Vgl. van Wyk, A.H. du P., op. cit., p. 117-118.
2. Cilliers, D.H., op. cit., p. 95, soos aangehaal uit Die Patriot, 13 April 1883.
3. Vgl. van Wyk, A.H. du P., op. cit., p. 92.

Hierdie koerante en tydskrifte het baie bygedra tot die ontstaan van die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika en toe dit ook later aangevul is deur die Afrikaanse Taalbeweging.

In hierdie proses van verengelsing en liberale aanslae op die onderwys van die Afrikaner het daar eers net spo= radiese, maar later al luider stemme begin opgaan. Daar het reaksie gekom teen die verwaarlosing van godsdiens= onderrig en die Hollandse taal op skool, die uitskake= ling van plaaslike bestuur en die verbritsing van die onderwys en ander aspekte van die volkslewe.

Die onderdrukkingsmetodes wat op die Afrikanervolk toe= gepas is, was net die prikkel om die sluimerende volks= bewussyn egter te laat ontkiem en te laat wortelskiet. So het daar 'n ontwaking op verskillende terreine[1)] begin plaasvind en dan meer bepaald op die onderwysgebied.

4.3.4 <u>DIE KERK EN ONDERWYS STAAN IN NOUE VERBAND</u>

Soos reeds aangetoon, het die eerste onderwys aan die Kaap diep gewortel in die kerk. Die Calvinistiese le= wensbeskouing van die Afrikaner bring mee dat die kerk en onderwys nie van mekaar los te maak is nie. Daarom is dit eintlik vanselfsprekend dat die kerk ook sou op= tree teen die bedreiging, want in sy wese is die kerk ook bedreig.

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 86.

4.3.4.1 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het gedurig sy aandag aan die onderwys gegee. Ook die kerk het nou begin be= sef dat daar 'n groot gevaar is wat besig was om die skool te bedreig. Op die Sinode van 1876 het daar 'n lang be= spreking plaasgevind en is daar aangedring op meer Chris= telike onderwys.[1)]

Eintlike optrede het gekom met die Sinode van 1880 toe daar aan die Parlement gevra is dat dit aan die Skoolbe= stuur oorgelaat moet word om te besluit in watter mate Engels en Hollands verpligtend gemaak moet word vir die Onderwysers- en Middelklaseksamens.[2)]

Die Sinode van 1890 het nog sterker daarop aangedring dat van Engels afgesien word as voertaal en dat skool= kommissies self die medium moet bepaal. Beginners moes opleiding ontvang deur middel van hulle moedertaal en Hollands moes sy regmatige plek inneem.[3)]

4.3.4.2 DIE GEREFORMEERDE KERK

Die Gereformeerde Kerk het hom van die begin af kragtig beywer vir 'n onderwysstelsel waarin die Afrikaner sy taal, godsdiens en tradisies tot hulle reg kon laat kom. Dit was die algemene gevoel dat die kerk moes toesig hou

---

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 101.
2. Vgl. Ibid., p. 101.
3. Vgl. Ibid., p. 103.

oor die onderwys, want die godsdiens, taal, geskiedenis en nasionaliteit was slegs verskillende en onafskeidelike vertakkinge van die een groot beginsel van Afrikaner wees.[1)]

Vanaf 1882 het daar 'n verandering in standpunt gekom toe die kerk van die beginsel uitgegaan het dat die skool van die ouers af moet uitgaan en is daar ook 'n gematigder houding ingeneem teenoor staatsubsidie. Dit was dan ook die ontstaan van die Christelike skool met staatsteun.[2)]

Bogenoemde kerke het dan sterk standpunt ingeneem teen die vreemde elemente wat vir die opvoeding van die Afrikanerjeug 'n gevaar ingehou het. In hulle optrede kan dan duidelik die aksie van weerbaarmaking waargeneem word.

## 5. DIE GROOT TREK EN VROEË REPUBLIEKE - 'N BETREKLIK GEÏSOLEERDE TYDPERK

Die Hollands-Afrikaanse koloniste wat in die Oostelike distrikte woonagtig was, het weinig verbintenis met die hawestad gehad. Die Kaap self was gereeld in voeling met die moederland en sodoende onder die invloed van vreemde strominge. Eersgenoemde het dan ook spoedig geen verbinding met die moederland gehad en omtrent geen verbinding met Kaapstad nie. Dit was dan hierdie groep

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 104.
2. Vgl. Ibid., p. 105.

mense wat die Calvinistiese lewensbeskouing laat voort=leef het en die eie Afrikaanse gees, taal, kultuur en opvoedingsideale en -strewe laat ontstaan het.[1)]

Dit was dan ook hierdie groep Boere wat nie kans gesien het om onder die verengelsingsbeleid van die Kaapse ower=heid te staan nie, want hulle kerk en skool is bedreig - hulle hele voortbestaan as volk is bedreig. Hulle het dan ook liewer geen skool verkies as 'n skool waarin al=les net Engels is nie.[2)]

Die waarde van die Groot Trek is moeilik te oorskat. Die Trekkers het in groot mate geïsoleerd gebly van nuwe geestestrominge wat die Europese gees verower en ook sy aanklank in die Kaapse samelewing gevind het.[3)] Die Hollandse taal en die Dietse kultuur het bewaar gebly.[4)]

'n Groot waarde van die Trek was juis daarin dat dit 'n volksverhuising was. Gesinne het saam getrek en 'n ken=merk van die gesinne was dat hulle groot was. Daarin en daardeur is die volk gevorm met 'n noue band onder me=kaar. Die opvoeding en onderwys het binne die gesin plaasgevind; daarom was die onderwys dan ook baie nou verbind met die huis.

---

1. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 103.
2. Vgl. a) Coetzee, J. Chris, <u>Onderwys in Transvaal 1838-1937</u>, p. 10.
   b) Vermaak, D., <u>Die Agtergrond en Implikasies van enkele Beginsels in verband met 'n Nasionale Onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika</u>, p. 109-110.
3. Vgl. Pistorius, P., <u>Gister en Vandag in die Opvoeding</u>, p. 289.
4. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 44.

Afgesonderd trek hulle as 'n geestelik weerbare groep die binneland in en dra die gees van weerbaarheid saam. Langenhoven vat dit treffend saam as hy sê: "Ons sien hulle, daardie klompie pioniers, sonder kerk of skool, sonder kultuur of gesag, afgeslote van verkeer met die beskawing wat deur hulle agtergelaat is. Stoflik, ver=standelik, geestelik - in alle opsigte was hulle toestand ewe ellendig; hulle voorregte niks, hulle nadele oorwel=digend. En daarin sien ons hulle ly, menere, en daar=deur sien ons hulle stry, en daaruit sien ons hulle te voorskyn worstel, met 'n karakter wat onbevlek behoue ge=bly is - 'n wêreldwonder in die geskiedenis van pionier=volke. En wat was die geheim daarvan? Nie geleerdheid nie, maar opvoeding; nie skoolopvoeding nie, maar huis=opvoeding: Afrikaanse opvoeding - die enigste opvoeding met Afrikaans as medium wat ons Afrikaners nog ooit in ons land geniet het."[1)]

Die godsdiens en die onderwys en opvoeding het 'n baie belangrike plek by die trekkende Boere ingeneem.[2)] Deur sy godsdiens en onderwys kon die kinders opgevoed word in die tradisies van die Boerevolk, weg onder die Britse invloed.

Dit wat deur die Britse bewindhebbers afgeskaf is, die Afrikaanse taal, dit wat eie aan die Afrikaner geword het, die Afrikaneridentiteit, is saam die binneland in=gedra. Hierdie instellinge en tradisies kon ongehinderd

---

1. Langenhoven, C.J., Versamelde Werke, Deel X, p. 62.
2. Vgl. Coetzee, J. Chris, op. cit., p. 10.

in die Noorde ontwikkel.[1] Die rotsvaste gereformeerde lewensbeskouing het die grondslag van die skoolstelsel in die Republieke gevorm.[2]

Gedurende die Trek was daar geen sprake van die oprig= ting van skole nie. Die Bybel en die Psalmboek het die grondslag gevorm waaruit onderrig is. So is die enig= ste ewige sedelike norme vasgelê. "Die opvoeding van die Afrikaanse jeug op die Trek was kernagtig, kerngerig en kerngesond."[3]

Saam op Trek was daar ook die enkele Boereskoolmeesters wat 'n praktiese en eenvoudige onderwys aangebied het, maar wat 'n baie duidelike grens getrek het tussen wat verkeerd en wat reg is.[4]

Alhoewel die opvoeding en onderwys eenvoudig en soms mi= nimaal was, kan daar met sekerheid gesê word dat uit hierdie onderwys en opvoeding 'n geestelik weerbare volk gegroei het. Die godsdiens het ook hier die grondslag gevorm vir die weerbaarmaking van die jeug.

In hulle geïsoleerdheid het die Boerevolk die gees van vernuwing uit Europa vrygespring en ontwikkel in 'n volk met sy eie kultuur. Die noodsaaklikheid van 'n weerbare volk spruit baie duidelik hieruit voort.

1. Vgl. Vermaak, D., op. cit., p. 156.
2. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 108-109.
3. Coetzee, J. Chris, op. cit., p. 12.
4. Vgl. a) Pistorius, P., op. cit., p. 289-290.
   b) Coetzee, J. Chris et. al., Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960, p. 281.

## 6. WEERBAARHEID IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS GEDURENDE DIE REPUBLIEKE

### 6.1 WEERBAARHEID IN DIE ONDERWYS GEDURENDE DIE OU VRYSTAATSE REPUBLIEK

#### 6.1.1 DIE PERIODE VOOR REPUBLIEKWORDING

Daar was veral twee aspekte waarop die Trekkers baie gesteld was, naamlik hulle godsdiens en die opvoeding van hulle kinders. Hierdie sedelik-godsdienstige opvoeding het dus ook in die Republieke die grondslag van die onderwys en opvoeding gevorm.

Ekonomiese en politieke probleme, asook probleme met die Basoeto's, die gebrek aan standvastige leiding en onvoldoende geldmiddele het stremmend ingewerk op die onderwys. Die onderwys het dan ook min of meer in dieselfde toestand verkeer as wat dit gedurende die Trek-periode was.

In die periode net voordat die gebied sy onafhanklikheid gekry het, het die onderwys dan 'n deel van die ouerplig uitgemaak. Alhoewel die Boere verstrooid in die binneland gewoon het, het hulle angsvallig vasgehou aan die kerk. Huisgodsdiens het 'n baie belangrike plek in die lewe van die pioniersgesin ingeneem. Voordat daar met die werk van elke dag begin kon word, is daar eers huisgodsdiens gehou. Hierdie godsdiensonderrig het dan ook 'n baie belangrike en pertinente plek in die lewe van die

kind ingeneem.[1] 'n Godsdienstige lewensbeskouing is dus by die kind vasgelê, wat hom nie net elke dag besiel het nie, maar hom ook geestelik weerbaar gemaak het. Elke kind is deur hierdie opvoeding uit die ouerhuis geeste=lik weerbaar gevorm.

Dwarsdeur die Groot Trek en gedurende hulle vestiging het die tweeledige ideaal, naamlik Christelik-nasionale opvoeding en onderwys, bly staan en is daar nie net daar=na gestrewe nie, maar is dit ook in die praktyk toege=pas. Die groot waarde wat die Boerevolk aan die gods=diens gegee het, was 'n behoudende element.[2]

### 6.1.2 TEKENS VAN BEDREIGING NA REPUBLIEKWORDING

Die algemene kenmerk van die onderwys gedurende hierdie periode was dat daar 'n stadige en geleidelike ontwikke=ling was. Baie kenmerkend is egter dat daar ook nooit gepoog is om 'n vreemde onderwysstelsel in te voer nie, maar daar is altyd gepoog om 'n stelsel te ontwerp wat eie aan die Vrystaat sou wees.[3]

Die bevolking was nie meer vry van invloede van buite nie, want daar word na die opkomende geslag verwys dat hulle in alle opsigte nuut is, dat hulle nie meer die=

1. Vgl. Coetzee, J. Chris, Onderwys in Transvaal, p. 10.
2. Vgl. Ploeger, J., 'n Inleiding tot die Studie van die Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika, met be=sondere Verwysing na die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 45.
3. Vgl. a) Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 145.
   b) Malan, P.S., Onderwys in die Oranje-Vrystaat 1854-1874, p. 206.

selfde uitkyk as die ouere geslag het nie.[1] Daar het dan ook die gevoel ontstaan dat die onderwys sal moet ontwaak en so ontwikkel dat hierdie nuwe opkomende ge= slag wat vatbaar sou wees vir die vreemde invloede, gees= telik weerbaar opgelei kan word in die beginsels van die Boerevolk. Die gevaar het dus bestaan dat hulle deur die vreemde strominge en kulture beïnvloed kon word en daarin opgeneem kon word.

Die gevare wat ontstaan het, het saam met die stroom im= migrante, wat besig was om die land binne te kom, gekom. Die bevolking van die Oranje-Vrystaat moes hulleself handhaaf teen hierdie uitlanders.[2]

Die meeste van hierdie immigrante was Engelssprekend wat dan beteken het dat die gevaar om verengels te raak weer op die voorgrond getree het. Die groot gevaar wat hier= in gelê het, was dat dit nie op die volk afgedwing is nie, maar dat dit deur hulle ongemerk opgeneem is. Dr. Brebner was ook nie 'n oortuigde voorstander van Hollands as uitsluitlike medium op skool nie en het oogluikend toegelaat dat Engels 'n steeds groter houvas op die skool verkry het.[3]

Die ouers het egter in verset gekom teen die denkrigting van dr. Brebner, want die ouers was steeds met die Chris= telik-nasionale gedagte in die onderwys besiel.[4] Daar

---

1. Vgl. Malan, P.S., op. cit., p. 231.
2. Vgl. Ibid., p. 231.
3. Vgl. Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 151.
4. Vgl. Ibid., p. 151.

is van tyd tot tyd vertoë tot die Volksraad gerig dat Hollands as amptelike taal van die Republiek in die sko= le tot sy reg moet kom.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het ook gedurig by die regering aangedring om aandag aan die onderwys te gee. Die onderwys moes meer onder die aandag van die burgers gebring word, sodat almal die waarde van die onderwys vir die volk kon besef.[1)]

6.1.3 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER

In hierdie tydperk was daar 'n geweldige tekort aan onder= wysers. Dr. Brebner doen aan die hand dat onderwysers uit die buiteland verkry moet word. Hy stel dit egter duidelik dat dit manne moet wees aan wie die jeug van die Vrystaat toevertrou kan word, want die onderwyser het 'n geweldige invloed op die kind.

Teen hierdie plan van hom was daar verskeie lede van die Volksraad wat beswaar gemaak het, want die gevaar het bestaan dat die onderwysers die jeug juis in 'n verkeerde rigting kan lei.[2)] Die Boerevolk het die invloed en die belangrike rol wat die onderwyser speel besef; daar= om verkies hulle onderwysers uit die volk, wat die kin=

1. Vgl. van Schoor, M.C.E., Dr. Johannes Brill as Onder= wysfiguur in die Oranje-Vrystaat 1875-1907, p. 21.
2. Vgl. a) Lubbe, J.J., Die Ontstaan en Ontwikkeling van Onderwyswetgewing in die Oranje-Vrystaat 1845-1899, p. 69.
   b) Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 153-154.

ders in die geloof en taal, in die lewensbeskouing van die volk kan opvoed.

Die ouers het van tyd tot tyd in die pers gereageer en aanbevelings in sake die onderwys gedoen. Baie opval= lend is die eise wat aan die onderwys gestel word. Die onderwys is as 'n baie belangrike taak gesien, wat nie sommer aan enige persoon opgedra kan word nie.[1)]

6.4.1 PRIVAATSKOLE 'N BEDREIGING VIR DIE AFRIKANER

Waar dit juis die privaatskole was wat aan die Kaap die bedreiging afgeweer het, was dit nou die privaatskole wat die bedreiging gevorm het. Hierdie privaatskole is deur Engelssprekendes opgerig juis om die Engelse kul= tuur te beskerm en te bevorder. Die Afrikaanse kultuur was besig om te groei en die Engelssprekendes het pro= beer om dit teen te gaan.[2)]

Die skole het 'n sterk kompetisie gebied teen die staat= skole, nieteenstaande die feit dat die staatskole ook Engels aangebied het as vak. Hulle aantrekkingskrag het eintlik daarin gelê dat hulle beter onderwysers ge= had het, beter in die sin dat hulle beter opleiding ge= had het in vakke wat hulle gedoseer het, maar die ver= skil was dat hulle nie eie aan die Vrystaat was nie. Daar is ook 'n groter verskeidenheid vakke aangebied as in die regeringskole.

1. Vgl. Malan, P.S., op. cit., p. 114.
2. Vgl. Ibid., p. 206.

Hierdie beter onderwys het 'n bedreiging vir die Afrika= nervolk ingehou, want hier kon hy sy identiteit verloor. Op die platteland het hulle egter nie die ondersteuning geniet nie en dus beperk tot die dorpe gebly.[1)]

## 6.1.5 DIE BOEREVOLK WORD WEERBAAR GEVORM

Oor die algemeen was die Boer baie konserwatief van ge= aardheid en bevrees vir nuwe invloede en afbrekende ele= mente.

Daar was egter nie 'n versterkende invloed op die Christe= lik-nasionale strewe van die Afrikaner nie. Die liberale element kan ook nie uitgesluit word nie, want in die leerplan en metode van die onderwys was deurgaans die ideaal van vrye onderwys aanwesig, wat deur dr. Brebner daar gestel is.[2)]

Die Boerevolk was egter nie tevrede met die onderwys nie en het van hulle laat hoor, want hulle godsdiens en ge= loof was 'n beginsel wat hulle nie kon prysgee nie. Dit was dan ook veral onder president M.T. Steyn en 'n meer volksbewuste Volksraad dat die onderwys 'n positiewer ka= rakter aangeneem het.[3)]

Gedurende hierdie tydperk het die ouers dan ook bewus geword daarvan dat die skool nie slegs daar is om kennis

1. Vgl. a) Malan, P.S., op. cit., p. 206.
   b) Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 143.
2. Vgl. Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 161-162.
3. Vgl. Ibid., p. 162.

aan die leerlinge oor te dra nie, maar deur die onderwys word die godsdiens en nasionale beginsels vasgelê. Die volk word weerbaar gevorm en gebou.

Voordat daar egter op 'n kalme wyse voortgebou kon word, het die onweerswolke van die oorlog begin saampak en sou daar nie net 'n geweldige fisiese stryd ontwikkel nie, maar ook 'n geestelike stryd.

## 6.2 WEERBAARHEID IN DIE ONDERWYS VAN DIE ZUID-AF= RIKAANSCHE REPUBLIEK

### 6.2.1 INLEIDING

Daar was eintlik geen noemenswaardige verskille in die onderwys van die Vrystaat en die van Transvaal gedurende die grondvestiging van die twee Republieke nie, verskil= le veral dan in die mate van bedreiging en weerbaarma= king wat daar bestaan het.

Na verloop van tyd het daar egter ook in die Transvaal elemente in die onderwys na vore gekom wat 'n bedreiging vir die Afrikanervolk ingehou het, en waarteen opgetree moes word om sodoende die volk weerbaar te kon maak.

### 6.2.2 PRIVAATSKOLE WAT LEI TOT WEERBAARMAKING

Die ouers het begin om privaatskole op te rig omdat hul= le nie tevrede was met die staatskole nie. Die drie Afrikaanse kerke het elk op sy eie manier probeer om pri=

vaat inisiatief aan te moedig, nadat die staat vir hom alle beheer oor die onderwys toegeëien het. Op die wy=se is daar gepoog om 'n wakende oog oor die Christelike strekking van die onderwys te hou.[1]

In sy eerste optrede om die onderwys te bevorder tot die voordeel en behoud van die Afrikanervolk, het die Gere=formeerde Kerk buurt- of kerkskole gepropageer en ook opgerig.[2]

### 6.2.3 STAATSBEHEER OOR DIE ONDERWYS

Die onderwys was nie meer onder beheer van die Kerk nie maar is onder beheer van die staat geplaas, soos dit ook die ideaal van De Mist aan die Kaap was. Die ouers het egter seggenskap in die onderwys verkry deur skoolkom=missies wat in die lewe geroep is.[3] Hierdeur kon daar tenminste gepoog word om 'n wakende oog oor die onderwys te hou.

### 6.2.4 DIE ONDERWYS WORD BEDREIG DEUR 'N LIBERALE ELEMENT

Met die ontdekking van diamante en goud stroom duisende uitlanders die land binne. Baie van hulle was dikwels ongodsdienstig in hulle lewensbeskouing. Dit is dus vanselfsprekend dat hulle invloed moes uitoefen op die

1. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 145.
2. Vgl. Venter, E.L.G., op. cit., p. 88.
3. Vgl. a) Pistorius, P., op. cit., p. 293.
   b) Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 284.

beproefde leefwyse van die Afrikaner.

Die liberale element wat in hierdie stroom uitlan= ders aanwesig was, moes dan noodwendig die lewensbeskou= ing van die Afrikanervolk beïnvloed.[1] Daarby het Bur= gers ook vreemd gestaan teenoor die gees en rigting van die Afrikanervolk. Sy onderwyswet het nie veel waarde= ring en steun onder die bevolking geniet nie.[2] Vir die volk was hierdie wet te liberaal, veral ten opsigte van die godsdiens.[3]

Die ouers kon egter nog in 'n groot mate die gees en rig= ting van die skool bepaal het, want deur die skoolkom= missies het hulle seggenskap in die onderwys gehad. Hulle kon die nodige Christelike en nasionale onderwy= sers benoem het.[4]

## 6.2.5 DIE BEGIN VAN 'N WEERBARE ONDERWYS - C.N.O.-SKOLE

Na die Eerste Vryheidsoorlog het die Christelik-nasiona= le beginsel sterk na vore gekom, veral in Transvaal. Dit is dan ook in hierdie beginsel wat die behoud van die Afrikanervolk gelê het.

In die Kaap het ds. S.J. du Toit na vore gekom as 'n voor=

---

1. Vgl. a) Vermaak, D., op. cit., p. 169.
   b) Pistorius, P., op. cit., p. 296.
2. Vgl. Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 288.
3. Vgl. a) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 145.
   b) Pistorius, P., op. cit., p. 300.
4. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 145.

vegter vir Afrikanerbelange en op versoek van die Drie=manskap aanvaar hy die pos as Superintendent van Onder=wys in Transvaal.

'n Groot bedreiging was reeds die Britse Imperialisme en as teenvoeter teen hierdie bedreiging en ook andere reeds genoem, kom ds. Du Toit met 'n stelsel van Christelik-na=sionale onderwys.[1] Hierdie onderwysstelsel was in di=rekte teëstelling met die liberale stelsel van Burgers.[2]

In dié onderwysstelsel is die onderwys nie 'n saak van die staat nie, maar die plig van die ouers en die kerk. Die staat moet slegs die onderwys subsidieer.

Die C.N.O.-stelsel het erkenning aan die belangrikheid van die godsdienstige vorming verleen en omdat dit eie aan die volk was, het hulle dit aanvaar, want in so 'n stelsel het hulle die weerbaarmaking van die jeug gesien. "Deur net Hollands as voertaal te erken, klem te lê op die volkseie en godsdienstige vorming die toonaangewende aspek van die onderwys te maak, het die C.N.O.-stelsel besondere aanklank by die Afrikaanse bevolkingsdeel ge=vind."[3]

Die C.N.O.-skole het die Afrikaner van algehele verswel=ging deur die Angel-Saksiese mag gered.[4] Dit was 'n

1. Vgl. a) Coetzee, J. Chris et. al., op. cit., p. 290.
b) Coetzee, J. Chris, <u>Onderwys in Transvaal 1838-1937</u>, p. 54.
2. Vgl. Pistorius, P., op. cit., p. 305.
3. Ibid., p. 312.
4. Vgl. Vermaak, D., op. cit., p. 196.

magtige wapen wat tot geestelike weerbaarheid van die Afrikaner gelei het.

## 7. UIT DIE PUIN VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG GROEI 'N GEESTELIK WEERBARE VOLK

### 7.1 INLEIDING

Die bedreiging van verengelsing en verwêreldliking van die Boerekinders wat reeds meer as 'n halwe eeu gelede in die Suide begin het, het nou 'n doelbewuste en gewelddadi= ge bedreiging vir die Afrikanerjeug noord van die Oranje geword. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog kom daar 'n einde aan die onderwysstelsels wat in die twee Re= publieke ontstaan het.

Die stryd om 'n eie volksbestaan sou egter voortgesit word. Hierdie stryd sou nie met wapens geveg word nie, maar dit was 'n geestelike stryd. Uit hierdie stryd sou 'n volk na vore kom waarvan die jeug ook gelouter sou word, maar terselfdertyd ook geestelik weerbaar gevorm. "Uit die rokende puinhope van die oorlog sou 'n groter Afrikanerdom herrys, deur vuur en bloed saamgesmee tot 'n dieper en waaragtiger besef van sy samehorigheid en na= sieskap as ooit te vore in ons geskiedenis."[1)]

1. Coetzee, J. Chris, op. cit., p. 220.

## 7.2 WEERBAARHEID WORD OPGEBOU TEEN DIE NEUTRALE EN SEKULÊRE ONDERWYSSTELSEL VAN SARGANT

Baie kenmerkend was die ywer wat daar onder die Boere=kinders geheers het om te leer, maar hierin het daar ook 'n bedreiging gelê, want die Britse owerheid het daarin die geleentheid gesien om die kinders te verengels.[1)]

Daar waar die Boerevolk op sy kwesbaarste was, word 'n begin gemaak - die jeug. Sonder versuim moes die Afri=kaner afgetakel word en die belangrikste instansie waar=deur dit gedoen kon word, was die skool. Dit was juis ook die instansie wat deur die Boer beskou is as die in=stelling waar hy sy kinders weerbaar kon maak teen die geestelike bedreiging, sodat hulle uiteindelik as 'n weer=bare volk kon voortleef.

Niks is ontsien om die kinders van die Boerevolk 'n streng Britsgeoriënteerde opleiding te gee nie. Die Boerekin=ders moes klein imperialiste word, ontwortel aan die godsdiens en tradisies van hulle voorvaders.[2)]

In werklikheid het dit daarop neergekom dat die Boere=kinders geen keuse gehad het nie. Hulle moes eenvoudig die kampskole bygewoon het.

---

1. Vgl. du Toit, J.H., Die Grondlegging en Ontwikkeling van Provinsiale, Primêre en Sekondêre Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat gedurende die Tydperk 1910-1926, p. 3.
2. Vgl. van Schoor, M.C.E., Dr. Johannes Brill as Onder=wysfiguur in die Oranje-Vrystaat 1875-1907, p. 124.

Nadat daar vrede gesluit is op 31 Mei 1902 het die kamp=skole ook verdwyn. Vir die Boere was daar nie tyd om te treur oor verlore vryheid nie, maar 'n geweldige taak het op hulle gewag. Met toewyding en ywer is die taak van heropbou aangepak. Die motiewe wat die veroweraar met die onderwys gehad het, is ook raakgesien en die Af=rikaner het begin besef dat dit gaan om die stelselmati=ge verengelsing van hulle kinders. Die wese van die volk moes vernietig word.[1)]

Ten alle koste moes die Afrikanerjeug beskerm word teen hierdie bedreiging. Teenstand moet bebied word sodat die jeug weerbaar opgevoed kon word.

## 8. DIE EIE WORD BEWAAR DEUR C.N.O.-SKOLE EN MOE=DERTAALONDERWYS

### 8.1 INLEIDING

Die gees, rigting en inslag van die eertydse republikein=se onderwysstelsel van die Republieke moes dus plek maak vir 'n liberale, nie-sektariese Engelse skoolstelsel. In hierdie onderwys sou die jeug nie net verwêreldlik ge=raak het nie, maar ook hulle nasionaliteit verloor het. Dit was 'n bedreiging direk vir die Christelik-nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner.

---

1. Vgl. Beukman, B.I.S., Die Geskiedenis van die Onder=wys in die Vrystaat, voor en onmiddellik na Unie 1898-1912, p. 13.

Die Republieke was na die oorlog finansieel platgeslaan, maar die gees van die volk was nie vernietig nie. Die Afrikanervolk het in opstand gekom teen die bedreiging van hulle Christelik-nasionale beginsel waaraan hulle gewoond was. "Die hele gereformeerde bevolking het hulle verenig in 'n aksie vir die stelsel van private C.N.O.-skole sonder enige staatsteun."[1)]

In hierdie skole het daar vir die Afrikaner die enigste moontlikheid gelê om die Afrikanerjeug geestelik weerbaar op te voed. Op die horison was dit donker, want daar was die moontlikheid dat die Afrikanervolk sy identiteit deur die verengelsingsproses kon verloor. Die Afrikaner is tot in sy diepste fondament geskud, want hy is losgeruk van sy sterkste anker van die volkslewe; hy is losgeruk van die Boerekerk.[2)] In die C.N.O.-skole was daar geen inmenging van die kant van die Engelse owerheid nie, en so kon daar dan in hierdie skole weer voortgebou word op die verlede, op die godsdienstige grondslag van die Afrikaner, op sy taal, sy geskiedenis en sy kultuur.[3)]

## 8.2 DIE C.N.O.-SKOLE DRA DIE GEES VAN WEERBAARMAKING

Die C.N.O.-beginsel het na 1806 sy beslag gekry, alhoewel die benaming as sodanig nie bestaan het nie, "die begin=

1. Van der Schijf, W.G., op. cit., p. 345.
2. Vgl. Pienaar, E.G., Die Triomf van Afrikaans, p. 225-226.
3. Vgl. van der Schijf, W.G., op. cit., p. 345-346.

sel, hoe vaag ook nog maar, wél, sodat die reaksie grotendeels die vorm van klein private enkelmediumskooltjies hier en daar aangeneem het."[1] 'n Eeu later het dit sy benaming gekry in die verset deur middel van aparte C.N.O.- of moedertaalskole.

Na die oorlog is die stryd om C.N.O.-skole voortgesit, want die ouers wou seggenskap in die onderwys gehad het, sodat hulle die onderwysers vir hulle kinders kon aanstel[2] - die onderwysers wat hulle kinders weerbaar kon opvoed.

Die C.N.O.-skole is weer van vooraf georganiseer. Dit het vinnig veld gewen en kan gesien word as 'n uitingsvorm van 'n volksgroep wat hardnekkig geweier het om hulle by die onderwysstelsel van die veroweraar neer te lê. Hierdie bedreiging van die vreemde element was dan ook 'n belangrike rede waarom die C.N.O.-gedagte so kragtig na vore gegaan het.

Die besware wat teen die Engelse onderwysstelsel aangevoer is, toon duidelik dat dit gaan om die behoud van 'n volk, dat sy lewensbeskouing aangetas word,[3] en dat die volk weerbaar gemaak moet word. Die weerbaarmaking van die jeug het veral in die drie beginsels: die veronregting van die moedertaal, die veronregting van die gods=

1. Cilliers, D.H., op. cit., p. 260.
2. Vgl. Nel, B.F., Aspekte van die Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika, p. 25.
3. Vgl. du Plessis, W.S., Die Christelik-Nasionale Onderwysgedagte met spesiale verwysing na Suid-Afrika, p. 69.

diensonderwys en die ontneming van die ouerseggenskap oor die onderwys, gelê.[1] Die eie taal, eie godsdiens en die rol van die ouer vorm die grondslag waardeur die mens die eie wou bewaar. Deur die C.N.O.-stelsel is daar weer erkenning verleen aan die belangrikheid van godsdienstige vorming as onderwysdoel.[2]

Waar dit eers net tot die twee eertydse Republieke beperk was, het dit later ontwikkel in 'n omvattende volksorga= nisasie wat die stryd vir C.N.O. en vir aparte Afrikaans= mediumskole gevoer het. Dit het 'n organisasie geword wat in al die provinsies steun ontvang het van Afrika= nerliggame en die ganse Afrikanervolk, "trouens al wat Afrikaner is, het hom vierkantig en ondubbelsinnig ten gunste van die voortbestaan en uitbouing van die Afri= kaansmediumskool uitgespreek."[3]

"So kragtig het die C.N.O.-gedagte in die harte van die Afrikaner gewerk dat dit aan die begin van die twintig= ste eeu in staat was om die oorwonne Boerevolk in 'n C.N.O.-beweging met C.N.O.-skole te mobiliseer ter wille van sy stryd om sy eie opvoedingsideale."[4] Die C.N.O.-ideale het deel van die Afrikaner se opvoedingsfilosofie geword en waarvan die belangrikste beginsels in die On=

---

1. Vgl. du Plessis, W.S., op. cit., p. 69.
2. Vgl. a) Pistorius, P., op. cit., p. 311.
   b) McKerron, M.E., A History of Education in South Africa 1652-1939, p. 123.
3. Cilliers, D.H., op. cit., p. 260.
4. Vermaak, D., "Die Inplanting van die Christelike, die Nasionale, die Moedertaal-, en die Ouermedeseggenskap-beginsel in die Suid-Afrikaanse Onderwys", in Die Skoolblad, Januarie 1971, p. 7.

derwyswet van 1967 tot die praktyk uitgekristalliseer het.

## 8.3 DIE STRYD OM DIE ERKENNING VAN DIE MOEDER= TAAL LEI TOT WEERBAARMAKING VAN DIE AFRIKANER

### 8.3.1 INLEIDING

Tydens die Engelse bewind is die Engelse taal eenvoudig op die land afgedwing, ten spyte van hewige en gegronde protes van die kant van die Afrikaner. Die regte en ge= voelens van 'n groot deel van die bevolking is nie in aan= merking geneem nie. Terwyl die Engelssprekendes seg= genskap gehad het, het hulle die taalstryd van die Afri= kaner stilswygend gadegeslaan, maar dit was hulle wat die grootste lawaai gemaak het teen tweetaligheid en ge= roep het om beskerming teen hulle regte en vryheid.[1)]

### 8.3.2 TAAL- EN KULTUURVORMING

Die taal van 'n volk speel 'n geweldige belangrike rol in die hele kultuurvorming van die volk. Taal is die draer van alle kultuur.[2)] Deur die taal word die geesteskep= pinge beskrywe en verduidelik en word dit verewig.

---

1. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 162.
2. Vgl. a) Nel, B.F., Die Stryd om Enkel- en Parallelme= diumskole, p. 42.
   b) Vermaak, D., Die Agtergrond en Implikasies van enkele Beginsels in verband met 'n Nasionale Onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Af= rika, p. 85-86.

Dit spreek dus vanself dat die taal van die Afrikaner soos 'n kosbare kleinood bewaar moes word en nog steeds bewaar moet word, want wanneer die taal aangetas word, word ook die kultuur van die Afrikaner bedreig en word die volk in sy wese aangetas.

Wanneer die moedertaal afgeskeep word, word die bande van volkwees, Afrikaner wees, verswak en kry jy die ver=skynsel dat Afrikaners skaam is om as Boere beskou te word. "Hierdie nasionale ontaarding van die Afrikaner het dus plaasgevind veral deurdat die moedertaal in sy ontwikkeling gestrem geword is."[1)]

### 8.3.3 MOEDERTAALONDERWYS AS KRAGTIGE VORMENDE ELE=MENT

Die taal en die skool gaan baie nou saam. In die lewe van elke volk is dit belangrik dat die skool 'n verband moet hê met die huis. Wat nou hierby aansluit, is die taal, want die kind moet opgevoed word in sy eie taal, in 'n omgewing wat ooreenkom met dié van die huisgesin. In hierdie eiesoortige omgewing kan die kind weerbaar opge=voed word. Op dié wyse word die kultuur van die volk uitgebou, want deur sy eie taal en geskiedenis leef 'n volk voort. "So kom 'n volk tot 'n bewuste wêreldbeskou=ing, tot ontdekking van sy siel en van die geestelike waardes waarvan hy die draer is."[2)]

---

1. Nel, B.F., op. cit., p. 44.
2. Hugo, T.J., "Voorwoord" in Nel, B.F., op. cit., p. 7.

"As daar een ding is wat die geskiedenis ....... beves= tig, dan is dit die radikale teenstelling in lewens- en wêreldbeskouing tussen die Afrikaner en die Engelsman in hierdie land, veral soos geopenbaar in die taal-, die medium-, die skool- en die rassevraagstuk."[1] Die Af= rikaner se lewensbeskouing is dus ook bedreig. Vir el= ke ware Afrikanerouer het dit van die grootste belang geword waar sy kind skoolgaan, gesien vanuit 'n nasionale sowel as opvoedkundige oogpunt.

Voor Uniewording het die Afrikanerouer dan ook in opstand gekom teen die skole waar Hollands nie die voertaal was nie.[2] 'n Stryd het ontstaan waarin daar geveg is vir die onderwys in die moedertaal. Dit was dan ook baie opvallend dat sodra die Afrikaner die geleentheid gekry het om sy kinders in die moedertaal te laat opvoed in 'n atmosfeer wat eie aan die Afrikaner is, hy spontaan daar= na gegryp het. Die enkelmediumskool is gesien as die natuurlike verlengstuk van die huislike opvoeding.[3]

'n Onverpoosde en titaniese stryd tussen die twee groepe het dan ook ontstaan. Aan die een kant was daar die Engelstaliges wat probeer behou het wat hulle al die ja= re gehad het, die Engelseentalige skool. Aan die ander= kant was daar die Afrikaner wat geveg het om hom te ont= worstel aan verdere denasionalisering op onderwys- en kulturele gebied.[4] In sy eie skool met sy volkstaal,

1. Cilliers, D.H., op. cit., p. 208.
2. Vgl. Nel, B.F., op. cit., p. 13.
3. Vgl. a) Nel, B.F., op. cit., p. 20.
   b) Kamp, J., De School hoort aan de Ouders, p.5.
4. Vgl. Cilliers, D.H., op. cit., p. 209.

-godsdiens, -geskiedenis en -kultuur kon die Afrikaner=jeug weerbaar opgevoed word.

Sprekend is die waarskuwende woorde van J.H.H. de Waal om sodoende die Afrikanervolk tot weerbaarheid op te roep as hy skrywe oor moedertaalonderwys: "......... heden nog duld wij, dat vele, zeer vele van onze kinders van hun Volk vervreemd worden doormiddel van het onderwijs. Het medium is uitsluitend de engelse taal; de hollandse taal wordt behandeld op gelijke voet met Kaffer; de ge=schiedenis van Engeland wordt een ieder naauwkeurig in=gepompt; de Zuidafrikaanse geschiedenis wordt afge=scheept en het weinige dat wordt geleerd, geschiedt al=leen van Jingozijde ......... Waarom? Het kind moet zo na mogelik Engelsman worden, en zo min mogenlik Afri=kaner blijven."[1])

8.3.4 <u>'N SUIWER TAAL EN KULTUUR MAAK 'N WEERBARE VOLK</u>

Na die verowering van die Kaap, Natal en die Boererepu=blieke deur Engeland word die kultuur en taal van die verowerde bedreig. In hierdie proses waar die twee kul=ture langs mekaar te staan gekom het, het dit soms gelyk of die kultuur van die veroweraar die van die verowerde gaan opneem. Maar na so 'n tydperk van insinking by die verowerde kom daar 'n heftige oplewing, 'n stryd tot weer=baarmaking, sodat dit losgeruk word van die vreemde ele=

---

1. Cilliers, D.H., op. cit., p. 209, soos aangehaal uit <u>De Goede Hoop</u>, 1/11/11, p. 388-389.

ment en 'n kragtige stoot gee aan die eie taal en kultuur. So 'n prikkel tot oplewing kan baie duidelik weerspieël word in die geesdrif vir en die smag na die kultuurskat=te van die verlede, tydens die somboliese Ossewatrek van 1938.[1] Met so 'n oplewing wat plaasvind, kom die volk in opstand teen die bedreiging van 'n vreemde invloed en die gevolg daarvan is dat die volk weerbaar gemaak word en dat die vatkans van vreemde invloede op die volk daar=deur verswak word en selfs uitgeskakel word.

Die skoolstelsel is dan 'n baie belangrike faktor om die taal en kultuur van die Afrikaner suiwer te bou. Die skool wat hom dan deur en deur daartoe leen, is die en=kelmediumskool. "Die grondoorsaak van die ontstaan en groei van die enkelmediumskool lê daarin dat in elke na=siebewuste individu daar 'n soeke, 'n drang, aanwesig is na die suiwere eie kultuur, en die begeerte dat die sui=were eie kultuur-'oordraging' wat in die huis plaasvind, ook in die skool voortgesit moet word."[2] Dit is dus baie duidelik dat dit nie gegaan het om 'n spesifieke skool net om die skool as sulks nie, maar dat daar deur die skool 'n weerbare volk opgelei moes word.

Die skool moet altyd dienend vir die volk wees, want deur die skool word die volk bereik.[3] Nie net die volk be=sef die waarde wat die skool het nie, maar vyandige mag=te soek eerste 'n aanknopingspunt by die jeug. Wanneer

1. Vgl. Nel, B.F., op. cit., p. 39.
2. a) Nel, B.F., op. cit., p. 82.
   b) Vgl. Kamp, J., op. cit., p. 15.
3. Vgl. Kamp, J., op. cit., p. 9.

vyandige magte sy invloed deur die skool laat werk, het dit 'n geweldige trefkrag. As treffende voorbeeld kan hier weer verwys word na die pogings van die Engelse re=gering om die Afrikanervolk te verengels deur by die skool te begin.

Die Unie-wet het in die taalklousule bepaal dat Hollands en Engels die amptelike voertale van die Unie sal wees en op alle terreine op gelyke vlak behandel sal word. 'n Belangrike gebeurtenis was egter die amptelike erken=ning van Afrikaans as 'n taal en die invoering daarvan in die skole.[1)] In sy eie taal kon die Afrikaner weerbaar opgevoed word en sy onderwys ontvang.

## 9. SAMEVATTEND

In die eerste onderwys van Suid-Afrika is die tekens van 'n Christelik-nasionale onderwys waar te neem. Die gods=diens het die grondslag gevorm waarop die onderwys gerus het. Reeds in hierdie onderwys word dan die eerste te=kens van geestelike weerbaarheid baie duidelik waarge=neem. Waar daar onsuiwerhede in die lering in verband met die godsdiens voorkom, word die onderwyser summier ontslaan, want die dwaling wat hy verkondig het, kan skadelike gevolge vir die kind inhou. Dit was dus vir die ouers baie belangrik dat hulle kinders geestelik weerbaar opgevoed moes word.

1. Vgl. Nel, B.F., Aspekte van die Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika, p. 29.

Dit was egter nie net die geval op godsdienstige terrein nie, maar ook op die gebied van die moedertaal het die ouers aangedring op moedertaalonderwys vir hulle kinders. Hierdie beginsel van weerbaarmaking van die jeug het dus ook reeds in hierdie vroeë onderwys voorgekom.

Alhoewel De Mist se verblyf kort van duur was, het dit 'n nuwe bedreiging ingehou. Die onderwys het sy Christe=like karakter verloor. Die onderwys het verwêreldlik en 'n liberale gees aangeneem. Hierdie onderwys het eg=ter ook teenstand ondervind. Al het die Skoolorde van De Mist 'n vernuwing in die onderwys gebring, was dit nie altyd aanvaarbaar nie, want daarin is daar 'n bedreiging van die eie gesien. Die jeug word beskerm en teenstand word gebied deur die gebruik van Boereskoolmeesters en huisonderwysers.

Die weerbaarheidsvorming het egter nie tot stilstand ge=kom nie, want die hele verengelsingsbeleid op sigself was 'n gevaar, maar het ook altyd nog die bedreiging van 'n liberale gees daarby ingehou.

Die Afrikaner was selfs bereid om die woeste onbekende binneland in te trek, solank hy sy identiteit kon behou. Die Trek het dan ook 'n sterk behoudende element gehad en daar is teenstand gebied en die eie is behou en bewaar.

Die stryd het egter voortgegaan, want nadat die Afrika=nervolk sy eie Republieke gehad het, was hulle nie geï=soleer van die bedreiginge nie. Die stryd tot weerbaar=

making het voortgegaan. Die skool en taal van die Afrikaner is bedreig, maar ook uit hierdie bedreiging het die Afrikaner as 'n weerbare volk getree.

Die bedreiginge het nie verdwyn nie; inteendeel, dit het al feller geword. In die volgende hoofstuk sal daar dan gelet word op die weerbaarheidsvorming van die jeug in die onderwys van vandag.

# HOOFSTUK VI

## DIE SKOOL EN GEESTELIKE WEERBAARHEID

### 1. INLEIDEND

Op die skouers van die skool van vandag rus daar 'n ge=weldige taak. Soos wat weerbaarheid in die skole van die verlede voorgekom het, so word dit nog steeds in die huidige tydsgewrig aangetref, maar net in 'n meer gespe=sialiseerde mate. Die eise wat die tyd aan die ouer en die onderwyser stel, het weerbaarheid en opvoeding tot 'n eenheid saamgevoeg.

In Hoofstuk II is daar gewys op die gevare wat die Afri=kanerjeug bedreig, bedreiginge wat die Christelike le=wensbeskouing van die Afrikaner wil vernietig. Hiervan het die Kommunisme, die Liberalisme en die Neo-Marxisme die belangrikste bedreiging geword. Die gees van per=missiwiteit, verwerping van gesag en die kreet na vry=heid, seksperversiteit, dwelmverslawing, kleredrag en haarmodes en die skelmusiek is uitvloeisels van die vreemde lewensbeskouing wat besig is om die lewensbeskou=ing van die Afrikaner te verdring.

Die taak van die skool in die proses van weerbaarmaking kan in die volgende woorde saamgevat word: "Dit moet nie teen die verruiming te velde trek nie, maar moet dit in die nasionale veranker. Dit moet saam met die verle=de soek en daaruit die toekoms bou. Dit moet die lief=

de vir die eie wakker maak, die ervaring van deel-wees van en deel-hê aan die eie, koester en aanmoedig. Die skool moet die kind weer die wye wêreld laat sien deur die bril van die vaderland en die moedertaal, moet die internasionale en selfs die supra-nasionale as verleng= stukke van en gebou op die nasionale laat lewe voor die kind. Dit moet noodwendig ook die aandag ewewigtig af= trek van die pragmatiese, tegnologiese, natuurwetenskap= like, ja selfs van die verstandelike en dit oorplaas op die geestelike, op die nie-empiriese, op die sake van die hart. Die kind moet weer geleer word om volle mens te word, na liggaam en siel, na verstand, gevoel en wil, na die stoflike en tydelike sowel as na die geestelike en ewige."[1)]

Die verlede het dit dikwels al bewys dat die Afrikaner= volk 'n weerbare volk is, danksy 'n weerbare onderwys= korps.[2)] Hierdie taak wat uitgevoer moet word, rus op die skouers van die onderwyser en opvoeder. "Opvoeding in die Christelike skool verg egter weerbare onderwysers/ esse wat oor die nodige toerusting beskik om hul taak as leermeesters en opvoeders nougeset na te kom.[3)]

---

1. Schutte, B.C., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van vandag", in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en On= derwys, p. 174.
2. Vgl. Malan, J.H., "Die Jeugweerbaarheidsprogram as voorbereiding tot Volwassenheid en Beroepsweerbaar= heid", in Die Skoolblad, Oktober 1974, p. 18.
3. Van Loggerenberg, N.T., "Die weerbare Onderwyser", in Die Skoolblad, September 1974, p. 2.

## 2. DIE ONDERWYSER EN OPVOEDER AS UITDRAER VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID

### 2.1 DIE WEERBARE ONDERWYSER EN OPVOEDER IS GODGEBONDE

Omstandighede in die huidige tydsgewrig het daartoe gelei dat huislike ontwrigting, geestelike spanning, gebrek aan geloof en oortuiging en nog ander gedragsafwykinge en ontsporinge aan die orde van die dag is. Terwyl dit op liggaamlike en materiële gebied goed gaan, ly die geestelike en estetiese, die morele dinge, skade. Die jeug word bemeester deur 'n permissiewe tydsgees en gesag word nie meer erken nie. Die ouers staan neutraal, met die gevolg dat die ouerlike voorbeeld en die Christelik-gefundeerde beginsels in die lewe van die kind ontbreek. Om balans en rigting te kry, is 'n geweldige taak wat soms onmoontlik blyk te wees. Dit is hierdie taak wat oorgedra word en begin rus op die skouers van die onderwyser.[1] "Kortom, die weerbare onderwyser is daardie man en vrou wat wyd en diep ken, wat vas glo en hoog wandel en wat veral in die hoof en die hart veel het om te gee en dit blymoedig gee."[2]

Om hierdie taak te kan aanpak, sal elke onderwyser en opvoeder oor die nodige geestelike krag en helder verstand moet beskik, vereistes wat nog nooit so dringend

---

1. Vgl. van der Walt, J.S., "Die rigtinggewende Rol van die Klas-vakonderwyser in die hedendaagse Opvoedingsproses", in Die Unie, Februarie 1972, p. 344.
2. Van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 5.

noodsaaklik was as juis vandag nie.[1] Van elkeen sal verwag word om 'n deeglik opgeleide vakman te wees en 'n toegewyde Christenmens, wat deur voorbeeld die jeug sal lei tot leerlinge van die Groot Leermeester. "Ons ont=leding van die struktuurbeginsels wat by die Christelike skoolopvoeding en -onderwys betrokke is, toon duidelik dat die Christelike onderwyser nie slegs Christenmens moet wees nie, maar baie beslis ook Christelike pedagoog en onderwysman. Naas 'n Christelik - volwaardige en ge=balanseerde persoonlikheid moet hy tewens beskik oor die professioneel-opvoedkundige toerusting op Christeli=ke grondslag, wat hom instaat sal stel om sy taak na be=hore te vervul."[2]

Van elke opvoeder sal 'n Christelike onderwys en 'n Chris=telike wetenskap vereis word. Hiervoor sal nodig wees 'n heldere besef om die Skrifbeginsels aan te kweek. So sal daar nie net in die godsdiensonderrigklaskamer met gebed geopen word nie of sal net die Bybelaantekening=boek met besondere sorg gehanteer word nie, ensovoorts, terwyl daar in die Biologie of Aardrykskunde van hierdie sake niks kom nie. Die Christen-opvoeder sal altyd daarvan bewus moet wees dat elke vak in diens van God staan.[3]

1. Vgl. du Toit, G.J., "Onderwys van die Kind in die Wê=reld van Vandag", in _'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys_, p. 184.
2. _Du Toit, N., 'n Wysgerige Ontleding van die Struktuur van die Christelike Skool, Opvoeding en Onderwys_, p. 146.
3. Vgl. van Wyk, J.H., _Eksistensieteologie en Godsdiens=onderrig_, p. 411-412.

Dit sal beteken dat die taak van die onderwyser en op=voeder nooit net bloot vakonderwys mag wees nie, maar hy sal ook elke oomblik bewus moet wees van sy verhewe taak om sy vakonderwys Christelik-wetenskaplik te benader.[1)] Die opvoeder wat Christelik-pedagogies-verantwoorde steun aan 'n kind wil gee, moet besef dat hy in die eerste plek verantwoording aan God verskuldig is vir die wyse waarop hy hom met die kind bemoei, maar dan ook in die tweede plek aan die ouers wat hulle kinders aan sy sorg toever=trou het.[2)]

Die opvoeder moet 'n diep Christelike mens wees om die Christelike geloof aan sy leerlinge te kan uitdra.[3)] Deur selfontdekking kom die Christen nie tot waarhede wat vir hom die diepste sin verklank nie, maar dit is die geopenbaarde waarhede waarna die mens moet luister. Die opvoeder en onderwyser dra besondere verantwoorde=likheid om hierdie Christelike waarhede aan die kind oor te dra.[4)] "Daarom moet elke Christelike onderwyser en elke Christelike dosent - elkeen wat Christelike onder=wysende opvoedingswerk doen - in staat wees om die ken=

1. Vgl. Schoeman, P.G., Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie, p. 42.
2. Vgl. a) Friis, S.H., Die Taak van die Sekondêre Skool met betrekking tot die Geestesweerbaarheid van die Afrikanerjeug, p. 160.
   b) Schutte, B.C., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van vandag", in Educa, Maart 1970, p.17.
3. Vgl. a) Hubery, D.S., Teaching the Christian Faith today, p. 66-67.
   b) Clase, P.J., "Onderwys het nie Plek vir Wê=reldburgers", in Die Skoolblad, September 1973, p. 4.
4. Vgl. van Zyl, P., "Grondslae van 'n Christelike Opvoe=ding en Onderwys II", in 'n Volk besin oor sy Opvoe=ding en Onderwys, p. 76.

nis wat hy gebruik só te begryp en só aan te bied dat die Christelike leerling, student en selfs volwassene wat aan sy onderwysende gesag onderworpe is, direk dáár= deur Christelik opgevoed kan word, d.w.s. dat dit die ontvangende steeds Christelik in die hart sal gryp; tot hom sal spreek in die taal van die Christelike religie - die enigste religie waarin die Christelike, onderwysende opvoedingskennis na waarheid veranker is!"[1])

Die opvoeder moet te alle tye as persoon die voorbeeld stel deur sy eie persoonlike lewe 'n sprekende voorbeeld van volwassenheid as bestemming van die opvoedeling te maak. Dan ook moet die opvoeder deur die opvoedingsi= tuasie op 'n opsetlike, doelbewuste en stelselmatige wyse die volwassene-wordende toenemend bewusmaak en intrek in 'n bepaalde kultuurverband. Dit spreek dus vanself dat ongeag sy vakonderrig die onderwyser ook terselfdertyd besig moet wees met geestelike vorming en Christelike indoktrinering van die jeug. Elke vak moet sy ophelde= ringswerk na waarheid in Christus doen, "want álle Chris= telike wetenskaplike kennis is nodig vir die onderwysen= de opvoeding en die Christelike jeug tot volle lewe in Christus - nie maar net Christelike geloofsleer en By= belkunde met die oog op godsdiensonderwys nie!"[2])

Elke Christelike opvoeder sal koersvas moet wees en ge= durig sy perspektief moet behou. "Die Christelike op=

---

1. Strauss, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, p. 78-79.
2. Ibid., p. 77.

voeder in die huis en op skool kan nie bloot fenomenologies te werk gaan nie - hy moet voortdurend perspektief agtertoe en vorentoe soek, want die 'andersheid' van die wêreld van vandag noodsaak voortdurende aanpassing om juis die voorafberekende en aanvaarde koers op weg na die Einddoel van die Christelike Opvoeding te bereik."[1)]

Die opvoeder sal Christen-gelowige moet wees en dit moet sy hartewens wees om die kind tot sy uiteindelike bestemming te lei, die Ewige Lewe. Wanneer die opvoeder hierin slaag, sal die jeug van Suid-Afrika geestelik weerbaar wees.

## 2.2 DIE WEERBARE ONDERWYSER EN OPVOEDER IS VOLKSGEBONDE

Een van die eise wat die ouer aan die onderwyser stel, is dat hy iemand sal wees uit die volk; hy moet die volk ken, verstaan, die volkseie waardeer; hy moet die wil van die volk onderskryf en die volkstrewe bevorder. Die onderwyser wat nie 'n liefde vir die eie het nie, kan nie die kultuurskatte van die volk reg interpreteer nie. Hy kan nie die beste in die kultuur van die volk voortplant nie en hy sal ook nie by die kind 'n bepaalde gesindheid teenoor daardie kultuurbesit kan ontwikkel nie.[2)]

1. Van Loggerenberg, N.T., "'n Voorafberekende en aanvaarde Koers", in Die Skoolblad, Augustus 1970, p. 2.
2. Vgl. a) van der Schijf, W.G., op. cit., p. 36.
   b) van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., Verantwoordelike Opvoeding, p. 92-93.

'Die vuur van vaderlandsliefde sal in die oë van die onderwyser moet brand as hy patriotte wil kweek, selfs al word geskiedenis objektief deur hom benader.

Die rol van die Afrikaneronderwyser kan deur die geskiedenis van die Afrikanervolk duidelik waargeneem word. So het die Afrikaneronderwyser die Afrikanerkind bewus gemaak van sy eie identiteit. Hy het by die kind 'n strewe opgewek vir volksverwesenliking en 'n eie staatsvorm, maar ook is 'n verowerde en verarmde volk weer opgehef. Die Afrikaneronderwyser het die Afrikaanse taal, boeke en kultuur bevorder. Sy aandeel in die onderskraging van die kerk en Christelike godsdiens mag nooit onderskat word nie. Op doelbewuste wyse is daar by die Afrikanerjeug 'n eie nasietrots en toekomsverwagtinge opgewek en gekweek.[1)]

Die onderwysers en opvoeders, die leiers en die jeug moet volksgebonde[2)] wees, anders word hulle 'n vloek en gevaar vir die volk. Maar dit opsigself staan egter nog los en leeg as dit nie oorspan word met die leiding van die ewige en almagtige God nie. Dr. J.S. Gericke sê: "Ons moet realisties genoeg wees om die feite rondom ons raak te sien, maar gelowig genoeg om dwarsoor al hierdie dinge vir God raak te sien."[3)]

---

1. Vgl. Smit, J.V., "Die beslissende Rol van die Onderwyser t.o.v. die Kind", in _'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys_, p. 215.
2. Vgl. Clase, P.J., "Onderwys het nie Plek vir Wêreldburgers", in _Die Skoolblad_, September 1973, p. 215.
3. Gericke, J.S., soos aangehaal deur Huebsch, J.C., "Die veelomvattende Sosiaal-Pedagogiese Taak van die Skool van hierdie Eeu", in _Die Unie_, November 1970, p. 18.

Die onderwyser en opvoeder van die Afrikanerjeug sal dieselfde toekomsverwagtinge wat daar in die hart en siel van die volk leef, moet wek by die jeug. Hulle sal die jeug moet besiel met 'n grootse visie op die toekoms van die Afrikanervolk - 'n jeug wat alles sal opoffer vir die toekoms van sy volk.[1)] Wanneer die onderwyser en opvoeder besiel is met die eie van sy volk, sal die jeug geestelik weerbaar opgevoed word. Die jeug sal nie slegs beskerm word nie, maar ook teenstand kan bied teen bedreiginge.

## 2.3 DIE WEERBARE ONDERWYSER EN OPVOEDER DRA DIE LEWENSBESKOUING VAN SY VOLK

Dit is baie maklik waarneembaar dat daar sekere dinge is wat die opvoeder wil en nie wil nie, dat hy sommige dinge goedkeur en andere weer afkeur, dat hy gebied en verbied, toelaat en bestry, dat hy sommige gedragspatrone as 'n voorbeeld stel en dat andere uit die sfeer van die kinders geweer word. Dit word egter nie deur 'n vaste plan deur hom uitgevoer nie, maar die omstandighede bepaal hoe hy te werk sal gaan. Die opvoeder met die vaste oortuigings kan baie maklik aan sy metode uitgeken word. Hierdie beeld wat die kind uitdra, kan ook in die bepaalde kulturele milieu waarin hy opgevoed word, waargeneem word.[2)]

Die persoon van die opvoeder speel 'n belangrike rol in

1. Vgl. Smit, J.V., op. cit., p. 223.
2. Vgl. Langeveld, M.J. Beknopte Theoretische Pedagogiek, p. 29.

die hele oordragingsproses, want die kultuurgoedere en lewensinhoude wat oorgedra word, hang ten nouste saam met sy persoon.

Verder is dit van die grootste belang dat die onderwyser dieselfde lewensbeskouing moet huldig as die ouers van die kind en dan meer spesifiek in die geval van Chris= tenouers wat in die Christelike lewens- en wêreldbeskou= ing veranker is.[1] Opvoeding hang ten nouste saam met die lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder. Daar= om moet elke opvoeder 'n opvoedingsideaal hê en sonder 'n opvoedingsideaal kan hy nie opvoed nie. Wanneer die opvoeder sekere ideale aan die opvoedeling wil oordra, moet hy vir homself daardie ideale uitgemaak het en in 'n lewensbeskouing saamgevat het.[2]

Die gevaar bestaan dat wanneer die opvoeder nalaat om te besin oor die wese en doel van sy opvoedingswerk, hy deur elke nuwe rigting of neiging wat sy verskyning in die opvoeding en onderwys maak, meegesleur kan word. Daar= om is dit so uiters belangrik dat die onderwyser-opvoe= der sy oortuigings en ideale in sy lewensbeskouing sal saamvat sodat dit in sy lewe en werk as 'n duidelike kom= pas kan dien.[3] Wanneer hy die rigting kan aantoon, is hy in staat om die jeug sterk te maak, weerbaar op te

---

1. Vgl. Venter, E.L.J., Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, p. 109.
2. Vgl. Strydom, A.H., Die Plek en Taak van die Skool as Samelewingsverband in die moderne Christelike Samele= wing, p. 6.
3. Vgl. de Vries, C.G., "Wêreld- en Lewensbeskouing en Opvoeding", in Die Unie, Januarie 1972, p. 305.

voed om nie deur elke vreemde beskouing weggevoer te word nie. "As die skool nie die voorligting en leiding in die skooljare ten opsigte van die kulturele en este=tiese gee nie, kan nouliks verwag word dat die individu daarná, veral diegene wat hulle midde in 'n tegniese wê=reld bevind, die nodige norme en maatstawwe sal bekom om tussen die warboel van egte kultuur en die volksvreemde en tussen ware en kwasi-kunsvorme hul weg na behore te vind."[1)]

Die plek wat die onderwyser en opvoeder in die moderne skoolwese moet volstaan, bring mee dat hy 'n sleutelposi=sie beklee. Die skoolstelsel, sillabusse, eksamens of die modernste hulpmiddels waarborg nog nie opvoedkundige vorming nie. Die onderrig is die bepalende faktor en dit word op sy beurt weer deur die onderwyser bepaal. Sy opvatting sal die gehalte van sy onderrig bepaal. Dit gaan om veel meer as net die bybring van feiteken=nis; dit behels ook karaktervorming, die aanwending van Christelike deugde.[2)]

Dit is dus duidelik dat die onderwyser en opvoeder deur sy lewens- en wêreldbeskouing wat eie aan die volk is, die jeug so moet lei dat hulle nie rigtingloos sal wees nie, maar oor 'n kompas sal beskik wat vir hulle die rig=ting sal kan aangee, maar ook een wat hulle sal kan lees. "Samevattend kan beweer word dat dit 'n Christelikbeska=

---

1. Die Redakteur, "Beroepe is aan verouder", in Die Skoolblad, Januarie 1970, p. 2.
2. Vgl. Smit, G.J.J., "Toespraak tydens Kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie", in Die Unie, Augus=tus 1969, p. 79.

wingsmondige opvoeder vereis om 'n kind tot Christelikbe= skawingsmondige volwassenheid te lei. Die ideaal van geestesweerbaarheid kan dus slegs via die opvoeding be= reik word as die jeug met al sy funksies gerig word op die werklikheid wat suiwer leer ken word via 'n Christe= like lewens- en wêreldbeskouing in die onderwys."[1]

## 2.4 DIE WEERBARE ONDERWYSER EN OPVOEDER IS DIE DRAER VAN GESAG EN WARE VRYHEID

Dit sal 'n jammerlike dag wees wanneer die opvoeder nie meer oor gesag beskik nie. Hierdie gesag is 'n gawe van God. Dit is 'n plig en verantwoordelikheid wat hom op= gelê word en namens God moet hierdie gesag beoefen word. As gesagsdraer is hy geroepe om die onrype kind op te lei in sy behoefte aan gesag.[2]

In sy wese soek die kind na gesag. Die opvoeder moet sy gesag ook nie misbruik nie, maar dit so aanwend dat daar harmonie tussen sy gesag en die vryheid van die kind kan heers. "Hy hou grootmoedig sy gesag in om opsetlik aan sy leerlinge, op elke stadium van sy lewe, soveel vryheid toe te staan as waarop hy ryp is."[3] So sal die opvoeder nie kan nalaat om sy gesagsposisie in die klas= kamer te handhaaf nie, maar die leerlinge sal ook hier= die gesag moet aanvaar om tot volwassenheid opgevoed te word.[4]

---

1. Friis, S.H., op. cit., p. 155.
2. Vgl. du Toit, J.J., Vryheid en Gesag in die Opvoeding, p. 318.
3. Ibid., p. 318.
4. Vgl. Friis, S.H., op. cit., p. 163.

In die huidige tydsgewrig het dit noodsaaklik geword dat die jeug opgevoed sal word tot gesagsdraers, dat vryheid nie sal ontaard in losbandigheid nie, maar vryheid tot verantwoordelikheid. Wanneer die jeug so weerbaar ge=maak word, sal hulle die vreemde lewensbeskouinge wat gesag verwerp en vryheid tot losbandigheid propageer, verwerp en weerbaar tot volwassenheid opgroei.

## 2.5 DIE SKOOLHOOF AS WEERBARE LEIER

Die skoolhoof is soos die roer van 'n skip. Wanneer die roer gebreek het, vaar die skip maklik die onbekende wa=ters binne. Die hele gees en rigting van 'n skool word deur die hoof bepaal.

### 2.5.1 DIE WEERBARE LEIER

Die skoolhoof sal oor die nodige visie moet beskik om gedurig die gevaartekens raak te sien en sodoende die onderwysers en leerlinge in te skerp om weerbaar te bly. Wanneer hy verslap om waaksaam te wees, sal sy skool ook daaronder ly en agteruitgaan.

Hy sal gedurig op hoogte moet bly met al die nuwe stro=minge en denkrigtings betreffende die onderwys en opvoe=ding. Van hom af sal daar professionele leiding moet uitgaan na die personeel om nuwe verwikkelinge aan hulle te kan voorhou.[1)] "As daar uitgegaan word van die

1. Vgl. Bester, N., Die Skoolhoof en sy Verhoudinge en Organisasie, p. 43.

standpunt dat alle opvoedingshandelinge gerig word op weerbaarheid, is dit van primêre belang dat die hoof as hoofopvoeder in sy skool 'n Christen-gelowige, roepings=bewuste, dinamiese persoon moet wees wat in staat is om sy leerlinge, personeel en ouers te 'indoktrineer in die ruimer en goeie betekenis van die woord'."[1] Hierdie indoktrinasie moet geskied tot geestelike weerbaarheid. Dit spreek dus vanself dat die hoof self 'n geestelik=weerbare persoon moet wees. Hy moet gevul wees met die ideaal om sy skool geestelik weerbaar te versorg.

In hierdie veranderende wêreld verg dit vandag leiding wat van Christelike leierskap uitgaan en wat gebou is op die voorskrifte van die Woord van God.[2]

Dit sal van hom opoffering verg, nie net in die skool nie, maar opoffering op elke terrein van die lewe. Die voorbeeld wat hy stel, sal te alle tye en omstandighede onberispelik moet wees.

Aan die geestelik weerbare hoof sal hoë eise gestel word. Sy voorbeeld in die sosiale lewe sal te alle tye onbe=rispelik moet wees. Op enige sosiale funksie waar on=geoorloofde praktyke hoogty vier, sal hy geen probleme ondervind om hom reg te gedra nie, eenvoudig omdat hy nie daarheen genooi sal word nie. Sy lewensbeskouing en lewensnorme sal in die voorbeeld van sy lewe gesien

1. Friis, S.H., op. cit., p. 176-177.
2. Vgl. Bester, N., op. cit., p. 1.

kan word.[1] Hy sal ook die hand van die kerk moet neem sodat die Afrikanervolk 'n Christenvolk kan bly. Sy plek in die kerk mag op Sondae nooit leeg wees nie. In die gemeente, die kultuurlewe en op die breë volksterrein sal hy as leier die voortou moet neem. In sy huis is hy 'n eerbare en beminde vader.[2]

### 2.5.2 HANDLEIDING VAN DIE HOOF AS WEERBARE INSTRUMENT

#### 2.5.2.1 HANDLEIDING VIR DIE LEERLINGE

Ondervinding het geleer dat wanneer die leerling vir die eerste keer aan 'n hoërskool inskryf, hy onseker voel en daar verwarring bestaan om by die nuwe omstandighede aan te pas. Die hoof is bewus van hierdie gevare verbonde aan onsekerheid en verwarring en daarom moet die leer= linge gelei word ten opsigte van die reëls, program en metodes van die skool.

Sodra die leerling vir die eerste keer by die skool in= geskryf word, ontvang hy 'n handleiding wat die hoof saam= gestel het. Hierin word die leerling welkom geheet; hy moet voel dat hy welkom is; trots word by hom gewek om as leerling van die hoërskool gereken te word; hy word dadelik ophoogte gestel met die reëls, skoolter= rein, akademiese en buitemuurse program. "Uit die hele

1. Vgl. a) Friis, S.H., op. cit., p. 183.
   b) Bester, N., op. cit., p. 57-58.
2. Vgl. a) Friis, S.H., op. cit., p. 183.
   b) Bester, N., op. cit., p. 122-124.

stuk straal daar 'n gees van vriendelikheid, hulpvaardigheid en welwillendheid en dien as aanmoediging tot inspanning en toewyding aan die hoë ideale waarmee 'n jong seun en dogter in hul puberteitsjare na hulle eerste hoërskool gaan."[1]

Hierdie stuk is van groot belang, want hierin het die hoof 'n instrument om die leerling te bring tot die eerste stap waardeur die kind weerbaar opgelei kan word.

2.5.2.2 HANDLEIDING VIR DIE PERSONEEL

Hoofsaaklik om dieselfde redes hierbo genoem, moet die hoof ook 'n handleiding beskikbaar stel vir die personeel. Hierdeur kan die personeel van die skool eenvormig optree ten opsigte van die hele skoolprogram. Dit is nie net noodsaaklik nie, maar skakel ook organisatoriese probleme uit.

Wanneer 'n nuwe lid tot die personeel toe tree, ontvang hy so 'n stuk waarin hy onmiddellik die opvoedingsdoel kry, want die opvoedingsdoel is vir alle personeellede dieselfde. Verder bevat dit voorskrifte ten opsigte van klaskamerpraktyke, akademiese bedrywighede, algemene organisatoriese aspekte en enige ander aspek wat die onderwyser kan help in die praktyk tot die praktiese uitvoering van sy pligte. Die hoof gee egter ook hierin sy beleidsverklaring ten opsigte van die handhawing van gesag en dissipline, toepassing van opvoedkundige straf

1. Friis, S.H., op. cit., p. 132.

en die hantering van probleemgevalle wat mag voorkom. "Sy hele beleid van Christelike vakonderrig wat gerig is op die vorming van 'n Christelik-nasionale lewensbeskou= ing wat rus in die geloof van die kind."[1)]

Jong onderwysers sowel as onderwysers wat reeds onder= vinding opgedoen het, maar vir die eerste keer by die skool aansluit, moet deur die skoolhoof so ingetrek word dat hulle nie net welkom sal voel nie, maar ook dadelik by die ou personeel sal inskakel.[2)]

Deur hierdie inligtingstuk word die kontrole van die hoof ook vergemaklik. "Almal weet wat hulle moet weet en by die oortreding van 'n reël of beleidsaak kan nie= mand ooit sê: 'Ek het nie geweet nie'."[3)]

Die doel van hierdie handleiding moet nie slegs wees om inligting te verskaf nie, maar ook om elke personeellid diep onder die indruk van hulle verhewe roeping te bring. Elke onderwyser is 'n geroepene van God "wat besig is om te arbei aan skepsele van God, die kosbaarste besit van 'n volk, die kind."[4)]

Die skoolhoof moet simpatiek en opbouend teenoor sy per= soneel optree. Hy moet elke onderwyser in sy personeel op alle maniere ondersteun, help en beskerm en so 'n kli=

---

1. a) Friis, S.H., op. cit., p. 133-134.
   b) Vgl. Bester, N., op. cit., p. 49 en 149.
2. Vgl. Bester, N., op. cit., p. 49.
3. Friis, S.H., op. cit., p. 134.
4. Ibid., p. 134.

maat skep waarbinne elke onderwyser gelukkig en sukses=vol kan werk.[1] Dit is baie belangrik dat die hele per=soneel gelukkig moet wees en as 'n span saam moet werk. Ook wat die weerbaarheidsvorming van die jeug betref, moet daar samewerking wees van elkeen in die personeel.

### 2.5.3 DIE AANDEEL VAN SAALOPENING TOT WEERBAARMA=KING VAN DIE KIND

Saalopening moet 'n integrale deel van die skoolrooster vorm, waar die hele skool minstens twee keer per week saam vergader. Hierdie geleentheid is vir die toegewy=de hoof die geleentheid om uiters doeltreffend opvoe=dingswerk te verrig. Die saalopening mag nooit ontaard in 'n gesellige byeenkoms of verval in 'n groef van eento=nigheid nie. Dit moet altyd geestelike trefkrag hê.

Die opening kan in twee dele verdeel word. Die eerste deel, die gewyde oomblikke, vorm die kern van alle op=voedingsgebeure in die skool. Vir hierdie taak moet die hoof hom dan deeglik en biddend voorberei vir die geleentheid. Dit is geen geleentheid vir sedepreke nie, maar dit moet kort en kragtige boodskappe bevat. "So 'n reeks boodskappe, lewenslesse (en nie miniatuursedepreke nie) dra deur die loop van die kind se skoollewe ontsag=lik veel by tot 'n wêreldstigting wat aan hom 'n veilige deurgang verleen van die kinder- na die kultuurwêreld van

1. Vgl. van Loggerenberg, N.T., "Die verskillende Ver=houdings van die Onderwyser", in Die Skoolblad, No=vember 1973, p. 13.

volwassenheid."[1)]

Die tweede deel van die program sal bestaan uit die afkondigings. Hier word 'n geleentheid gebied om die leerlinge geestelik te bereik deur byvoorbeeld die instelling of bestaan van 'n skoolreël te motiveer. Elke afkondiging kan ingeweef wees in 'n kort lewensles sonder om vervelig te wees, slegs in een enkele sin of slegs net 'n gepaste woord.[2)]

Hier kan die skool ook die geleentheid kry om hulle skoollied en volkslied te sing. Die waarde hiervan mag nooit geringgeskat word nie. Die krag van die volkslied en die rol wat dit speel, kan moeilik gemeet word. Daar is egter geen twyfel aan dat dit een van die kragtigste faktore kan wees om 'n volk saam te snoer tot 'n eenheid en nasionalisme op te wek nie.[3)]

## 3. OPLEIDING TOT GEESTELIK WEERBARE ONDERWYSERS

### 3.1 INLEIDING

Wanneer die onderwyser met sy opleiding begin, moet dit nie net opleiding wees vir net nog 'n beroep waardeur 'n lewensbestaan verseker word nie. Hierdie opleiding moet energie en denkkrag verg. Ook moet dit die waarde beklemtoon en inskerp van dinge wat op stoflike en geeste=

---

1. Friis, S.H., op. cit., p. 137.
2. Vgl. Ibid., p. 137.
3. Vgl. Spies, F.J. en de Kock, W.J., Soek in die Verlede, p. 20.

like gebied verwerf kan word. Die opleiding moet aan die studente perspektief gee, sodat dinge in hulle ware verhouding tot mekaar gesien kan word. "Die aspirant wat oor die nodige godsdienstige en volkswortels beskik, wat sy vak(ke) ken, kan beplan, kennis kan oordra en kan inspireer, beskik oor daardie kwaliteite wat hom 'n ge=skikte rekruut vir die onderwys maak ..............."[1]

Hierdie opleiding beteken die voorbereiding van 'n beroep waarin daar gewerk sal word met kinders, die volk se kinders en die kinders is die volk se toekoms. Dit sal beteken dat die opleiding besinning sal eis oor die toe=koms van die kinders van die volk.[2]

In sy opleiding sal die onderwyser ook moet leer dat die verlede die gebeure is waarop Sy hand was en die toekoms Sy raadsplan wat nog verwerklik moet word. Daarom moet die onderwyser besef dat sy opleiding hom moet vorm, hom moet inskerp en weerbaar maak, sodat hy met moed en oor=tuiging dit wat aan Christus en aan die Afrikanervolk behoort, kan verdedig.[3]

Die erns en die waarde van die opleiding van elke onder=wyser word saamgevat in die volgende woorde:
"When you educate a man, you educate an individual.

---

1. Van Loggerenberg, N.T., "Die Weerbare Onderwyser", in Die Skoolblad, September 1974, p. 3.
2. Vgl. a) Jooste, J.H., "My Opleiding as Onderwyser", in Potgieter, G.J., My Lewensnorme, p. 105.
   b) Coetzee, W.J., "Die Onderwyser(es) van die Sewentigerjare", in Die Skoolblad, Januarie 1974, p. 4.
3. Vgl. Jooste, J.H., op. cit., p. 105.

When you educate a woman, you educate a family.
When you educate a teacher, you educate a nation."[1)]

3.2 <u>'N UITBOUING VAN DIE LEWENSBESKOUING</u>

Reeds op skool is daar gevorm aan die lewensbeskouing van die kind. Wanneer die kind dan op kollege of uni= versiteit kom en homself moet bekwaam as weerbare onder= wyser, is dit van die grootste belang dat daar nie nou 'n onderbreking moet kom in hierdie vormingsproses nie. Die uitbouing van die Christelike lewensbeskouing moet 'n integrale deel van sy opleiding uitmaak.

Die Christen-Afrikaner het 'n besondere bydrae om te maak, want hy sien met die oë van die Skrif. Dit is die as= pek wat by onderwysopleiding beklemtoon moet word. Toe= gewyde en gelowige ouers kan kinders voorberei wat hier= die vernuwing ook in die onderwys kan indra. Op die skool, die kollege en die universiteit rus daar die ver= antwoordelikheid om gereed te wees om hierdie gesindheid so te implementeer dat manne en vroue gelewer sal word wat kan voortbou.[2)]

Die onderwyser kan nie opvoed sonder 'n Christelike le= wensbeskouing nie. Die lewensbeskouing sal die religi= euse rigting waarin die onderwys en opvoeding moet plaas=

---

1. McIvor, C.D., soos aangehaal deur Jooste, J.H., op. cit., p. 105.
2. Vgl. a) Schutte, B.C., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van Vandag", in <u>'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys</u>, p. 174.
   b) Clase, P.J., op. cit., p. 4.

vind, bepaal. Geen mens kan religieus-neutraal wees nie; daarom ook nie die onderwyser nie.[1] Om hierdie ideaal van Christelike onderwysers te verwesenlik, sal beteken dat daar ook eise aan die opleiding gestel sal word. Dit sal beteken 'n Christelike benadering in vakwetenskap=like studie, asook 'n studie van die lewens- en wêreldbe=skouingsleer.[2] "Christelike onderwys gesmee in 'n Chris=telike onderwyskorps, moet opvoed en onderwys in 'n Chris=telike rigting, gewapen met 'n Christelike leerplan in elke vak. Hierdie Christelike vakonderrig vereis Chris=telik opgeleide onderwysers."[3] Indien hierdie profes=sionele mense nie bestaan nie, is dit 'n noodtoestand wat onmiddellike aandag verdien, want dit gaan om 'n volk - 'n volk wat weerbaar opgevoed moet word.

## 3.3 'N OPLEIDING SLEGS VIR ONDERWYSERS

Om 'n weerbare onderwyskorps op te lei, sal daar ook 'n aanpassing ten opsigte van die onderwysopleiding moet geskied. Dit het tyd geword dat die onderwyser oplei=ding moet ondergaan wat slegs vir hom as onderwyser saam=gestel is. So byvoorbeeld deurloop die ingenieur 'n op=leiding wat hom in staat stel om net daardie spesifieke beroep te beoefen. So moet die onderwyser wat opgelei word sy opleiding slegs vir die onderwys en opvoeding kan gebruik; sy oogmerk moet wees die onderwys. Hy

---

1. Vgl. Jooste, J.H., "Die Onderwyser, sy Taak en Roe=ping, sy Opleiding en Status", in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, p. 205.
2. Vgl. Ibid., p. 205.
3. Strydom, A.H., op. cit., p. 6.

moet dus nie 'n opleiding ondergaan wat hom in staat sal stel om na 'n paar jaar, met sy kwalifikasies nou behaal, ander weivelde te betree nie. Dit is seker nie heelte= mal moontlik om bogenoemde geheel en al uit te skakel nie, maar 'n meer uitgesoekte onderwyskorps sal op die wyse opgelei kan word.

Dit sal dus beteken dat die student wat ingeskryf het as aspirantonderwyser vanaf sy eerste jaar opleiding in een of ander aspek van die opvoedkunde sal ontvang. Hierdie kursus sal 'n eenheid vorm wat oor vier jaar sal strek. Na voltooiing van sy kursus sal hy drie hoofvakke hê waarvan Opvoedkunde een sal wees, met twee ander hoof= vakke wat slegs erkende skoolgraadvakke moet wees. Ge= durende hierdie periode sal die student ook opleiding ontvang in die uitbouing van sy lewensbeskouing. Die weerbaarmakingsproses wat in die ouerhuis begin het, deur die skool voortgesit word, sal so op universiteit verder uitgebou kan word. "Dit is duidelik dat dit 'n onbegon= ne taak is om selfs te probeer om dit alles in 'n nagraad= se diplomakursus aan voornemende onderwysers te verskaf. Dit sal as verpligte studiegebied, reeds vanaf die eer= ste graadjaar, voorgeskryf moet word. En dit sal die geval moet wees ongeag die studierigting en die vakkeuse van die betrokke student."[1])

Onder 'n fakulteit van opvoedkunde kan universiteit, pro= fessie en onderwysdepartement verenig om die opleiding

---

1. Du Toit, N., 'n Wysgerige Ontleding van die Struktuur van die Christelike Skool, Opvoeding en Onderwys, p. 146-147.

van onderwysers te behartig. Die universiteit bepaal die aard van die wetenskaplike opleiding en vorming. Die professie voeg die praktyk by, sodat die kandidaat van die begin af kan opgroei as volwaardige onderwyser. Die onderwysdepartement bepaal die hoeveelheid mense wat jaarliks opgelei moet word in die spesifieke vakrig= tings.[1)]

Die onderwys van 'n volk, en dit sluit ook die opleiding van die onderwyser in, is 'n ernsitge saak en kan nie die speelbal van politiekery gemaak word nie.[2)] Selfs pro= vinsialisme moet uit die onderwys geweer word, want dit gaan tog nie om eie eer nie, maar dit gaan om die toe= koms van die Afrikanervolk.

## 4. DIE LEERSTOFINHOUD MOET GELEENTHEID BIED TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID IN ELKE KLASKAMER

### 4.1 DIE INHOUD EN SAMESTELLING VAN DIE LEERPLAN

Die opstel van leerplanne verg deeglike beplanning en 'n geweldige uitdaging aan die opstellers daarvan, gesien vanuit 'n Christelik religieuse perspektief. Daar word ook 'n uitdaging gestel aan die opvoeders, ouers en on= derwysers. Tussen ouers en onderwysers, maar ook tus= sen onderwyser en onderwyser moet in hooftrekke dieself= de lewensbeskouing en opvoedingsfilosofie gehuldig

---

1. Vgl. Bingle, H.J.J., "Onderwysersopleiding", in <u>Woord en Daad</u>, November 1973, p. 18.
2. Vgl. "Onderwysopleiding", in <u>Woord en Daad</u>, Junie 1975, p. 6, (Skrywer ongemeld).

word.[1]

Daar is reeds in hierdie studie verwys na die omstandighede in 'n snel veranderende wêreld waarbinne die kind hom bevind. Wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling bring groter verantwoordelikheid mee; besondere aanpasbaarheid is nodig by die tyd wat teen 'n ongekende tempo dinamies voortwentel; dit is 'n tyd van emansipasie met veranderde verantwoordelikheid, 'n tyd van die massaverskynsel met die onopsigtelike vereensaming van die individu.. Teen hierdie agtergrond moet die leerplanne saamgestel word, wat die kind dan terselfdertyd geestelik weerbaar sal vorm.

Die leerstofkeuse vanuit die Christelike benadering moet altyd gemeet word aan die Bybelwaarheid. Die leerinhoud van die sekulêre vakke mag nie botsend met die Bybelwaarheid wees nie en dus nie ondermynend vir die Christelike geloofsbelydenis en leefwyse nie.[2] Die leerplan van elke vak moet dus in die eerste plek die geleentheid bied tot Christelike vakonderrig wat sal lei tot Christelike weerbaarheid.

## 4.2 <u>'N OORLAAIDE LEERPLAN</u>

Vir geestelike weerbaarheid lê daar 'n gevaar in die leer=

---

1. Vgl. Friis, S.H., op. cit., p. 151-152.
2. Vgl. a) Schoeman, P.G., <u>Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie</u>, p. 42.
   b) <u>van Zyl, P., "Grondslae van 'n Christelike Opvoeding en Onderwys II"</u>, in <u>'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys</u>, p. 71.

stofoorlaaide leerplan. "Ook het onderwijs is, zoals we opmerkten, in de ban geraakt van de dictatuur van het teveel. Het overlaadt de jeugd met een chaotische hoe=veelheid leerstof, die haar nauwelijks tijd laat zich rekenschap te geven van zichzelf en van de eigen levens=ervaringen en gedachten en die ook funest is voor de menselijke verhoudingen op school."[1)]

Die primêre sowel as die sekondêre skool ly vandag onder sillabusse met te veel vakinhoud. In die volgende ver=gelyking kom dit duidelik na vore:

AANTAL BLADSYE PER VOORGESKREWE HANDBOEK[2)]

| STANDERD V | 1967 | 1975 | % vermeerdering |
|---|---|---|---|
| Geskiedenis | 98 | 149 | 52 |
| Natuurwetenskap | 106 | 193 | 82 |
| Afrikaans | 118 | 234 | 98 |
| **STANDERD VI** | **1955** | **1975** | **% vermeerdering** |
| Geskiedenis | 97 | 186 | 92 |
| Aardrykskunde | 56 | 220 | 293 |
| **AFRIKAANS** | **1965** | **1975** | **% vermeerdering** |
| Standerd V | 118 | 234 | 98 |
| Standerd VII-VIII | 306 | 594 | 90 |
| Standerd IX | 355 | 591 | 66 |
| **AARDRYKSKUNDE** | | | |
| Standerd IX | 405 | 631 | 55 |

1. Couwenberg, S.W., De Vereenzaming van de moderne mens, p. 95.
2. Van Loggerenberg, N.T., "Onderwysvernuwing in Perspek=tief", in Die Skoolblad, September 1975, p. 3.

In die soeke na die verbetering van die onderwys moet daar in die diepte ingegaan word, en daarvoor is tyd no= dig. Meer as ooit te vore is daar tyd nodig, omdat die jeug in hierdie verwarde wêreld van vandag onwillekeurig, maar met die drang van die natuur, soek na 'n geestelike rustigheid. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat daar tyd gemaak moet word vir spontaner selfontwikkeling van die kind en op die wesenlike waardes van die lewe.[1)]

By die skool, dit sluit die primêre en sekondêre skool in, het die neiging ontstaan om te intellektualisties te word en vormende vakke wat nie eksamenwaarde het nie, te verwaarloos. Deur oorlaaide sillabusse word die kind die lus en drang ontneem tot selfstandige studie.[2)] Wanneer die leerplan so oorlaai word met kennis wat by die kind tuisgebring moet word, bied dit geen geleent= heid aan die onderwyser om die kind ook geestelik weer= baar te lei in die geleenthede wat die vak mag bied nie.

Deur opvoeding en onderwys moet die jeug in 'n lewenswyse en geloofsbelydenis ingelei word wat aan daardie volk behoort. Die volwassenewordende raak in 'n toenemende mate betrokke in 'n genormeerde toekomstigheid. Die mens het vaardighede, kennis en norme nodig om sy eie plek en taak in die menslike samelewing te kan volstaan. Dit kan egter nie doelloos en sonder plan aangewend word nie, maar uit die vaardighede en kennis self kom daar blyke

1. Vgl. Couwenberg, S.W., op. cit., p. 95.
2. Vgl. a) du Toit, G.J., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van vandag", in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, p. 183.
   b) van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 4.

dat die mens sy wêreld volgens 'n bepaalde ordening kon= stitueer. Die opvoeding is norm gerig, maar hierdie norme en waardes is vir die Christen altyd Christus-ge= rig.[1] Daarom kan dit so maklik gebeur dat die essen= sie in 'n oorvol program verlore gaan.

## 4.3 PROBLEME EN KNELPUNTE IN SOMMIGE LEERPLANNE

"Dit het al 'n gemeenplaas geword om te sê dat sy jeug 'n volk se belangrikste bate is en dat die onderwys daarom die hoogste prioriteit moet kry. Geld wat in die on= derwys en opvoeding belê is, verdien goeie rente."[2] Dit wil egter voorkom of daar slegs gepraat word en nie altyd gedoen word nie.

Probleme en knelpunte in die onderwys tref die volk in geheel soveel harder as wat byvoorbeeld die geval is in die bedryfs- of ekonomiese sektore. Die resultaat van hierdie swak plekke in die onderwys lewer nie hulle re= sultate onmiddellik nie, maar die letsels wat op die in= dividuele kind, die skoolgaande jeug en die volk as ge= heel gelaat word, word eers met verloop van tyd waarge= neem.

In die sogenaamde "skaarsvakke", Fisika en Chemie, asook Wiskunde het daar in die afgelope aantal jare 'n groot daling in die getal leerlinge wat die vakke neem, voor=

1. Vgl. a) Schoeman, P.G., op. cit., p. 44-45.
   b) van Zyl, P., op. cit., p. 70.
2. "Probleme in die Onderwys", in Woord en Daad, Junie 1975, p. 6, (Skrywer ongemeld).

gekom. So was daar in 1964 in die Vrystaat 2 312 matrikulante wat vir die skooleindsertifikaat-eksamen ingeskryf het. Van hulle het 1 431 of 61,9% Skeinat as vak geneem en 1 305 of 56,4% Wiskunde. Gedurende 1970 was daar 2 838 kandidate in totaal van wie 1 142 of 40,2% Skeinat en 1 377 of 48,5% Wiskunde geneem het. In 1974 het daar egter nog 'n groter daling voorgekom. Van die 3 466 kandidate het 1 160 of 33,4% Skeinat geneem en 1 562 of 45,0% Wiskunde.[1)]

Vanaf 1964 tot 1974 het daar 'n daling van 28,5% in die getal Skeinatkandidate voorgekom tenspyte van die toename in die getal matrikulante. In Wiskunde was die daling 22,4%.

Dat daar verskeie redes vir hierdie daling aanspreeklik gehou kan word, is sekerlik so, maar dit is ook so dat die Skeinatleerplan in inhoud so toegeneem het dat dit leerling en onderwyser ontmoedig. Dit gaan vir ondersoeker nie om die inhoud self nie, maar die hoeveelheid. Leerlinge wat genoemde vakke op universiteit neem, sal na die tyd vertel dat dit nou vir hulle kinderspeletjies is, maar dat dit op skool nie so maklik gegaan het nie. Laat die skool op sy terrein beweeg en die universiteit op sy eie, maar nog meer, laat daar ook geleentheid binne die vakgebied wees waar geestelike weerbaarheid tot sy reg kan kom.

1. Statistiek verkry van die Onderwysburo, Departement van Onderwys, OVS.

Maar ook wat die inhoud betref, mag nie daarvan wegge=skram word nie. Daar het 'n beheptheid met die sogenaam=de agterstand van natuurwetenskaponderrig op skool ont=staan. Waarom is daar 'n daling in die getal leerlinge wat wiskunde en wetenskap neem? "Omdat ons sillabusse as uitgangspunt het dat alle leerlinge potensiële weten=skaplikes is - ons vergeet dat ons ook leerlinge het wat as onderwysers opgelei moet word - ironies genoeg juis om die toekomstige Einsteins in die geheime van die we=tenskappe in te lei."[1)]

Hierdie probleem sny egter verder, en steeds is dit die weerbaarmaking van die jeug wat daaronder ly. Die be=hoefte aan onderwysers in hierdie vakke is nie slegs 'n knelpunt nie, maar 'n ramp. Dit het 'n bekende verskyn=sel[2)] geword dat 'n onderwyser nou 'n vak moet aanbied waarin hy weinig of geen opleiding gehad het.

Verder spruit hieruit voort dat hierdie onderwyser, met hierdie las belaai (dit word vir hom 'n las, hy raak ge=frustreerd, omdat hy nie oor die agtergrond van die vak beskik nie) nie reg kan laat geskied aan die weerbaar=heidsvorming by die leerlinge nie, want sy volle aandag word so deur hierdie "onbekende" vak in beslag geneem. 'n Verdere skadelike effek van die ontoereikende onderrig is dat die kind se belangstelling kwyn, en 'n moontlike kandidaat vir verdere studie in hierdie vakke gaan ver=lore.

---

1. Van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 4.
2. "Probleme in die Onderwys", in Woord en Daad, Junie 1975, p. 6, (Skrywer ongemeld).

Hierdie kwynende belangstelling word gestaaf deur die statistiek wat deur dr. S. Meiring Naude vrygestel is. In 1962 was die Chemie-studente 7,3 persent van die to= tale inskrywings by universiteite; in 1973 het hulle verminder na 2,5 persent. Insgelyks vorm die Fisika-studente 4,4 persent van die totaal in 1962, maar in 1973 was dit 'n skamele 0,8 persent.[1)]

By geleentheid van 'n gradeplegtigheid van die PU vir CHO het dr. C.van der Merwe Brink die volgende syfers aange= haal: "In 1974 was daar altesaam 230 studente wat Chemie as hoofvak in B.Sc. aangebied het. Daar was 110 by ses Afrikaanse Universiteite (en die helfte was by één uni= versiteit). In 1965 was daar by UP alleen 110 studente wat Chemie as hoofvakke aangebied het. Uit die huidige 55 van UP, PU vir CHO, UOVS en RAU moet onderwysers, do= sente en navorsers verkry word. Tien jaar gelede het UOVS alleen 55 studente met Chemie as hoofvak gelewer."[2)]

Die probleem moet verder ook gesoek word in die moeilik= heidsgraad van elke vak. Om verskeie redes moet die standaarde van die verskillende vakdissiplines drasties verander word. Steeds was dit slegs 'n verhoging van standaard. Onder andere sou daar dan kwansuis beter aansluiting tussen sekondêre en tersiêre onderwys te weeg gebring word. "Die skool het 'n te groot deel van die skuld vir die mislukking van eerstejaars op tersiêre

1. Vgl. "Probleme in die Onderwys", in Woord en Daad, Junie 1975, p. 6, (Skrywer ongemeld).
2. Ibid., p. 6-7.

vlak op sy rekening geneem met die gevolg dat i.p.v. <u>dat die sillabusse 'n voorbereiding vir universiteitstudie geword het, het dit in baie gevalle uitgeloop op 'n naaping van die universiteitsillabus</u>."[1])

Wanneer daar na moontlike verklarings gesoek word, kan daar nie sommer lig oor hierdie saak heen beweeg word nie. Maar dat dit van geweldige betekenis en erns is, kan niemand betwis nie. " ......... doen iets en doen dit gou, anders word die toekoms van ons volk by die wortels ondergrawe."[2])

## 4.4 DIE SKOOL MAG NIE SY KARAKTERVORMENDE INVLOED VERLOOR NIE

Die skool verloor veel van sy karaktervormende invloed as gevolg van die eksamendwang waaronder die kind en ook die onderwyser geplaas word. Die stelsel bring dan mee dat die onderwyser se bevordering in 'n groot mate van sy eksamenuitslae in plaas van sy opvoedingswerk afhanklik is.[3])

Dit is 'n baie belangrike aspek hierdie wat beslis aandag verg. Omdat die onderwyser so ingestel is op die uit=slae wat die leerlinge in die eksamen moet behaal, word innerlike vorming van die kind op die agtergrond gestel. Dit is nie 'n geval dat die onderwyser nie geestelik in=

1. Van Loggerenberg, N.T., op. cit., p. 4. (Skrywer on=derstreep)
2. "Probleme in die Onderwys", in Woord en Daad, Junie 1975, p. 7, (Skrywer ongemeld).
3. Vgl. du Toit, G.J., op. cit., p. 183.

gestel is op die geestelike weerbaarmaking van die kind nie, maar dat sy toekomstige bevordering beïnvloed word deur die uitslae van sy leerlinge. Die uitslae van sy kandidate sal bepaal of hy 'n goeie of swak onderwyser is. Daar moet dus gewaak word dat die voorgeskrewe weerbaarheidsprogram nie afgewater raak nie, of dat dit ten koste van 'n ander vak agterweë gelaat word nie. Die weerbaarheidsvormende invloed van elke vakonderwyser mag nie afgestomp word deur die gejaag na eksamenresultate nie. Dit kan so maklik gebeur dat die vak benadruk word en nie die kind nie. In die vakgerigte skool kan dit lei tot 'n eensydige beklemtoning van die vakkennis en 'n verafgoding van eksamenprestasies en word die kind as mens nie raakgesien nie. Die leerprogram wat oorlaai is, sal sinvolle verwerkliking en toe-eiening van die leerinhoud verhinder. Die leerling kan baie keer nie die verband tussen wat hy leer en die werklike lewe sien nie.[1)]

## 4.5 <u>KENNIS VAN DIE WOORD LEI TOT WEERBAARMAKING</u>

"Die Bybel mag hom nie as 'n skoolvreemde element in die skool bevind nie."[2)] Elke gelowige moet die Bybel met oorgawe onderrig en elke geleentheid wat hom voordoen, moet benut word. Die Woord van God bied die krag waar=mee die verbrokkeling in die samelewing, die verval van

---

1. Vgl. a) van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op. cit., p. 232-233.
   b) van Zyl, P., op. cit., p. 70.
2. Van Wyk, J.H., <u>Die Bybel in die Lewe van die Kind</u>, p. 2.

die jeug, teengewerk kan word.[1]

Natuurwetenskaplike kennis en tegnologiese prestasies het veroorsaak dat daar 'n klemverskuiwing op skool plaas= gevind het. Die mens word bedreig deur die gejaag na kennis en dit wil die mens sy perspektief laat verloor. Die plek van die Woord van God in die klaskamer word be= vraagteken; nog meer, die Skrif het nie meer sy plek in die klaskamer nie. "Die Christengelowige daarenteen ag die geloof wat as 'n gewisse kennis en sekere vertroue uit Gods hand ontvang, oneindig hoër as enige bewysbare kennis - ook van (natuurwetenskaplike) brood alleen kan die mens nie lewe nie!"[2]

Die Bybel en sy boodskap word deur menige leerling be= vraagteken.[3] Die natuurwetenskappe het baie die oë laat afwend van lewensbelangrike norme. Daarom sal die Christenopvoeder nooit neutraal kan staan nie, maar son= der om te skroom sy geloofsoortuiging uitleef:[4] "Ek is onder die indruk dat die jeug van ons dag, meer as ooit voorheen behoefte het aan 'n voorlewe (as kragtige voorbeeld) van ons leer en nie aan hartroerende preke van hoe dit (en dat) behoort gedoen te word nie."[5]

Verder is dit ook essensieel dat die skooldag met Skrif= lesing en gebed geopen moet word. So word die kind ge= leer om sy dagtaak te begin in die Naam van Hom Wat die

---

1. Vgl. Maree, H.O., "Weerbaarheid en Bybelonderrig", in <u>Riglyne</u>, Junie 1973, p. 32.
2. Bardin, R.L., "Die Bybel in die Klaskamer - 'n Uitda= ging", in <u>Die Unie</u>, September 1970, p. 131.
3. Vgl. Ibid., p. 131.
4. Vgl. van Wyk, J.H., <u>Jy moet dit jou Kinders inskerp</u>, p. 15.
5. Maree, H.O., op. cit., p. 31.

krag en bystand gee. In die praktyk is dit seker nie altyd moontlik dat die hele skool saam kan open nie, maar dan moet daar 'n Bybel in elke klaskamer wees en word daar met Skriflesing en gebed in die klaskamer ge= open. Dit het groot waarde vir die kind, want dit is God wat deur sy Woord tot hom spreek.

Wanneer daar by die kind 'n Christelike lewens- en wêreld= beskouing gekweek word, sal die "dogma-bepaling" in die onderwysbeleid afgeskaf moet word. Die Protestants-Christelike erfenis sal stadig maar seker in ver= getelheid raak, en die kind sal in 'n moderne ongeloof opgevoed word en vervreemd raak van God Drie-enig op al= le lewensterreine.[1)]

Bybelonderrig mag nooit 'n ondergeskikte plek in die skoolprogram inneem nie. Hy mag nooit plek maak vir 'n ander vak of as huiswerkperiode gebruik word nie. "Daar kan nooit sprake wees van 'n doeltreffende weerbaarheids= program in ons skole, of blywende weerbaarmaking van ons kinders indien Bybelonderrig letsels van onvolwaardig= heid en diskriminasie vertoon nie."[2)]

Die gees en liefde van die Woord van God moet by elke skool waarneembaar wees. Hieraan moet sportprestasies en akademiese prestasies ondergeskik wees.[3)]

---

1. Vgl. a) Strydom, A.H., op. cit., p. 158-161.
   b) Meyer, P.J., Trek Verder, p. 1.
2. Maree, H.O., op. cit., p. 34.
3. Vgl. du Toit, Z., "Waar gaan my Kind skool?", in Die Kerkbode, 16 Julie 1975, p. 104.

Die kind moet geleer en gelei word sodat vrae op aktuele probleme in die Skrif gevind kan word. Ook moet die kind opnuut weer geleer word om met toewyding te bid, "dat gebed nie net uit smeking bestaan veral wanneer daar besondere nood bestaan nie. Die hele lewe moet deur gebed gedra word. Die beskermende hand van God is nie net nodig by die lang 'gevaarlike' reis nie, maar by elke voetstap."[1] Wanneer die jeug opgebou word met hierdie innerlike krag, sal hulle weerstand kan bied.

## 5. GEESTELIKE WEERBAARHEID EN DIE PRAKTYK

Die jeugweerbaarheidsprogram moet gesien word as 'n ver=skerpte poging om die jeug positief te beïnvloed. Dit het ook duidelik in hierdie studie na vore gekom dat dit die taak van elke onderwyser en opvoeder is om die jeug weerbaar te maak.

Die weerbaarheidsprogram kom nie as iets vreemds in die onderwys in nie, want van die program se inhoude is reeds in die gewone onderrig in die meeste skole inbegrepe. Indien nie, kom dit in die algemeen-vormende werk voor of is dit geïntegreer in die sillabusse van die verskil=lende vakke.[2] Daarom is weerbaarheid nie losstaande van die verskillende vakke nie, maar is deel daarvan. "Trouens, as die instelling van die jeugweerbaarheids=programme tot gevolg moet hê dat die ouer en die vakon=derwyser hul verantwoordelikheid teenoor die weerbaarma=

1. Van Wyk, J.H., op. cit., p. 15.
2. Vgl. Redaksioneel, "Jeugweerbaarheid", in Die Unie, Maart 1972, p. 363.

king van die kind en leerling op die jeugweerbaarheids=program afskuif, dan is dit beter om liewer 'n einde daar=aan te maak."[1]

Met hierdie doelbewuste en stelselmatige staling van die jeug mag daar nie gesloer word nie. Soos reeds aange=toon, gaan dit nie om 'n inherente swakheid wat by die jeug aanwesig is nie, maar om morele en fisieke bedrei=ginge wat botsend teenoor die Christelike lewensbeskou=ing van die Afrikanerjeug staan.

Deur die instelling van die program van jeugweerbaarheid word die werklikheidsituasie beklemtoon. Die jeugweer=baarheidsprogram moet saamgestel word uit sinvolle in=houd. Die volgende ontwerp van 'n verantwoorde jeug=weerbaarheidsprogram word deur Joubert gegee:[2]

A. <u>Die fundering en verwerkliking van 'n Christelike le=wensopvatting waarby die volgende inbegrepe is</u>:

1. Christelike waardes en norme.
2. Verantwoordelikheid vanuit 'n Christelike perspek=tief.
3. Gesag en vryheid vanuit 'n Christelike perspektief.
4. Geroepenheid vanuit 'n Christelike perspektief.
5. Gesindheid vanuit 'n Christelike perspektief.
6. Geloof vanuit 'n Christelike perspektief.

---

1. Van Loggerenberg, N.T., "Die Weerbare Onderwyser", in <u>Die Skoolblad</u>, September 1974, p. 1.
2. <u>Vgl. Joubert</u>, C.J., "Jeugweerbaarheidspraktyk", in Botha, J.L. et. al., <u>Jeugweerbaarheid</u>, p. 114-115.

B. <u>Evaluering vanuit 'n Christelike perspektief van onder meer</u>:

1. Kommunisme.
2. Sosialisme.
3. Materialisme.
4. Nasionalisme, ensovoorts.

C. <u>Keuse weerbaarheid vanuit 'n Christelike perspektief</u>

1. Beroepskeuse.
2. Huwelikskeuse.
3. Keuse van vriende.
4. Keuse van leerstof.
5. Keuse van ontspanning, ensovoorts.

D. <u>Liggaamlike weerbaarheid vanuit 'n Christelike perspektief</u>

1. Liggaamsversorging.
2. Gesondeleef-, eet- en drinkgewoontes.
3. Fiksheid.
4. Liggaamlike ontspanning.
5. Die gevare van die misbruik van doofmiddels en seks.

E. <u>Sosiaal-maatskaplike weerbaarheid vanuit 'n Christelike perspektief</u>

1. Die gesinslewe (pedagogiese weerbaarheid).
2. Die skoollewe (leerweerbaarheid).
3. Die beroepslewe (arbeidsweerbaarheid).
4. Die universiteitslewe (studieweerbaarheid).
5. Huweliksweerbaarheid.

6. Intermenslike weerbaarheid veral ten aansien van medemenslike verhoudinge.

F. <u>Kulturele weerbaarheid vanuit 'n Christelike perspek=tief</u>

1. Taalweerbaarheid ten aansien van die handhawing van die eie taal en die aanleer van ander tale.
2. Tradisieweerbaarheid veral ten aansien van histo=riese verlede, volkshelde, vaderlandsliefde, bur=gerskap, ensovoorts.
3. Kerklike en godsdienstige weerbaarheid.
4. Verenigingslewe.

G. <u>Finansiële weerbaarheid</u>

1. Die hedendaagse finansiële wêreld ten aansien van inflasie, resessie en monetêre probleme.
2. Oordeelkundige beplanning, belegging en aanwen=ding van geld.
3. Evaluering van kredietfasiliteite en spekulatiewe tendense.
4. Die betekenis van assuransie.
5. Die verhouding spaarsaamheid en gierigheid.
6. Die oorweging van skenkings en bemakings.

H. <u>Internasionale weerbaarheid</u>

1. Intervolkige verhoudinge in die Republiek van Suid-Afrika.
2. Interstaatlike verhoudinge in Afrika.
3. Interwêreldlike verhoudinge.

I. Selfbeveiliging

1. Noodbeplanning ten aansien van oorlog, terrorisme, natuurrampe, brand, ensovoorts.
2. Selfverdediging in groeps- en individuele verband.
3. Padgebruik en voertuigversorging.
4. Tuisverpleging.
5. Eerstehulp.
6. Marsjeeroefeninge.
7. Driloefening.
8. Skiet en orkes.
9. Kaartlees en veldtaktiek.

Volgens so 'n program moet die hele skool dan ingedeel word en moet die program planmatig deurgewerk word. Die algemene doelstelling met geestelike weerbaarheid is om die jeugdige van kennis te bedien en 'n gesindheid te kweek wat hom as ware Afrikaner sal onderskei op 'n Christelike grondslag.[1)]

Dit sal maklik wees om die kinders van die nodige kennis[2)] te bedien, maar die waarde van die jeugweerbaarheidsprogram sal juis in die belewing van die kennis wees. Daarom sal dit ook so uiters belangrik wees dat die uitdraers van hierdie kennis gekeur sal moet word, anders kan dit rampspoedige gevolge inhou.

1. Vgl. Coetzee, W.J., "Geestelike Weerbaarheid", in Die Skoolblad, Junie 1972, p. 9.
2. Vgl. Strydom, A.H., Die Program van Jeugweerbaarheid as Opvoedkundige (Didaktiese) Probleem, p. 112.

## 6. AANSLUITING TUSSEN OUERHUIS EN SKOOL TOT VER= STERKING VAN GEESTELIKE WEERBAARHEID

Tussen die skool en die huis moet daar 'n noue verband wees. Daar is veral drie aspekte waarmee die skool deeglik rekening moet hou. Die onderwys moet geskied in die taal van die huisgesin; die onderwys moet aan= sluit by die nasionale besef van die kind en hom deur onderwys in die geskiedenis van sy Vaderland, liefde in= boesem vir sy land en volk, en die skool moet ook aan= sluit by die godsiens van die huisgesin.[1)]

Die gesin vorm die primêre opvoedingsituasie waarbinne die kind sy eerste opvoeding kry. Die onderwyser word die mede-opvoeder in hierdie proses, maar die plig van die ouer mag nie geheel en al oorgaan in die hande van iemand anders nie. Die ouer mag sy plig in hierdie ver= band dan nooit ontduik nie. "Die ouers, hoewel soewe= rein in eie kring, het die skool nodig om daardie onder= wys en opvoedingswerk te doen waartoe hulle self nie in= staat is nie, terwyl die skool die ouers nodig het omdat die skool nie self kinders kan verwek, hul kan onderhou, versorg, van die nodige voorsien of sekere opvoedings= funksies kan vervul nie."[2)]

Dit is dan die taak van die skool om die ervaring en be= lewenisse van die gesin aan te vul en te versterk. Die

---

1. Vgl. Venter, E.L.J., op. cit., p. 131.
2. a) Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op. cit., p. 81.
   b) Vgl. Graaff, A., <u>The Educational Ministry of the Church</u>, p. 119.

skool moet die kind lei tot die besef dat hy 'n lewens=vervulling in sy taak op skool en in die samelewing moet vind.[1]

Daar moet gewaak word dat daar nie verskillende stelle waardes vir die kind voorgehou word nie; die huis en skool moet ooreenstem. Die gees van die onderwys sal die karaktervorming en die hele geestelike ontwikkeling van die kind beïnvloed. Dieselfde doel moet by die huis as by die skool nagestreef word. "Zij is niet eene uitbreiding van het huisgezin. Zij neemt de taak van het onderwijzen van de ouders over en daarmede een deel der opvoeding; een zeer groot, zoo niet het grootste gedeelte blijft voor de ouders over."[2]

Die twee stelle waardes moet dieselfde wees. So moet sy volkshelde by die huis en by die skool dieselfde wees, anders kan die kind verward raak. "Die twee stelle waardes wat hom voorgehou word, kan alleen verwarring by die nog jong en onryp kind wek en sal in alle waarskyn=likheid sy gevoel van veiligheid geweld aandoen en tot gebrekkige selfvertroue, die vertraging van sy verstan=delike ontwikkeling, godsdienstige onsekerheid en 'n uit=eindelike algemeen-geestelike onstabiliteit lei."[3]

So 'n stabiliteit kan veroorsaak word deur middel van 'n vreemde taalmedium of 'n neutrale gees wat in die skool

---

1. Vgl. Heubsch, J.C., op. cit., p. 231.
2. Woltjer, J., Wat is het Doel van het Christelijk Na=sionaal Schoolonderwijs?, p. 26.
3. Ruperti, R.M., Die Opvoedingstaak, p. 80-81.

heers. Wanneer die kind uit 'n Christelike huisgesin kom en nou met die neutrale gees van die skool te doen kry, kan dit die ondergrawing van die positiewe begin=sels beteken. In so 'n neutrale skool sal daar elke og=gend uit die Bybel gelees word, die godsdiensonderrig sal gedoen word en daar sal dit eindig. "Die Christe=like deugde sal nie vooropgestel word nie, die gedagte aan godsvrug sal onbekend wees en die kind sal nie ge=leer word om éérs die koninkryk van God te soek nie."[1)]

Aan die anderkant mag die ouer nie sy verantwoordelik=heid op die skool afskuif nie. As gevolg van sy gewel=dige veeleisende onderwysprogram word daar hoë eise aan die skool gestel waar dit 'n aanvullende funksie by dié van die ouers moet beoefen. Wanneer die kinders nie die behoewende, nodige en genoegsame aktiewe en intieme gesag van hulle ouers ontvang nie, ontstaan daar proble=me by die kind om nou die gedelegeerde gesag van die on=derwyser te aanvaar. "As die middelaar en sy ontslui=tende opvoedingsgeleenthede ontbreek, ontstaan daar by die kinders wat hierby betrokke is, 'n onvervulde inner=like behoefte. Dis 'n geestelike ondervoeding wat leeg=heid, onsekerheid, onrustigheid en onvergenoegdheid ver=oorsaak."[2)]

So word daar 'n klimaat by die kind geskep waardeur hy nou maklik vatbaar raak vir enige vreemde inwerking op

1. Ruperti, R.M., op. cit., p. 81.
2. Botes, N.S., "Die Ouers en die Onderwys", in _'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys_, p. 123.

hom, en word die taak van die opvoeder in die skool geweldig bemoeilik om enige geestelike weerbaarheid by die kind op te wek en vas te lê. Daar moet dus 'n wedersydse samewerking wees tussen skool en ouerhuis om die beste resultaat te kan verwag.

Dit is dus van die grootste belang dat daar 'n noue samewerking tussen die ouerhuis en die skool moet wees om sodoende die beste resultaat tot weerbaarmaking van die jeug te kan verkry. " ......... terecht verlangen dat de school in haar onderwijs en opvoeding niet afbreke wat het huisgezin opbouwt. Niets is voor de opvoeding verderfelijker dan dat zij, aan wie de opvoeding van nature is toevertrouwd, niet dezelfde beginsele volgen; het wordt onzeker en geeft zich met vertrouwen aan zijne opvoeders over, wat toch voor het welslagen van de opvoeding een eerste eisch is."[1)]

Die ouers moet 'n intieme belangstelling in die skool hê; hulle moet op hoogte wees met veranderinge en ontwikkeling in die skool, want dit gaan om die kind wat onderhewig is aan elke invloed, kwaad of goed wat van die skool mag uitgaan. Ons leef in 'n tyd waarin die komper 'n al groter rol begin speel, maar "de mens is de enige 'comper' die gewond kan worden, die lijdt en door dit lijden op weg is naar de mondigheid. En juist daarom is de mens een heel ander en met veel meer mogelijkheden begriftigd wezen dan de meest geperfectioneerde 'compu=

1. Anema, A. et. al., Christendom en Opvoeding, p. 107.

ter'."[1])

Dit het baie nodig geword dat die ouer hulle in 'n ondeur= dringbare kordon vandag om die skool sal skaar om die skool te sterk en te onderskraag in die groot taak om die skool te omskep tot 'n vesting van eie leefwyse - die van die Afrikanervolk. Sodoende sal die kind beveilig word vir die toekoms.

## 7. SLOTGEDAGTES

Waar daar in hierdie hoofstuk aandag gegee is aan die rol van die skool in die weerbaarmaking van die jeug, het dit ook duidelik na vore gekom, dat die onderwyser en opvoeder nie net op hoogte moet wees met die vakken= nis wat hy moet aanbied nie, maar dat hy ook Christelike opvoeder en onderwyser moet wees. Om weerbare opvoeder en onderwyser te kan wees, moet hy dus ook Godgebonde wees. Sy voorbeeld en lewe moet getuig van 'n Christe= like lewensbeskouing wat hy in woord en daad uitleef.

Daar is ook verder daarop gewys dat hy die draer van die tradisies en kultuur van sy volk is. Hy is volksgebon= de en daarom die draer van die nasionale lewensbeskouing van sy volk. Daarin moet hy die jeug weerbaar oplei en opvoed tot 'n verantwoordelike vryheid.

---

1. Weber, H.R., "Oecumenische Speurtocht naar de Mens", in Berkhof, H. en van der Woude, A.S., Wat dunkt u van de Mens?, p. 59.

Die taak van die opvoeder, gesien in die lig van weer=baarheid, sal geen maklike taak wees nie, maar met die krag van die Allerhoogste, insig en mensekennis en die liefde van die eie, sal sy taak lig word.

'n Vereiste is dat die aspirant-onderwyser ook 'n weerbare opleiding sal ontvang. So sal die kringloop om die vor=ming van geestelike weerbaarheid voltooi word - ouerhuis, skool en onderwysopleiding.

Jeugweerbaarheid moet nie gesien word as 'n vak, nog 'n vak wat by die skoolprogram gevoeg is nie. Jeugweerbaarheid is 'n program wat die onderliggende deel vorm van die he=le skoolprogram met sy uitgangspunt in elke vak wat in die skoolprogram aangebied word. Die lesuur wat daar=voor op die skoolrooster ingeruim moet word, vorm deel van die groter plan.

Op die skouers van die skool rus daar vandag, meer as ooit te vore, 'n geweldige taak. Die skool sal baie ern=stig moet besin en deeglik begin huisskoonmaak, sodat daar nie meer knelpunte in die verskillende vakdissipli=nes sal wees, wat die opbou van 'n geestelik weerbare jeug sal strem nie. Verminder die feitekennis, maar gee vir die kind wysheid.

Dit is vir ondersoeker baie duidelik dat daar verskil=lende fasette is waaraan daar aandag gegee moet word om die Afrikanerjeug geestelik weerbaar op te voed. Dit het uit die studie duidelik na vore gekom dat geestelike

weerbaarheid niks nuuts in die onderwys van Suid-Afrika is nie. Weerbaarheid is niks nuuts in die lewe van die mens en Afrikanervolk nie. Die mens is deur die eeue heen besig om teenstand te bied teen gevare, bedrei= ginge - teen die sonde.

Wanneer geestelike weerbaarheid gesien word as 'n proses wat reeds by geboorte 'n aanvang moet neem, deur die ou= erhuis voortgesit word en deur die skool verder uitgebou word tot aan die kollege of universiteit, is daar vir ondersoeker 'n baie belangrike skakel wat tans ontbreek - die primêre skool. Besliste aandag moet daaraan gegee word sodat daar ook gedurende hierdie fase in die lewe van die kind doelbewuste aandag aan geestelike weerbaar= making gegee sal word.

Die jeug moet van kleinsaf op 'n doelbewuster wyse inge= skerp word om in die Christelike lewensbeskouing op te groei. Niks kan die gesin vervang as die vertrekpunt op die pad van weerbaarmaking nie. Elke ouer sal tot 'n diepe besinning moet kom, tot die werklikheid - sy kind word bedreig en hy sal saam met sy kind in die loopgraaf moet klim, nie net vir die behoud van sy kind nie, maar ook vir die voortbestaan van die Afrikanervolk.

Die skool sal nooit die plek van die huis geheel en al kan oorneem nie, maar as 'n noodmaatreël het dit 'n groot taak om te vervul. Die onderwys sal die belangrikste beroep gemaak moet word, nie slegs deur te praat nie, maar deur deeglike opleiding, beter diensvoorwaardes en

aantreklike salarisse. Slegs die beste mensemateriaal moet vir die onderwys getrek word sodat 'n weerbare on= derwyskorps daaruit opgelei kan word.

Ondersoeker wil weer eens klem daarop lê dat die jeug= weerbaarheidsprogram soos dit op die oomblik in die sko= le aangetref word, onder geen omstandighede die weerbaar= heidstaak van elke onderwyser mag oorneem nie. Elke onderwyser, ongeag sy vakwetenskap, moet die draer en oordraer van geestelike weerbaarheid wees.

Onderwysopleiding moet daarop gerig wees om elke onder= wyser op te lei as draer van weerbaarheid, om die Chris= telike lewensbeskouing aan die jeug van Suid-Afrika te bring.

Dit is van die grootste belang dat daar 'n afsonderlike navorsingseenheid in die lewe geroep sal moet word wat slegs aandag aan die hele aspek van weerbaarheid sal gee. Dit moet direk onder elke departement van onderwys in= skakel.

Van elke aspek van die onderwys en opvoeding sal 'n deeg= like studie gemaak moet word. Die hele onderwys en op= voeding van die land moet as 'n afsonderlike liggaam funk= sioneer, los van die Provinsiale Raad en die staatsdiens, met sy eie raad. Hier moet knelpunte uitgestryk word, hier moet 'n onderwysbeleid neergelê word, nie slegs in breë trekke nie, maar wat vir elke skool in die Republiek sal geld. Daar mag nie provinsiale grense vir die on=

derwys bestaan nie. Transvaal mag nie doen wat hy wil, of die Vrystaat voel dit is weer die beste nie - eenvor=migheid van suid tot noord.

Die onderwys en opvoeding kan nie vandag bekostig om by 'n kruispad te kom nie. Terwyl onderwysers en opvoed=kundiges besig is om onder mekaar te praat en te beraad=slaag, terwyl die aandag deur probleme soos salarisse, status, diensvoorwaardes, sillabusse, ensovoorts, in be=slag geneem word, is die vyand om ons, nie meer buite op die landsgrense nie, maar in ons midde.

## BRONNELYS

### 1. GEPUBLISEERDE WERKE

ANEMA, A., BAVINCK, H., KUYPER, A., DE MOOR, J.C., SIL=LEVIS SMITT, P.A.E., WOLTJER, J., Christendom en Opvoe=ding, Hollandia-drukkerij, Baarn.

BAVINCK, H., Christelijke Wereldbeschouwing, J.H. Kok, Kampen, 1929.

BAVINCK, H., De Opvoeding der Rijpere Jeugd, J.H. Kok, Kampen, 1932.

BAVINCK, H., Paedagogische Beginselen, J.H. Kok, Kampen, 1928.

BEHR, A.L. en MACMILLIAN, R.G., Education in South Afri=ca, J.L. van Schaik, Pretoria, 1971.

BENSON, I., Ken jou Vyand, 'n Publikasie van die SAUK, Uitgesaai Okt./Nov. 1963 (Tweede Oplaag).

BERKHOF, H. en VAN DER WOUDE, A.S., Wat dunkt u van de Mens?, J.H. Kok, Kampen, 1970.

BLIGNAULT, A.P., Die Opvoeding van die hele Kind, Unie-Volkspers, Kaapstad, 1943.

BOSHOFF, C.W.H., SMITH, P.E.S. en CRAFFORD, E., Swart Teologie?, N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria, 1972.

BOT, A.K., Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951, Transvaalse Onderwysdepartement, Pretoria, 1951.

BOTHA, J.L., DU PLESSES, P.J.J., JOUBERT, C.J., BOTHA, T.R. en ROOS, S.G., Jeugweerbaarheid, Butterworths, Dur=ban, 1975.

BRILLENBURG WURTH, G., Christelike Sedeleer, in Afri=kaans vertaal deur prof. dr. B.J. Engelbrecht, J.L. van Schaik, Pretoria, 1967.

BRILLENBURG WURTH, G. en WIERSINGA, W.A., Het Evangelie in een ontkerstende Wereld, J.H. Kok, Kampen, 1953.

BUTTS, R.F., A Cultural History of Western Education, McGraw-Hill, New York, 1955.

CAPPER, W.M. en WILLIAMS, H.M., Voor die Huwelik, CSV-Uitgewers, Stellenbosch, 1962.

CHRISTENSON, R.M., ENGEL, A.S., JACOBS, D.N., REJAI, M. en WALTZER, H., Ideologies and Modern Politics, Nelson, 1972.

CILLIERS, D.H., Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie Skool (1652-1939), A.A. Balkema, Kaapstad, 1953.

COETZEE, J. CHRIS, Die eerste Beginsels van die Calvi=nistiese Opvoeding, Die Ossewareeks, no. 2, Stellenbosch, 1940.

COETZEE, J. CHRIS, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, J.L. van Schaik, Pretoria, 1965.

COETZEE, J. CHRIS, Onderwys in Transvaal 1838-1937, J.L. van Schaik, Pretoria, 1941.

COETZEE, J. CHRIS, DU TOIT, P.S., VAN SCHOOR, M.E.C., BUYS, B.R. en BEHR, A.L., Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960, J.L. van Schaik, Pretoria, 1963.

COUWENBERG, S.W., De Vereenzaming van de moderne Mens, Een nieuwe formulering van het sociale vraagstuk, N.V.-Uitgeversmaatschappij, Pax-'s-Gravenhage, 1959.

DE GRAAFF, A., The Educational Ministry of the Church, Craig Press, 1968.

DE KLERK, B.J., VAN DER WALT, S.J. en DE KLERK, P.J.S., Calvinisme en Liberalisme, Calvyn-Jubileum-boekefonds, Potchefstroom, 1953.

DE KLERK, W.J., Tussen Twee Pole, 'n Dialoog met die Jeug, Tafelberg, 1972.

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS, Op=voeding Norme Jeugverset, Jaarvergadering 27 tot 29 Junie 1973, Hamiltonstraat, Pretoria, 1973.

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS, Re=ferate gelewer by die Jaarvergadering van die Akademie in Junie 1968 in Bloemfontein, Nasionale Boekhandel, Bloemfontein.

DJILAS, M., The New Class, An Analysis of the Communist System, F.A. Praeger, New York, 1957.

DOOYEWEERD, H., A New Critique of Theoretical Thought, Uitgeverij H.J., Paris - Amsterdam, 1955.

DOOYEWEERD, H., In the Twilight of Western Thought, Stu=dies in the predend autonomy of philiosophical thought, The Craig Press, New Jersey, 1972.

DOOYEWEERD, H., Wat is die Mens?, in Afrikaans vertaal deur prof. H.J. Strauss, Sacum, Bloemfontein.

DU TOIT, J.J., Vryheid en Gesag in die Opvoeding, Histo=ries en Krities, J.H. de Bussy, Pretoria, MCMLIV.

DU TOIT, S. et. al., Die Koninkryk van God, Eufeesvie=ring van die Teologiese Skool 1969, Potchefstroom, 1969.

DU TOIT, P.S., Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803-1806, 'n Kultuur-Historiese Studie, J.L. van Schaik, Pretoria, 1944.

DU TOIT, P.S., Onderwys in Kaapland 1652-1969 - 'n Histo=riese oorsig, J.L. van Schaik, Pretoria, 1970.

DU PLESSIS, J.A., Revolusionêre Vrede - Die oorsprong en betekenis van die Wêreldkommunisme, Publikasie van die Sentrum vir Internasionale Politiek, PU vir CHO, Potchef=stroom, 1972, no. 10.

DU PLESSIS, P.J.J., Sosiopedagogiek - Opvoedingswerklik=heid en Maatskaplike Werklikheid, McGraw-Hill, Johannes=burg, 1974.

FOURIE, J.J., Tema en Variasie in die Opvoedingsleer, Sacum, Bloemfontein, 1973.

GIE, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika 1652-1795, Deel I, Universiteits-uitgewers, Stellenbosch, 1955.

GOEDHART, B., Suid-Afrika se Posisie in die Wêreld, 'n Publikasie van die SAUK, uitgesaai gedurende Mei 1966.

GRESSE, D.A., Sosio-Pedagogiese Verkenning, Die eerste wegwys in die Sosio-pedagogiek vir onderwysstudente, Ju= ta en Kie, Johannesburg/Kaapstad, 1971.

GROBLER, J.A., Dwelmmiddels Vyand Nr I, Elsiesrivier, Kaapstad, 1972.

GUNTER, C.F.G., Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, Universiteits-Uitgewers en -Boekhandelaars, Stellenbosch Grahamstad, 1964.

GUNTER, C.F.G., Opvoedingsfilisofieë - Op weg na die Christelike Opvoedingsfilosofie, Universiteits-Uitgewers, Stellenbosch, 1961.

HANEKOM, T.N., Die Liberalisme in ons Land, 'n Publikasie van die SAUK, Uitgesaai Februarie/Maart 1965.

HANEKOM, T.N., Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, 'n Kerkhistoriese studie, Die Christen-studentevereniging-Maatskappy van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1951.

HAVENGA, C.F.B., Die Sedelike Oordeel van die agt- tot twaalfjarige Kind, Opvoedkundige Studies, Pretoria, 1958.

HEYNS, J.A., Sterwende Christendom?, 'n Teologie in die greep van die tydgees, Tafelberg-Uitgewers.

HEYNS, J.A., Teologie van die Revolusie, Tafelberg, Kaap= stad, 1975.

HUBERY, D.S., Teaching the Christian Faith Today, Natio= nal Christian Education Council, Cox and Wyman, London, 1968.

INTERNASIONALE SIMPOSIUM OOR KOMMUNISME, Oorlog om die Volksiel, September 1966, Nasionale Raad teen Kommunisme, Joubertpark, 1967.

JAARSMA, C., Fundamentals in Christian Education - Theo= ry and practice, W.B. Eerdmans, Grand Rapids, 1953.

KALSBEEK, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Proeve van een Christelijke Filosofie, Buijten & Schipperheijn, Am=sterdam, 1970.

KAMP, J., De School hoort aan de Ouders, Het Western, Potchefstroom, 1912.

KEYTER, J. DE W., Opvoeding en Onderwys - 'n Prinsipiële waardering, Nasionale Boekhandel, Bloemfontein, 1961.

KOTZEE, A.L., Die Ideaal in ons Onderwys, Voortrekker=pers, 1967.

KOTZEE, A.L., 'n Ideaal vir ons Jeug, A.P.B., Johannes=burg, 1969.

KOTZÉ, D., Soeklig op die Kommunisme, Tafelberg-Uitge=wers, Kaapstad, 1972.

KOTZE, J.C.G., Die Kerk op sy Soektog, N.G. Kerk-Uitge=wers, Kaapstad/Pretoria, 1959.

LANGENHOVEN, C.J., Versamelde Werke, Deel X, Nasionale Boekhandel, Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg, 1956.

LANGEVELD, M.J., Beknopte Theoretische Pedagogiek, J.B. Wolters, Groningen, 1965.

LIGTERINGEN, J.H., Onderwijs en Christelijke Opvoeding, G.F. Callenbach, Nijkerk.

LOEDOLFF, J.F. en LOUW, M.A., Dwelmmiddels: Wat, Hoe en Waarom?, McGraw-Hill, Johannesburg, 1972.

MACIVER, R.M., Dilemas of Youth: in America today, Har=per & Brothers, New York, 1961.

MALHERBE, E.G., Education in South Africa 1652-1922, Ju=ta, Kaapstad/Johannesburg, 1925.

MALHERBE, F.E.J., Lewensvorme, Opstelle oor kultuur, kuns en literatuur, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1945.

MARCUSE, H., Five Lectures - Psychoanalysis, Politics, and Utopia, The Penguin Press, London, 1970.

MARCUSE, H., Soviet Marxism, A Critical Analysis, Columbia University Press, New York, 1961.

McKERRON, M.E., A History of Education in South Africa 1652-1932, J.L. van Schaik, Pretoria, 1934.

MEYER, P.J., Die Geesteskrisisse van die Weste, 'n Publikasie van die SAUK.

MEYER, P.J., Trek Verder, Die Afrikaner in Afrika, HAUM, Kaapstad/Pretoria.

NEL, B.F., Aspekte van die Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika, "Opvoedkundige Monografieë" van die Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek - Universiteit van Pretoria, HAUM, Pretoria, 1959.

NEL, B.F., Die Stryd om Enkel- en Parallelmediumskole, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1943.

NEL, B.F., 'n Modern-pedagogiese Benadering van Jeugprobleme, N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria.

NEL, B.F. en BOTES, E., Waarom die Moedertaalskool (Enkelmedium) verkies word, ABC, Johannesburg, 1945.

NEPGEN, C.C., Die sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, Christen-studente Vereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1938.

PARK, J., Selected Reading in the Philosophy of Education, The MacMillan Company, New York, 1968.

PIENAAR, E.G., Die Triomf van Afrikaans, Nasionale Pers, Kaapstad/Bloemfontein/Port Elizabeth, 1943.

PISTORIUS, P., Gister en Vandag in die Opvoeding, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1970.

PISTORIUS, P., Kind in ons Midde, Tafelberg, 1971.

POTGIETER, F.J.M., Prinsipiële Verantwoording ten opsigte van Christelike Opvoeding, Opvoedkunde en Onderwys, Sacum, Bloemfontein.

POTGIETER, F.J. en SWANEPOEL, C.B., Temas uit die Histo= riese Pedagogiek, J.L. van Schaik, Pretoria, 1968.

POTGIETER, C.J. (Onder Redaksie), My Lewensnorme, Voor= trekkerpers, Johannesburg, 1969.

RUPERTI, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, J.L. van Schaik, Pretoria, 1974.

RUPERTI, R.M., Die Opvoedingstaak, Afrikaanse Pers-Boek= handel, Johannesburg, 1965.

ROBERTSON, J., Liberalism in South Africa, 1948-1963, Clarendon Press, Oxford, 1971.

ROBINSON, P.A., The Sexual Radicals, Temple Smith, Lon= don, 1970.

ROMBOUTS, Fr. S., Historiese Pedagogiek, Amsterdam, 1927.

SALVADORI, M., European Liberalism, John Wiley, New York, 1972.

SAUK-UITGAWE, Die Uitdaging van ons Tyd.

SAUK-UITGAWE, Spore van Kommunisme.

SCHOEMAN, P.G., Grondslae en Implikasies van 'n Christe= like Opvoedingsfilosofie, Sacum, Bloemfontein, 1975.

SCHOEMAN, P.G., Grondtrekke van die Fenomenologiese Pe= dagogiek in Suid-Afrika, Sacum, Bloemfontein, 1975.

SCHOLTZ, G.D., Die Bedreiging van die Liberalisme, Voor= trekkerpers, Johannesburg, 1965.

SCHUMANN, T.E.W., Vyf Rewolusies van die Twintigste Eeu, Van Riebeecklesings 1962, SAUK-Publikasie.

SCHOONEES, P.C. et. al., HAT - Verklarende Handwoorde= boek van die Afrikaanse Taal.

'N SIMPOSIUM, Magte en Ideologieë van ons Tyd, Vierde Simposium oor die Internasionale Politiek, Potchefstroom 21 Augustus 1970, Publikasie van die Sentrum vir Inter= nasionale Politiek, PU vir CHO, Potchefstroom, 1970.

SPIER, J.M., An Introduction to Christian Philosophy, vertaal in Engels deur Freeman, D.H., The Craig Press, New Jersey, 1966.

SPIER, J.M., Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, J.H. Kok, Kampen, 1950.

SPIER, J.M., Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte, vertaal in Afrikaans deur H.J. en D.F.M. Strauss, Sacum, Bloemfontein, 1972.

SPIES, F.J. en DE KOCK, W.J., Soek in die Verlede, Pu= blikasie van die SAUK.

STOKER, H.G., Die Grond van die Sedelike, Pro Ecclesia-Drukkery, 1941.

STOKER, H.G., Die Stryd om die Ordes, Calvyn-Jubileum-Boekefonds, Potchefstroom, 1941.

STRAUSS, D.F.M., Wysgerige Grondprobleme in die Taalwe= tenskap -'n Inleidende studie, Sacum, Bloemfontein, 1967.

STRAUSS, H.J., Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing, (Die diens van God met ons hele hart), Sacum, Bloemfon= tein, 1970.

STRAUSS, H.J., Christelik-Nasionaal en C.N.O., Sacum, Bloemfontein, 1969.

STRAUSS, H.J., Christelike Wetenskap en Christelike On= derwys, Sacum, Bloemfontein, 1969.

STRAUSS, H.J., Instellings en Organisasies ter eer van God, Die Ossewareeks, nr. 7, Stellenbosch, 1944.

THEAL, G.M., History of South Africa from 1795 to 1872, Vol. I, (History of South Africa, no. 5), C. Struik, Kaapstad, 1964.

TREURNICHT, A.P., Onder die Soeklig, 'n Publikasie van die SAUK, in 1968 en 1969 uitgesaai in die weeklikse pro= gram, "Onder die Soeklig".

VAN BEUGEN, M., Sociale Technologie - en het instrumen= tele aspect van agogische actie, Assen, Van Gorcum, 1969.

VAN DER STOEP, F., Didaktiese Grondvorme, Academica, Pretoria/Kaapstad, 1969.

VAN DIJK, M.P., De Uitdaging van het Neo-Marxisme, Buij= ten & Schipperheijn, Amsterdam, 1974.

VAN LOGGERENBERG, N.T., Eerste Stappe in die Filosofie van die Opvoeding, Sentrale Pers, Bloemfontein.

VAN LOGGERENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C., Verantwoorde= like Opvoeding, 'n Fenomologies-Prinsipiële Studie, Na= sionale Boekhandel, Bloemfontein, 1966.

VAN PEURSEN, C.A., Cultuur en Christelijke Geloof, Kam= pen, 1955.

VAN RIESSEN, H., De Maatschappij der Toekomst, T. Wever- Franeker, Vierde Druk.

VAN WYK, A.H. DU P., Die Invloed van die Engelse Skool= wese op die Kaapse Skoolwese 1806 - 1851, J.L. van Schaik, Pretoria, 1947.

VAN WYK, J.H., Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1971.

VAN WYK LOUW, N.P., Liberale Nasionalisme, Gedagtes oor die Nasionalisme, Liberalisme en tradisie vir Suid-Afri= kaners met 'n kulturele nadruk, Nasionale Boekhandel, Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg, 1958.

VENTER, E.A., Die Gelowige in die Samelewing, Sacum, Bloemfontein, 1969.

VENTER, E.L.J., Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, Gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Vrije Univer= siteit, Amsterdam, 1929.

VOLKSKONGRES, 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys, Referate en besluite van die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 29 September tot 2 Oktober 1969, Voortrek=kerpers, Johannesburg.

WOLTJER, J., Wat is het Doel van het Christelijk Natio=naal Schoolonderwijs?, J.H. Kok, Kampen, 1936.

ZEEMAN, M.T.S., Nuwe Hoop vir 'n verwarde Wêreld, Sacum, Bloemfontein, 1973.

ZUIDEMA, S.U., De Revolutionaire Maatschappijkritiek van Herbert Marcuse, Buijten & Schipperheijn, Amsterdam, 1970.

## 2. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE - ONGEPUBLISEERD

BASSON, A.J., Jeug en Seksualiteit, 'n Besinning oor die taak van die kerk, Proefskrif - Doktor in Teologie, Stel=lenbosch, Desember 1972.

BERNARD, P.B., 'n Ondersoek na die Implementering van die Nasionale Beginsel in die Onderwysbeleid en -praktyk van die Vrystaat vanaf Republiekwording 1854 tot en met Unie=wording 1910, M.Ed.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1972.

BESTER, N., Die Skoolhoof en sy Verhoudinge en Organisa=sie, M.Ed.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1970.

BEUKMAN, B.I.S., Die Geskiedenis van die Onderwys in die Vrystaat, voor en onmiddellik na Unie 1898-1912, M.Ed.-verhandeling, UNISA, 1936.

BREEDT, A., Die Kulturele Lewe van Blanke Jeugdiges in Suid-Afrika, met besondere aandag aan Aspekte van hulle Lewens- en Wêreldbeskouing, 'n Sosiologiese Studie, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1967.

DU PLESSIS, W.S., Die Christelik-Nasionale Onderwysgedag=te met spesiale Verwysing na Suid-Afrika, M.Ed.-verhan=deling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1966.

DU TOIT, J.H., Die Grondlegging en Ontwikkeling van Pro= vinsiale Primêre en Sekondêre Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat gedurende die Tydperk 1910-1926, D.Ed.-proefskrif, UOVS, Bloemfontein.

DU TOIT, N., 'n Wysgerige Ontleding van die Struktuur en die Christelike Skool, Opvoeding en Onderwys, M.A.-ver= handeling, UOVS, Bloemfontein, 1971.

FRIIS, S.H., Die Taak van die Sekondêre Skool met betrek= king tot die Geesteswerbaarheid van die Afrikanerjeug, M.Ed.-verhandeling, UNISA, Pretoria, 1974.

GOUS, A.G.S., Die Jeug - 'n Godsdienssosiologiese studie van die Blanke jeugdiges in die Republiek van Suid-Afri= ka tussen die ouderdomme 16 tot 25 jaar, D.Phil.-proef= skrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1966.

HENNING, O.A., Skoolopvoeding tot Positiewe, Christelik= gefundeerde leierskap, met verwysing na die Implikasies met betrekking tot Jeugweerbaarheid in die huidige Tyds= gewrig, M.Ed.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1972.

JOUBERT, C.J., 'n Ondersoek na die Betekenis van die Lig= gaamlikheid by die Beroepskeuse van Jeugdiges, D.Ed.- proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1967.

KOEKEMOER, D.J.P., 'n Wesensanalise van Jeugweerbaarheid en die Verwerkliking daarvan in die Opvoedingsituasie - 'n Studie in die Fundamentele Pedagogiek, M.Ed.-verhande= ling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1973.

LOUW, D.J., Toekoms tussen Hoop en Angs - 'n Ondersoek na die funksie van die "Ontologie van die nog-nie-syn" in die hedendaagse Filosofie en Teologie van die Hoop, met besondere verwysing na die denke van E. BLOCH en J. MOLT= MANN, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1972.

LUBBE, J.J., Die Ontstaan en Ontwikkeling van Onderwys= wetgewing in die Oranje-Vrystaat 1854-1899, M.Ed.-ver= handeling, UOVS, Bloemfontein, 1942.

MALAN, P.S., Onderwys in die Oranje-Vrystaat 1854-1874, M.Ed.-verhandeling, UNISA, Pretoria, 1943.

PLOEGER, J., 'n Inleiding tot die Studie van die Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Zuid-Afrikaansche Republiek, M.Ed.-verhandeling, Pretoria, 1942.

PRETORIUS, W.G., Die Taak van die Skool t.o.v. Opvoeding en Onderwys - 'n Poging tot waardeperspektief, D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom, 1964.

ROSSOUW, J.A., Die Totaliteitsgedagte in die Moderne Opvoedkunde, M.Ed.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1957.

STEYN, J.D.J., Die Taak van die Wetenskap in ons Beskawingstyd met besondere Verwysing na die Roeping van die Skool, M.A.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1957.

STRYDOM, A.H., Die Plek en Taak van die Skool as Samelewingsverband in die moderne Christelike Samelewing, M.Ed.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1967.

STRYDOM, A.H., Die Taak van die Skool as Samelewingsverband met betrekking tot die Voorbereiding en die Toerusting van die Jeugdige Leier vir sy Taak in 'n gedifferensieerde Samelewing, D.Ed.-proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1970.

VAN DER SCHIJF, W.G., Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal tot 1963, D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom, 1963.

VAN RENSBURG, J.P., Nasionalisme in die Onderwys, M.Ed.-verhandeling, UNISA, 1964.

VAN WYK, A.W., 'n Krities-Sosiologiese Studie van Afrikaanse Jeugorganisasies, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1966.

VERMAAK, D., Die Agtergrond en Implikasies van enkele Beginsels in verband met 'n Nasionale Onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika: 'n Histories-Prinsipiële Studie, D.Ed.-proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1970.

## 3. ARTIKELS IN TYDSKRIFTE

BARDIN, R.L., "Die Bybel in die Klaskamer - 'n Uitdaging", in Die Unie, September 1970.

BEUKES, D.P.M., "Godsdiens in die Huisgesin", Voorsit=tersrede Algemene Jaarvergadering FAK 1971, in Handhaaf, September 1971.

BINGLE, H.J.J., "Onderwysopleiding", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, November 1973.

BOTHA, M.E., "Die Student se Lewens-en wêreldbeskouing", in Riglyne, Oktober 1973.

BUYS, J.J., "Die Begrip 'Vryheid en Kultuur' in die pe=dagogiese en andragogiese Prosesse as 'n Bydrae tot Weer=baarheid van die Individu", in Die Skoolblad, Februarie 1975.

BUYS, J.J., Die Emansipasie van die Vrou, 'n Perspektief vir die Onderwys en Opvoeding", in Die Skoolblad, Julie 1973.

BUYS, J.J., "Rubriek: ons gesels sommer", in Die Skool=blad, Januarie 1972.

CILLIÉ, G.G., "Waarheen met die Afrikaanse Volkslied?", in Handhaaf, Januarie 1972.

CILLIERS, J.L., "Christelik-Nasionale Opvoeding", in Handhaaf, Augustus 1968.

CILLIERS, J.L. LE R., "Probleme in die Onderwys", in Handhaaf, Januarie 1967.

CLAASSEN, C.J., "Die Jeug waarheen", in Handhaaf, Janua=rie 1966.

CLASE, P.J., "Onderwys het nie Plek vir Wêreldburgers", in Die Skoolblad, September 1973.

COETZEE, D.J., "Die Noodsaaklikheid van 'n Jeugweerbaar=heidsprogram", in Riglyne, Junie 1973.

COETZEE, W.J., "Die Onderwyser(es) van die Sewentigerja=re", in Die Skoolblad, Januarie 1974.

COETZEE, W.J., "Die Opvoedingstaak in 'n veranderde en veranderende Wêreld", in Die Skoolblad, September 1974.

COETZEE, W.J., "Geestelike Weerbaarheid", in Die Skool=blad, Junie 1972.

COETZEE, W.J., "Gesag en Dissipline", Openingsrede OVSOV Jaarvergadering, Die Skoolblad, September 1975.

COMBRINK, J.H., "Die Gesin en die Kind", in Die Skool=blad, April 1971.

DE BRUYN, P.J., "Seksuele Verwildering - die Aandeel van die Kommuniste", in Woord en Daad, Calvinistiese Maand=blad, Februarie 1971.

DE LANGE, J.P., "Christelik-Nasionale Onderwys: Dring=end noodsaaklik in huidige Omstandighede", in Roeping, Junie 1967.

DE VRIES, C.G., "Wêreld- en Lewensbeskouing en Opvoe=ding", in Die Unie, Januarie 1972.

DU PLESSIS, J.W., "Onderwysopleiding te midde van die veranderende Eise van die Tyd", in Die Skoolblad, Janua=rie 1970.

DU TOIT, Z., "Waar gaan my Kind skool?", in Die Kerkbo=de, Julie 1975.

DUVENAGE, S.C.W., "Christelike Lewenstyl in ons Kulture=le Lewe met besondere Verwysing na die Huisgesin", in Handhaaf, Januarie 1971.

DUVENAGE, S.C.W., "Humanisme", in Handhaaf, Augustus 1969.

FENSHAM, F.C., "Voorbrand op die Taalakker", in Handhaaf, Januarie 1971.

GOOSEN, D., "Taak van die Jeug", in Handhaaf, Augustus 1969.

GOUS, S.J., "Die Skool as Weg tot Wêreldontwerp", in Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, Vol.2, no.1.

GUNTER, C.F.G., "Die Onderwyser: Die basiese Eise wat sy Beroepstaak aan hom stel", in Die Unie, Oktober 1971.

HANEKOM, M., "Weerbaarheid en die Toekoms", in Die Skool=blad, Junie 1973.

HART, H., "The Christian Teacher and the Secular University", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Maart 1971.

HART, H., "Vryheid, Verantwoordelikheid en Gesag", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Junie 1974.

HARTMAN, A., "Sang en Musiek in die Afrikaanse Volksle=we", Openingsrede, in Handhaaf, Augustus 1972.

HEUBSCH, J.C., "Die veelomvattende Sosiaal-pedagogiese Taak van die Skool van hierdie Eeu", in Die Unie, Novem=ber 1970.

JOOSTE, A.J.C., "Die Onderwys as Roepingsbewuste Gemeen=skaps- en Volksdiens", in Die Skoolblad, September 1971.

KOK, B., "Die Invloed van Musiek in die Lewe van die Mens", in Handhaaf, Augustus 1972.

KRIEL, J.D., "Die Skool se Funksie in die Geestelike Weerbaarmaking van die Skoolgaande Jeug", in Die Skool=blad, Oktober 1971.

LAMPRECHT, D., "Kondisionering, die Jeug en Musiek", in Roeping en Riglyne, Desember 1974.

MALAN, J.H., "Die Jeug en Seksvoorligting", in Riglyne, Oktober 1973.

MALAN, J.H., "Lewensbeskouing en spesiale Onderwys", in Die Skoolblad, Junie 1974.

MALAN, J.H., "Die Jeugweerbaarheidsprogram as voorberei=ding tot Volwassenheid en Beroepsweerbaarheid", in Die Skoolblad, Oktober 1974.

MAREE, H.O., "Weerbaarheid en Bybelonderrig", in Rigly=ne, Junie 1973.

MÖLLER, P.H., "Jeugorganisasies as Hulpmiddels in Jeug=weerbaarmaking", in Riglyne, Desember 1973.

PAUW, J.B., "Die Gesin: Restourasie dringend nodig!", in Die Unie, Mei 1973.

PELZER, A.N., "En bou daarop die Toekoms", in Handhaaf, Januarie 1971.

REDAKSIONEEL, "Jeugweerbaarheid", in Die Unie, Maart 1972

REDAKTEUR, "Beroepe is aan verouder", in Die Skoolblad, Januarie 1970.

REDAKTEUR, "Godsdiensonderrig op Skool vir Land en Volk 'n lewensbelangrike Saak", in Die Skoolblad, Augustus 1966.

RUDOLPH, C., "Die Afrikaner se Plek en Taak in die beoe= fening van ligte Musiek", in Handhaaf, Augustus 1972.

SKRYWER ONGEMELD, "Onderwysopleiding", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Junie 1975.

SKRYWER ONGEMELD, "Permissiwiteit", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Augustus 1971.

SKRYWER ONGEMELD, "Probleme in die Onderwys", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Junie 1975.

SKRYWER ONGEMELD, "Terug na Geweld", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Oktober 1973.

SKRYWER ONGEMELD, "1970-1971: Van Vryheid na Onvryheid", in Woord en Daad, Calvinistiese Maandblad, Februarie 1971.

SCHOEMAN, J.B.C., "Liberalistiese Bedreiging op Kultuur= front", in Roeping, September 1965.

SCHOEMAN, P.G., "'Neutralisme' - 'n Besinning oor ons grootste Bedreiging", in Die Skoolblad, Julie 1969.

SCHOEMAN, S.J., "Jeugleiding", in Handhaaf, November 1965.

SCHUTTE, B.C., "Onderwys van die Kind in die Wêreld van Vandag", in Educa, Maart 1970.

SMIT, A.C.J., "Geestelike Weerbaarheid en Kultuur", in Handhaaf, Januarie 1972.

SMIT, G.J.J., "Toespraak tydens Kongres van die Suid-Af= rikaanse Onderwysersunie", in Die Unie, Augustus 1969.

SMIT, T.C., "Opvoedingsverantwoordelikheid: Tuis en op Skool", in Die Unie, Junie 1965.

STONE, H.J.S., "Weerbaarheid en Wetenskap", in Riglyne, Junie 1973.

STRYDOM, A.H., "Die Toepassing van Jeugweerbaarheid in die Skole van die O.V.S.", Deel I, in Die Skoolblad, No= vember 1972.

STRYDOM, A.H., "Die Toepassing van Jeugweerbaarheid in die Skole van die O.V.S.", Deel II, in Die Skoolblad, Desember 1972.

STRYDOM, A.H., "Die Toepassing van Jeugweerbaarheid in die Skole van die O.V.S.", Deel III, in Die Skoolblad, Januarie 1973.

STRYDOM, A.H., "Die Toepassing van Jeugweerbaarheid in die Skole van die O.V.S.", Deel IV, in Die Skoolblad, Februarie 1973.

STRAUSS, H.J., "Verskerpte Stryd teen Sosialisme en Kom= munisme in S.A. te wagte", in Roeping, Junie 1965.

SWART, M., "Die Rapportryer - Geestelik Weerbaar", in Handhaaf, Januarie 1972.

TREURNICHT, A.P., "Die Toekoms van die Blanke in Suid-Afrika: Kerklik-godsdienstig", in Triomf, Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, nr.2.

VAN DER MERWE, C.P., "Beeldhouers van 'n Nasie", in Die Unie, Junie 1965.

VAN DER WALT, J.S., "Die Rigtinggewende Rol van die Klas-vakonderwyser in die hedendaagse Opvoedingsproses", in Die Unie, Februarie 1972.

VAN HUYSSTEEN, J.J., "Godsdiens", in Die Unie, Mei 1970.

VAN HUYSSTEEN, J.J., "Ouerskap", in Die Unie, September 1973.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Ankers wat los raak", in Die Skoolblad, Junie 1972.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Die Uitdaging van die moderne Tydsgees", in Die Skoolblad, Februarie 1973.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Die verskillende Verhoudings van die Onderwyser", in Die Skoolblad, November 1973.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Die Weerbare Onderwyser", in Die Skoolblad, September 1974.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Indoktrinasie tot Christelike Denke en Doen", in Die Skoolblad, Julie 1972.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Klein Dingetjies, groot verant=woordelikheid", in Die Skoolblad, Februarie 1971.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Onderwysvernuwing in Perspek=tief", in Die Skoolblad, September 1975.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Permissiewe Opvoeders, die Wor=tel van Permissiwiteit", in Die Skoolblad, Junie 1971.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Ten koste van die Kind", in Die Skoolblad, Oktober 1973.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Twee gevaarlike Beskouinge", in Die Skoolblad, Oktober 1972.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "'n Tydvak van Beslissing", in Die Skoolblad, Junie 1974.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Verantwoordelike Ouerskap", in Die Skoolblad, Januarie 1973.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "'n Voorafberekende en aanvaarde Koers", in Die Skoolblad, Augustus 1970.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Vryheid in die Gemeenskap", in Die Skoolblad, Mei 1972.

VAN LOGGERENBERG, N.T., "Weerbaarheid en Opvoeding", in Riglyne, Junie 1973.

VERMAAK, D., "Die Inplanting van die Christelike, die Nasionale, die Moedertaal-, en die Ouermedeseggenskap-beginsel in die Suid-Afrikaanse Onderwys", in Die Skool=blad, Januarie 1971.

VILJOEN, D.J., "Die Adel van die Stryd", in Handhaaf, Januarie 1971.

VILJOEN, D.J., "Koerskompas", in Handhaaf, Junie 1969.

VORSTER, J.D., "Kommunisme - 'n Bedreiging vir die Afri=kaner se Christelik-nasionale Lewens- en Wêreldbeskou=ing", in Handhaaf, Desember 1969.

VORSTER, J.D., "Die Jeug: Stormtroepe van die Revolu=sie!", in Roeping en Riglyne, Junie 1975.

## 4. REFERATE, LESINGS, TOESPRAKE EN DIKTATE

BOTHA, M.E., Gesag en Vryheid, 'n Referaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, aangebied deur die PU vir CHO op 5 Oktober 1973, Publikasie van die Departement van Ontwikkeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

COETZEE, J.C., Die Gevare wat ons Lewensbeskouing be=dreig, 'n Referaat gelewer by die Konferensie oor Weer=baarheid, aangebied deur die PU vir CHO op 5 Oktober 1973, Publikasie van die Departement van Ontwikkeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

DIEDERICHS, N., Wat die Kommunisme werklik is, Die Sino=dale Kommissie vir die Bestryding van Maatskaplike Eu=wels, N.G. Kerk in die OVS, 1946.

MEYER, P.J., Die Liberalisme as Volksverdelende Faktor tans, Lesing tydens tweede Rapportberaad van die Federa=sie van Junior Rapportryerskorpse, 25 Februarie 1967.

PIETERSE, J.E., Wat is verkeerd in die tipiese Afrikaanse Huisgesin?, Referaat gelewer by die Algemene Diakonale Konferensie, N.G. Kerk van Transvaal, Suidelike Sinode.

POTGIETER, P.J.J.S., Die Wêreld waarin Suid-Afrika hom bevind, 'n Referaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, aangebied deur die PU vir CHO op 5 Oktober 1973, 'n Publikasie van die Departement van Ontwikkeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

RUPERT, A., Leierskap vir die Toekoms, Lesing gehou by die Instituut vir Bedryfsadministrasie, Universiteit van Pretoria, 3 September 1965.

SKRYWER ONVERMELD, Die Afrikaner se Christelik-nasionale Lewens- en Wêreldbeskouing, Die Afrikaanse Nasionale Jeugraad van die FAK, Johannesburg.

SIMPOSIUM, Suid-Afrika en die Suidelike Halfrond, Referate gelewer by geleentheid van die Sesde Simposium oor Internasionale Politiek, Potchefstroom, 25 Augustus 1972 Sentrum vir Internasionale Politiek, PU vir CHO, Potchefstroom, 1973.

SIMPOSIUM, Suid-Afrika in Uitwaartse Beweging, Referate gelewer by geleentheid van die Derde Simposium oor Internasionale Politiek, Potchefstroom, 22 Augustus 1969, Sentrum vir Internasionale Politiek, PU vir CHO, Potchefstroom, 1970.

STRYDOM, A.H., Die Program van Jeugweerbaarheid as Opvoedkundige (Didaktiese) Probleem, 'n Ongepubliseerde Diktaat.

VAN DER MERWE, C.F., Die Afrikaanse landelike en stedelike Gesin: 'n Vergelykende Ondersoek, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Sosiologiese Navorsing, Pretoria, 1969.

VAN DYK, T.A., Die Jeugdige, 'n Referaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, aangebied deur die PU vir CHO op 5 Oktober 1973, 'n Publikasie van die Departement van Ontwikkeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

VAN WYK, J.H., Die Bybel in die Lewe van die Kind, Die Bybel in die Skool, 'n Simposium aangebied deur die Fakulteit Opvoedkunde en die Departement van Ontwikkeling aan die PU vir CHO op 28 April 1972, Potchefstroom.

VAN WYK, J.H., Die regte verstaan en vertolking van die Heilige Skrif in die Godsdiensonderrig, PU vir CHO, Pot=chefstroom, 1970.

VAN WYK, J.H., "Jy moet dit jou Kinders inskerp", 'n Hand=leiding by die Godsdiensonderrig.

VAN WYK, J.H., Ons Christelike Lewensbeskouing, 'n Refe=raat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, aange=bied deur die PU vir CHO op 5 Oktober 1973, 'n Publikasie van die Departement van Ontwikkeling, PU vir CHO, Pot=chefstroom.

VAN WYK, J.H., Die Opvoedingsleer van die "New Left", (Herdruk uit artikel in Fokus, Jaargang I, no. 3, No=vember 1973), PU vir CHO, 1975.

VAN WYK, J.H., Maatskappykritiek - Kritiese Teorie en Kritiese Rasionalisme, (Enkele aanvullende opmerkings), PU vir CHO, 1975.

U.O.V.S.—U.O.F.S
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK